UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ’n Kwalitatiewe studie na die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self

deur

Stephina Johanna Lubbe

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
PhD in Verbruikerswetenskap (Kledingbestuur)

In die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria

Oktober 2008

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VERKLARING

---

Ek verklaar dat die tesis, wat ek hier voorlê vir die graad PhD Verbruikerswetenskap (Kledingbestuur) aan die Universiteit van Pretoria, my eie werk is en nie voorheen deur my ingedien is vir 'n graad by hierdie of enige ander tersiêre instelling nie.

Stephna Lubbe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan God al die eer!

Opgedra aan: Nico, Dini, Hanru, Nihandri, Pa Dries en Ma Dinie
Julle was die wind in my seile!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BEDANKINGS

Alle eer aan Hom wat my die geleentheid gegee het om deur Sy genade en toegerus met lewenskrag, deursettingsvermoë, gesondheid en 'n helder verstand, dié groot droom te kon waar maak. Dié studie se begin en einde lê by Hom; al was dit 'n alleen pad was ek altyd bewus van Sy teenwoordigheid.

*"Vertrou op die Here!*
*Wees sterk en skep moed!*
*Ja, vertrou op die Here!"*
*Psalm 27:14*

Graag bedank ek die volgende persone wat dit vir my moontlik gemaak het om die studie te onderneem:

- Professor Elmarie de Klerk, 'n promotor uit God se hand: dankie vir u positiwiteit, motivering, entoesiasme vir die vak, en bo alles, vir u menswees. Dit was vir my 'n groot voorreg om saam met u te werk. Ons deel 'n liefde vir die Here wat ons albei heel en vol gehou het. Hy was ons inspirasie, by Sy voete het ons vrede gevind oor al die aspekte van dié kosbare studie. DANKIE!
- Elkeen van die deelnemers: Charlene, Chené, Anje, Muargánlea, Anieka, Julia, Gisela, Jandalise, Dini, Renaldi, Michelien, Mareli, Annelize, Leoné, Nelmari en Suné – vir elkeen van julle se opregte belangstelling, eerlike respons en geloof in die studie. Julle het díe studie moontlik gemaak. Julle was "cool".
- Dr Anna-Mart Bonthuys vir die bekwame wyse waarop u die taalversorging van dié studie gedoen het; u bydrae het 'n verskil gemaak.
- Elmarie en Ria wat ten spyte van jul bedrywige programme my altyd met advies oor die sielkunde aspekte van die studie en veral die data-insameling, bedien het. Julle is twee bekwame sielkundiges.
- Susan en Geranda vir die ongelooflike susters wat julle is; julle gebede, ondersteuning en kinders oppas het my droom help waar maak.
- Pa Andries en ma Dinie vir julle geloof in my, gebede vir my, duisende kilometers en ure, dae en weke se kinders oppas. By pa en ma het ek geleer 'n mens gee nie jou droom op nie en jy soek jou krag in die Here. Ek eer Hom vir wonderlike ouers wie se voorbeeld waardig is om gevolg te word.

- Dini, Hanru en Nihandri, julle is sulke kosbare kinders wat vir so ‘n lang tyd net moes hoor: “Mamma kan nie nou nie”. Dankie dat julle enduit daarin geglo het dat mamma eendag gaan klaar maak. Ek is verskriklik lief vir julle.
- Liefie, wat kan ek sê? Jy is ’n ongelooflike lewensmaat; jy is DIE BESTE. Sonder jou liefde en geloof sou dit nie moontlik gewees het nie. Dankie vir die kosbare man wat jy vir my is, vir al die ondersteuning, veral met Atlas.ti, laat nagte, gebede, begrip en koffie. Ek het jou so lief, ek waardeer jou en eer God vir ’n wonderlike man.

***Here, ek wil nie ’n titel hê met eer,***
***Dit is nie wat U vir my wou leer.***
***Buite, my kind, lê stukke, flenter mense,***
***Kyk na hulle met jou seerkry-swaarkry lense.***
***Tussen hulle stuur ek jou in,***
***Ek het jou onderrig, gaan en maak sin.***

# OPSOMMING

**'n Kwalitatiewe studie na die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self**

**deur**

**Stephina Johanna Lubbe**

**Studieleier: Prof Dr Helena Maria de Klerk**

**Departement: Verbruikerswetenskap**

**Graad: PhD in Vebruikerswetenskap: Kledingbestuur**

## OPSOMMING

In hierdie studie is die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self bestudeer.

Aspekte uit die literatuur wat 'n betekenisvolle bydrae tot die grondslag van die studie gelê het, is die volgende:

- die rol wat massa speel in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en die implikasies daarvan op haar kledinggedrag
- die rol van ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en die implikasies daarvan op haar kledinggedrag
- die strategieë wat die vroeë-adolessente dogter gebruik om die self in hierdie ontwikkelingsfase te kan handhaaf en die implikasies daarvan op haar kledinggedrag

Die steekproef is saamgestel uit 16 blanke vroeë-adolessente dogters tussen die ouderdom van 11 en 13 jaar, wat in 'n stedelike gebied woonagtig was.

'n Kwalitatiewe navorsingsmetodologie is vir die studie gevolg met ongestruktureerde onderhoude, fokusgroepe en persoonlike dokumentasie wat ook verskeie stimulustegnieke ingesluit het. Verbatim transkripsies van die onderhoude sowel as bekrywings van die onderhoudsituasies is gebruik vir die bespreking en interpretasie van die resultate. Dit is gedoen met inagneming van die breë navorsingsvrae wat die studie gerig het.

Vroeë-adolessente dogters ervaar massa-toename verskillend:

- Die normale-massa vroeë-adolessente dogter ervaar dat sy deur die fase van ingrypende veranderinge, wat massa-toename insluit, eintlik vet word. Sy is konstant besig met self-monitering; die self word 'n objek van evaluering. Sy ervaar die emosie van skaamte en poog om haar liggaam te bedek vir ander wat haar voortdurend dophou.
- Aan die ander kant beleef die oormassa vroeë-adolessente dogter die ontwikkelingsfase meer ontspanne en is sy nie so bewus van haar liggaam en dit wat ander daarvan sê nie. Sy gee voor om nie so begaan te wees oor die oormassa nie, deur ander te blameer vir die situasie en vir haar voorkoms. Sy blameer selfs vir God dat Hy haar so geskep het. Sy ervaar die emosie van hartseer en deur voor te gee dat sy nie oor die situasie bekommerd is nie, hanteer sy slegs die emosie en nie die situasie nie.
- Aan die einde blyk dit egter dat normale-massa en oormassa vroeë-adolessente dogters dieselfde belewenis van die self in die oorgangsfase het. Hulle voel hartseer oor die verlore kinderjare en ervaar dat hulle minder tyd het om te speel maar meer verantwoordelikhede moet dra.

Die studie het die volgende bydrae gelewer:

- 'n Lewensverloop- en simboliese interaksionistiese perspektief kan as geskik beskou word vir 'n studie waarin 'n ontwikkelingsfase soos vroeë adolessensie ter sprake kom.
- Dit blyk dat die vroeë-adolessente dogter in die studie werklik bekommerd is oor haar voorkoms en dit wat ander van haar dink.
- Dit blyk ook dat die vroeë-adolessente dogter in hierdie studie, kleding gebruik om haar voorkoms so te bestuur dat dit aan die norm van ideale liggaamsbou wat in die media voorgehou word, kan voldoen, en dat dit haar kan ondersteun in die aanneem van 'n volwasse vroulike geslagsrol.
- Dit blyk dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter van probleem-gefokusde handhawingstrategieë gebruik maak soos bedek, wegsteek of self-manipulering van die liggaam.
- Die oormassa vroeë-adolessente dogter daarenteë maak van meer emosioneel gefokusde handhawingstrategieë gebruik soos ontkenning, vermyding, kognitiewe her-ontwerp en godsdiens.

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- Die kwalitatiewe navorsingstyl kan meer dikwels gebruik word in studies met jonger deelnemers.
- Kledingkundiges behoort dit in gedagte te hou dat veral die pas van klere vir die vroeë-adolessente dogter belangrik is en dat kleding wat die liggaam ontbloot, of styf aan die liggaam pas, die liggaam benadruk en die dogter ongemaklik en skaam laat voel.
- Daar behoort ook begrip te wees vir die feit dat dit vir die vroeë-adolessente dogter nou belangrik is om met verskillende voorkomsstyle te eksperimenteer ten einde ‘n voorkoms te vind wat nie net by haar veranderde liggaam pas nie, maar ook by die nuwe rol wat sy nou moet aanneem.

Daar moet in gedagte gehou word dat die studie uitgevoer is met ’n beperkte aantal deelnemers en daarom kan die gevolgtrekking nie na die breë populasie veralgemeen word nie; dit het slegs betrekking op die 16 deelnemers wat met die toestemming van hul ouers aan die studie deelgeneem het.

# SUMMARY

**A qualitative study into the role of weight gain in the early-adolescent girl's experience of the self**

**by**

**Stephina Johanna Lubbe**

**Supervisor: Prof Dr Helena Maria de Klerk**

**Department: Consumer Science**

**Degree: PhD in Consumer Science: Clothing Management**

**SUMMARY**

In this study the role of weight gain in the early-adolescent girl's experience of the self was studied. Aspects from the literature that were significant and formed the foundation of the study were:

- the role that weight gain plays in the early adolescent girl's perception of the self and the implication that it may have for her clothing behaviour
- the role of others in the early adolescent girl's perception of the self and the implications that it may have for her clothing behaviour
- the strategies that the early-adolescent uses to cope with this development phase and the implications that it may have for her clothing behaviour

The study comprises 16 white early-adolescent girls aged between 11 and 13 years who, according to acknowledged criteria, are staying in an urban environment.

A qualitative research methodology was selected with unstructured interviews, focus groups, and personal documentation utilising various stimulus techniques. Verbatim transcriptions of the interviews as well as descriptions of the interview situation were used for the discussions and interpretations of the results, taking into account the broad research questions set for the study.

The findings were the following: Early-adolescent girls experience weight gain differently:

- The normal-weight early-adolescent girl experiences that by going through this phase of rapid change, which includes an increase in her weight, that she is actually becoming fat. She is constantly busy with self monitoring; her self is becoming an object to evaluate. She experiences the emotion of shame and wants to cover her body from people that are constantly looking at her.
- On the other hand, the overweight early-adolescent girl's experience of this phase is more relaxed; she is not so much aware of her body and what other people are saying about her. She pretends not to be worried about being overweight by blaming other people and situations for her appearance. She even blames God for creating her that way. She experiences the emotion of sadness and by pretending not to worry or by avoiding the situation, she only copes with the emotion – but the situation is not handled.
- In the end it seems that normal-weight and overweight early-adolescent girls share the same experience of the self. They feel sad about losing their childhood years when they felt less ashamed and had fewer concerns about their body's appearance. They feel the loss of having less time to play and more responsibilities.

The study could make the following contribution to the theory of clothing:

- The life course and symbolic interactions perspective would be suitable for studies into a developmental stage such as early adolescence.
- It seems that the early-adolescent girl in this study was really concerned with her appearance and about what other people thought of her.
- It seems that the early adolescent girl in this study used clothes in appearance management to manipulate her appearance in order to try and fit the ideal body that the mass media hold up as an example as well as for support in her adoption of an adult gender role.
- The normal-weight early-adolescent girls in this study made use of problem-focused coping strategies such as hiding and self-manipulation of their bodies.
- The overweight early-adolescent girl, on the other hand, made use of more emotionally focused coping strategies such as avoidance, re-appraisal, denial and religion.

The following recommendations were made:

- The qualitative research methodology could be used more often when studying younger participants.
- The early adolescent girl is especially concerned about the fit of her clothes. Tight fitted clothes and clothes that expose her body make her feel uncomfortable and ashamed of herself.
- An understanding of the early-adolescent girl's need to experiment with new styles and various appearances is needed.

One should keep in mind that this study was conducted with a limited number of participants and the conclusions reached therefore pertain only to the 16 participants who gave their valuable input willingly and with the consent of their parents.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## INHOUDSOPGAWE


**BEDANKINGS**........................................ iii

**OPSOMMING** ........................................ v

**SUMMARY**........................................ viii

**LYS VAN FIGURE**........................................ xlv

**LYS VAN BYLAE**........................................ xv

**HOOFSTUK 1: DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF**........................................ 1

1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING........................................ 1

1.2 BENADERING TOT DIE STUDIE........................................ 4

1.3 VERLOOP VAN DIE STUDIE........................................ 7

**HOOFSTUK 2: VROEë-ADOLESSENTE ONTWIKKELING**........................................ 9

2.1 AGTERGROND........................................ 9

2.2 FISIEKE ONTWIKKELING........................................ 10

2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING........................................ 12

2.3.1 Emosionele ontwikkeling........................................ 14

2.3.2 Morele en religieuse ontwikkeling........................................ 15

2.4 PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING........................................ 16

2.4.1 Die verloop van psigo-sosiale ontwikkeling........................................ 16

2.4.2 Die rol van ander in psigo-sosiale ontwikkeling........................................ 19

2.5 IMPLIKASIES VIR DIE STUDIE........................................ 21

**HOOFSTUK 3: DIE KEUSE VAN 'n PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE**........................................ 22

3.1 AGTERGROND........................................ 22

3.2 DIE KEUSE VAN 'n TEORETIESE PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE........................................ 23

3.2.1 Uitgangspunte van 'n lewensverloop-perspektief........................................ 23

3.2.2 Uitgangspunte van die simboliese interaksionisme........................................ 26

3.3 ONTWIKKELING VAN DIE SELF........................................ 28

3.3.1 Belewenis van die fisieke self........................................ 30

3.3.2 Belewenis van die innerlike self........................................ 31

3.3.3 Die rol van ander in die belewenis van die self…… 32
3.4 HANDHAWING VAN DIE SELF…… 35
3.5 IMPLIKASIES VIR DIE STUDIE…… 37

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP……** 39
4.1 AGTERGROND…… 39
4.2 SKEMATIESE KONSEPTUELE VOORSTELLING EN BREË NAVORSINGSVRAE…… 39
4.3 KEUSE VAN NAVORSINGSTRATEGIE EN -STYL …… 41
4.4 KEUSE VAN STEEKPROEF…… 42
4.4.1 Eenheid van analise…… 42
4.4.2 Seleksie van die eenheid van analise…… 42
4.5. KEUSE, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DATA-INSAMELING, -VASLEGGING, -ANALISE EN INTERPRETASIE…… 43
4.5.1. Data-insamelingsmetodes en -prosedure…… 43
4.5.1.1 Ongestruktureerde onderhoude…… 44
4.5.1.2 Fokusgroepe…… 50
4.5.1.3 Persoonlike dokumentasie…… 51
4.5.2 Data-vaslegging…… 51
4.5.2.1 Digitale opnames …… 52
4.5.2.2 Veldnotas…… 52
4.6 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE …… 52
4.6.1 Reduksie en ordening van data…… 54
4.6.1.1 Rekenaargesteunde sagtewareprogram vir analise van kwalitatiewe data (CAQDAS)…… 56
4.6.1.2 Gegronde teorie ("Grounded theory") in CAQDAS…… 57
4.6.2 Data-aanbieding en -verifikasie …… 59
4.6.3 Gevolgtrekkings…… 60
4.7 GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE…… 61
4.7.1 Geloofwaardigheid en geldigheid…… 61
4.7.2 Betroubaarheid…… 64
4.7.3 Oordraagbaarheid…… 65
4.7.4 Objektiwiteit en bevestigbaarheid…… 66
4.8 ETIEK…… 67
4.8.1 Ingeligte Toestemming…… 67
4.8.2 Privaatheid…… 68

4.8.3 Benadeling/Skade………………………………………………………………………………………..…. 68
4.8.4 Persoonlike betrokkenheid…………………………………………………………………………..…. 68
4.8.5 Persoonlike aanleg……………………………………………………………………………………..….. 69

**HOOFSTUK 5: INTERPRETASIE EN BESPREKING VAN DIE RESULTATE……………………………….** 70
5.1 AGTERGROND..………………………………………………………………………………………… 70
5.2 MASSA AS SELF...........................…………………………………………………………………. 70
5.3 DIE SELF OP DIE PLANKE……………………………………………………………………….... 83
5.4 DIE STRYD MET DIE SELF………………………………………………………………….…... 89
5.5 VERLORE KINDERJARE………………………………………………………………………. 98

**HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS, EVALUERINGS EN AANBEVELINGS…………………………………** 101
6.1 AGTERGROND..………………………………………………………………………………………… 101
6.2 GEVOLGTREKKINGS…………………………………………………………………………...…. 101
6.2.1 Agtergrond met betrekking tot die aanbieding van die gevolgtrekkings………………………………… 101
6.2.2 Oorkoepelende gevolgtrekking met betekking tot die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self……………………………………………………………… 102
6.2.3 Gevolgtrekking met betrekking tot die rol van massa-toename in die normale-massa vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self……………………………………………………………… 108
6.2.4 Gevolgtrekking met betrekking tot die rol van massa-toename in die oormassa vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self…………………………………………………………………...…. 110
6.3 EVALUERING………………………………………………………………………………………..…. 113
6.3.1 Geloofwaardigheid van die studie…………………………………………………………..………….. 113
6.3.2 Evaluering van data-insamelingsmetodes…………………………………………………………….. 114
6.3.3 Bereiking van die doel wat vir die studie gestel is……………………………………………………..… 116
6.3.4 Bydraes tot die teorie…….........………………………………………………………………………… 117
6.3.4.1 Geskiktheid van die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief……………….……. 117
6.3.4.2 Kleding- en voorkomsbestuur…………………………………………………………………………... 119
6.4 AANBEVELINGS………………………………………………………………………………………. 122
6.4.1 Aanbevelings met betrekking tot kwalitatiewe navorsing met vroeë-adolessente…………………… 122
6.4.2 Aanbevelings met betrekking tot die waarde van kleding vir die vroeë-adolessente dogter…………...... 123
6.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE…………………………………………………………………….... 124

**BIBLIOGRAFIE………………………………………………………………………….……...…......................** 125

# LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1: SKEMATIESE KONSEPTUELE VOORSTELLING VAN 'N INDIVIDU SE LEWENSVERLOOP, OORGANGSPUNTE DAARIN, EN BELEWENIS VAN DIE SELF.................................................................40

# LYS VAN BYLAE

BYLAAG A: BRIEF AAN OUERS.................... 144

BYLAAG B: VORM MET ALGEMENE INLIGTING.................... 147

BYLAAG C: HAND MET OOPEINDE-VRAE.................... 149

BYLAAG D: MOONTLIKE STIMULUSVRAE VIR ELKE ONDERHOUD.................... 151

BYLAAG E: RIGLYNE GEVOLG BY DIE STEL VAN VRAE.................... 155

BYLAAG F: SKETSE VAN "EK EN MY MAATS".................... 157

BYLAAG G: FOTO'S VAN DEELNEMERS.................... 166

BYLAAG H: COLLAGE.................... 167

BYLAAG I: LIGGAAMSTEVREDENHEIDSKAAL.................... 168

BYLAAG J: FIGURE MET BUITELYNE.................... 170

BYLAAG K: SKETS VAN "EK EN MY STOKPERDJIES".................... 172

BYLAAG L: SKETS VAN "DIT IS EK".................... 179

BYLAAG M: FIGURE SONDER GESIGTE.................... 187

BYLAAG N: FIGURE MET GESIGTE.................... 189

BYLAAG O: NETWERKE.................... 191

BYLAAG P: UITTREKSEL UIT EEN DEELNEMER SE DATA, KODES, FAMILIES EN NETWERKE......... 212

# HOOFSTUK 1

# DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF

## 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

In ’n vinnig-veranderende Suid-Afrikaanse samelewing, met ’n Westerse klem op ’n slanke vroulike liggaam as die nastreefbare ideaal, en waar stereotipes oor oormassa ook algemeen gehuldig word en deur die media gepropageer word, raak dit moontlik vir al hoe meer vroeë-adolessente dogters toenemend moeiliker om die toename in massa wat tipies is in hierdie ontwikkelingsfase, te hanteer. ‘n Moontlik rede is dat dit vir die dogter waarskynlik moeilik is om te antisipeer hoe groot en breed haar liggaam gaan word en hoe sy uiteindelik met die gestelde ideaal gaan vergelyk. Toename in massa raak die dogter se belewenis van die fisieke self. Alhoewel daar al in Suid-Afrika studies onder spesifiek oormassa adolessente dogters onderneem is, kon geen studie opgespoor word waar daar spesifiek gekyk is na die rol van massa-toename (as deel van die fisieke self) in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self nie.

Adolessensie kan volgens navorsers soos Gowers en Shore (2001), Owens (2002:492), Sturdevant en Spear (2002) en Meadus (2007) verdeel word in twee stadia, naamlik vroeë- en laat-adolessensie. Tog onderskei navorsers soos Balk (1995:5) weer drie stadia van adolessensie naamlik vroeë-, middel- en laat-adolessensie. Adolessensie is ’n ontwikkelingsfase in die individu se lewe wat gekenmerk word deur vinnige veranderinge op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale gebied (Gowers & Shore, 2001; Owens, 2002:492; Sturdevant & Spear, 2002; Meadus, 2007). Die aanvangsouderdom wat vir vroeë-adolessente dogters in die literatuur aangedui word, wissel van 10 tot 15 jaar (Prinsloo & Du Plessis, 1998:141; Twining, 1998:368; Owens, 2002:492).

Verskeie navorsers, waaronder Gowers en Shore (2001) en Hutchinson, Baldwin en Oh (2006), het vanuit hul navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat, vanweë die ingrypende veranderinge en uitdagings wat met vroeë-adolessensie gepaard gaan, probleme en lewenskrisisse byna onafwendbaar is tydens die fase, en dat die eise van aanpassing vir sommige vroeë-adolessente moeiliker kan wees as vir ander. Een van die veranderinge wat veral vir sommige vroeë-adolessente dogters problematies mag wees, is die toename in massa en liggaamsgrootte (Markey, Tinsley, Ericksen, Ozer & Markey, 2002), veral in ’n Westerse samelewing waar daar vandag sterk klem gelê word op ’n skraal voorkoms en waar stereotipes oor oormassa dikwels deur die massamedia gepropageer word en ook deur baie mense in die samelewing gehuldig word (Owens, 2002:498; Nishina, Ammon, Belmore & Graham, 2006; Viviani, 2006).

Adolessensie, en daarby ingesluit vroeë-adolessensie, is ook 'n tydperk waar die samelewing ander eise aan die individu begin stel (Frydenberg, Lewis, Bugalski, Cotta, McCarthy, Luscombe-Smith & Poole, 2004; Hutchinson *et al.*, 2006; Nounopoulos, Ashby & Gilman, 2006). Die vroeë-adolessente dogter ontwikkel in interaksie met ander en kan nie hul persepsies, standaarde en verwagtinge ignoreer nie (Rebelo, 2004:24). Havighurst (aangehaal deur Rice, 1995:333) sien daarom adolessente ontwikkeling as 'n kombinasie van die individu se behoeftes en die samelewing se verwagtinge – 'n stel ontwikkelingstake wat vaardighede, kennis en funksies insluit wat die individu moet verwerf ten einde effektief as volwasse persoon te kan funksioneer. Meadus (2007) stel dit weer dat adolessensie beskou moet word as 'n periode van menslike ontwikkeling wat gekenmerk word deur 'n komplekse stel take wat elk met 'n unieke inspanning gepaard gaan. Bemeestering van hierdie take tydens verskillende lewenstadia, ondersteun die individu in sy/haar poging om aan te pas, asook in sy/haar voorbereiding vir moeiliker take van 'n volgende fase en groter volwassenheid (Compas, Connor-Smith, Saltzman, Thomsen & Wadsworth, 2001; Frydenberg *et al.,* 2004; Murberg & Bru, 2005). Een van die belangrikste take tydens adolessensie, en waarskynlik onderliggend aan heelwat van die ander, is die aanvaarding van die fisieke self en die effektiewe benutting van die liggaam.

Uit die literatuur is dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter heelwat ontwikkeling ondergaan, naamlik op fisieke (Owens, 2002:493; Sturdevant & Spear, 2002; Rebelo, 2004:24; Dahl & Hariri, 2005; Viviani, 2006), kognitiewe (Piaget, 1970:732-734; Mwamwenda, 1996:89; Owens, 2002:532; Liebenberg, 2004:47; Rebelo, 2004:26) en psigo-sosiale (Van Niekerk & Van der Spuy, 1998:63; Scriven & Stevenson, 1998; Owens, 2002:577) gebied. Fisieke veranderinge, waaronder die vinnige groei en veral die skielike toename in massa, mag vir die vroeë-adolessente dogter kommerwekkend en selfs problematies wees, veral in 'n moderne samelewing wat soveel klem op slankheid plaas. Die liggaam word ook nie net swaarder nie, maar verander ook wat die proporsies betref. Tesame met die toename in massa word heupe brëer en borste groter. Hoewel die veranderinge in massa normaal is en hoofsaaklik toegeskryf kan word aan hormoonveranderinge, is die vroeë-adolessent reeds van vroeg af bekommerd oor die vermoë om goed te lyk en aanvaar te word deur ander, en is sy dikwels neerslagtig en verleë oor haar voorkoms (Smolak, 2004; Weiten, 1995:296; Liebenberg, 2004:55-56). Cooper (1993:11) wys daarop dat die gevoel van eiewaarde tydens vroeë-adolessensie grootliks bepaal word deur die gevoel oor liggaamsmassa en liggaamsvorm, en volgens Smolak (2004) hou die vroeë-adolessent se liggaamsontevredenheid, en spesifiek ontevredenheid met massa, verband met die ontwikkeling van eetprobleme, eetversteurings en depressie (Rudd & Lennon, 2001; Frydenberg *et al*., 2004; Chattaraman & Rudd, 2006). Hoewel adolessensie, waaronder ook vroeë-adolessensie, dus 'n periode is waarin die adolessent moet begin wegbeweeg van die kulturele ideaal van skraalheid wat vir skoonheid gestel word, is liggaamsontevredenheid egter 'n normale verskynsel in die fase (Markey *et al*., 2002; Geller, Srikameswaran, Zaitsoff, Cockell & Poole, 2003). Massa-stereotipes en selfs-oormassa-stigmas word algemeen deur die media gepropageer en waarskynlik deur die portuurgroep aangehang. Positiewe innerlike kwaliteite word dikwels aan liggaamlike skoonheid en veral aan 'n skraal vroulike figuur gekoppel, terwyl meer negatiewe innerlike kwaliteite aan 'n groter of oormassa liggaam gekoppel word. Vir die vroeë-adolessente dogter wat oormassa is, of

ongelukkig is oor die feit dat sy nou in massa toeneem, mag die internalisering van sulke stereotipes tot gevolg hê dat sy ook nie 'n sterk en positiewe selfbeeld kan ontwikkel nie (Hoyt & Kogan, 2001; Hargreaves & Tiggemann, 2003).

Die vroeë-adolessente dogter ontwikkel egter ook op die kognitiewe (Piaget, 1970:732-734; Mwamwenda, 1996:89; Owens, 2002:532; Rebelo, 2004:26) en psigo-sosiale vlakke (Van Niekerk & Van der Spuy, 1998:63; Scriven & Stevenson, 1998; Owens, 2002:577). Die feit dat sy nou meer abstrak begin dink, intens ingestel is op die self en nuwe, maar dikwels onrealistiese, wyses van dink en redeneer ontwikkel, mag tot gevolg hê dat sy haar veranderende liggaam meer intens, uniek en problematies ervaar. Daarmee saam beleef sy haar fisieke self nou nie net teen die gesinsagtergrond nie, maar word die siening van die portuurgroep (Jones, 2001; Rebelo, 2004:35) en dit wat die verwysingsgroep in die vorm van rolmodelle, en die veralgemeende ander in die vorm van die massamedia propageer, toenemend belangrik in haar belewenis van die self (Hoyt & Kogan, 2001; Blowers, Loxton, Grandy-Flesser, Occhipinti & Dawe, 2003). Om verder te kan ontwikkel, is die aanvaarding van haar fisieke self en die effektiewe benutting van haar liggaam egter vir die vroeë-adolessente dogter baie belangrik. Aanvaarding van die fisieke self, as deel van die self, lê ook onderliggend aan ander belangrike psigo-sosiale take wat sy nou moet bemeester, soos die vestiging van 'n nuwe geslagsrol en die bou van meer volwasse verhoudings met albei geslagte in die portuurgroep – take waarvan die bemeestering ook 'n rol speel in die vestiging van 'n eie identiteit.

Die probleem is dat, hoewel daar studies gedoen is met betrekking tot die oormassa vroeë-adolessente dogter, is daar ongelukkig weinig, indien enige, indiepte-studies gedoen met die doel om te verstaan hoe die vroeë-adolessente dogter nie net oormassa nie, maar spesifiek die toename in massa as deel van die self beleef, asook watter strategieë sy in werking stel ten einde by 'n veranderende fase in haar lewe te kan aanpas. Die gevolg is dat daar tans binne die studieveld van die sosiaal-sielkunde van kleding, 'n kennis-gaping bestaan met betrekking tot hoe die vroeë-adolessente dogter die self tydens hierdie oorgangsfase in haar lewe beleef, en kan haar kledinggedrag dus ook moeiliker begryp word. Die doel van die studie was dus om begrip te kry vir die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en moontlike implikasies daarvan vir haar kledinggedrag, uit te lig.

Kledingkundiges soos Kaiser (1990:81) stel dit duidelik dat belewenis van massa-toename nie los van die belewenis van die totale self gesien kan word nie, en vanuit 'n kledinggedrag-perspektief ook nie los van die vroeë-adolessent se belewenis en gebruik van kleding nie. Begrip vir hoe die dogter massa-toename as deel van die self beleef en in interaksie met ander hanteer, behoort dus binne die kledingstudieveld die kennis-gaping aan te spreek en aan kledingkundiges insig te gee met betrekking tot die dogter se belewenis van die self en haar kledinggedrag tydens hierdie oorgangsfase van haar lewe.

Die vraag is: Hoe kan die probleem ondersoek word ten einde werklik begrip te kry vir hoe die vroeë-adolessente dogter massa-toename as deel van die self beleef sodat die moontlike implikasies wat dit vir haar kledingedrag mag hê, na vore kom?

## 1.2 BENADERING TOT DIE STUDIE

Met die probleem, wat teen die agtergrond van die dogter se ontwikkeling gestel is, in gedagte, is daar vir die studie besluit op ’n fenomenologiese benadering met die doel om te verken, te verstaan en te beskryf. Fouché (2002:268) en Henning, Van Rensburg en Smit (2004:2-3) wys daarop dat teorie in ’n fenomenologiese studie dien as ’n sterk oriënteringsraamwerk wat die navorsing kan rig, maar dat daar na die fenomeen gekyk word soos uit die oë van die deelnemers. Teorie in ’n fenomenologiese studie dien dus as ’n filosofiese vertrekpunt van hoe daar na die probleem gekyk gaan word. Daar is besluit om in hierdie studie na die probleem vanuit die perspektiewe van die simboliese interaksionisme en ’n lewensverloop-perspektief (“Life course”) te kyk.

- ’n Lewensverloop-perspektief lê klem op oorgangspunte (“transitions”) binne die lewensbane (“trajectories”) van ’n individu se lewe (George, 1993; Elder & Elder, 1994). Oorgangspunte verwys na veranderinge in die status van ’n persoon, wat van beperkte duur kan wees en waarvan die gevolge langtermyn mag wees (George, 1993; Dewilde, 2003). Met ander woorde, ’n oorgangspunt is ’n sosiaal gedefinieerde oorgangspunt tussen twee posisies in die individu se lewensdomein/lewensverloop (Dewilde, 2003). Lewensbane is langtermyn-patrone van stabiliteit en verandering en sluit dikwels veelvoudige oorgangspunte in (George,1993). Lewensbane kan ook gedefinieer word as die kombinasie van ’n aantal oorgangspunte in verskillende lewensdomeine; dit vorm ’n lewensbaan deur die lewensverloop van die individu (Dewilde, 2003). Oorgangspunte is altyd ingebou in lewensbane, wat daaraan ’n bepaalde betekenis gee (Elder & Elder, 1994). ’n Lewensverloop-perspektief beklemtoon die balans tussen stabiliteit en verandering in die lewensiklus van ’n individu (Dewilde, 2003; Wethington, 2005; Devine, 2005).
- Een van die mees sentrale beginsels van hierdie perspektief is die begrip van interafhanklike lewens, met ander woorde, dat ’n individu voortdurend met ander in interaksie verkeer (Elder & Elder, 1994; Devine, Bove & Olse, 2000). Vanuit ’n lewensverloop-perspektief word die menslike lewe dus regdeur die verloop van die lewe ingebou in sosiale verhoudings met vriende, familie en medewerkers (Devine *et al*., 2000). Persoonlike netwerke soos die gesin en portuurgroep speel ’n belangrike rol in die gedrag van die individu en die besluite wat hy/sy neem (Elder & Elder, 1994). Die beginsel word ook ondersteun deur die simboliese interaksionisme wat aanvoer dat ’n individu voortdurend met ander in interaksie is en dat die self juis tydens interaksie met ander ontwikkel.
- ’n Lewensverloop-perspektief omsluit konsepte van kontinuïteit en verandering regdeur die lewensverloop van ’n persoon; dit sluit die historiese en huidige sosiale konteks in (Devine *et al*., 2000). Derhalwe handel dit ook oor sake soos aanpassing by gebeure, individuele keuses en besluite, en

gedwonge aanpassings en keuses wanneer daar met eksterne eise as gevolg van verandering gehandel moet word (Wethington, 2005).

- *Strategieë van aanpassing* is die term wat gebruik word om die rol te beskryf van individuele keuses wat gemaak word om die self te kan handhaaf met veranderinge wat deur die lewensverloop plaasvind (Wethington, 2005).
- Vanuit ’n lewensverloop-perspektief neem die vroeë-adolessente dogter verantwoordelikheid vir haar eie lewe en besluite wat daaromtrent geneem word. Die gedagte sluit ook aan by die simboliese interaksionisme wat dit stel dat ’n individu die self kan bestuur.

- Vanuit die simboliese interaksionisme is die mens nie ’n vaste gestruktureerde persoonlikheid nie, maar altyd in die proses van verandering en sosialisering. Die mens word in interaksie met ander gesien, nie as ’n passiewe organisme nie, maar as aktief en dinamies. Volgens Mead (1934:135) is die self iets wat ontwikkel – dit is nie daar met geboorte nie, maar ontwikkel deur die proses van sosiale ervaring en interaksie.
- Interaksie vind tussen individue plaas, maar ook binne die individu self. Menslike handeling word nie net deur sosiale interaksie onderskryf nie, maar ook deur interaksie met die self, wat gesien kan word as ’n objek bestaande uit die fisieke self (die liggaam), waarvan klere as tweede vel deel uitmaak (Horn & Gurel, 1981:158-185), en die innerlike self wat aspekte soos die persoonlikheidskenmerke, waardes, houdings, emosies en so meer insluit. Die self ontwikkel en verander tydens interaksie met ander mense wat nie net aan die individu terugvoer gee met betrekking tot die self nie (Cooley, 1902**)**, maar met wie die individu die self ook vergelyk (Festinger, 1954). Hierdie ander mense sluit in betekenisvolle ander (gesin en geliefdes), verwysingsgroepe (groepe waaraan die individu behoort en graag aan wil behoort en persone/groepe met wie sy identifiseer), en veralgemeende ander (mense in die algemeen, kultuurgroep, stereotipes, mode-ideaal, en so meer).
- Die self word as ’n sosiale objek beskou en Mead (1934:135-226), die vader van Simboliese Interaksionisme, beskou die Self as beide subjek (“I”) en objek (“Me”). Die “I” of *ek* is die individu se spontane reaksie op die houding van die ander, terwyl die “Me” of *my* die georganiseerde stel houdings en gelowe van ander is, wat die individu aanvaar en haar eie maak (Mead, 1934:175). Die “Me” is met ander woorde die sosiale self , die objek wat tydens interaksie met ander na vore kom en waarteenoor ’n individu kommunikeer.
- Die hede is veral belangrik en nie soseer dit wat in die verlede gebeur het, of die toekoms waarna uitgesien word nie. Vanuit so ’n siening is die individu se optrede in ’n bepaalde situasie primêr die resultaat van haar belewenis van wat *nou* in die situasie aan die gang is, en nie wat vanuit die verlede in die situasie ingebring is nie. Die verlede is wel van belang deurdat dit herroep kan word en nou in die situasie van toepassing gemaak kan word.

Vanuit so 'n siening word die vroeë-adolessente dogter in hierdie studie dus benader as 'n aktief denkende wese wat verantwoordelikheid kan neem vir hoe sy haar lewe bestuur en beheer. Die feit dat sy die self in interaksie met ander as objek kan beleef, stel haar in staat om die self as objek uit te lig, dit te beoordeel, 'n persepsie daaroor te kan vorm, met die self daaroor in gesprek te kan gaan en tevrede of ontevrede daaroor te kan voel. As objek in interaksie met ander kan die self dus betekenis kry en kan die fisieke self as simbool van bepaalde aspekte van haar innerlike self dien. Ander mense, hetsy betekenisvolle ander, veralgemeende ander of verwysingsgroep-ander speel dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling en belewenis van die self.

Die vroeë-adolessente dogter bevind haar in 'n oorgangsfase van haar lewe wat gekenmerk word deur veranderinge op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale gebied. Hierdie veranderinge mag gevolge hê met betrekking tot verskeie van haar lewensbane, waaronder haar belewenis van die self. Ten einde die veranderinge te kan hanteer en aanvaar, en na 'n tydperk van verandering weer stabiliteit in haar lewensbane te ervaar, maak die dogter waarskynlik van bepaalde strategieë gebruik ten einde weer beheer in haar belewenis van die self te verkry.

So 'n benadering tot die dogter as aktief denkende en veranderende wese wat in interaksie met ander ontwikkel, die self teen die perspektiewe van ander beleef en keuses uitoefen wat betref hoe die self gehandhaaf word, het bepaalde implikasies vir die keuse van 'n navorsingstrategie en -metodes vir die studie. Vanuit die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief gaan dit in hierdie studie om begrip vir die dogter se diepste belewenisse, persepsies en gedrag. Die gekose perspektiewe dien dus as breë vertrekpunt vir die bestudering van die probleem. Die oorkoepelende doel van hierdie studie was nie om vooropgestelde hipoteses vanuit die teorie te bewys of om vorige navorsingsresultate te bevestig nie, maar om die verstaan en beskryf van die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. Daar is derhalwe vir hierdie navorsing besluit op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. Met inagneming van die doel van die studie, naamlik om begrip te kry vir die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self asook die gekose teoretiese perspektiewe, het die volgende oorkoepelende navorsingsvrae die kwalitatiewe studie gerig:

- Watter rol speel massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en wat is die implikasies daarvan vir haar kledinggedrag?
- Wat is die rol van ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en wat is die implikasies daarvan vir haar kledingedrag?
- Hoe handhaaf die vroeë-adolessente dogter die self gedurende hierdie oorgangsfase en wat is die implikasies daarvan vir haar kledinggedrag?

Begrip vir die antwoorde op die drie breë navorsingsvrae behoort die kledingkundige wat teen die agtergrond van die sosiaal-sielkunde werk, te ondersteun in begrip vir die dogter se belewenis van 'n belangrike oorgangsfase in haar lewe, asook begrip vir haar kledinggedrag, waaronder haar voorkomsbestuur.

**1.3 VERLOOP VAN DIE STUDIE**

Denzin en Lincoln (1994:3) wys daarop dat daar by kwalitatiewe studies dikwels 'n kombinasie van strategieë is ten einde die beste werkbare kombinasie vir die studie te kry. Hierdie studie is 'n fenomenologiese studie, hoewel daar met die data-analise en interpretasie van die bevindinge van die tegniek van gegronde-teorie-ontwikkeling ("grounded theory") gebruik gemaak is. Die uiteindelike doel was egter steeds om die fenomeen te verstaan en so akkuraat moontlik te beskryf, en nie om 'n bepaalde nuwe teorie daar te stel nie (Denzin & Lincoln, 1994:2; Fouché 2002:273; Groenewald, 2004). Henning *et al.* (2004:16), Budd (2005) en Olivares, Peterson en Hess (2007) wys daarop dat 'n fenomenologiese benadering nie 'n metode of raamwerk is waarbinne die navorsing gedoen word nie, maar dat dit eerder beskou moet word as die wyse waarop die navorser voorberei ten einde 'n verskynsel te kan raaksien vanuit die belewenisse van die deelnemers en met begrip vir die konteks en kompleksiteit van die verskynsel of probleem (Hines, 2000). In hierdie studie het dit dus vir die navorser gegaan om begrip vir die deelnemers se belewenisse van die self, begrip vir die rol van massa-toename en ander in hul belewenisse asook vir hoe deelnemers die self bestuur ten einde die self te kan handhaaf in 'n oorgangsfase van hul lewe wat gekenmerk word deur vele veranderinge. Hoewel die teorie en vorige navorsing dus vooraf bestudeer is (sien **HOOFSTUK 2**), is dit nie op die navorsing afgedwing nie. In **HOOFSTUK 3** is die teorie rondom die gekose perspektiewe uiteengesit. Dit het die oorkoepelende navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, gerig.

Met die literatuur en die oorkoepelende navorsingsvrae vir die studie in gedagte, is 16 vroeë-adolessente dogters tussen die ouderdomme van 11 en 13 jaar as deelnemers by die studie ingesluit. In **HOOFSTUK 4** word 'n volledige beskrywing en motivering van die steekproef, die keuse en aard van die data-vaslegging en data-insamelingsmetodes, data-analise en interpretasie asook die geloofwaardigheid van die studie gegee. Vir die studie is data-analise gegrond op die beginsels van Tesch (1990:55) wat vir die meeste kwalitatiewe studies as geskik beskou word. Vir data-analise in die studie is gebruik gemaak van ATLAS.ti wat 'n rekenaargesteunde sagtewareprogram vir kwalitatiewe data-analise is. Voorbeelde van kodes, aanhalings, families en 'n netwerk waarna verwys word, is in **Bylaag P** ingesluit.

In **HOOFSTUK 5** is die data onder vier temas teen die agtergrond van die gekose perspektiewe bespreek en geïnterpreteer, met inagneming van die oorkoepelende navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, terwyl addisionele teorieë gebruik is ten einde die dogter se belewenisse te kon verstaan. Die verbatim tekste wat gebruik is om die resultate met betrekking tot spesifieke doelwitte te verifieer, is onveranderd geplaas. Die deelnemers se direkte aanhalings is kursief en in vet letters gedruk. Vervolgens is daar in **HOOFSTUK 6** gevolgtrekkings, evaluerings en aanbevelings met betrekking tot die studie gemaak. Voorbeelde van die stimulustegnieke wat gebruik is, deelnemers se sketse waarna verwys word en die wyse waarop data-analise

gedoen is, word in die **BYLAE** weergegee. Ander sketse waarna nie verwys word nie, foto's van deelnemers en mode collages is op CD ROM beskikbaar.

Daar word so ver moontlik in die "taal" van die gekose perspektiewe gepraat. Aangesien die studie vanuit die simboliese interaksionisme gedoen is, word die konsep "haarself" in sommige gevalle as twee woorde geskryf. Die losskryf van hierdie konsep kom ter sprake waar dit gaan om 'n beskouing/interpretasie van die "self" as 'n entiteit, as die voorwerp wat nader toeligting benodig. Weens die rykheid van die data is voldoende verbatim aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude in die bespreking van die resultate gebruik aangesien dit bydra tot begripvorming van die dogter se belewenis van die toename in massa as deel van die self. Gevolgtrekkings in **HOOFSTUK 6** het slegs betrekking op die deelnemers wat deel gehad het aan die studie en kan nie veralgemeen word nie. Alhoewel daar gepraat word van die vroeë-adolessente dogter, verwys dit slegs na die deelnemers wat deel gehad het aan die studie. Bronverwysings en die lys van bronne is hanteer volgens die voorskrifte van 'n gebruikersvriendelike aangepaste Harvard-metode soos aanvaar deur erkende joernale in die studieveld.

# HOOFSTUK 2

# VROEË-ADOLESSENTE ONTWIKKELING

## 2.1 AGTERGROND

Fouché (2002:268) en Henning, Van Rensburg en Smit (2004:2-3) wys daarop dat die teorie in 'n fenomenologiese studie aanvanklik vir die navorser slegs dien as oriënteringsraamwerk, en nie op die navorsing afgedwing word nie. Ten einde 'n breë begrip te kry vir die ontwikkelingsfase waarin die vroeë-adolessente dogter haar nou bevind, word daar in hierdie hoofstuk vanuit 'n ontwikkelings-perspektief 'n breë agtergrond gegee met betrekking tot vroeë-adolessente ontwikkeling, soos wat dit ook versoenbaar is met die basiese aannames van die gekose teoretiese perspektiewe (Simboliese Interaksionisme en 'n Lewensverloop- perspektief - In **HOOFSTUK 3** bespreek)**,** maar sonder om te impliseer dat die uitspraak die enigste interpretasie is.

Hoewel navorsers soos Gowers en Shore (2001), Owens (2002:492), Sturdevant en Spear (2002) en Meadus (2007) adolessensie in twee stadia, naamlik vroeë- en laat-adolessensie, verdeel, onderskei Balk (1995:5) drie stadia van adolessente ontwikkeling naamlik vroeë-, middel- en laat-adolessensie. Dit is 'n komplekse stadium van ontwikkeling waarin beduidende fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale veranderige plaasvind (Gowers & Shore, 2001; Owens, 2002:492; Sturdevant & Spear, 2002; Liebenberg, 2004:39; De Klerk & Tselepis, 2007; Meadus, 2007). Die woord *adolessensie* wat dan ook vroeë-adolessensie insluit, is afgelei van die Latynse woord "adolescere" wat beteken om op te groei of te ontwikkel tot volle rypheid (Wortman & Loftus, 1992:309; Gross, 1993:636; Twining, 1998:368). Volgens Mwamwenda (1996:63) en Larson, Moneta, Richards en Wilson (2002) staan die tydperk ook uit as 'n fassinerende, interessante en uitdagende periode van menslike groei en ontwikkeling. Dit is dus 'n tydperk van vinnige fisieke, interpersoonlike, sowel as intrapersoonlike groei en 'n tydperk met vele uitdagings (Geller *et al.,* 2003).

Volgens Prinsloo en Du Plessis (1998:141), Twining (1998:368) en Owens (2002:492) dui die aanvang van puberteit ook die aanvang van vroeë-adolessensie aan. Dié navorsers verskil egter oor die presiese ouderdom waarop vroeë-adolessensie 'n aanvang neem. Die aanvangsouderdom wat vir vroeë-adolessente dogters in die literatuur aangedui word, wissel van 10 tot 15 jaar. Dit is volgens Owens (2002:496) insiggewend om daarop te let dat puberteit vandag op 'n vroeër ouderdom 'n aanvang neem en dat persone vroeër hul volwasse lengte bereik en ook langer word as voorheen. Die verskynsel kan toegeskryf word aan 'n gesonder dieet, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering (Owens, 2002:496).

Die toename in massa en liggaamsgrootte is, soos genoem in **HOOFSTUK 1**, van die veranderinge wat moontlik vir sommige vroeë-adolessente dogters problematies mag wees. Vanweë die sensitiwiteit rondom die toename in massa mag die belewenis en handhawing van die self ook vir die vroeë-adolessente dogter ’n probleem inhou. Sy het bepaalde behoeftes, terwyl die samelewing aan die ander kant weer bepaalde verwagtinge stel. Wat hierdie studie betref, beteken dit dus dat die vroeë-adolessente dogter die menige fisieke veranderinge, waaronder die toename in massa, asook gepaardgaande emosies daaromtrent, positief moet aanvaar of strategieë moet aanleer en gebruik wat haar kan ondersteun in die aanvaarding van ’n veranderende en uiteindelik nuwe fisieke voorkoms.

Ten einde die vroeë-adolessente dogter se gedrag en belewenis van haar self te verstaan word daar in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan die ontwikkeling van die vroeë-adolessent, soos wat dit verband hou met die doel van die studie asook versoenbaar is met die gekose teoretiese perspektiewe wat as vertrekpunt vir die studie gekies is, en wel onder die hoofde:

- Fisieke ontwikkeling tydens vroeë-adolessensie
- Kognitiewe ontwikkeling tydens vroeë-adolessensie
- Psigo-sosiale ontwikkeling tydens vroeë-adolessensie

## 2.2 FISIEKE ONTWIKKELING

Vroeë-adolessensie kan volgens Louw, Van Ede en Louw (1999:388), Owens (2002:493), Sturdevant en Spear (2002), Rebelo (2004:24), Dahl en Hariri (2005) en Viviani (2006) beskryf word as ’n periode van skielike veranderinge in die skelet van die vroeë-adolessent, asook die begin van seksuele rypheid. Rypheid behels nie alleen fisieke rypheid nie, maar ook dat jong mense emosionele en psigologiese rypheid bereik (Owens, 2002:493). Die snelle fisieke groei vind plaas as gevolg van die verhoogde produksie van hormone vanaf die pituïtêre klier (Owens, 2002:493; Liebenberg, 2004:41). Terselfdertyd verhoog die produksie van hormone vanaf die geslagskliere ook. Dogters beleef die skielike toename in groei gemiddeld twee jaar vroëer as seuns (Louw & Edwards, 1997:506; Van Niekerk & Van der Spuy, 1994:55; Owens, 2002:493-494; Liebenberg, 2004:42). Alle liggaamsdele groei egter nie ewe vinnig nie (Louw *et al.,* 1999:390). Beenlengte is gewoonlik die eerste groeiverandering gevolg deur die skouers wat breër word. Die oneweredige groeiveranderinge kan lei tot lompheid by die vroeë-adolessent (Louw & Edwards, 1997:506; Van Niekerk & Van der Spuy, 1998:55; Louw *et al.,* 1999:390).

Vroeë-adolessente bereik ook nie almal die stadium op dieselfde ouderdom nie (Louw *et al.,* 1999:395; Owens, 2002:493-494; Rebelo, 2004:25). Die dogter wat adolessensie later beleef se liggaam bly langer slanker en die liggaamsbou is dus nader aan die ideaal wat vir vroulike skoonheid in die media gestel word (Halonen & Santrock, 1996:338; Liebenberg, 2004:56). Volgens Weiten (1995:294) en Van Niekerk en Van der Spuy (1998:56) beleef die vroeë-adolessent egter nie noodwendig later-ontwikkeling as positief nie. Enige teken van andersheid word dikwels as ’n mislukking beleef. Die vroeë-adolessent wat later as haar portuurgroep ontwikkel, voel dan dikwels “uit”. Dit ontneem haar van selfvertroue en goeie portuurgroepverhoudinge. Aan die ander kant is Weiten (1995:296) en Owens (2002:497) van mening dat die dogter wat vroeë-adolessensie vroëer bereik, dikwels meer selfbewus voel omdat sy langer en swaarder as die meeste seuns van haar ouderdom is. Sy mag veral bekommerd voel oor die massa-toename (Weiten, 1995:296; Liebenberg, 2004:55-56).

Kaiser (1990:130) is van mening dat dit nie net gaan om vroeë- of laat-adolessensie nie, maar ook oor hoe aantreklik die dogter is. ’n Aantreklike dogter wat vroeë-adolessensie vroëer beleef, mag minder positief oor die self voel, as wat die geval met ’n onaantreklike dogter van dieselfde ouderdom is. ’n Moontlike verklaring hiervoor mag wees dat die aantreklike dogter normaalweg voorkeurbehandeling kry op grond van haar voorkoms en dat die skielike fisieke veranderinge en veral massa-toename wat met vroeë-adolessensie gepaard gaan, dus vir haar ’n bedreiging is, terwyl die onaantreklike dogter hoop om met die veranderinge saam, haar voorkoms te verbeter.

Met die bereiking van vroeë-adolessensie is die vroeë-adolessent dus dikwels geneig om haar fisieke voorkoms ongunstig met ander te vergelyk, en het sy dikwels ’n negatiewe beeld van haar fisieke self (Davison & McCabe, 2006). Dit bring die vroeë-adolessente dogter tot die besef dat min mense kan voldoen aan die ideaal wat die media stel. Gedurende adolessensie, wat ook vroeë-adolessensie insluit, verkry fisieke aantreklikheid dus ’n nuwe soort belang in die lewens van dogters. Met betrekking tot haar kledingkeuses, gaan dit dus nou nie net om klere wat weens die veranderende liggaam nou te klein word of anders pas nie, maar om ‘n totaal ander fisieke beeld wat deur die media voorgehou word en waarmee sy haarself vergelyk.

Die vroeë-adolessente dogter moet die belangrike ontwikkelingstaak om die fisieke self te aanvaar, bemeester (Rebelo, 2004:24), anders kan sy ook gestrem word in die bemeestering van ander ontwikkelingstake, soos om ’n vroulike geslagsrol te vestig of om meer volwasse verhoudings met maats van beide geslagte aan te gaan. Ten einde werklik die vroeë-adolessente dogter te kan ondersteun tydens ’n belangrike (en dikwels krisis-) fase van ontwikkeling en in die bereiking van belangrike ontwikkelingstake ten einde oor te kan gaan na ’n rustiger en meer volwasse fase van ontwikkeling waarbinne sy ook bepaalde kledingkeuses uitoefen, is dit in hierdie studie dus belangrik om eerstens te verstaan watter rol massa-toename speel in haar belewenis van haar fisieke en ook innerlike self, en tweedens hoe sy die self handhaaf ten einde aan te pas by haar veranderende voorkoms.

## 2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Rice (1995:44) definieer kognisie as die proses van weet. Hoewel Piaget (1970) se benadering dikwels gekritiseer word, is dit steeds van waarde aangesien sy werk kognisie vanuit 'n ontwikkelingsperspektief verduidelik. Volgens Piaget (1970) is kognitiewe ontwikkeling 'n gekombineerde resultaat van maturasie van die brein en aanpassing by die omgewing. Piaget (1969:vii) is verder ook van mening dat kognitiewe groei en ontwikkeling on-skeibaar van fisieke ontwikkeling is. Om die dinamiek van kognitiewe ontwikkeling te verduidelik gebruik Piaget (1970) vyf skemas. 'n Skema is 'n struktuur of patroon van dink wat 'n persoon gebruik ten einde 'n situasie te verstaan of by die omgewing aan te pas. Aanpassing is die proses waardeur die persoon sy/haar manier van dink aanpas ten einde nuwe informasie in te sluit wat begrip vir die situasie kan verbeter. Assimilasie sluit die verkryging van nuwe informasie en inkorporering daarvan by bestaande skemas in. Akkommodasie beteken die aanpas by nuwe inligting deur nuwe skemas te ontwikkel wanneer die ou skemas nie meer voldoende is nie. Ekwilibrium beteken dat daar 'n balans is tussen skemas en akkommodasie, terwyl dis-ekwilibrium plaasvind wanneer daar konflik is tussen die werklikheid en die individu se begrip daarvan – wanneer assimilasie nie werk nie en akkommodasie nodig is. Vir hierdie studie beteken so 'n benadering dat die vroeë-adolessent nie 'n passiewe wese is nie, maar 'n denkende persoon wat met haar manier van dink sin uit die situasie wil maak en daarby wil aanpas. In 'n nuwe en gedurig veranderende fase gaan haar behoefte aan ekwilibrium as 'n motiveringsfaktor dien en haar as't ware voortstu na 'n ander manier van dink en dus na kognitiewe ontwikkeling.

Die vroeë-adolessente dogter is nou in 'n stadium waar sy uitbeweeg uit Piaget se konkreet-operasionele fase na die formeel-operasionele fase (Piaget, 1970:732-734; Owens, 2002:532). Die vroeë-adolessent se kognitiewe vermoëns ontwikkel beide kwalitatief en kwantitatief, en dit geskied aanvullend en geïntegreerd. Kwantitatiewe ontwikkeling dui daarop dat die vroeë-adolessent take vinniger, makliker en meer effektief kan bemeester. Kwalitatiewe ontwikkeling dui weer op die verandering in die aard en kognitiewe struktuur van denke (Louw, 1992:419). Kognitiewe ontwikkeling is volgens Mwamwenda (1996:89), Owens (2002:532), Liebenberg (2004:47) en Rebelo (2004:26) die ontwikkeling van 'n persoon se verstandelike vermoë om betrokke te raak by denke, redenering, interpretasies, begrip, kennis-verwerwing, geheue, organisering van inligting, analisering en probleemoplossing.

Veranderinge tree in die aard en struktuur van die vroeë-adolessent se denkprosesse in. Vroeëre denke was meer konkreet en word met vroeë-adolessensie toenemend abstrak (Owens, 2002:531-532). Die dominante denkwyse in die stadium van formele denke is abstrak; dit is meer beweeglik en buigsaam as 'n konkrete wyse van denke (Sturdevant & Spear, 2002). Volgens Scriven en Stevenson (1998), Liebenberg (2004:47) en Rebelo (2004:26) ontwikkel abstrakte denke met die aanvang van die formeel-operasionele stadium. Die stadium neem 'n aanvang vanaf ongeveer 12–15 jaar en sluit vroeë-adolessensie in. 'n Persoon wat die formele denkwyse bereik, kan 'n verskeidenheid van take uitvoer wat die gebruik van hipotese, voorspelling, definiëring van terme en die maak van logiese en wetenskaplike afleidings,

insluit (Piaget, 1969:132; Liebenberg, 2004:47; Rebelo, 2004:26). Wanneer die vroeë-adolessent die stadium van formele handelinge bereik het, beskik sy oor die vermoë om te konsentreer op dinge wat slegs in haar eie gedagtes bestaan en belangrik is, en nie noodwendig in dié van ander nie (Owens, 2002:532-533). Sy kan byvoorbeeld besluit dat sy oormassa is terwyl ander nie haar mening deel nie. Sy kan die gedagte van vryheid implementeer in kledingaankope en haar eie besluite wil neem. Die gedagte aan demokrasie kan daartoe lei dat sy voel om 'n groter seggenskap in haar eie lewe uit te oefen. Aspekte wat keuse insluit soos kledingaankope, voorkomsbestuur, eetgewoontes, en so meer mag terreine wees waarin die vroeë-adolessent al meer seggenskap wil uitoefen (Taylor & Consenza, 2002; Grant & Stephen, 2005). Al die gedagtes vind aansluiting by die retro-aktiewe sosialiseringsproses waar die vroeë-adolessent al meer en die ouers al minder besluite neem en voorskrifte gee. Die vroeë-adolessent kan dus haar eie mening betreffende haar voorkoms en liggaamsmassa begin vorm. Die mening hoef nie noodwendig ooreen te stem met dié van ander nie.

Egosentrisme is 'n algemene verskynsel by vroeë-adolessente en kan beskou word as die onvermoë om te onderskei tussen die beheptheid met haar eie gedagtes en die denke van ander (Gross,1993:748). Behalwe dat die vroeë-adolessent oor die algemeen bekommerd is oor die self, gaan sy ook van die veronderstelling uit dat ander se aandag voortdurend op haar gefokus is (Vander Wal & Thelen, 2000; Bener, Kamal, Tewfik & Sabuncuoglu, 2006; Davison & McCabe, 2006). Die egosentrisme kan ook verduidelik word aan die hand van twee addisionele verskynsels, naamlik 'n denkbeeldige gehoor waar die vroeë-adolessent glo dat sy die fokus van almal se aandag is en konstant deur ander gëevalueer word, en die persoonlike fabel waar die vroeë-adolessent van mening is dat dit wat sy beleef uniek is (Scriven & Stevenson, 1998; Owens, 2002:549-550). Sy kan dus verder as die konkrete bewyse gaan en haar verbeelding gebruik. Sy kan voel dat sy die enigste een is wie se heupe so breed word, wat langer as haar maats is of wat sukkel om kledingprodukte te kry wat haar liggaam vlei.

Vroeë-adolessente se vermoë om inligting te prosesseer neem ook toe. Haar korttermyn-geheue vergroot en sy ontwikkel 'n verskeidenheid strategieë om inligting te onthou en probleme op te los (Halonen & Santrock, 1996:338; Louw & Edwards, 1997:511). Met betrekking tot hierdie studie sou dit beteken dat die vroeë-adolessent wat haar massa wil verminder, 'n oplossing kan soek vir die probleem waarmee sy te kampe het. Dit mag 'n verslankingsdieet wees, meer oefening, 'n gesonder leefstyl, kledingprodukte wat haar figuur vlei of selfs aangeleerde kognitiewe redenasies om die self te handhaaf.

Namate die vroeë-adolessent die vermoë ontwikkel om betrokke te raak in rolneming en sodoende 'n gewaarwording het van wat ander dink en voel, ontwikkel sy 'n sensitiwiteit vir ander se opinies oor haar, hoewel sy nie altyd ontvanklik is vir die opinies nie. Kaiser (1990:62) en Morrison, Kalin en Morrison (2004) is van mening dat sosiale standaarde met betrekking tot liggaamsideale en -standaarde vir fisieke aantreklikheid, die beeld wat 'n persoon van die eie liggaam het,

beïnvloed. Dit bepaal ook die mate van tevredenheid of ontevredenheid wat 'n persoon met die liggaam ervaar. Die vroeë-adolessent is ook baie sensitief vir ander (betekenisvolle ander en verwysingsgroep) se opinies, en sy is voortdurend daaroor begaan om goed genoeg te lyk en deur hulle aanvaar te word (Jones, 2001; Morisson *et al.,* 2004; Smolak, 2004). Die terugvoer van die ouers en portuurgroep en dit wat sy in die massa-media sien (Hoyt & Kogan, 2001; Blowers *et al.,* 2003; Hargreaves & Tiggemann 2003; Morrison *et al.,* 2004), kan ook die mate van tevredenheid wat die vroeë-adolessent met haar eie liggaam ervaar, beïnvloed. Die wyse waarop die gesin en portuurgroep die vroeë-adolessent se fisieke veranderinge hanteer en die reaksie daarop, kan 'n belangrike rol in die vroeë-adolessent se belewenis van die self speel.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die vroeë-adolessent nou oor die vermoë beskik om anders te dink as 'n kind. Haar kognitiewe denke het nou ook implikasies vir sowel haar emosionele as haar morele en religieuse ontwikkeling.

### 2.3.1 Emosionele ontwikkeling

Die eenvoudige en ongekompliseerde emosionele lewe van die kleiner kind maak plek vir 'n ingewikkelde en meer verwikkelde gevoelslewe. Volgens Rebelo (2004:31) word vroeë-adolessensie gekenmerk deur vele gemoedskommelinge en emosionele uitbarstings wat toegeskryf kan word aan die vinnige fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale ontwikkelinge. Nog 'n moontlike rede vir die vroeë-adolessente dogter se komplekse gevoelslewe kan volgens Silk, Steinberg en Sheffield Morris (2003) daaraan toegeskryf word dat die adolessent, en dus ook die vroeë-adolessent, meer dikwels intense emosies beleef as wat die geval met jonger of ouer persone is. Daarom word daar ook dikwels van adolessensie gepraat as die storm-en-drang-stadium waartydens groot emosionele veranderinge plaasvind, met die resultaat van rebelsheid (Gross, 1993:638; Louw *et al.,* 1999:386). Die vroeë-adolessent se emosies is volgens Van Niekerk en Van der Spuy (1998:61) soms nog soos dié van die kleiner kind – eenvoudig en reguit: wanneer sy hartseer is, huil sy; wanneer sy bly is, spring sy rond van vreugde. Sy wys dus op 'n konkrete wyse hoe sy voel. Die vroeë-adolessent raak ook bewus van 'n eie persoonlikheid en besef dat sy anders as ander mense is. Sy ervaar veral negatiewe emosies soos skuld, skaamte en angs (Rebelo, 2004:32). In hierdie tydperk word daar min stabiliteit in emosies ervaar. Haar emosies is 'n onvaste toestand waarbinne haar relatiewe geluk rondbeweeg (Larson *et al.,* 2002). Sy voel ook dikwels eensaam en alleen en wil haarself onttrek. Die vroeë-adolessente dogter ervaar negatiewe emosies soos woede wanneer sy oor haar voorkoms geterg word, wanneer maats by die skool dinge oor haar sê en onredelike beheer oor haar voorkoms en dit wat sy aantrek, uitoefen (Mwamwenda,1996:76; Rebelo, 2004:32).

Cosbey (2001) wys daarop dat daar 'n wisselwerking is tussen die individu se gevoelens met betrekking tot die aantreklikheid van die liggaam en voorkoms, die algemene persepsie van sosiale aanvaarbaarheid, die algemene tevredenheid met die persoonlike voorkoms en die kledinggedrag van die individu. In aansluiting het Kwon (1994) en

Cosbey (1990) bevind dat positiewe – of negatiewe gevoelens met betrekking tot die persoonlike voorkoms ook ‘n invloed het op die emosionele stabiliteit van die persoon. Die vroeë-adolessente dogter se belewenis van haar fisieke voorkoms raak dus ook haar emosionele belewenisse, terwyl negatiewe gevoelens met betrekking tot haar voorkoms weer haar kledinggedrag mag beïnvloed.

**2.3.2 Morele en religieuse ontwikkeling**

Die ontwikkeling van morele redenering is ’n belangrike stap in kinders en adolessente se lewe. Dit gee aanleiding tot die besef van die individu se integriteit en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir dit wat hy/sy sê en doen (Liebenberg, 2004:48). In dié proses van ontwikkeling kom die kind en adolessent tot die besef van wat regte en verkeerde gedrag is en rig dan haar gedrag hiervolgens (Louw & Edwards, 1997:512; Owens, 2002:472). Hoewel skuldgevoelens dikwels die kern van haar morele ontwikkeling vorm, leer die vroeë-adolessente dogter ook om empatie met ander te hê (Liebenberg, 2004:49). Morele ontwikkeling vind volgens Halonen en Santrock (1996:346) plaas namate die gedagtes meer volwasse word, die wederkerige gee-en-neem van die portuurgroepverhoudings en die moontlikhede vir rolspeel. Volgens Piaget (1932**)** in Mwamwenda (1996:149) ontwikkel ’n kind se morele denke in twee kategorieë, naamlik moraliteit van realisme en moraliteit van samewerking. Voor die ouderdom van 10 jaar ontwikkel morele bewuswording deurdat die kind moraliteit beleef as iets wat van buite geneem word en dan op hulle afgedwing word. In die gedagtes van ’n kind is niks op sigself reg of verkeerd, goed of sleg nie. Wanneer die kind egter by die stadium van moraliteit kom waar samewerking ter sprake kom, ontwikkel die kind ’n ander siening van moraliteit. Reëls word dan beskou as iets wat buigsaam en onderworpe aan verandering is. Die siening is van toepassing op kinders van 10 jaar en ouer, wat ook die vroeë-adolessent insluit. Reëls word ook gemaak met die doel om die regte van die individu te beskerm, eerder as om toegeskryf te word aan persone in gesagsposisies (Owens, 2002:472-473). Daarom noem Rebelo (2004:36-37) dat ouers wat kinders toelaat om deel te neem aan besluitneming, en portuurgroepinteraksies waar standpunte en perspektiewe van lewensbelangrike sake en geleenthede bespreek word, die morele rypheid van die vroeë-adolessent bevorder. In die proses van morele ontwikkeling leer die vroeë-adolessente dogter waardes soos eerlikheid, regverdigheid, verantwoordelikheid en respek aan (Liebenberg, 2004:51). Die vroeë-adolessente dogter moet die bestaande waardes bevraagteken, besluit watter vir haar aanvaarbaar is, en dit dan in haar persoonlike waardesisteem inkorporeer (Liebenberg, 2004:51).

Kaiser (1990:110) wys daarop dat morele waardes ‘n belangrike rol speel in die individu se belewenis van die liggaam as deel van ‘n bepaalde geslag, en ook in die keuse van klere met die doel om die liggaam te bedek of te benadruk. Dit speel ook ‘n belangrike rol in die bepaalde gemeenskap en dus ook die individu se siening vir wat reg en verkeerd is met betrekking tot die manlike - en vroulike geslagsrol. So byvoorbeeld mag ‘n bepaalde voorkoms wat binne ‘n bepaalde gemeenskap of groep vir ‘n dogter aanvaarbaar is, nie meer vir ‘n adolessent of volwasse vrou aanvaarbaar

wees nie. Dit gaan dus nie net om voorskrifte met betrekking tot die geslagsrolle nie, maar ook om voorskrifte met betrekking tot ouderdomsrolle. Die vroeë-adolessent begin dus nou om, onder meer wat haar kledinggedrag betref, haar saak te stel en te motiveer. Sy word nie nou net meer voorgeskryf nie maar kan ook omdat sy 'n bepaalde waarde huldig, sekere gedrag openbaar.

Godsdiens en geloof kan, volgens Elkind (1999) en Bridges en Moore (2002), 'n belangrike aspek in die lewe van die vroeë-adolessent wees. Alcorta en Sosis (2005) het tot die gevolgtrekkig gekom dat godsdiens 'n bykomende produk van kognitiewe aanpassing is, en gebruik kan word om in die wêreld te oorleef. Die kognitiewe veranderinge wat in 'n vroeë-adolessent plaasvind, kan daartoe aanleiding gee dat vroeë-adolessente hul eie godsdienstige beskouing het. Dit is veral die vroeë-adolessent se interpersoonlike omgewing wat bepaal watter effek godsdiens op haar welstand het. Die interpersoonlike omgewing sluit volgens Bridges en Moore (2002) interaksie met die familie, ouers se eienskappe en sosiale ondersteuning deur die portuurgroep in. Vroeë-adolessente wat deel het aan 'n godsdienstige gemeenskap is meer geneig om uitgebreide netwerke van ondersteuning en omgee te hê. Ouers en lede van die portuurgroep wat die vroeë-adolessent goed ken, word bronne van fisieke, sosiale en emosionele ondersteuning. Vir hierdie studie sou dit dus beteken dat probleme en krisisse wat die vroeë-adolessente dogter met betrekking tot haar fisieke veranderinge, en spesifiek die toename in massa, mag ondervind, beter hanteer kan word indien sy 'n sterk ondersteuningstelsel vanuit die gesin of portuurgroep het, en dat sy selfs godsdiens as handhawingstrategie kan gebruik (Schafer & King, 1990; Donelson, 1999 ). Horn en Gurel (1981: 59-67) wys daarop dat Godsdiens nie van die individu se morele waardes geskei kan word nie, en dat dit 'n belangrike rol speel met betrekking tot wat vir die individu van 'n bepaalde geslag en ouderdomsgroep, as aanvaarbare - of onaanvaarbare voorkoms en kledinggedrag beskou kan word. Dit gaan dikwels nie bloot net om aanvaarbaar of onaanvaarbaar nie, maar ook om reg en verkeerd en dikwels ook met emosies van skaamte en skuld oor die liggaam of dele daarvan.

## 2.4 PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING

### 2.4.1 Die verloop van psigo-sosiale ontwikkeling

Erikson (1968) se uitgangspunt in sy psigo-sosiale teorie is dat daar psigo-sosiale motiverings en behoeftes is wat die dryfveer in menslike ontwikkeling en gedrag is. Erikson verdeel menslike ontwikkeling in agt stadiums of fases en wys daarop dat die individu 'n psigo-sosiale taak het wat hy/sy in elke fase moet bemeester. Die bemeestering van die taak bou 'n positiewe kwaliteit in die persoonlikheid, en verdere ontwikkeling kan dan plaasvind. Indien die taak nie bemeester kan word nie, is dit negatief vir die persoonlike ego. Soos wat die individu van een fase na die volgende gaan, bly die oorkoepelende taak om 'n positiewe identiteit te vestig en te behou. Volgens Erikson (1968) staan die

vroeë-adolessent nou aan die begin van die identiteit-versus-rolkonflik-fase, waartydens die adolessent 'n sterk persepsie van haar self ontwikkel, of verward kan raak oor wie en wat sy is en wat haar rolle in die lewe behels.

Volgens Owens (2002:577) begin of eindig die identiteitsvorming nie gedurende adolessensie nie, maar dit ontwikkel en verander regdeur die lewensverloop van 'n individu. Tog is identiteitsvorming intens tydens die periode van vroeë-adolessensie. Die toenemende kommer aangaande identiteit kan moontlik toegeskryf word aan verskeie betekenisvolle oorgange wat die vroeë-adolessente dogter se lewensbane kruis. Haar gedagtes rondom liggaamsbeeld word gestimuleer deur die skielike fisieke veranderinge terwyl kognitiewe prosesse meer gevorderd word en na introspeksie lei. Volgens Owens (2002:577) probeer die vroeë-adolessent die een na die ander gesig uit in 'n poging om die ware/eie te vind. Sy ontdek en eksperimenteer met verskillende waardesisteme, gelowe en beroepsrolle. Die veranderinge wat met puberteit gepaard gaan, bring by die vroeë-adolessent 'n nuwe bewuswording van die self. Vroeë-adolessente met hul meer volwasse liggame kan hulself nie langer as kinders beskou nie. Volgens Van Niekerk en Van der Spuy (1998:63) gaan die vroeë-adolessent 'n kort tydperk van vereensaming deur tydens die soeke na haar eie identiteit. Die soeke na identiteit verwys na die vroeë-adolessent se soeke na die self te midde van vele fisieke, kognitiewe en sosiale veranderinge tydens vroeë-adolessente ontwikkeling. Dit is eers wanneer die vroeë-adolessent die self kan voorstel in 'n bepaalde en redelik bereikbare rol wat vir die self en ander om haar aanvaarbaar is, dat sy die self as 'n unieke individu begin ag (Scriven & Stevenson, 1998; Owens, 2002:577).

Die fisieke, seksuele en sosiale eise wat op vroeë-adolessente geplaas word, skep by hulle 'n behoefte om duidelikheid te kry oor wie hulle as individu is, en hoe hulle verband hou met die samelewing en volwasse wêreld waarvan hulle binnekort deel gaan word. Die uitprobeer van volwasse rolle vorm deel van hierdie proses. Deur te eksperimenteer met 'n verskeidenheid moontlikhede, kry die vroeë-adolessent 'n idee van verskillende rolle, sonder om die self onherroeplik aan een van die rolle te verbind. Aspekte wat volgens Louw en Edwards (1997:516) en Liebenberg (2004:52) aangespreek word tydens identiteitsvorming is die stabilisering van 'n geslagsrol, verhoudings, huwelik, godsdiens, politiek, 'n eie waardestelsel, losmaak van die ouers, sosiale verantwoordelikheid en werksrolle. Volgens Wortman en Loftus (1992:310) stel vroeë-adolessente se verbeterde kognitiewe vermoëns hulle in staat om die self op 'n meer psigologiese wyse waar te neem. Wanneer die vroeë-adolessent gevra word na 'n beskrywing van die self, noem sy nou nie meer net haar liggaamskenmerke nie, maar ook haar gevoelens, gelowe, waardes, asook kenmerkende wyses van optrede. Vroeë-adolessente kan dus sterk na binne gekeerd handel. Hulle soek na 'n dieper onderliggende kern vir die self, 'n kern wat hulle uiterlike kenmerke saamvat. Die vroeë-adolessent ontwikkel 'n behoefte om 'n onafhanklike identiteit te stig, veral om haar van haar ouers te onderskei. Die strewe om sin te maak uit die self weg van die ouers, lei dus dikwels tot 'n groot afgetrokkenheid by die vroeë-adolessent. Erikson (1968) is van mening dat sommige vroeë-adolessente vinnig en met min inspanning deur die proses van identiteitsvorming gaan. Hulle weet wie hulle is, wat hulle van die lewe wil hê en beskik oor die vermoë om hulle eie waardestelsels te vestig. Hulle raak ook betrokke by 'n proses

van bevraging, ontdekking en eksperimentering. Hulle mag ouers se raad bevraagteken en ’n nuwe wêreld ontdek waarin hulle meer sê en die ouers minder sê het. Die vroeë-adolessent kom ook tot die besef dat, wanneer die voorskrifte en keuses van die portuurgroep gehoorsaam word, dit vir haar aanvaarding binne die portuurgroep bring. Aan die ander kant kan die vroeë-adolessent die waardes waarmee sy grootword bevraagteken en met nuwe waardes eksperimenteer, en hierdie proses kan ’n krisis word wat lank neem om uitgesorteer te word.

In aansluiting by Erikson (1968) se siening word Marcia (1976) se identiteitstatusmodel (identity status model) algemeen beskou as een van die belangrikste uitbreidings van Erikson se sienings met betrekking tot identiteitsontwikkeling. Marcia (1976) onderskei vier duidelike differensieërbare identiteitstatusse wat gebasseer is op die graad van verkenning (exploration) en verbintenis (commitment) wat die adolessent en dus ook die vroeë-adolessente dogter, ervaar of ervaar het. Identiteitsdiffusiestatus dui daarop dat die adolessent nog geen verbintenis gemaak het met betrekking tot ‘n spesifieke ontwikkelingstaak nie en moontlik ook nie enige ander ontwikkelings-alternatiewe verken het nie. ‘n Sogenaamde “foreclosure” status dui daarop dat die adolessent haar verbind het tot ‘n spesifieke ontwikkelingstaak sonder om werklik enige verkenning te doen. In die moratoriumstatus is die adolessent in ‘n staat van aktiewe verkenning en het nog nie ‘n defnitiewe verbintenis gemaak nie. Die identiteitsbereikingstatus dui daarop dat die adolessent die periode van aktiewe verkenning voltooi het en ‘n verbintenis kon maak.

Marcia (1976) se identiteitstatus-model het al vele debatte vanaf teoretici en navorsers uitgelok (van Hoof, 1999; Berzonsky & Adams, 1999; Waterman, 1999) terwyl sommige navorsers soos Flum (1994) en selfs Marcia (1976) daarop wys dat daar elemente van meer as een van die statusse terselfdetyd by ‘n persoon teenwoordig kan wees. Flum (1994) wys daarop dat die vroeë-adolessent waarskynlik in ‘n status van identiteitsdiffusie of moratorium is, met ander woorde waar sy waarskynlik nog nie ‘n verbintenis met betrekking tot die ontwikkeling van ‘n bepaalde ontwikkelingstaak gemaak het nie, en waarskynlik nog besig is met verkenning. Met betrekking tot hierdie studie sou dit impliseer dat die vroeë-adolessente dogter nog met verkenning besig is wat betref die aanvaarding van ‘n veranderende fisieke self, en daarmee saam ‘n meer volwasse vroulike geslagsrol en gepaardgaande gedrag waarby kledinggedrag ingesluit is.

Ongelukkig is daar binne die kledingteorie weinig resente studies met betrekking tot die vroeë-adolessent se identiteitsontwikkeling en kledinggedrag. Kaiser (1990:163-164) wys egter daarop dat vroeë-adolessensie die tydperk is wanneer die kind toenemend in staat is om ook wat kleding betref, die veralgemene ander se norme en waardes te internaliseer. Kleding word ook ‘n belangrike simbool van die vroeë-adolessente dogter wat aan ‘n bepaalde portuurgroep behoort. Kaiser (1990:164) wys verder daarop dat die vroeë-adolessente dogter wat haarself en die fisieke veranderinge wat sy ondergaan meer geredelik aanvaar, ook meer geneig is om vir haarself aan te trek in stede van vir ander. Sy koester ook meer positiewe gevoelens teenoor haarself en haar voorkoms. Fisieke veranderinge wat tydens

vroeë-adolessensie intree, is dikwels verwant aan 'n meer volwasse seksualiteit en het dikwels tot gevolg dat die vroeë-adolessente dogter toenemend begaan is oor wat nou 'n aanvaarbare - of toelaatbare voorkoms is ten einde 'n meer volwasse geslagsrol te kan aanneem.

### 2.4.2 Die rol van ander in psigo-sosiale ontwikkeling

Uit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat ander 'n belangrike rol in die vroeë-adolessente dogter se psigo-sosiale ontwikkeling kan speel. Om aan 'n groep te behoort en kommunikasie met goeie vriende te hê is veral vir haar psigo-sosiale ontwikkeling belangrik (Rebelo, 2004:35). Die rol van ouers, die portuurgroep en veralgemeende ander soos die massamedia, kan soos volg saamgevat word.

Vroeë-adolessensie is 'n tydperk waarin daar gepoog word om onafhanklikheid te bewys ten spyte van die talle vrae, dilemmas, druk en nuwe ervaringe wat die fase kenmerk. Die gevolg hiervan kan konflik in die huis wees, asook 'n vroeë-adolessent wat poog om onafhanklikheid te bereik. 'n Moontlike rede vir die intensiteit van konflik in die gesin mag die vinnig-veranderende wêreld wees, wat anders is as die wêreld waarin die ouers opgegroei het (Twining, 1998:369). Louw (1992:442) en Halonen en Santrock (1996:341) deel die mening dat die ouers en portuurgroep se invloed egter eerder aanvullend tot mekaar is, as in konflik met mekaar. 'n Natuurlike proses van emosionele losmaking ontwikkel tussen ouers en die vroeë-adolessent (Rebelo, 2004:33). Dit geskied omdat die vroeë-adolessent 'n toenemende behoefte aan privaatheid ontwikkel namate sy 'n eie identiteit vestig. Die losmaakproses impliseer nie noodwendig 'n verlies van liefde en respek tussen ouer en kind nie en is normaalweg tydelik van aard.

Een faset waar ouers se invloed veral 'n rol kan speel, is waar massa en massaverwante sake soos massa-toename ter sprake kom. Ouers se direkte en indirekte invloed bëinvloed die dogter se siening van die ideale vrouefiguur (Vander Wal & Thelen, 2000; Markey *et al.,* 2002; Harrison, 2003). Vander Wal en Thelen (2000) voer aan dat enige druk van die gesin se kant af om die vroeë-adolessent se massa te beheer, geassosieer kan word met ontevredenheid oor die individu se liggaamsmassa. Ouers toon dikwels oordrewe bekommernis oor massa, liggaamsvorm en diëte. Dogters kan hierdie kommer waarneem en navolg.

Die portuurgroep kan beskou word as 'n verwysingsgroep met hul eie waardes en norme. Hulle stel ook bepaalde kriteria waarvolgens die vroeë-adolessent se status in die groep bepaal word. Gedurende adolessensie en veral vroeë-adolessensie, word meer gekonformeer as gedurende die kinderjare. Kriteria verskil soms van dié wat in die volwasse samelewing geld. Die portuurgroep bied aan die vroeë-adolessent die geleentheid om haar gedrag, probleme, behoeftes en doelwitte te evalueer (Shibutani,1955). Die portuurgroep vorm volgens Jones (2001) en Rebelo (2004:35) 'n belangrike deel van die vroeë-adolessent se lewe en speel veral 'n toenemend belangrike rol in die definiëring van

sosiale verwagtinge, die stabilisering van 'n identiteit en die evaluering van die self. Daarom oorskadu konformering met die portuurgroep die vroeë-adolessent se verbintenis met enige betekenisvolle ander vanuit die speelstadium (Kaiser, 1990:109; Rebelo, 2004:35). Konformering met die portuurgroep vind veral inslag in kleding, haarstyle, taalgebruik en ander voorkeure (Mwamwenda, 1996:70; Louw & Edwards, 1997:519; Jones, 2001). Sandstrom, Martin en Fine (2006:136) voer aan dat 'n indvidu innerlik en uiterlik probeer konformeer met reëls wat binne 'n situasie aangedui word. Die vroeë-adolessent konformeer dus nie alleen met die sosiale gedrag van die portuurgroep nie, maar ook ten opsigte van liggaamsvoorkoms en vaardighede. Dit is vir haar veral belangrik om te weet hoe die portuurgroep haar liggaam waarneem. Die aanvaarding en ondersteuning deur die portuurgroep is sekerlik een van die grootste bronne van kommer vir die vroeë-adolessent.

Omrede vroeë-adolessente met sosiale mag en vermoëns eksperimenteer, kan hulle mekaar seermaak en persoonlike leed aandoen (Liebenberg, 2004:62). Daarom dat tergery oor haar voorkoms dikwels tot die ontwikkeling van 'n negatiewe liggaamsbeeld lei (Liebenberg, 2004:56). Dit sluit handelinge in van kritiek teenoor liggaamsmassa soos in die geval van tergery en aanmoediging om massa te verloor. Sosiale versterking vanuit die portuurgroep bevorder 'n interne oortuiging van die skraal liggaamsbou as belangrikste ideaal en daarmee saam dikwels liggaamsontevredenheid tydens 'n fase waar toename in massa normaal is (Liebenberg, 2004:56). Die resultaat hiervan is dikwels eetversteurings (Lieberman, Gauvin, Bukowski & White, 2001).

Hargreaves en Tiggemann (2003) beweer dat die massamedia die breër sosiale klimaat vorm waarbinne die vroeë-adolessente dogter haar liggaamsbeeld vorm. Die media stel egter waarskynlik onrealistiese voorkomsverwagtinge aan die vroeë-adolessente dogter (Botta, 2003) deur die voordele van 'n "volmaakte" liggaam te beklemtoon. Massamedia funksioneer vanuit 'n bepaalde kultuur, en in die Westerse samelewing word die skraal vroulike liggaam as 'n begeerlike ideaal voorgehou en uitgebeeld. Omdat die vroeë-adolessente dogter volgens Sandstrom *et al.* (2006:64) die rol van veralgemeende ander kan aanneem, kan sy ook die perspektief en verwagtinge van die gemeenskap as 'n geheel aanneem. Daarom steur sy haar aan die ideale liggaamsbeeld wat in die media voorgehou word, en kan – soos Hoyt en Kogan (2001) aanvoer – die blootstelling aan die media 'n direkte verband hou met die ontwikkeling van eetpatrone wat tot eetversteurings kan lei. Tydskrifadvertensies en ander mediabronne word dikwels deur veral vroue as sosiaal vergelykende standaarde gebruik (Hoyt & Kogan, 2001; Blowers *et al.,* 2003). Normale toename in massa en 'n slanke kinderfiguur wat verander na 'n meer geronde volwasse vroulike figuur, mag dus vir die vroeë-adolessente dogter problematies raak, en ontevredenheid met haar veranderende voorkoms kan deur die massamedia se onrealistiese standaarde met betrekking tot slankheid, versterk word.

## 2.5 IMPLIKASIES VIR DIE STUDIE

Dit blyk dus dat die vroeë-adolessente dogter op fisieke, kognitiewe, en psigo-sosiale vlak heelwat ontwikkeling ondergaan. Die terugvoer van ander (betekenisvolle ander en die verwysingsgroep) asook die vergelyking met veralgemeende ander speel ’n belangrike rol in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. Soos reeds genoem, is een van die belangrikste psigo-sosiale take wat die vroeë-adolessente dogter moet bemeester ten einde verder te kan ontwikkel, die aanvaarding van haar fisieke self en die effektiewe benutting van haar liggaam. Hierdie belangrike taak is ook onderliggend aan ander belangrike psigo-sosiale take wat sy nou moet bemeester, soos die vestiging van ’n nuwe geslagsrol en die bou van meer volwasse verhoudings met albei geslagte in die portuurgroep – take waarvan die bemeestering ook ’n rol speel in die vestiging van ’n eie identiteit. In die Westerse kultuur waar groot klem vandag geplaas word op uiterlike skoonheid en veral op ’n slanke vroulike figuur, is dit waarskynlik nie vir die hedendaagse vroeë-adolessente dogter ’n maklike taak om fisieke verandering en veral die toename in massa te aanvaar ten einde ’n positiewe liggaamsbeeld te ontwikkel nie. Daarmee saam word stereotipes oor massa en selfs stigmas oor oormassa algemeen deur die massamedia gepropageer en waarskynlik deur die portuurgroep aangehang. Positiewe innerlike kwaliteite word dikwels aan liggaamlike skoonheid en veral aan ’n skraal vroulike figuur gekoppel, terwyl meer negatiewe innerlike kwaliteite aan ’n groter of oormassa liggaam gekoppel word. Vir die vroeë-adolessente dogter wat oormassa is, of nie tevrede is met die feit dat sy nou in massa toeneem nie, kan die internalisering van sulke stereotipes tot gevolg hê dat sy ook nie ’n sterk en positiewe selfbeeld kan ontwikkel nie. Met betrekking tot persoonlike voorkoms en kledingkeuses is die gevolg dikwels dat die dogter nou uitermate klem lê op haar fisieke voorkoms terwyl kleding dikwels nou toenemend belangriker word. Kleding kan egter nie los van die liggaam gesien word nie en funksioneer in werklikheid as ‘n tweede vel. Ontevredenheid met die veranderende liggaam het dus dikwels ook ontevredenheid met klere tot gevolg. Dit gaan dus om ‘n totale voorkoms wat in interaksie met ander waargeneem word, en nie net om ‘n liggaam wat los staan van kleding nie.

Die vroeë-adolessente dogter ontwikkel egter ook op kognitiewe en psigo-sosiale vlak. Die feit dat sy nou meer abstrak begin dink, intens ingestel is op die self en nuwe, maar dikwels onrealistiese wyses van dink en redeneer ontwikkel, mag tot gevolg hê dat sy haar veranderende liggaam meer intens, as uniek en problematies ervaar. Daarmee saam beleef sy nou nie net haar fisieke self teen die gesinsagtergrond nie, maar word die siening van die portuurgroep en dit wat die verwysingsgroep in die vorm van rolmodelle en die veralgemeende ander in die vorm van die massamedia propageer, toenemend belangrik in haar belewenis van haar self.

Nuwe wyses van dink en redeneer kan haar egter ook in staat stel om nuwe handhawingstrategieë te ontwikkel en te gebruik ten einde haar veranderende fisieke self en veral die toename in massa te kan hanteer, soos om anders oor haar veranderende self te redeneer, meer staat te maak op die ondersteuning van ander, of deur middel van haar

kleredrag, groter aanvaarding vir haar nuwe fisieke voorkoms te kry. Hoewel daar al heelwat studies gedoen is met betrekking tot die oormassa vroeë-adolessente dogter, is daar ongelukkig weinig, indien enige, indiepte-studies gedoen met die doel om beter te verstaan hoe die vroeë-adolessente dogter nie net oormassa nie, maar spesifiek die toename in massa beleef, en watter handhawingstrategieë sy in werking stel ten einde by 'n veranderende fase in haar lewe te kan aanpas. Die gevolg is dat daar binne die kledingstudieveld nie altyd begrip is vir onderliggende redes vir die dogter se kledingkeuse nie en dat haar oordrewe betrokkenheid en begaandheid oor klere en dikwels vreemde en eksentrieke keuses dan net afgemaak word as "tipies van die fase".

# HOOFSTUK 3

# DIE KEUSE VAN 'N PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE

## 3.1 AGTERGROND

Uit **HOOFSTUK 2** is dit duidelik dat vroeë-adolessensie waarskynlik vir die dogter 'n tyd van verandering en aanpassing is, met veranderinge op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale gebied, en dat fisieke veranderinge, soos die toename in massa, vir die vroeë-adolessente dogter problematies kan wees. Die vraag is, hoe kan daar na die vroeë-adolessente dogter se belewenis van 'n veranderende fisieke self en haar hantering van spesifiek die toename in massa bestudeer word?

Charon (1998:3) wys daarop dat 'n perspektief ("point of view") in 'n sekere sin ten doel het om te sensiteer en die navorser te lei na die realiteit ten einde 'n situasie beter te verstaan. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n perspektief nie die totale realiteit is nie, maar slegs dien as hulp ten einde die realiteit beter te verstaan. Dit dien dus as gids en is situasie-gebonde. 'n Goeie perspektief gee insig, beskryf die werklikheid duideliker en help om die waarheid te vind (Babbie & Mouton, 2001:30-32).
Glass en McAtee (2006) wys daarop dat 'n sosiale verskynsel soos vroeë-adolessensie, op verskillende vlakke bestudeer kan word, waaronder 'n wêreld-vlak (geo-politieke, ekonomiese en omgewingsdinamika), 'n makro-vlak (nasionale en groot-area-dinamika), 'n meso-vlak (werk, skool, gemeenskap), 'n mikro-vlak (groepe, gesin, sosiale netwerke) en 'n verpersoonlikte vlak (lewensverloop en menslike gedrag). In hierdie studie word daar op die mikro- en verpersoonlikte vlak na die probleem gekyk, en teoretiese perspektiewe is dienooreenkomstig gekies.

Daar word vervolgens in hierdie hoofstuk aandag gegee aan:

- die keuse van 'n perspektief vir die studie
- die ontwikkeling van die self vanuit die invalshoek van die gekose perspektief
- die handhawing van die self vanuit die invalshoek van die gekose perspektief

## 3.2 DIE KEUSE VAN ’n TEORETIESE PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE

Aangesien dit in hierdie studie gaan om ’n oorgangsfase in die lewe van die vroeë-adolessente dogter, is daar besluit om ’n lewensverloop-perspektief en die simboliese interaksionisme geïntegreerd as vertrekpunt te gebruik, ten einde lig te werp op die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. ’n Lewensverloop-perspektief lê klem op die balans tussen verandering en stabiliteit in die lewe van die individu, terwyl die simboliese interaksionisme klem lê op die ontwikkeling van die self in interaksie met ander en die rol daarvan in gedrag. Dié geïntegreede, oorkoepelede kontekstuele perspektief kan dien as raamwerk vir die bestudering van die vroeë-adolessente dogter se belewenis van haar veranderende liggaam en spesifiek ook van die toename in massa.

### 3.2.1 Uitgangspunte van ’n lewensverloop-perspektief

In dié studie gaan dit om die vroeë-adolessente dogter wat ’n belangrike oorgangsfase in haar lewe betree. ’n Lewensverloop-perspektief lê klem op sulke oorgangspunte (“transitions”) binne die lewensbane (“trajectories”) van ’n individu se lewe (George, 1993; Elder & Elder, 1994). Die waarde van ’n lewensverloop-perspektief lê hoofsaaklik in die klem wat dit plaas op die studie van die individu en die gesin binne ’n sosiale konteks (Elder & Elder, 1994; Dewilde, 2003). Volgens George (1993) is die individu se lewensverloop ’n sosiale verskynsel. Die gedagte vind ook aansluiting by die simboliese interaksionisme wat dit stel dat die self binne ’n sosiale konteks ontwikkel en dat interaksie met ander binne die konteks plaasvind. ’n Lewensverloop-perspektief fokus ook op ouderdomsverskille en sosiaal-herkenbare eienskappe van verandering (oorgangspunte) binne die lewensbane van ’n individu (George, 1993). ’n Lewensverloop-perspektief is as geskikte keuse vir hierdie studie beskou aangesien die dogter tydens vroeë-adolessensie vele veranderinge beleef. Oorgangspunte en lewensbane in die individu se lewe is sleutel-konsepte in ’n lewensverloop-perspektief en is ook interafhanklik van mekaar. Oorgangspunte verwys na veranderinge in die status van ’n persoon, wat van beperkte duur kan wees en waarvan die gevolge langtermyn mag wees (George, 1993; Dewilde, 2003). Met ander woorde, ’n oorgangspunt is ’n sosiaal gedefinieerde oorgangspunt tussen twee posisies in die individu se lewensverloop (Dewilde, 2003). ‘n Oorgangspunt word beskou as ‘n normatiewe oorgangspunt wanneer dit deur die meerderheid mense ervaar word (Dewilde, 2003). Vroeë-adolessensie kan derhalwe as ’n normatiewe oorgangspunt beskou word.

Lewensbane is langtermyn-patrone van stabiliteit en verandering en sluit dikwels veelvoudige oorgangspunte in (George, 1993). Lewensbane kan ook gedefinieer word as die kombinasie van ’n aantal

oorgangspunte in die lewensverloop van 'n individu (Dewilde, 2003). Oorgangspunte is altyd ingebou in lewensbane wat aan die oorgangspunte 'n bepaalde betekenis gee (Elder & Elder, 1994). So kan die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self 'n lewensbaan wees waarbinne oorgangspunte soos veranderende liggaam of massa-toename ingebou is.

Hoewel 'n lewensverloop-perspektief 'n ontluikende paradigma is, verteenwoordig dit 'n denkverandering in die bestudering van mense se lewens (Devine, 2005). In hierdie studie word die volgende uitgangspunte van 'n lewensverloop-perspektief beklemtoon:

- 'n Lewensverloop-perspektief beklemtoon die balans tussen stabiliteit en verandering in die lewensiklus van 'n individu (Wethington, 2005). Volgens Dewilde (2003) word gesinne en individue binne die gesinne onafwendbaar met veranderinge gekonfronteer, wat uitloop op verskille tussen behoeftes van die individu en beskikbare bronne om in die behoeftes te voorsien. Om die balans te herstel tussen behoeftes en beskikbare bronne is dit nodig dat 'n individu in ruil vir die herstel van die balans, sekere strategieë inspan. In dié studie is dit die vroeë-adolessente dogter wat ingrypende veranderinge ondergaan, waaronder fisieke veranderinge wat ook verandering in haar massa insluit. Die vroeë-adolessente dogter gaan dus vir 'n tydperk veranderinge beleef. Dit is egter belangrik dat sy weer stabiliteit vind om 'n balans in die lewe te kry. Sy sal moontlik van strategieë gebruik moet maak om die self, te midde van al die veranderinge, te kan handhaaf.

- Een van die mees sentrale beginsels van die lewensverloop-perspektief is die begrip van interafhanklike lewens, met ander woorde dat 'n individu voortdurend met ander in interaksie verkeer (Elder & Elder, 1994; Glen & Elder, 1994; Devine *et al.,* 2000; Dewilde, 2003). Vanuit 'n lewensverloop-perspektief word die menslike lewe dus regdeur die verloop van die lewe ingebou in sosiale verhoudings met vriende, familie en ander medewerkers (Devine *et al.,* 2000). Persoonlike netwerke soos die gesin en portuurgroep speel 'n belangrike rol in die gedrag van die individu en die besluite wat sy neem (Elder & Elder, 1994). Die beginsel word ook ondersteun deur die simboliese interaksionisme wat aanvoer dat 'n individu voortdurend met ander in interaksie is en dat die self juis tydens interaksie met ander ontwikkel word.

- 'n Lewensverloop-perspektief omsluit konsepte van kontinuïteit en verandering regdeur die lewensverloop van 'n persoon, en dit sluit historiese en huidige sosiale konteks in (Devine *et al.,* 2000). Derhalwe handel dit ook met sake soos aanpassing by gebeure, individuele keuses en besluite en gedwonge aanpassings en keuses wanneer daar met eksterne eise as gevolg van

verandering, gehandel moet word (Wethington, 2005). Soms kom oorgangspunte of verandering onverwags en vol spanning. Dit lei dan na 'n toename in eise wat 'n persoon se vermoë om die self te kan handhaaf, mag oorskry (Wethington, 2005). In die geval van dié studie is dit waarskynlik veral die fisieke veranderinge wat vir die vroeë-adolessente dogter skielik en onverwags kom. Die onverwagse veranderinge mag spanning by die vroeë-adolessente dogter meebring en haar eie vermoë om die self te handhaaf, oorskry. Die vroeë-adolessente dogter sal moontlik van gedwonge aanpassings of strategieë gebruik moet maak, ten einde die self te kan handhaaf met haar veranderende liggaam.

- *Strategieë van aanpassing* is die term wat gebruik word om die rol te beskryf van individuele keuses wat gemaak word om die self met veranderinge wat deur die lewensverloop plaasvind, te kan handhaaf (Wethington, 2005). Die wyse waarop die vroeë-adolessente dogter reageer op uitdagings en stresvolle situasies soos fisieke veranderinge wat tydens vroeë-adolessensie intree, het vanuit 'n lewensverloop-perspektief ook 'n invloed op die vroeë-adolessente dogter se oorgang na volwassenheid (Shanahan, 2000). Sommige handhawingstrategieë is vanuit 'n lewensverloop-perspektief teen-produktief, soos byvoorbeeld projeksie en ontkenning, terwyl ander effektief kan wees, soos humor en voorkoming (Shanahan, 2000). Die gedagte vind ook aansluiting by die simboliese interaksionisme wat dit stel dat 'n individu nie in afsondering kan ontwikkel en voortbestaan nie en die self dus binne 'n interaksie-situasie moet kan handhaaf. Dit mag dan ook noodsaaklik wees dat die vroeë-adolessente dogter pleks van om haar weens haar veranderende liggaam en die toename in massa aan interaksie te onttrek, eerder ander aanpassings moet maak waarvan die resultaat vir haar ontwikkeling meer positief is.

- Vanuit 'n lewensverloop-perspektief neem die vroeë-adolessente dogter verantwoordelikheid vir haar eie lewe en die besluite wat daaromtrent geneem word (Moen, Glen, Elder & Lüscher, 1995:110; Shanahan, 2000; Devine, 2005). Die gedagte sluit ook aan by die simboliese interaksionisme wat dit stel dat 'n individu die self kan bestuur. Die vroeë-adolessente dogter kan dus self haar verandering hanteer ten einde die beeld wat na die self en ander gereflekteer word, só uit te stuur dat haar selfvertroue daardeur bevorder word.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat 'n lewensverloop-perspektief sinvol gebruik kan word om lig te werp op die vroeë-adolessente dogter se poging om, gedurende 'n lewensfase van groot verandering op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale gebied, 'n belangrike lewenstaak te bemeester, naamlik die aanvaarding van haar fisieke self. Dit sou ook groter lig kon werp op die rol wat toename in massa moontlik

speel in haar belewenis van haar fisieke en innerlike self, watter rol ander moontlik speel in haar belewenis van die self, en watter handhawingstrategieë sy moontlik gebruik ten einde haar self in interaksie met ander te kan handhaaf.

**3.2.2 Uitgangspunte van die simboliese interaksionisme**

Charon (1998:22-23) wys daarop dat die simboliese interaksionisme 'n sosiaal-sielkundige perspektief is met bepaalde aannames. In hierdie studie word die volgende uitgangspunte van die simboliese interaksionisme beklemtoon:

- Die self is iets wat ontwikkel tydens die proses van sosiale ervaring en interaksie. Dit ontwikkel dus binne 'n bepaalde individu as 'n resultaat van die individu se verhouding tot die proses in die geheel maar ook as gevolg van interaksie met ander individue binne die proses (Mead,1934:135). Wanneer die self ontwikkel tydens interaksie met ander is dit ook in die proses van verandering. Vir hierdie studie sou so 'n benadering dit dus stel dat die vroeë-adolessente dogter in 'n proses van verandering is en dat die verandering op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale vlak geskied, terwyl sy in interaksie met ander is. Sy neem dus aktief deel aan die veranderinge wat sy ondergaan.

- Interaksie vind tussen individue plaas, maar ook binne die individu self. Menslike handeling word nie net deur sosiale interaksie onderskryf nie, maar ook deur interaksie met die self, wat gesien kan word as 'n objek bestaande uit die fisieke self (die liggaam), waarvan klere as tweede vel deel uitmaak (Horn & Gurel,1981:158-185), en die innerlike self wat aspekte soos die persoonlikheidskenmerke, waardes, houdings, emosies en so meer insluit. Die simboliese interaksionisme beklemtoon dat 'n individu oor die vermoë beskik om sy/haar eie idees of handelinge te ontwikkel.

Die individu is aktief tydens interaksie en kry 'n sekere perspektief van die situasie wat sy gaan interpreteer en wat haar gedrag gaan beïnvloed. Die leidrade wat deur ander en die self voorsien word, word geïnterpreteer in 'n poging om bepaalde aksies daarvolgens te rig (Kaiser, 1990:42). In hierdie studie sou dit dan beteken dat die vroeë-adolessente dogter, in interaksie met ander, 'n perspektief gaan kry met betrekking tot die self, nie net die fisieke self nie, maar ook die innerlike self. Haar perspektief van die self en haar hantering daarvan is bepalend vir haar gedrag.

Die self ontwikkel en verander tydens interaksie met ander mense wat nie net aan die individu terugvoer gee met betrekking tot die self nie (Cooley, 1970:184), maar met wie die individu die self ook vergelyk (Festinger, 1954A). Hierdie ander mense sluit in betekenisvolle ander (gesin en geliefdes), verwysingsgroepe (groepe waaraan die individu behoort en graag aan wil behoort en persone/groepe met wie sy identifiseer) en veralgemeende ander (mense in die algemeen, kultuurgroep, stereotipes, mode-ideaal, en so meer). Om tydens sosiale interaksie betekenisse te begryp moet die standpunt van verskillende persone binne die interaksiesituasie, begryp word. Aangesien 'n individu kreatief en dinamies is in sy haar pogings om 'n betekenisvolle lewe vir die self en ander te skep, aanvaar die simboliese interaksionisme ook dat daar verskille van betekenis mag wees (Blumer, 1969:78-79; Charon, 1998:23; Sandstrom *et al.,* 2006:7-9).

Dit gaan dus tydens interaksie nie net oor wat tusssen mense gebeur nie, maar ook wat binne die individu self gebeur, met ander woorde hoe sy nóu die situasie definieer (Charon, 1998:23). Vanuit so 'n benadering gaan dit dus in hierdie studie om hoe die vroeë-adolessente dogter haar veranderende liggaam, waaronder ook verandering in haar massa, beleef, wat sy vir die self daaromtrent sê en watter strategieë sy in werking stel ten einde seker te maak dat sy in interaksie met ander, daarmee kan saamleef.

- Die self is volgens Mead (1934:178) in wese 'n sosiale proses wat binne 'n individu voortgaan. Dit is veral die "Me" wat die individu help om die self binne 'n gemeenskap te kan uitdruk, terwyl die "I" spontaan daarop reageer (Mead, 1934:198-199).

- Soos in **HOOFSTUK 1** genoem gaan dit nie om wat in die verlede gebeur het, of in die toekoms gaan gebeur nie, maar juis om dit wat in die hede gebeur. Dit gaan dus in die studie oor hoe die vroeë-adolessente dogter haar huidige situasie beleef en hanteer, en nie om oorsake wat aanleiding tot die situasie kon gegee het nie. Daarom moet sy gehelp word om haar huidige situasie so te hanteer dat sy 'n positiewe belewenis van haarself kan hê.

Dit is duidelik dat die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief sinvol gebruik kan word om die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die veranderende self en wyses waarop sy die self reguleer en bestuur, te bestudeer. Beide die simboliese interaksionisme en lewensverloop-perspektief beklemtoon die feit dat die vroeë-adolessente dogter 'n aktief denkende wese is wat vir haar eie gedrag en die bestuur van haar lewe verantwoordelik is. Volgens 'n lewensverloop-perspektief vorm die ontwikkelinge of veranderinge deel van die oorgange op die lewensbane van die vroeë-adolessente dogter. Die begrip van

interafhanklike lewens, met ander woorde, dat die vroeë-adolessente dogter se self 'n sosiale objek is wat in interaksie met ander ontwikkel en beleef word, word deur beide die simboliese interaksionisme en lewensverloop-perspektief onderstreep. Die simboliese interaksionisme lê veral klem op die ontwikkeling van die self in interaksie met ander, terwyl die lewensverloop-perspektief lig werp op die individu se hantering van oorgangspunte ten einde in 'n lewensbaan balans te kry na 'n tydperk van dis-ekwilibrium.

## 3.3 ONTWIKKELING VAN DIE SELF

Die self kan vanuit die simboliese interaksionisme gedefinieer word as 'n sosiale objek wat in interaksie met ander ontwikkel en waarteenoor die individu kan reageer soos wat sy teenoor enige ander sosiale objek kan reageer. As sosiale objek kan die self dan uitgelig word, beoordeel word, 'n persepsie kan daarvan gevorm word en die individu kan tevrede of ontevrede daaroor voel. Hierdie belewenisse van die self vind in interaksie met ander plaas. Die self as objek is dus sosiaal in oorsprong en ondergaan veranderinge tydens interaksie met ander (Charon, 1998:66). Dit is volgens Mead (1934:140) ondenkbaar dat die self na vore kan kom buite 'n sosiale ervaring. Die self is ook nie staties nie, maar is in 'n proses van verandering en ontwikkeling terwyl die individu in interaksie met ander is. Die self ontwikkel volgens Mead (1934:152-164) in stadia, vanaf die voorspeel-stadium wanneer die kind nog nie taal kan bemagtig nie, na die speel-stadium waar die kind die self ervaar en beleef in interaksie met veral betekenisvolle ander, tot en met die spel- en verwysingsgroep-stadium waar die adolessent en volwassene die self ook in interaksie met veralgemeende ander en verwysingsgroepe beleef (Shibutani, 1961:129-144).

Die self wat as objek funksioneer, bied volgens die simboliese interaksionisme vir die individu eerstens die geleentheid tot self-kommunikasie (Mead, 1934:138). Dit beteken dat die vroeë-adolessente dogter met die self in interaksie kan tree oor die feit dat haar liggaam fisieke veranderinge ondergaan en sy nou begin anders lyk. Die self is dan volgens Mead (1934:136-138) tegelykertyd objek en subjek en sy kan haar spesifieke kognitiewe strategeë en redenasies gebruik om byvoorbeeld redes en oorsake te verskaf vir die feit dat haar liggaam verander. Self-kommunikasie help die individu om die self en haar situasie te verstaan en rig ook haar toekomstige gedrag (Charon, 1998:74), waaronder moontlik ook haar kledinggedrag (Sandstrom *et al.,* 2006:105-106).

Omrede sy in staat is om met die self te kommunikeer, kan sy nou tweedens 'n persepsie van die self vorm. Sy is in staat om binne 'n bepaalde situasie ander objekte en persone in die situasie aan die self uit te wys, die self met hulle te vergelyk en sodoende 'n selfpersepsie te vorm (Charon,1998:74-79). Charon (1998:74) skryf dat daar ook na selfpersepsie verwys kan word as die individu se selfrespek/eiewaarde ("self-

esteem"). Dit sluit nie net die individu se beeld van die self in nie maar ook haar gevoelens daarteenoor en bevat dus 'n element van evaluering.

Vanuit 'n simboliese interaksionistiese beskouing kan die self daarom, soos in die geval van enige ander sosiale objek, betekenis kry en as 'n simbool uitgedruk en ervaar word. Stone (1962:88-89), Goffman (1959:11), Charon (1998:67) en Sandstrom *et al.* (2006:8-9) beskryf die self as objektief en beklemtoon die feit dat die individu oor die vermoë beskik om buite hom-/haarself te staan, terug te kyk en die self objektief as objek te beskou soos enige ander objek wat binne 'n situasie gedefinieer word. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die self nie die liggaam is nie. Die eienskap van die self om 'n objek van die self te wees, onderskei die self van ander objekte en van die liggaam (Mead, 1934:136). Wanneer die liggaam egter uitstaan en 'n objek word wat betekenis kry en bewustelik ervaar word, word dit ook deel van self.

Omdat die individu die self as 'n objek kan uitlig, met die self daaroor kan kommunikeer en 'n persepsie van die self kan vorm, kan sy derdens nou ook die self manipuleer. Dit impliseer dat sy besluite oor die self en haar gedrag kan neem, dat sy die self in 'n bepaalde rigting kan stuur, dat sy selfbeheer kan toepas en dus verantwoordelik kan wees vir haar eie gedrag (Charon,1998:80-81). So 'n aanname vanuit die simboliese interaksionisme asook die lewensverloop-perspektief is belangrik vir hierdie studie omdat dit impliseer dat die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self implikasies het vir haar gedrag asook die meganismes wat sy in werking gaan stel om die situasie waarmee sy moontlik nie tevrede mag wees nie, te hanteer. Omdat sy dus voortdurend bewus is van die self, is sy in staat om haar gedrag dienooreenkomstig te verander ten einde vir die self en aan ander iets omtrent die self te kommunikeer, meer tevrede met die self te wees, en so meer. Dit impliseer ook dat die mate van tevredenheid of ontevredenheid wat die vroeë-adolessente dogter met die self ervaar ook van die self afhang. Sy moet self bepaal hoe sy die self met haar veranderende liggaam, waaronder ook die toename in massa, gaan handhaaf.

Bogenoemde impliseer dat die vroeë-adolessente dogter met 'n veranderende liggaam, waaronder ook haar toename in liggaamsmassa, die self dus beleef in interaksie met betekenisvolle, verwysingsgroep en veralgemeende ander en dat hierdie ander 'n rol speel in hoe sy 'n persepsie van die self vorm. Sy beleef dus haar fisieke self in interaksie met ander waar sy dit nie alleen met ander se fisieke voorkoms vergelyk nie, maar ook terugvoering van ander kan kry oor haar fisieke self en waar sy ook met die self in gesprek kan tree oor die fisieke self, en die moontlikheid dat dit as simbool van haar innerlike self kan dien (Kaiser, 1990:92; Charon, 1998:70).

### 3.3.1 Belewenis van die fisieke self

Die fisieke self kan beskou word as die liggaam met onderskeibare fisieke eienskappe (James, 1890:292; Kaiser, 1990:97; March, 2000). Dit is egter belangrik om daarop te let dat die liggaam nie die self is nie. Mead (1934:136) stel die verskil deur te sê: "We can distinguish very definitely between the self and the body. The body can be there and can operate in a very intelligent fashion without there being a self involved in the experience. There are, of course, experiences which are somewhat vague and difficult of location, but the bodily experiences are for us organized about a self. The foot and hand belong to the self." Die liggaam is dus nie die self nie maar wanneer dit uitstaan en 'n objek word, kry dit betekenis en word dit deel van die self. Mead (1934:136) en Kaiser (1990:97) stel dit dat die liggaam as fisieke self die draer van die innerlike self is wat dus ook in interaksie met ander beleef word.

Die belangrikheid van die fisieke self kan nie misken word nie. March (2000) wys daarop dat dit juis is omdat die individu se liggaam 'n materiële komponent het, dat sy dit kan hanteer as deel van die self, soos wat sy ook ander komponente, waaronder kleding, as deel van die self kan hanteer. Turner (1984:38-39) beskou die liggaam as ekwivalent aan 'n voertuig wat die dele van die individu wat nie gesien of aangeraak kan word nie, ronddra en vervoer. Dit sluit die individu se gedagtes, gevoelens, persepsies, houdings en innerlike gesprekke in. Die liggaam kan dan volgens Turner (1984:38) gesien word as die verbinding tussen die innerlike van die individu en die samelewing se belangrikste waardes. Dit impliseer dat die individu die fisieke self en die innerlike self beleef as deel van die totale self, en in staat is om enige een van die twee te beleef as 'n objek wat betekenis het en beoordeel kan word in interaksie, en teen die sieninge van ander met wie die individu in interaksie is. Stone (1962:86-91) verkies die term "voorkoms", wat die grootte en vorm van die liggaam insluit, en benadruk die belangrikheid van voorkoms in kommunikasie met ander en die self. Stone (1962:87) benadruk die belangrikheid van die fisieke self in kommunikasie (alhoewel nie-verbaal) asook in die handhawing van die self: "Every social transaction must be broken down into at least two analytic components or processes – appearance and discourse: appearance is at least as important for the establishment and maintenance of the self as is discourse".

In die navorsings- en kledingliteratuur word daar dikwels na die individu se persepsie van die fisieke self verwys as liggaamsbeeld (Rudd & Lennon, 2000). Die adolessent, en dus ook die vroeë-adolessent, het die grootste stryd met bekommernis oor liggaamsbeeld, deels omdat haar liggaam dramatiese groeiveranderinge ondergaan, maar ook omdat fisieke voorkoms 'n sleutelrol speel in die vestiging van verhoudings en onafhanklikheid (Fiore & Kimle, 1997:346). Verskeie navorsers het verskeie standpunte aangaande liggaamsbeeld. Liggaamsbeeld is volgens Hoyt en Kogan (2001) en Jones (2001) 'n multi-

dimensionele konstruk wat ook die persoon se tevredenheid met die liggaam insluit. Banfield en McCabe (2002), Friedman, Reichmann, Costanzo en Musante (2002) en Farrell, Shafran en Fairburn (2002) beskou liggaamsbeeld as 'n wye verstandsvoorstelling van liggaamsfatsoen, -grootte en -vorm, maar ook 'n samestelling van perseptuele en houdingsdimensies.

In hierdie studie het die navorser verkies om, binne die taal van die simboliese interaksionisme, liefs die konsep "belewenis van die fisieke self" te gebruik, wat dan in hierdie studie die dogter se persepsie van veral die grootte en vorm van haar liggaam insluit asook haar tevredenheid/ontevredenheid daarmee. Belewenis van die fisieke self kan egter nie los van die self gesien word nie, en dus ook nie los van die innerlike self nie, aangesien die belewing van die een ook gevolge vir die ander een kan hê. Dit gaan dus in hierdie studie ook om hoe en wat die dogter oor haar fisieke self met die self kommunikeer, en ook die moontlike emosies wat dit by die dogter tot gevolg het.

### 3.3.2 Belewenis van die innerlike self

Die simboliese interaksionisme stel dit dat die self belangrik is vir self-kommunikasie, self-beoordeling en selfbestuur. Blumer (1966:535) stel dit so: "The possession of a self provides the human being with a mechanism of self-interaction with which to meet the world." Die individu beskik daarom nou oor die vermoë om innerlik met die self te kommunikeer, te dink, dinge aan die self uit te wys en situasies te interpreteer. Sy kan dus die fisieke self uitlig en daaroor dink en redeneer en dit selfs as simbool gebruik van bepaalde aspekte van haar innerlike self. Die individu kan nou met die self praat op dieselfde wyse as wat sy met ander praat en aan die self betekenis gee op dieselfde wyse as wat sy aan ander betekenis gee. Die resultaat van die vermoë van 'n individu om innerlik met die self te kan praat oor hoe sy vir ander lyk en hoe sy is, staan volgens Shibutani (1961:434-435) bekend as self-beoordeling. Charon (1998:76) wys op die belangrike implikasie dat self-beoordeling ook sterk verband hou met die oordeel van ander: "The individual's self-judgement and identity are shaped in interaction, and this principle has all kinds of consequences for further action." Die self-beoordeling van 'n individu word dan 'n kringloop en die oordeel van ander wat vir die individu belangrik is, word ook die self-beoordeling van die individu. Emosies ontstaan binne die liggaam en hoewel dit 'n psigologiese komponent het, is dit ook gewortel in sosiale handelinge en verhoudings (Sandstrom *et al.,* 2006:218). Omdat self-beoordeling, wat die vroeë-adolessente dogter se vermoë is om met haar innerlike self te kan praat, ook vanuit die innerlike ontstaan, gaan self-beoordeling ook met emosies gepaard. Emosies wat uit sosiale ervarings, interaksies en die uitdrukking daarvan ontstaan, word gerig deur die norme van die groep en die eise van die situasie (Sandstrom *et al.,* 2006:218). Omdat verwagte emosies of gevoelens oor die self tydens die proses van sosialisering

aangeleer word (Sandstrom *et al.,* 2006:218), sal die vroeë-adolessente dogter wat die self negatief beoordeel moontlik emosies van hartseer, skaamte of angs ervaar, terwyl dié wat die self positief beoordeel waarskynlik emosies van vreugde en blydskap ervaar. Kaiser (1990:129-130) wys daarop dat onaantreklike adolessente of die wat hulself as onaantreklik beskou, hulself as minder populêr in die groep ervaar en dat die negatiewe gevoelens met betrekking tot hul liggaam en voorkoms verwant is aan ‘n negatiewe belewenis van die self. Daarmee saam wys Schneider (aangehaal deur Damhorst, Miller & Michelman, 1999:42) daarop dat meer as 45% van Amerikaanse adolessente een of meer keer per week negatiewe emosies ervaar met betrekking tot hul persoonlike voorkoms.

### 3.3.3 Die rol van ander in die belewenis van die self

Vanuit die simboliese interaksionisme is dit dus duidelik dat, om oor ’n self te beskik, impliseer dat ’n individu betekenis aan die self kan gee, ’n beeld van die self kan ontwikkel en in interaksie met ander die self kan benoem (Charon, 1979:82). Dit gaan dus om die individu in interaksie met ander. Interaksie kan volgens Goffman (1959:14) gedefinieer word as wedersydse skakeling van individue met mekaar se handelinge wanneer hulle in mekaar se onmiddellike fisieke omgewing is. In die simboliese interaksionisme gaan dit nie net oor die interaksie tussen die vroeë-adolessent en ander nie, maar ook oor die interaksie binne die individu self, met ander woorde wat sy vir die self, oor die self sê (Charon, 1979:23). Vanuit ’n lewensverloop-perspektief en die simboliese interaksionisme vergelyk die vroeë-adolessente dogter die self tydens interaksie met ander en kry sy terugvoer oor haar voorkoms. Jones (2001) is van mening dat sosiale vergelyking wat verband hou met ’n geïdealiseerde voorkoms neig om ’n verskil uit te wys tussen die aantreklikheid van die self en ander. Die verskil kan lei tot ’n negatiewe belewenis van die self.

Die belewenis van die self kry dus besondere betekenis wanneer die individu in interaksie met ander is. Vir die individu is dit belangrik dat ander ’n spesifieke prentjie van haar kry soos wat sy dit aan hulle wil oordra (Goffman, 1959:15-19). Charon (1998:137) wys daarop dat die handhawing van die self problematies kan raak tydens interaksie met ander, veral wanneer die individu haar posisie binne die situasie moet identifiseer. Dit beteken dat dit vir die vroeë-adolessente dogter nie net gaan oor wat sy vir die self sê oor haar fisieke voorkoms en innerlike self nie, maar spesifiek ook hoe sy tydens interaksie met ander vertoon en die self kan handhaaf. Dit behels dat sy die situasie met ander deel en dit nie net vir die self moet definieer nie, maar ook vir ander. Ander speel dus nie net ’n rol in hoe die individu die self beleef nie, maar ook in hoe sy haar gedrag rig om die situasie te kan hanteer en aan ander ’n bepaalde beeld van die self te gee. Die individu, in hierdie geval die vroeë-adolessente dogter met ’n veranderende liggaam, is dus in staat

om die self in ander se skoene te plaas, hul rol aan te neem en die self vanuit ander se perspektief te beoordeel.

Betekenisvolle ander is individue wat belangrik is vir die vroeë-adolessente dogter en hulle word dikwels rolmodelle met wie die vroeë-adolessente dogter in interaksie tree en verskaf ook patrone van gedrag vir die vroeë-adolessent. Ouers, susters, broers en ander familie kan as betekenisvolle ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self optree. Volgens Mead (1934:159) beweeg die vroeë-adolessente dogter egter nou uit die speel-stadium ("play stage") na die spelstadium ("game stage") en raak sy nou toenemend in staat om die opinies en houdings van verskeie betekenisvolle ander in die self te inkorporeer. Dit stel haar in staat om, wanneer sy die self evalueer en 'n persepsie vorm, ook verskeie betekenisvolle ander se rolle en opinies aan te neem. Betekenisvolle ander speel ook 'n rol in haar gedrag. Waar betekenisvolle ander aanvanklik die ouers, familie, en vriende ingesluit het, word dit nou vinnig uitgebrei na ander. Charon (1998:69) wys daarop dat wie ook al die individu se betekenisvolle ander is, en in watter stadium van die lewe ook al, sulke betekenisvolle ander se opinies altyd vir die individu belangrik is. Kaiser (1990:166-167) wys daarop dat betekenisvolle ander se opinies met betrekking tot die fisieke self en kleding vir meeste mense belangrik is, en veral vir die jong kind en vroeë-adolessent wat haar fisieke self moet aanvaar en 'n positiewe liggaamsbeeld moet ontwikkel. In **HOOFSTUK 2** is 'n volledige bespreking gegee van die rol van veral ouers, in die vroeë-adolessente dogter se ontwikkeling en belewenis van haar fisieke veranderinge, met spesiale verwysing na die toename in massa.

Mead (1934:260-261) is van mening dat een van die belangrikste rolle wat die samelewing speel, is om aan die individu die sogenaamde veralgemeende ander, of 'n norm te verskaf waarmee die individu die self onder meer kan vergelyk. Wanneer die vroeë-adolessente dogter oorgaan van die sogenaamde speel-stadium na die spel-stadium, ontwikkel sy die kognitiewe vermoë om tegelykertyd die perspektiewe van menige ander aan te neem in haar beoordeling van die self. Dit gaan dus nie net meer oor enkele ander nie, maar oor 'n kollektiewe groep ander persone wat dieselfde waardes, houdings en persepsies deel, en wat vir die individu belangrik is. Die vroeë-adolessente dogter ontwikkel dus nou die vermoë om al die ander betekenisvolle ander saam te kategoriseer in 'n veralgemeende ander. Dit gaan nou vir die vroeë-adolessente dogter ook om hoe "hulle" dink en wat "hulle" persepsies is, en nie noodwendig altyd net om 'n betekenisvolle ander se persepsies nie. Charon (1998:164-165) wys op die feit dat daar 'n verskil is tussen Mead (1934) en Shibutani (1961) se siening, waar veralgemeende ander volgens Mead sou verwys na die breë samelewing, terwyl Shibutani verwys na die ander in 'n verwysingsgroep wat dui op die perspektiewe van verskillende verwysingsgroepe in die individu se lewe. Veralgemeende ander gaan dus oor konsensus en 'n gedeelde begrip van hoe die wêreld behoort te wees, 'n sogenaamde stel reëls ("set of rules") wat die

individu behoort te gehoorsaam indien sy 'n erkende plek in die samelewing wil hê (Charon, 1998:165). Volgens Mead (1934:154-155) bepaal die houding van veralgemeende ander ook die houding van die hele gemeenskap teenoor 'n individu. So 'n samelewingsperspektief kan deur verwysingsgroep-ander gedeel word, wat dan die belangrikheid van die perspektief vir die individu kan versterk.

Die persepsie wat 'n individu van haar liggaam het, verteenwoordig 'n belangrike deel van haar sosio-kulturele herkoms. Binne 'n bepaalde kultuur word daar ook standaarde aangaande die ideale liggaamsbou en liggaamsmassa gestel, en ontwikkel daar dikwels stereotipes teenoor dié wat van die standaard afwyk. Die standaard in die Westerse kultuur is dié van skraal, aantreklik en fiks (Fiore & Kimle, 1997:345). 'n Persoon se liggaam dra dus 'n stel eienskappe rond wat deur ander gekategoriseer word en waaruit afleidings gemaak word (Damhorst, Miller & Michelman, 1999:18). Die afleidings sluit dikwels stereotipes in wat aan 'n persoon gekoppel word soos "vet mense is lui". Vir die vroeë-adolessente dogter wat toeneem in massa en bewus is van byvoorbeeld kulturele stereotipes met betrekking tot oormassa wat moontlik ook deur die portuurgroep onderskryf word, kan dit haar belewing van haar fisieke self negatief beïnvloed, en haar selfs gestigmatiseerd laat voel.

Die kulturele ideaal vir 'n aanvaarbare liggaamsbou en massa word deur die media, wat as mondstuk van die veralgemeende ander dien, uitgedruk in voorstellings soos modeparades, skoonheidswedstryde, films, televisiekarakters en advertensies wat skoonheid beklemtoon (Fiore & Kimle, 1997:345). Wanneer 'n dogter vroeë-adolessensie bereik, behels dit volgens Tiggemann (2001) onder meer dat sy wegbeweeg van die kinderliggaam na die ideaal wat in die media gestel word vir die vroulike liggaam. Wanneer haar soeke na sosiale aanvaarding in gedagte gehou word, tesame met die sosio-kulturele klem op die skraal ideaal, is dit te verstane dat die meerderheid vroeë-adolessente dogters ontevredenheid met hul liggame beleef en pogings aanwend om 'n skraal liggaam te behou (Tiggemann, 2001).

In teenstelling met veralgemeende ander is 'n verwysingsgroep volgens Shibutani (1961:257) 'n werklike of denkbeeldige groep wie se standpunt vir 'n individu as 'n verwysingsraamwerk dien. Mead (1934) maak dit nie altyd duidelik of daar vir 'n individu slegs een kollektiewe veralgemeende ander is, of dalk verskeie nie. Volgens Shibutani (1961:257) kan daar nie sprake wees van een kollektiewe en oorkoepelende gemeenskap nie, want die individu het interaksie met verskeie en dikwels uiteenlopende groepe, en kan daarom verskeie verwysingsgroepe hê wie se perspektiewe vir haar belangrik is in haar persepsie van die self. Vir die tydperk wat die individu dus gereeld en suksesvol in interaksie met die groep is, word daardie groep as't ware die individu se veralgemeende ander, en gee hulle rigting aan die individu se belewenis van die self in die groep. Charon (1979:70) wys daarop dat so 'n siening ooreenstem met die definisie van 'n

sosiale objek, naamlik dat sosiale objekte (waaronder die self) gedefinieer word in interaksie en in die proses van interaksie verander, namate ander met wie die individu in interaksie is, verander. Dit sluit aan by William James se siening dat: “Properly speaking, a man has as many social selves as there are individuals who recognize him and carry an image of him in their mind. To wound any one of these images is to wound him. But as the individuals who carry the images fall naturally into classes, we may practically say that he has as many selves as their are distinct groups of persons about whose opinion he cares” (James, 1915:179). Vir hierdie studie kan daar gereken word dat die portuurgroep ’n belangrike verwysingsgroep-ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self is, hoewel nie noodwendig die enigste nie.

Vanuit ’n lewensverloop-perspektief en die simboliese interaksionisme kan dit dus gestel word dat verwysingsgroep-ander ’n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die self, aangesien die individu met die groep in interaksie is, die self met die groep vergelyk en dikwels ook terugvoering van hulle kry met betrekking tot die self en haar voorkoms. Shibutani (1961:257) stel dit dat ’n verwysingsgroep die waardes stel in terme waarvan ’n individu haar gedrag rig. Aangesien voorkoms een van die moontlike roetes na aanvaarding en gewildheid is, word sosiale vergelyking ’n tegniek waardeur die self in terme van die voorkomsverwagtings van ander geëvalueer word (Jones, 2001). Kaiser (1990:129-130) en Jones (2001) wys daarop dat die vroeë-adolessent geneig is om veral met betrekking tot die sigbare fisieke self, die self met verwysingsgroep-ander, veral die portuurgroep, te vergelyk. Vergelyking vorm dan volgens Jones (2001) dikwels die spil waarom self-evaluering draai. Negatiewe belewenis van die self is dikwels die resultaat van stereotipes en stigmas wat deur betekenisvolle en verwysingsgroep-ander gehandhaaf word. Stigmas en stereotipes wat onder die portuurgroep gehandhaaf word kan dus ’n belangrike impak op die vroeë-adolessent se belewenis van haar fisieke self hê.

### 3.4 HANDHAWING VAN DIE SELF

Dit is duidelik uit bostaande besprekings dat die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self bedreig kan word tydens tye van verandering. Vanuit ’n lewensverloop-perspektief is dit belangrik dat ’n persoon stabiliteit moet vind na veranderinge in die lewensbane. Die vroeë-adolessente dogter moet dus leer om haar veranderende liggaam te aanvaar, daarby aan te pas en stabiliteit in haar lewe te kry na ’n stadium van verandering (Elias, Weissberg & Patrikakou, 2003). Die vraag hier is: Hoe kan daar na selfhandhawing vanuit die gekose perspektief gekyk word?

Volgens die simboliese interaksionisme moet daar in ag geneem word dat die self as objek oop is vir manipulasie en dat die individu dus die self kan manipuleer soos wat sy enige ander objek kan manipuleer, maar met die uiteindelike doel om die self te kan handhaaf en in interaksie met ander ’n positiewe beeld van

die self aan die self en aan ander daar te kan stel. Die vroeë-adolessente dogter het dus keuses met betrekking tot hoe sy beheer oor die self uitoefen, asook met betrekking tot die rigting waarin sy die self wil stuur. Enige aksie wat geneem word, is egter beplan en geskied met 'n doel. Charon (1998:80) wys daarop dat, alhoewel die individu self verantwoordelik is vir hoe sy die self wil handhaaf en beheer, die handhawing nie werklik vry is van die opinies van ander nie en dus altyd met inagneming van ander se perspektiewe geskied. Die aanvaarde perspektiewe van die veralgemeende ander word dus ook die perspektief van die individu en rig dus die individu se gedrag met die uiteindelike oorkoepelende doel van 'n gedeelde lewe waarin die individu saam met ander binne 'n gedeelde waardesisteem kan funksioneer.

Sanders (2006:280) wys op die belangrikheid van die liggaam (fisieke self) as sigbare en dominante vervoermiddel van die self in interaksie met ander. Ander se reaksie op 'n fisieke voorkoms wat anders lyk as die aanvaarde norm (of in hierdie geval weens massa-toename, wegbeweeg van die skraal aanvaarbare voorkoms), staan dus sentraal in die individu se belewenis van, nie net die fisieke self nie, maar ook die innerlike self en dus ook in intra- en interpersoonlike interaksies. In veral die Westerse samelewing waar die klem sterk op die liggaamlike val, dui beheer oor die fisieke self dikwels ook op beheer oor die self, en is dit volgens Charmaz (1995) vir meeste mense belangrik om 'n positiewe belewenis van die fisieke self, as deel van die totale self, te ervaar en aan ander en die individu self hierdie positiewe belewenis te kommunikeer.

Lazarus en Folkman (1984:170-173) wys daarop dat, wanneer verandering deur die lewensverloop tot gevolg het dat die individu se belewenis van die self interaksie met ander bedreig, of as negatief beleef word, dit in werklikheid vir die individu daarom gaan dat sy nie beheer oor die self het nie, en dus, afhangende van die stadium in haar lewensverloop, bepaalde strategieë moet inspan om die self in interaksie met ander te kan handhaaf. Handhawing van die self ("coping") is dus vanuit so 'n siening die individu se poging om weer beheer oor die self of die situasie oor te neem. Vanuit so 'n siening verwys selfhandhawing of selfbeheer dus na enige kognitiewe of gedragspogings wat die individu aanwend ten einde 'n stresvolle gebeurtenis of situasie te hanteer – óf deur die omgewing te verander, óf deur die betekenis van die situasie te verander, óf deur gedrag en emosies te bestuur. Vanuit 'n lewensverloop-perspektief wys Lazarus en Folkman (1984:171) op die belangrike feit dat die individu se keuse van 'n handhawingstrategie of beheermeganisme egter van baie faktore afhang, waaronder die lewensfase waarin die individu haar nou bevind, en dat die wyse waarop die individu die self handhaaf en die strategieë wat sy kies ook verander na gelang die individu deur die lewe beweeg.

Lazarus en Folkman (1984:150-153), La Greca, Siegel, Wallander en Walker (1992:8-9), Myers en Rosen (1999) en Hutchinson *et al.* (2006) onderskei twee tipes handhawingstrategieë, naamlik probleem-

gebaseerde en emosioneel-gebaseerde handhawingstrategieë. Probleem-gebaseerde handhawingstrategieë is pogings om te reageer op die oorsaak van die probleem, insluitende probleemoplossing of pogings om die probleem tussen die individu en omgewing te wysig. Dié handhawingstrategieë word direk toegepas om die oorsaak wat aanleiding gee tot die probleem, te bestuur. Emosioneel-gebaseerde handhawingstrategieë is daarop gerig om emosionele status wat met die probleem verband hou, te hanteer, soos kognitiewe herontwerp (om anders te dink oor die probleem), die gebruik van selektiewe aandag (aandag gee aan positiewe aspekte van 'n situasie) of ontspanning. Dit beteken dat die vroeë-adolessente dogter 'n negatiewe of stresvolle belewenis van die self sal kan hanteer/beheer deur strategieë te kies en en te gebruik wat *nou* tydens die spesifieke ontwikkelingstadium en situasie in haar lewe, tot haar beskikking is.

Met betrekking tot kleding stel Kaiser (1990:97, 135-136) en Sandstrom *et al* (2006:105-108) dat voorkomsbestuur in werklikheid vir die individu as handhawingstrategie kan dien, en dat kleding en liggaamsversierings gebruik kan word om die liggaam te bedek of te verander ten einde dit vir die individu moontlik te maak om die self tussen ander te kan handhaaf, en 'n positiewe belewenis van die self in interaksie met ander te kan ervaar. Milman (1980:75) en Schwartz (1986:285) het reeds in die tagtigerjare daarop gewys dat stigmatiserende effekte weens massa-toename ook op kinders en vroeë-adolessente van toepassing gemaak kan word. Kleding en ander vorme van voorkomsbestuur word dan dikwels gebruik ten einde die fisieke self vir die persoon self, maar ook vir ander te manipuleer. Aspekte van die self word ook deur middel van kleding aan ander gekommunikeer in 'n poging om die self in interaksie met ander te kan handhaaf.

## 3.5 IMPLIKASIES VIR DIE STUDIE

In hierdie studie word die vroeë-adolessente dogter benader as 'n aktief denkende wese wat verantwoordelikheid kan neem vir hoe sy haar lewe bestuur en beheer. Die feit dat sy die self in interaksie met ander as objek kan beleef, stel haar in staat om die self as objek uit te lig, dit te beoordeel, 'n persepsie daaroor te kan vorm, met die self daaroor in gesprek te kan tree en tevrede of ontevrede daaroor te kan voel. As objek in interaksie met ander kan die self dus betekenis kry en kan die fisieke self as simbool van bepaalde aspekte van haar innerlike self dien. Ander mense, hetsy betekenisvolle ander, veralgemeende ander of verwysingsgroep-ander, speel dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling en belewenis van die self.

Die vroeë-adolessente dogter bevind haar in 'n oorgangstadium van haar lewe wat gekenmerk word deur veranderinge op fisieke, kognitiewe en psigo-sosiale gebied. Hierdie veranderinge mag gevolge inhou met betrekking tot haar verskillende lewensbane, waaronder haar belewenis van die self. Ten einde die

veranderinge te kan hanteer en te aanvaar, en na ’n tydperk van verandering weer stabiliteit in haar lewensbane te ervaar, maak die dogter waarskynlik van bepaalde strategieë gebruik ten einde weer beheer in haar belewenis van die self te ervaar.

In hierdie studie gaan dit nie om die bewys van vooropgestelde hipoteses vanuit die teorie of die bevestiging van vorige navorsingsresultate nie, maar om die verstaan en beskryf van die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. In **HOOFSTUK 4** word daar onder meer aandag geskenk aan die keuse van ’n navorsingstrategie en –styl, die keuse van data-insameling, -vaslegging, -analise en interpretasie en die geloofwaardigheid en etiek van die studie.

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSONTWERP

## 4.1 AGTERGROND


Die oorkoepelende doel van die studie was om die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van haar self te verstaan en te beskryf. Daar is besluit op ’n verkennend-beskrywende benadering. Met dié benadering is die doel om te verstaan en te beskryf, en nie om te veralgemeen of vooraf-opgestelde hipoteses te bewys nie. Daar is op ’n fenomenologiese kwalitatiewe benadering besluit met kwalitatiewe data-insamelingsmetodes wat die navorser in staat stel om ryk data te genereer.

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan:

- Gekose, konseptuele raamwerk en spesifieke doelwitte
- Die keuse van ’n navorsingstrategie en -metodologie
- Die keuse van ’n steekproef
- Die keuse, beskrywing en toepassing van data-insamelings- en ander metodes
- Data-analise, aanbieding en interpretasie
- Geloofwaardigheid van die studie
- Etiek

## 4.2 SKEMATIESE KONSEPTUELE VOORSTELLING EN BREË NAVORSINGSVRAE

Fouché (2002:268) en Henning *et al.* (2004:2-3) wys daarop dat teorie in ’n fenomenologiese studie dien as ’n sterk oriënteringsraamwerk wat die navorsing kan rig, maar dat die fenomeen bestudeer word soos uit die oë van die deelnemers. Teorie in ’n fenomenologiese studie dien dus as ’n filosofiese vertrekpunt van hoe daar na die probleem gekyk gaan word. Daar is besluit om in hierdie studie na die probleem vanuit die perspektiewe van die simboliese interaksionisme en ’n lewensverloop-perspektief te kyk. Die volgende skematiese konseptuele raamwerk (**FIGUUR 1**) het dus die studie en ook die breë navorsingsvrae gerig.




**FIGUUR 1: SKEMATIESE KONSEPTUELE VOORSTELLING VAN 'N INDIVIDU SE LEWENSVERLOOP, OORGANGSPUNTE DAARIN, EN BELEWENIS VAN DIE SELF**

Die lewe van 'n individu (die dogter) verloop oor sekere lewensfases soos onder andere vroeë-adolessensie. Gedurende hierdie lewensverloop is daar tye van stabiliteit en tye van verandering. Vroeë-adolessensie, wat vele veranderinge in die lewensverloop van die dogter insluit, onder andere verandering in haar massa, is so 'n oorgangsfase of fase van verandering wat 'n rol mag speel in hoe die dogter die self beleef, hoe sy ander beleef en hoe sy haar self handhaaf. Die dogter is dus altyd in interaksie met ander, hetsy betekenisvolle ander, veralgemeende ander of verwysingsgroep-ander, wat 'n rol speel in hoe sy die self beleef en handhaaf. Sy is egter ook voortdurend in interaksie met die self waar sy oor die self as objek kan dink, dit kan evalueer, 'n persepsie daaroor kan vorm, emosies daaromtrent kan ervaar en die self kan bestuur. Verandering tydens hierdie oorgangsfase, waaronder die toename in massa, mag 'n rol speel in hoe sy die self nou beleef en handhaaf, maar ook in hoe sy haar verhoudinge met ander beleef.

Teen die agtergrond van die basiese uitgangspunte van die simboliese interaksionistiese - en ‘n lewenskoers perspektief wat as gekose teoretiese perspektiewe vir die studie gestel is, het die volgende breë/oorkoepelende navorsingsvrae het die studie gerig:

- Watter rol speel massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self?
- Wat is die rol van ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self?
- Hoe handhaaf die vroeë-adolessente dogter die self gedurende hierdie oorgangsfase?

**4.3 DIE KEUSE VAN NAVORSINGSTRATEGIE EN -METODOLOGIE**

’n Kombinasie van die kontekstuele, ideografiese en induktiewe benaderings is as navorsingstrategie vir die studie gekies, wat beteken het dat:

- die deelnemer binne die omgewing bestudeer is waar sy die gemaklikste gevoel het
- daar gepoog is om haar gedrag te begryp en die uitkoms in diepte te beskryf
- die uitkoms van die studie as uniek geag word en daar nie veralgemeen word nie
- daar geen voorafopgestelde hipoteses geformuleer is nie; die navorser het vanuit ’n verdieping in die natuurlike omgewing begin; gebeure is so akkuraat moontlik beskryf en daar is tot by ’n konstruk gewerk waaruit uiteindelik ’n werkbare teorie saamgestel kon word met ’n logiese gevolgtrekking

Die studie kan ook volgens Babbie en Mouton (2001:92) as ’n kruisseksionele studie beskou word. Dit impliseer dat die studie op een tydstip onderneem is en nie oor ’n lang termyn nie. Dié tipe strategie kom veral voor binne ’n verkennende en beskrywende studie.

Soos in **HOOFSTUK 1** genoem, is ‘n kombinasie van ‘n fenomenologiese en gegronde-teorie-ontwikkeling (“grounded theory”) in hierdie studie gebruik. Die belewenisse van die deelnemers kon binne die konteks en met die kompleksiteit van die verskynsel, bestudeer word, begryp word, en so akkuraat moontlik beskryf word. Dit gaan dus om die begrip van gebeure binne hul konteks – ook bekend as ‘n kontekstuele – of holistiese navorsingstrategie, met die doel om te beskryf en te begryp teen die agtergrond van die totale konteks (Babbie & Mouton, 2001:272).

## 4.4 DIE KEUSE VAN 'N STEEKPROEF

### 4.4.1 Eenheid van analise

As eenheid van analise vir die studie is besluit op blanke vroeë-adolessente dogters in die ouderdom van 11 tot 13 jaar wat in 'n stedelike gebied woonagtig is. Dié ouderdom verteenwoordig die gemiddelde ouderdom wat vir vroeë-adolessensie aangedui word (Twining, 1998:368; Prinsloo & Du Plessis, 1998:141; Owens, 2002:492; De Klerk & Tselepis, 2007). Teen die agtergrond van die kwalitatiewe benadering (Groenewald, 2004), en ten einde die fenomeen in totaliteit te bestudeer, is massa nie as veranderlike vir die steekproef uitgesonder nie. Die enigste voorwaarde was dat die dogters vrywillig aan die studie moes deelneem en gewillig moes wees om hulle persepsies en belewenisse met die navorser te deel. Die navorser het dus geen vooropgestelde idees gehad met betrekking tot die rol van deelnemers se eie massa of hoe die deelnemers gaan reageer nie.

### 4.4.2 Seleksie van die eenheid van analise

Navorsing met kinders en adolessente, veral as dit gaan om meer persoonlike belewenisse, is altyd 'n sensitiewe saak. Dit is dus belangrik dat deelname op 'n vrywillige basis moet geskied en dat die toestemming van ouers verkry word. In kwalitatiewe navorsing, waar die navorser se doel die generering van ryk data-beskrywings is, is dit verder belangrik dat deelnemers bereid moet wees om hul diepste belewenisse met die navorser te deel (Henning *et al.,* 2004:75). In hierdie studie is daar van die sneeubal-tegniek gebruik gemaak ten einde deelnemers vir die studie te kry. Deelnemers is in oorleg met hoofde van plaaslike laerskole geïdentifiseer. 'n Brief is gerig aan alle ouers van dogters tussen die ouderdom van 11 tot 13 jaar (sien **Bylaag A**). Dit het laerskooldogters van Graad 5 tot 7 ingesluit. Ouers kon in oorleg met hul dogter besluit of sy aan die studie wou deelneem. In die brief is genoem dat die navorser tans met bepaalde studies besig is en dogters as deelnemers benodig. Ouers is ook gerus gestel dat dogters se privaatheid gerespekteer sou word en hul deelname sensitief gehanteer sou word. Ouers is gevra om inligting op 'n afskeurstrokie te voltooi. Wanneer aangedui is dat die dogter aan die studie sou deelneem is die ouers persoonlik geskakel vir 'n ontmoeting met hulle en die dogter. Twaalf ouers het aangedui dat hul dogters aan die studie kon deelneem.

Omdat die dogters minderjarig en jonk was, moes die ouers se vertroue eers gewen word. Tydens die ontmoeting met die ouers en dogter moes die navorser so natuurlik moontlik en nie opdringerig wees nie (Green, 2004:49). 'n Kortlikse verduideliking van die navorsing is gegee sonder om die werklike navorsingsprobleem bekend te maak. Indien die dogter met die werklike navorsingsprobleem vertroud was, sou sy tydens onderhoude kon poog om antwoorde te verskaf wat die navorser tevrede sou stel. Dit kon die geloofwaardigheid van die studie skaad. Data-insamelingsmetodes is nie vooraf bekend

gemaak nie, hoewel die navorser genoem het dat sy moontlik die dogter vir vier tot ses sessies sou wou sien. Ouers moes ook begryp dat hulle nie kon deel hê aan die data-insamelingsessies nie. Dogters sou moontlik nie persoonlike belewenisse voor ouers wou deel nie. Ouers kon wel toegang hê tot klankopnames wat van elke sessie gemaak is. Na afloop van die ontmoeting is onderneem om die ouers persoonlik te skakel om reëlings te tref vir die eerste onderhoud.

Babbie en Mouton (2001:287), en Henning *et al.* (2004:71) wys daarop dat die aantal deelnemers in 'n kwalitatiewe studie waar die sneeubal-tegniek gebruik is, gewoonlik bepaal word deur die grootte van die populasie en die sensitiwiteit van die navorsing, maar dat steekproeftrekking voortgaan totdat data-versadiging ingetree het. Twaalf deelnemers het aanvanklik aangedui dat hulle aan die studie sal deelneem. Nog vier deelnemers is bykomend tot die twaalf met die sneeubal-tegniek gewerf, waarna data-versadiging ingetree het. Altesaam sestien dogters het dus aan die studie deelgeneem, waarvan ses normale massa was en 10 oormassa. Nie een van die deelnemers was ondermassa nie. Ten einde te bepaal of die dogter 'n normale massa het of moontlik onder- of oormassa was, is elke dogter se liggaamsafmetings en massa tydens die eerste ontmoeting geneem. 'n Dogter se massa is as normaal beskou indien sy 'n liggaamsmassa-indeks (LMI) van tussen 20 en 25 gehad het. Dogters met 'n LMI van 25 en hoër is as oormassa beskou (Aronne, 2002; Schwartz & Brownell, 2004). Daar is verskeie terme wat in die literatuur gebruik word om na massa te verwys wat bokant die normale afsnypunt strek. Sommige gebruik die term *oormassa*, ander *obesiteit* en ander *risiko vir oormassa* (Flegal, Tabak & Ogden, 2006). Die terme verskil van land tot land en van studie tot studie (Flegal *et al.,* 2006); daarom is daar besluit om slegs die terme *normale massa* en *oormassa* in die studie te gebruik. Soos vroeër genoem is massa nie as veranderlike in die steekproef uitgesonder nie. Teneinde oordraagbaarheid te bevorder is gepoog om die grense of reikwydte van informasie te maksimaliseer deur doelbewus informante wat van mekaar verskil, by die studie in te sluit (Babbie & Mouton, 2001:277)

## 4.5 DIE KEUSE, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DATA-INSAMELING, -VASLEGGING, -ANALISE EN INTERPRETASIE

### 4.5.1 Data-insamelingsmetodes en -prosedure

Dit is belangrik dat data-insameling met 'n jong deelnemer kreatiewe-kwalitatiewe tegnieke insluit. 'n Kind-gesentreerde benadering moet gevolg word om die deelnemer aktief te betrek by die generering van data (James, Jenks & Prout, 1998:146; Porcellato, Dughill & Springett, 2002; Banister & Booth, 2005). James *et al.* (1998:146) en Banister en Booth (2005) wys daarop dat die jong deelnemer die geleentheid moet kry om 'n aktiewe rol te speel tydens data-insameling. Jong deelnemers is gewoonlik nog gewoond daaraan om hulle nie net mondelings uit te druk nie, maar ook op kreatiewe wyse, soos deur te teken of te plak. Data-insameling moet dus so geskied dat daar voldoende geleentheid is vir die

deelnemer om op kreatiewe wyse uitdrukking te gee aan haar belewenisse. Daar is van drie tipes kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak, naamlik ongestruktureerde onderhoudvoering aan die hand van geselekteerde stimulusmateriaal, fokusgroeponderhoude en persoonlike dokumentasie. Babbie en Mouton (2001:283) wys daarop dat die gebruik van verskillende metodes van data-insameling dien as kruisvalidering en ook dien om die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die studie te verseker.

**4.5.1.1 Ongestruktureerde onderhoude**

'n Ongestruktureerde kwalitatiewe onderhoud kan gesien word as die interaksie tussen die onderhoudvoerder en die respondent, waar die onderhoudvoerder 'n algemene plan vir ondervraging het, maar nie vooraf vasgestelde vrae het wat in 'n spesifieke volgorde gevra moet word nie (Babbie & Mouton, 2001:289).

Met hierdie studie wou die navorser in diepte by die gedagtes van die deelnemer uitkom om so die probleem aan te spreek. Die kern van die onderhoudvoering het daarin gelê om tot die besef te kom van wat elke deelnemer dink, voel en doen. Dié tipe onderhoud word daarom besonder geskik geag vir studies waar gevoelens, houdings, bedoelinge en motivering van gedrag ter sprake kom (Smit, 2001:81). Die ongestruktureerde onderhoud was veral vir die studie geskik omdat dit gelei het tot indiepte-begrip vir die deelnemer se belewenis van die self en hoe sy die self handhaaf. Die deelnemer het die geleentheid gekry om op 'n betekenisvolle en doelgerigte wyse uitdrukking te gee aan haar belewenisse of standpunte. Omdat begrip en betekenis tydens gesprekvoering gevorm kon word, kon daar werklik tot die besef gekom word van wat in die deelnemer se lewe aangaan. Elke deelnemer se belewenisse kon in diepte beskryf word. Dié indiepte-beskrywings is 'n kenmerkende eienskap van kwalitatiewe navorsing (Denzin & Lincoln, 1994).

Vir die doel van die studie is 'n meer gestruktureerde onderhoud dus nie oorweeg nie omdat dit beperkte reaksie oplewer en gesprekvoering tot die minimum beperk (Smit, 2001:80). Die deelnemer kon ook die indruk kry dat sy slegs gebruik word om vrae te beantwoord en dat dit nie werklik gaan om die uitruil van belewenisse nie. Dit sou kon lei tot bloot oppervlakkige, in stede van ryk data (Henning *et al.,* 2004:67). Die fokus was dus op die konsepte van die deelnemer en nie die van die navorser nie (Smit, 2001:81). So 'n gesprek-tipe onderhoud was ook ondersteunend vir warm en vriendelike dialoog, wat gelei het tot meer natuurlike en opregte mededelings (Banister & Booth, 2005). Dié meer buigsame en ongestruktureerde onderhoud het ook gelei tot die opbou van rapport en 'n vloeiende gesprek (Banister & Booth, 2005). Dit bevorder volgens Smit (2001:81) vertroue, vrymoedigheid en sekuriteit.

Die kwaliteit van die data wat ingewin word, is tot ’n groot mate afhanklik van die kundigheid, vaardigheid en aanvoeling van die onderhoudvoerder (Botha, 2001:14). Daarom het die navorser vooraf wyd gelees oor die bepaalde domeinverskynsel en ook van bykomende metodes en tegnieke van onderhoudvoering ’n studie gemaak. Die navorser het ook ’n kursus bygewoon in dié tipe onderhoudvoering om die tegniek vooraf te bemeester. Onderhoude is by die navorser of deelnemer se huis gevoer. Die keuse is aan die deelnemer oorgelaat. Elke onderhoud is met ’n digitale opnemer opgeneem en verbatim getranskribeer. Tydens die eerste onderhoud het elke deelnemer ’n inligtingsvorm met persoonlike data voltooi (sien **Bylaag B**). Met die aanvang van elke onderhoud is die doel en algemene riglyne vir die onderhoud verduidelik en die deelnemer op haar gemak gestel. Die onderhoude het almal gefokus op die deelnemer se belewenis van verandering, die rol van massa en hoe sy daarby aanpas om die self te kan handhaaf. Die deelnemer kon tydens elke onderhoud spontaan en vrylik praat oor haar belewenisse. Wanneer sy afgedwaal het van die gesprek het die navorser haar subtiel terug gelei na die relevante onderwerp. Onderhoude is gevoer totdat dataversadiging ingetree het. Vier individuele onderhoude en een fokusgroep is met elk van die 16 deelnemers gehou- – ’n totaal van 64 onderhoude. Die onderhoude het ongeveer een en ’n halfuur elk geduur en is met elke deelnemer op dieselfde tyd en opeenvolgende weke gevoer, behalwe vir uitsonderings waar die deelnemers nie op dieselfde tyd en dag in die volgende week vir ’n onderhoud beskikbaar was nie. Die lengte van die onderhoude het die geleentheid geskep om na afloop van elke stimulustegniek in diepte met die deelnemer daaroor te kon praat. Die een fokusgroep het tussen onderhoud een en twee geskied en het ook ongeveer een en ’n halfuur geduur. In ’n poging om die deelnemers spontaan te laat deelneem aan die onderhoud, is daar van stimulusmateriaal gebruik gemaak. Die doel van die stimulus was om die deelnemer in ’n bepaalde situasie te plaas om sodoende respons uit te lok oor bepaalde aspekte waaroor die studie handel.

- **Stimulustegnieke – onderhoud een**

Binne die toegepaste studieveld van verbruikerswetenskap en ook kledingbestuur, word visuele stimulusmateriaal dikwels in navorsing met kinders gebruik ten einde hulle binne ‘n bepaalde situasie te plaas en iets te gee om op te reageer. Sodoende word reaksie uitgelok oor aspekte waarom die studie gaan. Dit gaan dan nie om ‘n indiepte ontleding van die stimulus (hetsy prente, tekeninge of ander visuele voorstellings nie, maar juis om die verbale respons wat daaruit verkry word. Die verbale respons word dan tesame met die verbatim opnames as data vir die studie aangebied. Stimulusmateriaal vir die studie is ook nie indiepte deur ‘n sielkundige ontleed nie aangesien twee praktiserende siekundiges wat deur die navorser geraadpleeg is, van mening was dat so ‘n indiepte ontleding van al die stimulusmateriaal relevante data wat met die oog op fisieke ontwikkeling en voorkomsbestuur ingesamel is, kon vertroebel. Die sielkundiges het daarom die navorser aangeraai om die sketse en ander stimulusmateriaal te gebruik as aanknopingspunt om nog ryker data van die deelnemer self te

verkry. Daarom het die navorser aan die hand van die stimulsmateriaal met die deelnemers verder in gesprek getree en alla data wat uit die gesprekke verkry is, is as verbatim transkripsies vir die studie opgeneem en geïnterpreteer.

As ysbreker is daar met behulp van 'n hand waarin een oopeinde-vraag in elke vinger gestel is, gesels (sien **Bylaag D**). Die navorser het die self eers voorgestel met behulp van die vyf vrae, waarna die deelnemer die geleentheid gekry het om die self aan die hand van die vyf oopeinde-vrae bekend te stel.

Daarna het die navorser saam met die deelnemer deur 'n vrouetydskrif geblaai. Hierdie tegniek is deur die navorser gekies omdat sy self 'n dogter van dieselfde ouderdom as die deelnemers het. Sy het tot die besef gekom dat deelnemers moontlik tydens die eerste onderhoud moeiliker aan die gesprek gaan deelneem. Dit is kenmerkend van die ouderdom en boonop was daar ook nog nie werklik 'n geleentheid om 'n vertrouensverhouding te stig nie. Die navorser het egter opgemerk dat, wanneer sy met haar eie dogter deur tydskrifte blaai, sy makliker in 'n geselstrant kom waar sy haar belewenisse deel.

Die deelnemer kon spontaan kommentaar lewer op artikels, voorkomste, kledingprodukte, advertensies en ander opmerkings maak. Wanneer die deelnemer waardevolle inligting gedeel het, is sy verder gepols oor gevoelens, menings, waardes, vooroordele en ander belangrike sake wat tot ryk data kon lei. Sy sou byvoorbeeld 'n seekoei sien en die opmerking maak: **"*Ek wens ek was ook 'n seekoei.*"** Die navorser het gereageer deur te sê: "Wat maak dat jy sê jy sal graag 'n seeikoei wil wees?" Die deelnemer het dan gereageer met inligting soos: **"*Seekoeie het lekker; hulle kan net lui wees en rondlê en niemand sê iets oor hulle nie.*"** Die navorser sou dan weer 'n vraag vra soos: "Sou jy daarvan hou as ander nie iets oor jou sê nie?" Die deelnemer het gereageer met: **"*Ja, ek sal daarvan hou want nou praat almal oor jou.*"** Op dié punt kon ryk data gegenereer word deur die deelnemer oor elke opmerking subtiel en stadig verder te lei.

Die blaai deur tydskrifte het die deelnemer in 'n ontspanne stemming geplaas. Die aandag was weg van haar as persoon, terwyl sy onbewustelik waardevolle inligting verstrek het. Dié stimulus het geleentheid gebied om data in te samel oor aspekte soos massamedia, ideale voorkoms, kledingprodukte en belangstellings.

Die deelnemer het tydens die eerste onderhoud ook die geleentheid gekry om haarself saam met haar maats te teken. Skryfbehoeftes is op 'n tafel uitgepak, rustige musiek aangeskakel en die deelnemer is gelaat om die tekening te voltooi sonder dat sy dopgehou is. Die navorser het haarself in 'n nabygeleë vertrek besig gehou deur vinnig die onderhoud te oordink en haar veldnotas deur te gaan. In die tyd is opmerkings van die deelnemer waaroor die navorser meer te wete wou kom, geïdentifiseer. Die tekening (sien **Bylaag F**) het as stimulus gedien vir verdere gesprekvoering; sien **Bylaag D** vir

moontlike vrae. Waardevolle data oor hoe maats mekaar help, wat hulle vir mekaar sê, wat vir hulle belangrik is en ook die vergelyking van die eie voorkoms met dié van maats, is met die stimulus verkry.

Dié tipe stimulustegniek staan in navorsing bekend as die "teken-en-praat-tegniek" (Porcellato *et al.,* 2002). Die deelnemer kry eers die geleentheid om te teken en daarna word daar oor die tekening gesels. Op dié wyse kon waardevolle insig verkry word met betrekking tot die gedagtes en gevoelens van die deelnemers. Aan die einde van die onderhoud het die deelnemer 'n A4-skrif gekry waarin sy gevra is om 'n dagboek by te hou vir 'n tydperk van twee maande. Daarin kon sy prente plak of sketse maak, maar met die voorwaarde dat dit met 'n beskrywing van hoekom dit vir haar belangrik is, gepaard moet gaan. Sy kon ook skriftelike belewenisse deel van die self, wat haar gelukkig, hartseer en so meer maak. Aan die einde van die twee maande is die dagboek aan die navorser terug besorg en kon toepaslike data by dié van die getranskribeerde onderhoude gevoeg word. Waar onduidelikhede ontstaan het, het die navorser die deelnemer geskakel en 'n vinnige ontmoeting gereël om duidelikheid te kry en misverstande uit te skakel.

- **Stimulustegnieke – onderhoud twee**

Soos afgespreek aan die einde van die eerste onderhoud, het die deelnemer, geklee in 'n gunsteling ontspanningsdraguitrusting, na die tweede onderhoud gekom. 'n Foto is van elke deelnemer geneem (sien **Bylaag G**) en kon die deelnemer se persoonlike eienskappe vaslê (Babbie & Mouton, 2001:300). Hoewel foto's nie on-bevooroordeelde, objektiewe inligting bied oor die sosiale en materiële wêreld nie, kan dit volgens Banister en Booth (2005) waardevolle eienskappe van mense uitbeeld. Hoewel foto's as persoonlike dokumentasie vir data-insameling gebruik kan word, is dit vir die studie slegs as stimulustegniek gebruik. Volgens Bartholomew en O'Donohoe (2003) dien die foto ook om rapport met die deelnemer te stig. Dit is gebruik om 'n brug te bou tussen deelnemer en navorser (Banister & Booth, 2005) en bied 'n alternatief vir dit wat woorde nie kan sê nie (Bartholomew & O'Donohoe, 2003). In vorige studies met kinders is foto's ook suksesvol as stimulustegniek gebruik (Banister & Booth, 2005). Foto's is in 'n ligte luim buite geneem. Die navorser was deurentyd daarop bedag dat die deelnemer inligting kon verskaf tydens die neem van die foto's. Dié inligting is met die aanbreek van die onderhoud ongemerk as veldnotas neergeskryf, terwyl die deelnemer iets te drinke gehad het. Die foto's het gelei tot die generering van waardevolle data. Deelnemers het graag vertel hoekom die uitrusting gekoop is, wie dit gekoop het, hoe hulle daarin voel, en so meer. Dit het geleentheid gebied vir gesprek rondom aspekte soos liggaamsbou en die waarde en gebruik van klere.

Na afloop van die foto-sessie het die deelnemer die geleentheid gekry om 'n *mode-collage* te maak. Die tegniek word dikwels deur navorsers gebruik (Hogg & Savolainen, 1998; Banister & Hogg, 2001; Martin & Okleshen Peters, 2005). 'n Collage behels 'n knip-en-plak-tegniek waar tydskrifte, papier, gom, skêre

en penne aan deelnemers verskaf word. Na voltooiing van die collage word die deelnemer gevra om te verduidelik wat sy op die collage uitgebeeld het (Martin & Okleshen Peters*.,* 2005).

Vir die studie is dieselfde benadering gevolg. Die deelnemer kon kledingprodukte, 'n gesig en lyf van haar keuse uit tydskrifte knip. Om die deelnemer te help om meer doelgerig te soek, is slegs tydskrifte voorsien wat op die vroue-en-dogter-mark gerig is en heelwat kledingprodukte en modelle bevat. Elke deelnemer het 'n A4-bladsy en ander skryfbehoeftes soos bo genoem, gekry om die collage mee te maak. Die opdrag het gelui: "Maak 'n mode-coulage waarin jy jouself uitbeeld." Nadat daar kortliks verduidelik is hoe dit gedoen word, is sagte agtergrondmusiek aangeskakel. Dit het daartoe bygedra dat die deelnemer haar coulage rustiger en in 'n meer ontspanne luim kon voltooi. Tydens die eerste paar deelnemers se onderhoude kon die deelnemers 'n gesig saamstel uit 'n eie keuse van oë, neus, mond en hare. Dié het soveel tyd in beslag geneem omdat die deelnemer soms na 'n "perfekte" gesig gesoek het. Daarna is besluit dat 'n gesig in die geheel gesoek moes word. Dit het tyd gespaar en meer aandag is aan die res van die collage gee. Die coulage het slegs as stimulus gedien en is nie direk vir data geïnterpreteer nie maar het deel gevorm van die verbatimopnames wat as data vir die studie gebruik is (sien **Bylaag H**).

Aan die einde van die onderhoud is 'n liggaamstevredenheidskaal (Rand & Resnick, 1999) bestaande uit nege figure, aan die deelnemer getoon (sien **Bylaag I**). Figuur een is die skraalste figuur en figuur nege die mees oormassa figuur. Geen vooroordele is uitgespreek ten opsigte van enige van die figure nie, daarom is die figure nie as maer, vet, klein of groot aangespreek nie maar slegs figuur een tot nege. 'n Nommer A moes geplaas word by die figuur wat die deelnemer as verteenwoordigend van haar eie beskou het, 'n B by die figuur waarmee sy die minste wou identifiseer, en 'n C by die figuur waarmee sy graag sou wou identifiseer. Dit is duidelik gemaak dat A en C ook dieselfde figuur kon wees en nie noodwendig hoef te verskil nie. Die aanduidings op die liggaamstevredenheidskaal is bloot as stimulus gebruik om spontaan oor verskillende liggaamsbou-tipes te gesels en bewus te word van die deelnemer se eie liggaamsbelewenis (sien moontlike vrae in **Bylaag D**). Dié stimulustegniek het gelei tot die generering van waardevolle data. Deelnemers het spontaan gesels oor mense wat hulle ken wat soos sommige van die figure gelyk het, wat ander van sulke figure sê en waar sy al sulke figure gesien het.

- **Stimulustegnieke – onderhoud drie**

Met die aanvang van die derde onderhoud is die deelnemer se foto as stimulus gebruik. Met die eerste blik van die foto het die deelnemer spontaan waardevolle data gegee. Dit was opvallend dat die deelnemer eerste kommentaar op haar gesig gelewer het: ***"Kyk hoe stupid lyk my hare", "Kyk die smile"*** *of* ***"Kyk hoe trek ek my oë"***. Die deelnemer het ook kommentaar gelewer op haar voorkoms,

soos: ***"Ja! Ek het 'n statement met my klere gemaak", "Ag nee, kyk hoe stupid lyk die kouse"*** *of* ***"Die klere trek ek altyd aan want ek weet dit werk"***. Die navorser kon aan die hand van die foto met die deelnemer in gesprek tree oor haar belewenisse van die self en die keuse van kledingprodukte. Die navorser het die geleentheid gebruik om die deelnemer oor elkeen van die opmerkings verder te pols. Dit het tot waardevolle data gelei aangaande dit wat vir die deelnemer belangrik was aan haar voorkoms, waarna sy kyk wanneer sy kledingprodukte kies en wat haar doel met 'n bepaalde geklede voorkoms was. Die mededelings is ook as deel van die verbatimopnames

Die deelnemer het ook 'n tekening met slegs die buitelyne van 'n figuur gekry (sien **Bylaag J**). Daar is aan die deelnemer verduidelik dat sy enige kleur kan gebruik om die figuur mee in te kleur. Sy moes dit as haar eie figuur beskou en inkleur soos sy wou. Daar was geen regte of verkeerde kleur nie. As stimulus was die deelnemer se interpretasie en mening belangrik en nie die rede vir die kleurgebruik nie. Die stimulusmateriaal het waardevolle data gegenereer. Die navorser het byvoorbeeld die opmerking gemaak: "Ek sien jou maag, middel en bo-bene is geel ingekleur. Kan jy verduidelik wat jou so laat besluit het?" Die deelnemer het gereageer met: ***"Ek het geel gebruik want vir my is dit 'n wegsteek-kleur"***. Daar is verder gevra: "Kan jy verduidelik waarom jy daardie gedeeltes wil wegsteek?" Op hierdie wyse is oor die hele belewenis van die deelnemer se liggaam gepraat en ook hoe sy dit probeer toemaak, wegsteek of beter laat lyk.

Hoewel geen ander navorsing gevind kon word waarin die tipe stimulus tegniek gebruik is nie, is dit by die studie ingesluit omdat jonger deelnemers van aktiwiteite hou waar hulle kreatief kan wees. Sodoende kon 'n platform geskep word waar persoonlike belewenisse gedeel word en uiting gegee word aan 'n eie, unieke standpunt (Porcellato *et al.,* 2002).

Laastens het die deelnemer die geleentheid gekry om 'n skets te maak van "Ek en my stokperdjies" (sien **Bylaag K**). Dieselfde prosedure wat met die maak van die tekening in onderhoud een gebruik is, het hier ook gegeld. Die tekening het weer as stimulus gedien om met die deelnemer in gesprek te kon tree oor haar stokperdjies en 'n insig te kry oor dit wat vir haar belangrik is en waarom sy daarvan hou (sien **Bylaag D** vir moontlike vrae).

- **Stimulustegnieke – onderhoud vier**

Die deelnemer het die geleentheid gekry om 'n tekening van "Dit is ek" te maak (sien **Bylaag K**). Dieselfde prosedure wat met die maak van die tekening in onderhoud een gebruik is, het hier ook gegeld. Die tekening het weer as stimulus gedien om met die deelnemer in gesprek te kon tree oor haar belewenis van die self (sien **Bylaag D** vir moontlike vrae). Omdat die tekening gemaak is nadat 'n

redelike vertrouensverhouding gestig is, kon waardevolle data oor massa, liggaamsdele en kledingkeuses gegenereer word.

As ’n tweede stimulustegniek is nege prente van verskillende liggaamsboutipes gebruik. Slegs die lywe van elke figuur was sigbaar; die koppe was “afgesny” (sien **Bylaag M**). Die navorser het tydens die seleksie van die prente gepoog om prente in te sluit van jonger vroulike figure wat onder-massa, normale-massa en oormassa figure kon verteenwoordig. Die navorser het heelwat prente uitgeknip, dit min of meer in die drie groepe verdeel en dan weer die drie wat die beste verteenwoordigers vir elke groep was, ingesluit. Daar is kortliks aan die deelnemer verduidelik wat van haar verwag word. Die prente is omgedraai met die prentjiekant na onder en opmekaar geplaas. Sodoende is die deelnemer nie met te veel stimuli op ’n keer gekonfronteer nie. Die prente was in geen spesifieke volgorde geplaas nie en is een vir een opgehou. Die deelnemer moes haar mening gee oor die persoon op die skets se belewenis van die self, hoe sy dink die persoon voel en hoe ander haar sal ervaar.

Met die besef dat dataversadiging begin intree, het die navorser na die onderhoud weer deur al die transkripsies gewerk. Daar is tot die besef gekom dat data herhaal word. Die laaste onderhoud was ’n bevestiging van dit wat in die vorige onderhoude gesê is. Onderhoudvoering is vir eers gestaak en daar is ooreengekom dat die deelnemer geskakel sou word indien daar enige verdere onderhoude nodig sou wees. Dit was slegs met twee deelnemers die geval. Geen nuwe onderhoude is gevoer nie; daar is slegs met twee deelnemers een opvolgonderhoud elk oor ontbrekende data gevoer.

#### 4.5.1.2 Fokusgroepe

Die tweede data-insamelingsgeleentheid wat plaasgevind het tussen onderhoud een en twee, het die vorm van ’n fokusgroep aangeneem. Volgens Dixey, Sahota, Atwal en Turner (2001) is fokusgroepe ’n relatiewe nuwe metode wat met jonger deelnemers gevolg word. Volgens Boddy (2005) en Stokes en Bergin (2006) kan ’n fokusgroep beskou word as ’n groep individue wat deur ’n navorser geselekteer en bymekaar gebring word om ’n persoonlike ervaring wat verband hou met ’n bepaalde navorsingsonderwerp, te deel. ’n Fenomenologiese fokusgroep word ontwerp om die ervaring van ’n groep te deel maar ook self deel te neem aan die gedeelde begrip (Hines, 2000). Die ontwikkeling van die fokusgroep as metode kan beskou word as deel van ’n proses waar gepoog word om mét kinders navorsing te doen eerder as om óp kinders navorsing te doen (Dixey *et al.,* 2001). Porcellato *et al.* (2002) is van mening dat ’n fokusgroep verenigbaar is met die beginsels van kwalitatiewe navorsing en veral geskik is vir navorsing met jonger deelnemers. Deelnemers kry die geleentheid om hul mening te gee en op dié wyse word waardevolle insig in hul denke verkry (Porcellato *et al.,* 2002). Omdat daar in die studie werklik by die belewenisse van die deelnemer uitgekom wou word, is fokusgroepe gesien as ’n metode waar die deelnemers hopelik indiepte insigte sou verstrek. Sodoende kon hul eie opinie

gehoor word sonder dat hulle op die navorser bedag was soos tydens individuele onderhoude (Dixey *et al.,* 2001).

Die ontmoeting was die tweede ontmoeting met die deelnemer. Op grond van die deelnemers se beskikbaarheid is drie fokusgroepe met vier deelnemers elk gevorm. Die vier deelnemers wat later by die studie gevoeg is, het spontaan 'n groep gevorm. Daar was dus vier fokusgroepe. Die fokusgroepe is relatief klein gehou omdat ander navorsers soos Rodham, Brewer, Mistral en Stallard (2006) daarop wys dat die graad van spontane deelname onderling verband hou met die grootte van die fokusgroep. Omdat die doel van die fokusgroepe nie was om konsensus oor 'n saak te bereik nie, maar eerder om die deelnemers geleentheid te gee om in groepverband te deel oor hul belewenisse, is daar gepoog om die groepe kleiner te hou sodat die deelnemers meer vrymoedigheid kon hê om dieper belewenisse te deel. Deelnemers en navorser het saam om 'n groot tafel gesit. Daar is kortliks aan die deelnemers verduidelik wat van hulle verwag word. Elkeen moes 'n beurt kry om haar mening te lug sonder om in die rede geval te word. Tien prente verteenwoordigend van verskillende vroulike liggaamsboutipes is voorberei (sien **Bylaag N**). Dieselfde beginsel as genoem by onderhoud vier is gebruik vir die seleksie van die prente. Die prente is omgedraai met die prentjiekant na onder en opmekaar geplaas. Sodoende is die deelnemers nie met te veel stimuli op 'n slag gekonfronteer nie. Die prente was in geen spesifieke volgorde geplaas nie en is een vir een opgehou. Aanvanklik het die deelnemers by die reël gehou dat elkeen 'n beurt kry maar later het die meer ekstrovert deelnemers spontaan hul menings begin gee en die stiller introverte het stilgebly. Die optrede is ook deur Dixey *et al*. (2001) ervaar. Met oordeelkundige bestuur van die fokusgroep kon almal egter 'n geleentheid kry om wel 'n mening te lug.

#### 4.5.1.3 Persoonlike dokumentasie

Hoewel die deelnemer tekeninge gemaak het, 'n dagboek bygehou het en daar foto's van haar geneem is, is dit in al die gevalle as stimulustegnieke gebruik en nie in diepte as data ontleed nie. Ooglopende opmerklikhede wat die verbatim as kruisvalidasie kon ondersteun is wel by die bespreking en interpretasie van die data ingesluit. Die skriftelike mededelings in die dagboeke is wel tesame met die verbatim transkripsies en veldnotas as data hanteer. Opsigtelike afleidings wat wel uit die sketse gemaak kon word, is met die interpretasie van die data bespreek.

### 4.5.2 Data-vaslegging

Aangesien dit 'n byna onmoontlike taak sou wees om al die inligting van die onderhoude en fokusgroepe te memoriseer en getrou weer te gee, is daar van hulpmiddels gebruik gemaak. Digitale opnames en veldnotas is gebruik om die navorser behulpsaam te wees met die insameling en vaslegging van data. Sodoende kon verseker word dat geen waardevolle data verlore gaan nie.

Volgens Henning *et al.* (2004:74) is dit van groot belang dat die fisieke omgewing waarbinne die onderhoude sou plaasvind optimaal gereed sou wees. Ook Groenewald (2004) waarsku dat toerusting wat breek en omgewingstoestande die navorsing ernstig kan bedreig. Daarom is daar toegesien dat die ruimte waarbinne die onderhoude sou plaasvind gerieflik en doeltreffend was. Dit was 'n stil omgewing, met 'n rustige atmosfeer, drinkgoed vir die deelnemer, ekstra batterye en geheuekaart vir die digitale opnemer, geen telefoon wat kon lui nie, en slegs die stimulusmateriaal waarmee volgende gewerk sou word, op die tafel uitgesit. Daar is volgehou met datavaslegging totdat herhalings voorgekom het, dataversadiging ingetree het, daar geen nuwe perspektiewe oor die onderwerp aangebied is nie en die onderwerp uitgeput of versadig was.

#### 4.5.2.1 Digitale opnames

Individuele onderhoude asook fokusgroepbyeenkomste is met digitale opnames vasgelê. Tydens die transkribering van die data kon die opnames herhaaldelik teruggespeel word totdat die inligting as volledig genoeg beskou is. Die digitale opnemer was klein, relatief onopvallend en kon na afloop van elke onderhoud met 'n kabel aan die rekenaar gekoppel word. Sodoende kon die verbatim transkripsies direk in 'n rekenaarlêer ingetik word terwyl die navorser daarna sit en luister. Dit kon oor en oor gespeel word totdat die navorser tevrede was dat die data so volledig moontlik vasgelê is.

#### 4.5.2.2 Veldnotas

Dié wyse van datavaslegging is volgens Babbie en Mouton (2001:275) 'n goeie wyse waarop die geldigheid en betroubaarheid van die studie verhoog kon word. Volgens Groenewald (2004) word dit as sekondêre metode van kwalitatiewe data-vaslegging beskou. Veldnotas is tydens al die data-insamelingsessies bygehou. Tydens die individuele onderhoude, maar veral met die neem van die foto's, die maak van die mode-collage en die fokusgroepe, is veldnotas bygehou. Die terloopse opmerkings en gesprekvoering van die deelnemers is met sleutelwoorde op veldnotas neergeskryf. Na afloop van die onderhoud of fokusgroep is daar so volledig moontlik op elke sleutelwoord uitgebrei, maar sonder veroordelende ("judgemental") evaluerings.

## 4.6 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE

Data-analise kan volgens De Vos (2002:339) omskryf word as die proses om orde te skep, struktuur te gee en betekenis te heg aan massas ingesamelde data. Kwalitatiewe data-analise is volgens Smit (2001:84) 'n belangrike handeling in die navorsingsproses. Daar moet sin gemaak word uit die data, dit moet geïnterpreteer en geteoretiseer word (Smit, 2001:84). Dit kan gedoen word deur die data te organiseer, te reduseer en te beskryf. Volgens De Vos (2002:339-340) verwys die analise van

kwalitatiewe data na die uiteensetting van die samestellende dele van die geheel met die oog op kennis en begrip. In kwalitatiewe data-analise gaan dit nie oor getalle wat goed lyk nie maar oor betekenisgewing wat deur taal en bepaalde handelinge in 'n konteks saamgevat word (Smit, 2001:85). Henning *et al* (2002:101) stel dit dat "*The true test of a competent qualitative researcher comes in the analysis of the data, a process that requires analytical craftsmanship and the ability to capture understanding of the data in writing*". Betekenisgewing is een van die eienskappe wat kwalitatiewe data-analise van kwantitatiewe data-analise onderskei (Henning *et al.,* 2004:128). Deur middel van die analiseproses word faktore wat nodig is om verskynsels of gebeurtenisse te beskryf, geïsoleer en kan interpretasie plaasvind. Beskrywings vorm volgens Henning *et al.* (2004:128) die basis van die kwalitatiewe analiseproses, en analise vorm weer die basis van verdere beskrywings. Wanneer kwalitatiewe analise as wyse van betekenisgewing gebruik word, word herhalings en hoeveelhede van 'n verskynsel nie as aanduidings gebruik nie (Smit, 2001:84). Dit is eerder betekenisse wat uit die data te voorskyn kom, wat belangrik is (Smit, 2001:84). Henning *et al.* (2004:127) beskryf die analiseproses as 'n proses waar die navorser konstant indrukke, verwantskappe en konneksies reflekteer terwyl data ingesamel word. Die soeke na ooreenkomste, verskille, kategorieë, temas, konsepte en idees word gevorm deur 'n volgehoue proses (Henning *et al.,* 2004:127).

Volgens Miles en Huberman (1994:428) en Henning *et al.* (2004:127) is die eerste stap in die proses van data-analise die vermindering en ordening van data. Dit moet gaan om die soeke na algemene stellings omtrent verwantskappe tussen data-kategorieë. Dié word gedoen tydens dataseleksie en -vermindering wanneer veldnotas, onderhoude en transkripsies verwerk word (Miles & Huberman, 1994:428-440). Daarom dat data-analise 'n aksie is waar woorde, sinne en paragrawe letterlik uitmekaar gehaal word en die data opgebreek en oopgebreek word in 'n poging om sin daaruit te maak, dit te interpreteer en te teoretiseer (Henning *et al.,* 2004:127). Ander navorsers verwys na die opbreek van data as kodering en kategorisering (Dey, 1993:30; Miles & Huberman, 1994:428). Data word deur 'n analiseproses in kleiner en meer betekenisvolle dele verdeel. Die dele of data-segmente word weer in 'n sisteem georganiseer wat grotendeels vanuit die data verskyn (Henning *et al.,* 2004:127). Die handeling impliseer volgens Henning *et al.* (2004:127) 'n induktiewe wyse van data-analise. Op 'n sistematiese, begripvolle en streng ordelike wyse word gepoog om betekenis aan data te heg.

Data-analise is dus 'n tweeledige proses. Analise vind plaas tydens data-insameling, tussen twee opeenvolgende onderhoude asook wanneer data-insameling voltooi is (De Vos, 2002:341). Data-analise vind voortdurend en aanhoudend plaas en nie net aan die einde van die studie nie (Smit, 2001:84). Die beginsel van interaktiewe data-insameling en -analise is kenmerkend van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie (De Vos, 2002:341). Soos wat data ingesamel word tydens onderhoude word dit ook ontleed/geanaliseer (De Vos, 2002:341). Data-analise is dus 'n proses wat ontstaan, voortgaan en herhaal, en nie reglynig verloop nie. Die voortdurende analise van data lei daartoe dat data-

insamelingsprosedures, -kategorieë en -strategieë dikwels hersien moet word, soos ook in die geval van dié studie. Die hersiene data lewer dikwels nuwe data op wat weer nuwe analise verg. Sodoende word die deelnemer se ware perspesies gereflekteer en ryk data word op die wyse ingesamel (De Vos, 2002:341). Data moet gelees en herlees word sodat 'n duidelike beeld/oorsig verkry kan word van die tipe inligting wat verkry is (Babbie en Mouton, 2001:489-495; Henning *et al.,* 2004:127). Die resultaat van 'n analiseproses is 'n soort hoërorde-sintese in die vorm van 'n beskrywende beeld, patrone of temas of teorie wat selfstandig ontstaan (Henning *et al.,* 2004:128).

Hoewel daar geen beproefde resep vir die analise van kwalitatiewe data bestaan nie, is daar verskeie benaderings waarop die analise van ingesamelde data gedoen kan word om geloofwaardige resultate op te lewer (Poggenpoel, 1998:335). Vir hierdie studie is data-analise gegrond op die beginsels van Tesch (1990:55) wat vir die meeste kwalitatiewe studies as geskik beskou word:

- Kwalitatiewe data-analise vind regdeur data-insameling plaas. Sodoende word indrukke, verwantskappe en verhoudings voortdurend gereflekteer terwyl data ingesamel word. Die soeke na ooreenkomste, verskille, kategorieë, temas, konsepte en idees vorm dan deel van die volgehoue proses.
- Die analise-proses begin met die lees van alle data wat dan in kleiner, meer betekenisvolle dele verdeel word.
- Data-segmente of -eenhede word dan in 'n sisteem georganiseer wat hoofsaaklik uit die data verkry word. Dit impliseer 'n induktiewe data-analise.
- Vergelykings word gebruik om kategorieë te bou en te verfyn, om ooreenkomste te definieer en patrone in die data te ontdek.
- Kategorieë word buigsaam gehou en ruimte word gelaat om dit gedurende die analiseproses aan te pas.
- Die analise moet getrou wees in die weerspieëling van die werklike persepsie van die deelnemer.
- Die resultaat van 'n analise is 'n tipe hoërorde-sintese in die vorm van 'n beskrywende uitbeelding, patroon of tema of 'n opkomende of bestaande teorie.

### 4.6.1 Reduksie en ordening van data

Data-reduksie en ordening van data begin reeds met die proses van data-bestuur wanneer data sistematies en duidelik ingesamel, gestoor en herroep kan word. Volgens Poggenpoel (1998:335) verwys data-bestuur na die organisering van die groot volume skriftelike data in lêers of rekenaarlêers.

Elke klankkaart waarmee onderhoude in die digitale opnemer opgeneem is, is direk ná die onderhoud ontleed en alle inligting is in die betrokke deelnemer se lêer op die rekenaar ingetik. Daar is herhaaldelik na die klankopnames geluister en aanpassings gemaak terwyl die transkripsies gelees is. Nadat die verbatim transkripsies as volledig en betroubaar geag is, kon die proses van reduksie en analise begin. Die konseptuele raamwerk soos voorgestel in **FIGUUR 1** is as riglyn vir die aanvanklike kodering van die verbatim transkripsies gebruik. Namate daar weer en weer deur die data gewerk is, is meer kodes geskep. Die transkripsies is in die Atlas.ti-sagtewareprogram gelaai. Die data is geklassifiseer deur dit in klein dele op te breek en op 'n nuwe wyse weer bymekaar te bring (Smit, 2001:87). Dit was 'n proses waar data aan kategorieë toegeken is en formele verbande of samehang met mekaar geïdentifiseer is (Smit, 2001:87). Dit is 'n belangrike stap in die analiseproses want sonder die klassifisering van data is daar geen wyse waarop daar tot die besef gekom kan word van wat eintlik geanaliseer is nie. Daarsonder kan betekenisvolle vergelykings ook nie gemaak word nie (Smit, 2001:87). Die klassifisering van data lê die konseptuele grondslag waarvolgens interpretasies gemaak kan word en waarop verklarings gebaseer kan word (Smit, 2001:87). Klassifikasie is nie 'n neutrale proses nie; dit word vir 'n bepaalde rede gedoen en word gerig deur die navorsingsdoelwitte (Smit, 2001:87).

Nadat die data gekodeer is, is daar begin om ooreenkomste en herhalings, asook verskille en patrone te identifiseer. Dié proses word deur Smit (2001:87-88) beskou as die identifisering van effektiewe verbande wanneer kategorieë met mekaar geassosieer word of data aan mekaar verbind word. Ooreenkomste of verbande tussen verskillende kategorieë is bestudeer en so is 'n beeld van die data gebou (Smit, 2001:88). Soms moes daar verder as die oorspronklike beskrywings gegaan word en interpretasies, verklarings en voorspellings moes gemaak word (Henning *et al.,* 2004:128). Met behulp van die analise kon daar verder gegaan word as die aanvanklike beskrywings, en kon die hoe-, waar- en wat-vrae beantwoord word.

Soos reeds genoem, moet data eers geanaliseer word alvorens dit geïnterpreteer kan word. Kategorieë is ook geskep van data wat nie deur die deelnemers self herken of besef is nie (Smit, 2001:88). Data is geklassifiseer deur dit in 'n bepaalde groep in te deel waar dit hoort. Data is gemerk en die kategorieë het etikette of eenhede van betekenis geword (Smit, 2001:88). Kwalitatiewe analise behels dus 'n tweeledige taak. Eerstens word klein gedeeltes van die data geselekteer en tweedens word dit toegeken aan 'n bepaalde kategorie – 'n proses wat bekend staan as kodering (Smit, 2001:88). Vir data-analise in die studie is gebruik gemaak van CAQDAS wat 'n rekenaargesteunde sagtewareprogram vir die ontleding van kwalitatiewe data is.

#### 4.6.1.1 Rekenaargesteunde sagteware vir die analise van kwalitatiewe data (CAQDAS)

Sedert die middel tagtigerjare is 'n verskeidenheid van teksdatabasis-stelsels ontwikkel vir kwalitatiewe navorsing. Programme soos Ethnograph, Hyperqual, WINMAX, ATLAS.ti, Nud.ist, Nvivo, KWALITAN en HYPERRESEARCH is ontwikkel, en almal gebruik dieselfde datastrukture om die organisering en bestuur van teksdata te ondersteun (Henning *et al.,* 2004:130). Die organisering en bestuur van data behels dat die posisie van die data in terme van lynnommers en die posisie of oorsprong van teksgedeeltes wat die navorser vrylik kan bepaal, bymekaar gestoor word as aanwysers, tesame met die name van kodes wat aan die teksgedeeltes toegeken is (Henning *et al.,* 2004:130). Met dié tipe sagteware kan ongestruktureerde teksgedeeltes georganiseer word deur kodes daaraan te heg (Henning *et al.,* 2004:130). Volgens Smit (2001:93) en Henning *et al.* (2004:130) word rekenaargesteunde sagteware vir die analise van kwalitatiewe data (CAQDAS) wyd toegepas in die navorsingsgemeenskap. Hoe verder die programme ontwikkel het, hoe meer is komplekse koderings- en opspoorfasiliteite by die programme gevoeg. Die ontwikkelaars hiervan het dit bemark as 'n wyse van kwalitatiewe opbou van 'n teorie en hipotesetoetsing (Smit, 2001:93-94; Henning *et al.,* 2004:130). Die eerste kodeer-en-opspoorprogram het kodes gebind aan teksgedeeltes deur aanwysers ("pointers") te gebruik. Soortgelyke datastrukture kan gebruik word om verbande tussen kodes self ook te definieer. Aangesien teoretiese kategorieë soos super kodes, min of meer naby verwant is aan die kodes wat gebruik is om die datagedeeltes te organiseer, het die idee ontstaan dat die strukture van 'n teorie wat ontwikkel in 'n kwalitatiewe studie, verteenwoordig kan word deur 'n netwerk van kodes (Henning *et al.,* 2004:130). Kode-gebaseerde teoriebou-programme soos NUD.IST, Nvivo of ATLAS.ti, bevat eienskappe wat die konstruksie van netwerke van kode kategorieë ondersteun (Henning *et al.,* 2004:130). Volgens Henning *et al.* (2004:126) is Atlas.ti 'n kragtige werksbank vir kwalitatiewe data-analise en spesifiek vir groot hoeveelhede teks, asook visuele en klankdata. Die sagtewareprogram het ondersteuning gebied aan die navorser gedurende die proses van data-analisering, waartydens teks ontleed en geïnterpreteer kon word deur koderings- en skryfaktiwiteite (Henning *et al.,* 2004:126). 'n Belangrike beginsel om in aanmerking te neem is dat, hoewel Atlas.ti 'n kragtige program is om data te orden, daar in gedagte gehou moet word dat die program nie interpretasies doen nie; dit bly steeds die werk van die navorser. Die program help om die data te organiseer maar die navorser moet steeds die program bestuur om by resultate te kan uitkom. Dit het ook 'n omvattende oorsig van die navorsingsprojek verskaf. Die oorsig is die hermeneutiese eenheid van analise genoem, en dit het die onmiddellike soek- en herstelfunksies vergemaklik (Henning *et al.,* 2004:126). Die program het ook oor 'n eienskap beskik om netwerke te bou, wat die navorser in staat gestel het om geselekteerde teks, memo's en kodes visueel met behulp van diagramme te verbind (sien **Bylaag O** vir toepaslike netwerke). 'n Verskeidenheid netwerke wat uit die kodes geskep is, het daartoe bygedra dat die resultate en interpretasie van die data geverifieer kon word. Op dié wyse kon die netwerke wat uit die data na vore gekom het met die interpretasie van die data vergelyk word, en die ooreenkomste het

bevestig dat die navorser se interpretasie die ware belewenis van die deelnemers getrou in die interpretasie en gevolgtrekking van die resultate weergegee het. Dié validasie van die data en resultate het ook bygedra tot die geloofwaardigheid van die studie.

Voorvalle of gebeurtenisse wat as teksgedeeltes in die data gemerk is, is gekodeer. Dié kodeer-en-opspoorfunksie van Atlas.ti voorsien ondersteuning vir teorie-bou deur verbande tussen kodes te fasiliteer om sodoende hoërorde-klassifikasies en -kategorieë te ontwikkel en ook voorstelle te formuleer wat 'n konseptuele struktuur insluit wat by die data pas (Smit, 2001:94-95). Hoewel die onderliggende logika van kodering en soeke vir gekodeerde datagedeeltes ietwat verskil van die tegnieke wat met die hand uitgevoer word soos knip en plak, kleurkodes of diskoersanalise, het die spoed en die deeglikheid van die soeke ongetwyfeld 'n voordeel vir die navorser ingehou. Die navorser het drie keer oorgekodeer om seker te maak die kodes is so goed moontlik gekies en toegeken. Aanvanklik het die navorser te lang beskrywings aan die kodes geheg wat die vorming van families op grond van die kodes, bemoeilik het, byvoorbeeld: **"Bene: ek kyk na dogters se bene en dit is vir my belangrik dat elke dogter mooi bene moet hê"**. Met die tweede kodeerpoging het die navorser weer te kort beskrywings aan die kodes geheg en daar kon weer nie sinvolle families geskep word nie omdat al die kodes dieselfde geklink het, byvoorbeeld "Bene". Met die derde poging het die navorser besef dat dit noodsaaklik is om 'n kort maar noodsaaklike beskrywing aan elke kode te heg om die kodes op 'n sinvolle wyse in families te kan groepeer, byvoorbeeld: "Bene: mooi bene is belangrik".

#### 4.6.1.2 Gegronde teorie ("Grounded Theory") in CAQDAS

Kodering het 'n belangrike rol gespeel in die data-analise en soos Smit (2001:95) dit stel, was dit nodig dat die navorser vasstel waar en hoe elk van die kodes ontstaan het. Kodering as strategie van gegronde teorie is ingesluit vir data-analise. Volgens Smit (2001:95) lê daar aan die hart van gegronde teorie 'n gedetailleerde en duidelike kodering van teks-data. Met die gebruik van CAQDAS word kodering beskou as sleutelwoorde wat aan teks-data gekoppel word. Met ander woorde, die navorser ken aan 'n bepaalde segment van die data 'n bepaalde kode toe. Volgens Henning *et al.* (2004:130-131) is die ontwikkeling van Atlas.ti (die CAQDAS-program wat in die studie gebruik is), sterk beïnvloed deur gegronde teorie. Dit is egter ook belangrik dat kodering nie oorbeklemtoon word nie aangesien 'n groot deel van kwalitatiewe navorsing bestaan uit interpretasie en hermeneutiese analise (Henning *et al.,* 2004:131). Aan die een kant behels gegronde teorie veel meer as slegs die proses van kodering, terwyl CAQDAS aan die ander kant veel meer kan bied as slegs die kodeer-en-opspoor-funksie. Tog bly die kodering van data sentraal tot gegronde teorie en die meeste van die programme wat vir kwalitatiewe data-analise ontwikkel is. Kodering vir gegronde teorie is egter meer kompleks as bloot net die toeken van etikette aan bepaalde teks-segmente en die isolering en benoeming van kategorieë (Smit, 2001:96; Henning *et al.,* 2004:131). Om 'n program soos Atlas.ti te gebruik om die analiseproses

te bestuur hoef nie noodwendig in lyn te wees met die metodologie van gegronde teorie nie; tog verduidelik dit die prosedure vir kodering en die skryf van 'n verhandeling in besonderhede (Smit, 2001:96; Henning *et al.,* 2004:131). Dit vergemaklik die wyse waarop daar met data gewerk word. Die navorser het soos Babbie en Mouton (2001:499-501) en Henning *et al.* (2004:131-132) dit stel van oop - aksiale - en selektiewe kodering gebruik gemaak vir die studie.

- **Oop kodering**

Kodering behels die proses waartydens data afgebreek en gekonseptualiseer word en op 'n nuwe wyse aan mekaar geheg word. Die navorser het van oop kodering gebruik gemaak toe data in diepte bestudeer is en verskynsels in die data gekategoriseer en benoem is. Dit impliseer dus dat die navorser die data opgebreek het in kleiner dele wat bevraagteken is met vrae soos *wat, waar, wie, wanneer* en *hoe* (Babbie & Mouton, 2001:499-500; Henning *et al.,* 2004:131). Met oop kodering word data opgebreek in konsepte en kategorieë (Smit, 2001:96). Die navorser het dan die data vergelyk en soortgelyke insidente is saam gegroepeer en het dieselfde konseptuele etiket gekry. Kategorisering is die proses waar konsepte op 'n hoër, byna meer formele, vlak saam gegroepeer word (Babbie & Mouton, 2001:499-500; Henning *et al.,* 2004:131). Volgens Strauss en Corbin (1998:57) vorm kodering die sentrale proses waardeur teorieë uit die data opgebou word. Die produk van etikettering en kategorisering is die vorming van konsepte wat weer die basiese boustene in die konstruksie van 'n gegronde teorie is (Smit, 2001:96). Die navorser het verkies om, soos Strauss en Corbin (1998:120-121) dit stel, reël vir reël te kodeer. Hoewel dit 'n tydrowende proses was, was dit geslaag en die tyd werd. Kodering kan egter ook in sins- of paragraafverband gedoen word, afhangende van die keuse van die navorser (sien **Bylaag P**).

- **Aksiale kodering**

Lineêre kodering is die gedeelte van die analitiese proses waar die navorser die gedeeltes van die data wat uitmekaar gehaal en geïdentifiseer is, op 'n nuwe wyse weer bymekaar voeg (Babbie & Mouton, 2001:500; Smit, 2001:97; Henning *et al.,* 2004:132). Die handeling het die navorser in staat gestel om ooreenkomste, herhalings en patrone uit die kategorieë of kodes te identifiseer. Die fokus lê juis in die onderlinge verwantskap tussen die kategorieë en kodes; in Atlas.ti word daar na die verbinding van kodes verwys (Smit, 2001:97). Volgens Strauss en Corbin (1998:124) kyk mens in lineêre kodering na die wyse waarop kategorieë oorvleuel en aanmekaar skakel. Kategorieë hou verband met sub-kategorieë om meer presiese en volledige verklarings vir die probleem te gee (Smit, 2001:97). In kodering staan 'n kategorie vir 'n verskynsel soos 'n probleem, 'n uitvloeisel van 'n saak of 'n gebeure wat deur die deelnemers as belangrik uitgelig is (Henning *et al.,* 2004:132). Die ware verbinding van kategorieë vind op 'n konseptuele vlak plaas, wat impliseer dat teks-data na konsepte omgeskakel word

(Henning *et al.,* 2004:132). Hier vind analise tweevoudig plaas: eerstens die direkte woorde van die deelnemer en tweedens die konseptualisering van daardie woorde deur die navorser. Wanneer daar met die werklike data gewerk word, is verwantskappe tussen kategorieë nie altyd so sigbaar nie; daarom help dit wanneer die navorser vrae vra soos *waar, hoe, wanneer, wie* en *hoekom* (Henning *et al.,* 2004:97). Verwantskappe tussen kategorieë kan subtiel, verskans of weggesteek wees; daarom help dit om 'n skema of 'n paradigma te gebruik om opkomende verwantskappe uit te sorteer (sien **Bylaag P**).

- **Selektiewe kodering**

Volgens Henning *et al.* (2004:132) is selektiewe kodering die proses waar die navorser 'n hoofkategorie identifiseer en ander kategorieë daaraan bind. Die navorser kon in die studie met behulp van Atlas.ti "families" van kodes skep en kodes herbenoem of herdefinieer (sien **Bylaag P**).

- **Memo's**

'n Memo ondersteun die navorser daarin om te besin, besluite te neem en data te interpreteer terwyl analise plaasvind. Kode-, teoretiese en operasionele memo's word onderskei. Kode-memo's hou verband met oop kodering, terwyl teoretiese memo's verband hou met lineêre en selektiewe kodering (Henning *et al.,* 2004:132). Atlas.ti beskik oor 'n waardevolle funksie waar die navorser van memo's gebruik kon maak om haar gedagtes te orden. Nadat kodes byvoorbeeld toegeken is, kon die navorser die memo-funksie selekteer en kon kort aantekeninge maak in verband met haar interpretering (sien **Bylaag P** onder "comment").

**4.6.2 Data-aanbieding en -verifikasie**

Data-aanbieding is volgens Miles en Huberman (1994:426) die tweede stap in die proses van data-analise. Volgens Poggenpoel (1998:336) word die aanbieding van data as die kern van kwalitatiewe data-analise beskou. Konsepte en temas is geïdentifiseer en data van al die deelnemers is met mekaar vergelyk om sodoende ooreenkomste en verskille te kon uitwys. Die samevoeging van die verskillende deelnemers se data kan volgens De Vos (2002:336) lei tot die bou van nuwe begrip of om selfs 'n nuwe konseptuele raamwerk of model daar te stel. Die navorser het aan die hand van die ingesamelde data vir die studie asook die breë vrae wat die navorsing gerig het, die volgende tema's identifiseer waarvolgens die data dan bespreek en geïnterpreteer is teen die agtergrond van die gekose perspektiewe, en waar nodig aan die hand van bykomende verenigbare teorieë:

- Massa as self: Dit gaan hier om haar belewenis van massa-toename as deel van die self - sien ook konseptuele voorstelling.
- Die self op die planke: Dit gaan hier om haar voortdurende belewenis van die rol van ander in haar belewenis van massa-toename en 'n veranderende self.
- Die stryd met die self: Dit gaan hier om haar negatiewe belewenis van die veranderende fisieke self, die gepaardgaande emosies wat sy daaromtrent beleef en haar pogings om die self tussen ander te kan handhaaf.
- Verlore kinderjare: Dit gaan hier om die feit dat fisieke veranderinge haar in werklikheid nou in 'n nuwe rol plaas, dat kinderjare vir haar verby is, en dat sy moet probeer om die nuwe rol en gepaardgaande rolgedrag, ook wat haar kleding aanbetref te aanvaar.

Hierdie tweede fase van data-analise lei tot die beskrywing, interpretasie van, en begrip vir die data. Die doel en konteks van die studie is gereflekteer deurdat die navorser toepaslike verbatim aanhalings van die deelnemers se getranskribeerde onderhoude gebruik het om beskrywings van data te verifieer. Die navorser het ryk en indiepte-beskrywings oor elk van die vier temas gedoen. Die beskrywings is toegelig met toepaslike verbatim aanhalings. Volgens Poggenpoel (1998:337) kan die lesers dan self die oordraagbaarheid van die studie op grond van bogenoemde bepaal.

### 4.6.3 Gevolgtrekkings

Die laaste stap in Miles en Huberman (1994:428-444) se proses van data-analise is om gevolgtrekkings en afleidings te maak op grond van die data. In die maak van gevolgtrekkings vir die studie het die navorser gelet op vergelykings, teenstellings, patrone en temas wat in die data voorgekom het. Tesame hiermee het die navorser bestaande teorie bygebring ten einde sinvolle gevolgtrekkings uit die studie te kon maak. Gevolgtrekkings is gemaak ten opsigte van die deelnemers wat aan die studie deelgeneem het en is nie veralgemeen na die breër populasie nie.

Die navorser moet tot die besef kom dat data-analise hoofsaaklik gemoeid is met menslike situasies en sosiale prosesse (Smit, 2001:88). Sogenaamde feite word deur konseptualisering gevorm. Hoewel die navorser nie daarop aanspraak maak dat sy suiwer volgens die gegronde teorie gewerk het nie, bevat die proses waardeur kodes en kategorieë geïdentifiseer is egter elemente van die gegronde-teorie-benadering. Maar die doel van die studie was nie om nuwe teorie te bou nie. Die navorser het gepoog om so na moontlik aan die data getrou te bly. Dit was egter belangrik dat die finale verslag moes strek tot die bevestiging van die kriteria van geldigheid, betroubaarheid en verteenwoordiging wat deur triangulasie bewerkstellig kon word (Smit, 2001:88). In dié navorsing is daar gewerk met twee primêre dokumente (hermeneutiese eenhede). Aanhalings is uitgelig, dit het kodes navore gebring wat weer in families verdeel is. Ooreenkomste, herhalings en patrone is gebruik om 'n verskeidenheid netwerke te

skep (sien **Bylaag P** vir 'n uittreksel uit een deelnemer se data, voorbeelde van kodes, kodes en verbatim transkripsies, data-families en 'n toepaslike netwerk wat geskep is.

## 4.7 GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Navorsing behoort aan spesifieke reëls te voldoen wat staan as kriteria waarteen die betroubaarheid ("reliability") van die studie geëvalueer kan word. Die reëls kan omgesit word in vrae aan die hand waarvan die geloofwaardigheid ("credibility") van die navorsing gemeet kan word. Lincoln en Guba (1985:290) het reëls voorgestel wat beskou kan word as 'n klassieke bydrae tot die metodologie van kwalitatiewe navorsing. Die reëls is deur Marshall en Rossman in Lincoln en Guba (1985) in die volgende vrae omgesit:

- Hoe geloofwaardig is die bevindinge van die studie? Aan watter kriteria kan dit gemeet word?
- Hoe oordraagbaar en toepaslik is die bevindinge vir 'n ander groep of raamwerk?
- Hoe kan mens redelik seker wees dat dieselfde bevindinge verkry sal word wanneer die studie met dieselfde deelnemers en onder dieselfde omstandighede herhaal sou word?
- Hoe kan daar verseker word dat die bevindinge wat weerspieël word dié van die ondersoek self is en nie die navorser se eie vooroordeel nie?

Lincoln en Guba (1985:290) verwys na die vrae as die vestiging van die werklike waarde van die studie, asook die toepaslikheid, konsekwentheid en neutraliteit daarvan. Die konstrukte wat die aannames van kwalitatiewe navorsing meer akkuraat reflekteer, is geloofwaardigheid en geldigheid ("validity"), betroubaarheid (reliability), oordraagbaarheid ("transferability") en bevestigbaarheid ("confirmability") (Lincoln & Guba, 1985:290).

### 4.7.1 Geloofwaardigheid en geldigheid

Geldigheid ("validity") en geloofwaardigheid ("credibility") is twee kriteria aan die hand waarvan bepaal kon word of dit wat met die studie beoog is, wel gemeet is. Geldigheid verwys na die mate waartoe 'n spesifieke meting data voorsien wat verband hou met algemeen aanvaarde betekenisse van 'n spesifieke konsep. In kwalitatiewe navorsing verwys geldigheid na die mate waartoe 'n metode dit ondersoek wat ondersoek moet word (Smaling, 1992:316; Smit, 2001:70). Geloofwaardigheid kan beskou word as die alternatief vir interne geldigheid ("internal validity") (De Vos, 2002:350; Smit, 2001:68). Dit dui aan dat die ondersoek op so 'n wyse uitgevoer is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is (De Vos, 2002:351). Die sterkte van 'n kwalitatiewe studie wat dit ten doel stel om 'n probleem te ondersoek of 'n proses, 'n sosiale groep of patroon van interaksie te omskryf, sal in die geldigheid van die studie geleë wees (De Vos,2002:351). Volgens Smit (2001:68) is die toets vir

geldigheid of daar 'n ooreenkoms is tussen dit wat die deelnemer as die sosiale uitleg sien en die wyse waarop die navorser deelnemers se standpunte oordra. Om die geloofwaardigheid en objektiwiteit van die studie te verhoog, is dit daarom belangrik om die data te verifieer. Deelnemervalidasie ("member check") en kruisvalidasie ("cross validation") is twee strategieë wat gevolg is om die geloofwaardigheid en objektiwiteit van die studie te verhoog. Volgens Babbie en Mouton (2001:276) verwys lidvalidasie na die deelnemer se verifikasie van die data wat deur die navorser geïnterpreteer is. Verifikasie vind plaas om vas te stel of data akkuraat en korrek beskryf is en om die interpretasies en gevolgtrekkings vanuit die data te kontroleer (Babbie & Mouton, 2001:276). Om lidvalidasie toe te pas het die navorser telkens die inligting wat die deelnemer verstrek het, kortliks opgesom en teruggekaats na die deelnemer om weer daarop te reageer. So het die deelnemer geleentheid gekry om waar sy misverstaan is, aan te vul of te korrigeer. Kruisvalidasie verwys na die gebruik van veelvoudige metodes, bronne en tegnieke om die objektiwiteit of geloofwaardigheid van die studie te verhoog (Babbie & Mouton, 2001:275). Verskeie data-insamelingsmetodes en stimulustegnieke is gebruik om die geldigheid van die data te probeer verseker. Triangulasie is ook toegepas om soos Babbie en Mouton (2001:277) dit stel data in te samel oor verskillende gebeure, aspekte en verhoudings binne die studie deur verskillende standpunte in ag te neem. Om dit toe te pas is verskillende metodes van data-insameling gebruik (bespreek onder punt **4.5.1**) om sodoende by te dra tot die triangulering van data. Die navorser het haarself ook vergewis van verskillende ander navorsers se werk teneinde nie alleen haar eie mening betreffende bevindinge van die studie weer te gee nie, maar wel ook die van ander navorsers.

Geloofwaardigheid of interne geldigheid kon op drie wyses in die studie bereik word (Smaling, 1992:316; Babbie & Mouton, 2001:122-123).

- **Inhoudsgeldigheid**

Inhoudsgeldigheid ("content validity") verwys hoofsaaklik na die prosedure en data-insamelingsmetodes wat gebruik is om die verskynsel te ondersoek (Babbie & Mouton, 2001:122-123; Smaling, 1992:314-315). Met ander woorde, hoe goed meet die meet instrumente dit wat gemeet moes word? In hierdie studie is 'n deeglike literatuurstudie gedoen wat gefokus het op vroeë-adolessente ontwikkeling, selfhandhawing en ander relevante konsepte en verskynsels. Die literatuurstudie het agtergrond verleen aan die breër ontwerp van die navorsingstudie. Die navorser het gepoog om alle onderhoude en fokusgroepe te benader vanuit die oorkoepelende navorsingsvrae.

- **Konstruk- of konsep-geldigheid**

Konstruk- of konsep-geldigheid behels die mate waartoe 'n instrument 'n teoretiese konstruk suksesvol meet (Green, 2004:63). Konstrukgeldigheid vorm deel van kruisvalidasie en dit verwys volgens Babbie

en Mouton (2001:123) in kwalitatiewe studies na die logiese verwantskap tussen veranderlikes. Die korrekte, duidelike en ondubbelsinnige omskrywing van konsepte en die sistematiese ordening daarvan in ’n konseptuele raamwerk, is belangrik om konstrukgeldigheid te verseker (Babbie & Mouton, 2001:123). Smaling (1992:315) beskryf dit ook as die kwaliteit van die konseptualisering of operasionalisering van die relevante konsepte wat deur die prosedure geïmpliseer word. Relevante vrae wat gewoonlik beantwoord moet word, is wat beteken die instrument, wat meet die instrument en hoekom en hoe funksioneer dit op die wyse wat dit doen (Green, 2004:63).

Kleding-, sosio-psigologiese, lewensverloop-, ontwikkelings- en simbolies-interaksionistiese benaderings is in die studie gebruik om die relevante konsepte te omskryf en met mekaar in verband te bring. Die omskrywing van die konsepte, die beperking tot konsepte wat in die konseptuele raamwerk voorkom en die konsekwente gebruik van konsepte het bygedra tot die konstrukgeldigheid van dié studie. Die navorser het so ver moontlik gepoog dat konsepte op ’n konstante basis gebruik word sodat die deelnemer die betekenis daarvan kon begryp en vertroud kon raak met dit waarvoor die konsep staan. Wanneer ’n bepaalde konsep ter sprake gekom het, het beide die navorser en deelnemer die betekenis daarvan begryp.

- **Logiese geldigheid**

Logiese geldigheid het betrekking op die navorsingsresultate sowel as die konseptuele raamwerk (Smit, 2001:71). Die konseptuele raamwerk moet argumente kan voorsien wat logies bevestigend is vir die verdediging van die gevolgtrekking(s) wat uit die navorsing gemaak word (Smit, 2001:71). Daar moet ’n logiese vloei van argumente wees, van die begin van die studie af tot aan die einde by die gevolgtrekking(s).

Geldigheid en geloofwaardigheid van kwalitatiewe navorsing het te doen met beskrywing en verduideliking, en of ’n gegewe verduideliking/verklaring by ’n gegewe beskrywing pas (Smit, 2001:71). Dit word bepaal deur die mate waartoe die data die werklike ervaring van die deelnemers weergee. Die geldigheid van die inligting kan ook bevorder word deur die deelnemers se bereidwilligheid om vrylik, in ’n atmosfeer van begrip en vertroue, met die navorser te kommunikeer oor hul ervarings (Smit, 2001:71).

Om die geloofwaardigheid van die studie te verhoog het die navorser aan die einde van elke onderhoud, dit wat die deelnemer gedeel het saamgevat en herhaal om seker te maak dat die data reg geïnterpreteer word (lidvalidasie) (Babbie & Mouton, 2001:277). Geloofwaardigheid word veral verkry deur die proses van kruisvalidasie. Dit impliseer dat inligting wat met ander data-insamelingsmetodes verkry is, dieselfde bewyse lewer. Indiepte-onderhoude, fokusgroepe en persoonlike dokumente is vir

data-insameling gebruik. Wanneer twee of meer data-insamelingsmetodes gebruik word, kan aanspraak gemaak word op data-validasie. Van belang is dat dieselfde data met beide metodes verkry word. Hoewel data met verskillende metodes ingesamel is, is die analise van die rou data as eenheid gehanteer deur een hermeneutiese eenheid te gebruik. Daar is, soos Smit (2001:68) dit stel, ook gekyk of die navorsingsbevindinge dit weergegee het wat daar inderdaad gesê is. Omdat data nie self kan praat nie, moes daar ’n interpreteerder van die werklikheid wees (Smit, 2001:68). Om die betroubaarheid van die studie te verhoog, het die navorser gepoog om die deelnemer se konstruksie van die werklikheid en hoe sy die wêreld verstaan, getrou weer te gee. Die navorser het telkens die interpretasie van die deelnemer se data met die deelnemer bevestig, en so is deelnemervalidasie toegepas. Metode-validasie is ook in die studie toegepas waar twee of meer navorsingsmetodes of -benaderinge toegepas is, naamlik fenomenologie en gegronde teorie. Die navorser het ook die studie met ander navorsers bespreek en sodoende is navorser-validasie ook in die studie toegepas. Die studie kan daarop aanspraak maak dat meer as een tipe validasie (dus veelvoudige validasie) in die studie toegepas is (Babbie & Mouton, 2001:275).

### 4.7.2 Betroubaarheid

Volgens Smaling (1992:65) is die kern van betroubaarheid (“reliability”) die afwesigheid van toevallige foute. Betroubaarheid verwys daarna dat dit wat as data opgeneem is en dit wat werklik voorgekom het in die verskynsel wat bestudeer is, konstant deur verskillende navorsers in hul waarneming gevind sou word (Smit, 2001:71). Anders gestel verwys dit na die mate waartoe ’n ander navorser dieselfde resultate sou behaal met dieselfde deelnemers en onder dieselfde omstandighede. Om betroubaar te wees moet data op dieselfde wyse geïnterpreteer word deur verskillende navorsers. Die menslike faktor wat as instrument optree kan alleenlik die betroubaarheid van die data verhoog wanneer daar inoefening en opleiding plaasvind (Smit, 2001:72). Die betroubaarheid van dié data vir die studie het grootliks afgehang van hoe betroubaar die deelnemers was wat die data verskaf het en die vermoë van die navorser om die data in te samel.

Veelvoudige data-insamelingsmetodes kan ook die betroubaarheid van die studie verhoog. **Afdeling 4.5** in die hoofstuk beskryf die veelvoudige data-insamelingsmetodes wat in die studie gebruik is. Die navorser het ook aangedui hoe daar by resultate uitgekom is deur kodering, kategorisering en die aanmekaar-skakel van data deur netwerke en CAQDAS. Data kan dus teruggevoer word na die oorspronklike bron; dit kan beskryf word as ’n ketting van bewyse (Smit, 2001:72).

Maatstawwe wat tot betroubare resultate kan lei:

- Eienskappe van die navorser wat 'n effek op die data-insameling kon hê, was onbewustelike vooroordeel, bepaalde verwagtings, houdings, opinies en gelowe (Green, 2004:65). Die navorser het sover moontlik daarop gelet dat die oriëntering van die navorser wat elk van die faktore aanbetref, nie die deelnemers in 'n positeiwe of negatiewe wyse raak nie.
- Die deelnemers in die studie kan bewus wees van dit waarom die navorsing handel en dan dienooreenkomstig optree. Dit kan manifesteer in weerstand teen deelname, die verskaffing van onakkurate inligting, hardnekkigheid en voorgee om te wees wat die persoon nie is nie. Onderhoudsversadiging kan ook 'n verwarrende veranderlike wees. Moegheid van beide deelnemer en navorser asook die vlak van motivering kan die betroubaarheid van die ingesamelde data beïnvloed (Green, 2004:65). Vir dié studie is die data-insamelingsmetodes so betekenisvol, toepaslik en interessant as moontlik gedoen. Elke data-insamelingsessie of -onderhoud het minstens een tot twee stimulustegnieke ingesluit. Aangesien die deelnemers nog betreklik jonk was en hul aandag makliker afgelei kon word, is daar gepoog om met behulp van die stimulustegnieke juis hul aandag te behou. Dit het hulle aangemoedig om te fokus en die navorser kon ten spyte daarvan dat dit meer tydrowend was, waardevolle inligting op hierdie wyse insamel.
- Betroubare meetinstrumente is 'n voorvereiste vir metingsgeldigheid. 'n Instrument kan nie akkuraat meet as dit nie dieselfde interpretasie of verklaring oplewer nie. Meetinstrumente in dié studie kan as betroubaar geag word aangesien data wat daarmee verkry is tot dieselfde interpretasie gelei het.

**4.7.3 Oordraagbaarheid**

Oordraagbaarheid ("transferability") is die mate waartoe 'n studie se navorsingsresultate veralgemeen kan word na die breër populasie of na ander groepe wat nie bestudeer is nie (Smaling, 1992:316). Smit (2001:69) ondersteun die gedagte dat kwalitatiewe navorsing 'n enkel persoon of 'n klein eenheid van analise kies. Die navorser wou die verskynsel in diepte ondersoek, en wou nie soseer die bevindinge veralgemeen nie. Daarom is die bevindige vir die studie slegs ten opsigte van die eenheid van analise gemaak en nie veralgemeen na die breër populasie toe nie. Dit omvat egter ook die begrip van herhaalbaarheid wanneer daar verwys word na die toekomstige herhaling van die studie in 'n ander konteks, met 'n ander teikenpopulasie of navorsingsterrein (Smit, 2001:62). Dit staan ook bekend as reproduksie of veralgemening; daarom maak die studie nie aanspraak op eksterne geldigheid nie.

Die kwalitatiewe eweknie vir eksterne geldigheid is die oordraagbaarheid van die studie. Dit impliseer dat die navorsingsresultate oordraagbaar word vir ander navorsers wat belangstel of betrokke is by

navorsing van dieselfde aard (Green, 2004:62). Voorwaardes hiervoor behels dat die navorsingsverslag akkurate beskrywings van die navorsingsproses moet bevat, dat daar 'n logiese verklaring ontvou vir die metodes wat gekies is, en dat die navorsingsituasie en -konteks in detail beskryf word (Smaling, 1992:318).

Bepaling van oordraagbaarheid word die verantwoordelikheid van die leser wat die mate van ooreenkoms bepaal tussen die terrein van die studie en die inhoud wat ontvang word (Babbie & Mouton, 2001:62; Smit, 2001:69). Die navorser moet genoegsame inligting verskaf deur uitgebreide en sorgvuldige beskrywing van die tyd, plek, konteks en kultuur van die eenheid van analise, sodat die leser 'n eie oordeel kan maak (Smit, 2001:69). In die studie is ryk beskrywings gegee waar data in detail en met presiesheid beskryf is om sodoende die leser in staat te stel om beoordeling in terme van oordraagbaarheid te kan maak. Wat die navorsingsproses betref was die studie deursigtig; dit het bewyse opgelewer vir keuses wat gemaak is. Ten einde oordraagbaarheid te beoordeel is daar gepoog om die grense of reikwydte van informasie te maksimaliseer deur doelbewus deelnemers in te sluit wat van mekaar verskil, daarom is normale– en oormassa deelnemers as steekproef vir die studie ingesluit.

#### 4.7.4 Objektiwiteit en bevestigbaarheid

Objektiwiteit behels om vry van vooroordeel te wees, en verwys na betroubare kennis, nagegaan en gekontroleer, wat vry is van enige vooropgestelde idees (Kvale, 1996:64). Dit impliseer dat, indien goeie, grondige navorsing gedoen word wat sistematies kruis-gevalideer word, die ingesamelde data as objektief beskou kan word (Green, 2004:60). Die navorsingsprosedure kan ook objektief wees wanneer data ingesamel en ontleed word en slegs een interpretasie of betekenis van die data verkry kan word (Smit, 2001:73). Soos Kvale (1996:65) dit stel, wanneer verskillende navorsers dieselfde prosedure volg en met min of meer dieselfde inligting na vore kom, kan die data as objektief beskou word. Babbie en Mouton (2001:273) is ook van mening dat objektiwiteit enersyds beskou kan word as, dat die navorser onbevooroordeeld optree tydens interpretasies en beskrywings, maar ook dat rapport opgebou word en 'n vertrouensverhouding gestig word tussen navorser en deelnemer. Sodoende kon daar naby aan die objek van die studie beweeg word en egte en waarheidsgetroue beskrywings verkry word (Babbie & Mouton, 2001:273). Om 'n vertrouensverhouding te stig is die deelnemers met respek hanteer en daar is gepoog dat die data-insamelingsmetodes nie die deelnemer op enige wyse sou ontstig of te na kom nie. Die deelnemers het ook die geleentheid gekry om vrylik te praat sonder onderbrekings.

Omdat eie opinie en vooroordeel die objektiwiteit van die data kon skaad, het die navorser interpretasies gedoen volgens wat die resultate aandui en nie volgens wat die navorser dink nie. Die eie aard van die subjek of deelnemer het na vore gekom. Die deelnemer het die woord gevoer, en die navorser het daarvolgens interpretasies gemaak.

Bevestigbaarheid is die kwalitatiewe eweknie vir objektiwiteit. Dit verwys na die mate waartoe die navorsingsbevindinge die produk is van die fokus op die ondersoek en nie van die navorser se vooroordeel nie (Babbie & Mouton, 2001:278; De Vos, 2002:352). Lincoln en Guba (1985:290) het die evaluering van die geslaagdheid van die studie van die navorser weggeneem en op die data oorgeplaas. Daarom is rou data, bevindinge, analises, interpretasies en aanbevelings regdeur die studie ondersoek in 'n poging om te bevestig dat dit deur die data ondersteun word en intern duidelik is (Green, 2004:61).

Hoewel die navorser gepoog het om aan al hierdie kriteria te voldoen, mag die data van die studie beperkte voorspellingswaarde hê. Dit wil sê, dit kan nie veralgemeen word nie, veral wanneer in gedagte gehou word dat daar ander metodes van data-insameling en ander benaderings ook is (Smit, 2001:73). Die navorser maak nie daarop aanspraak dat alle temas rondom verandering, massa en selfhandhawing geïdentifiseer is nie, ook nie dat die temas tipies van alle vroeë-adolessente dogters is nie (Smit, 2001:73). Tog het die navorser deurgaans daarna gestrewe om aan al die bogenoemde kriteria te voldoen en sodoende by te dra tot die geldigheid, betroubaarheid en oordraagbaarheid van die studie.

**4.8 ETIEK**

Verantwoordelikheid is 'n beginsel wat die verhouding tussen die wetenskappe en die gemeenskap rig (Babbie & Mouton, 2001:527). Dit impliseer dat wetenskaplikes tot 'n mate aan die gemeenskap moet rekenskap gee van dit wat hulle beplan om te doen (Babbie & Mouton, 2001:527). Hoewel die navorser die reg het om te soek vir indiepte-mededelings en opinies omtrent die verskynsel wat bestudeer word, mag dit nie ten koste van die regte van die deelnemer geskied nie (Green, 2004:67). Die navorser het tydens die navorsing op etiese aspekte gelet en sorg gedra dat alles binne die perke van ordentlikheid geskied. Slegs die etiese aspekte wat vir die studie van belang was, word kortliks bespreek.

**4.8.1 Ingeligte toestemming**

Alle ouers van dogters wat voldoen het aan die vereistes wat gestel is vir deelname aan die studie, het briewe ontvang. Geen deelnemer is uitgesonder, bevoordeel, gedwing of gemanipuleer om aan die studie deel te neem nie. Omdat deelnemers minderjarig en jonk was, is ouers ook in die saak geken. Tydens die ontmoeting met die ouers is die aard en die beplande verloop van die navorsing bespreek. Elkeen het geweet waarom die studie gaan, die prosedure wat gevolg sou word en min of meer hoe lank die deelnemer by die navorsing betrokke sou wees. Nadat ouers en dogters ingelig is oor die aard van die navorsing en wat van die dogters verwag sou word, is hulle gevra om hul skriftelike

toestemming te gee met betrekking tot deelname aan die studie. Ouers en dogters is ingelig dat hulle te enige tyd van die studie kon onttrek.

#### 4.8.2 Privaatheid

Ouers en deelnemers se privaatheid is met sensitiwiteit beskerm (Henning *et al.,* 2004:73). Hoewel die privaatheid van die deelnemers binnegedring is, is ook gemotiveer dat die uitkoms van die navorsing slegs gepubliseer sou word vir akademiese doeleindes (Green, 2004:68). Mededelings van deelnemers is nie met ander deelnemers gedeel nie. Tydens data-insameling is elke deelnemer se inligting as 'n nommer neergeskryf en ook so in die rekenaarlêer opgeneem. Geen naam is gebruik nie. Ook in die navorsingsverslag is verbatim aangehaal met die deelnemer se nommer daarby. Anonimiteit en vertroulikheid is so ver moontlik verseker.

#### 4.8.3 Benadeling/skade

Hoewel dit in teorie maklik klink, is dit nie so eenvoudig om in die praktyk 'n deelnemer nie skade aan te doen nie. Die navorser het reeds met die literatuurstudie tot die besef gekom dat die ouderdom van die deelnemers 'n oorgangsfase op 'n lewensbaan impliseer. Die stadium kon problematies wees as gevolg van die ingrypende veranderinge wat hulle besig is om te ondergaan. Die ontluiking van die dogtertjie in 'n vroeë-adolessent op weg na volwassenheid was vir die meeste deelnemers 'n tydperk van skaamte, hartseer en verantwoordelikheid. Die navorser het werklik gepoog om tydens data-insameling geeneen van die deelnemers te skaad nie. Wanneer 'n deelnemer aangedui het dat sy te skaam was om oor 'n aspek te praat, het die navorser om meer te wete te kom, die opmerking subtiel probeer lei. Wanneer daar egter tot die besef gekom is dat die deelnemer beslis nie daaroor wou gesels nie, is die kwessie daar gelaat. Die navorser was sensitief vir enige situasie wat die deelnemers ongemaklik kon laat voel, maar het tog gepoog om by 'n effektiewe navorsingsdoel uit te kom.

#### 4.8.4 Persoonlike betrokkenheid

Die navorser het die verantwoordelikheid gehad om navorsingsbevindinge getrou weer te gee. Data-interpretasie het weergegee wat werklik bevind is. Sodoende kan ander navorsers daarop bedag wees en die aanbevelings sinvol implementeer. Op aanbeveling van twee praktiserende sielkundiges is slegs direkte verbatim vir die interpretasie van die data gebruik. Visuele stimulus data is dus nie indiepte ge-analiseer nie. Slegs ooglopende opmerkings wat die direkte verbatim bevestig het, is as kruisvalidasie gebruik. Die navorsingsbevindinge word aan die wetenskaplike gemeenskap bekend gemaak in 'n oop en volledige navorsingsverslag.

### 4.8.5 Persoonlike aanleg

In terme van ervaring en kennis het die navorser haarself as goed toegerus beskou om die studie te kon uitvoer. Die navorser het ’n meestersgraad in Verbruikerswetenskap met spesialisering in kledingbestuur voltooi. Die agtergrond van die eerste studie het ook ’n waardevolle bydrae tot hierdie studie gelewer. Veral wat die data-insamelingsmetodes betref, dit wat resultate lewer en minder goeie resultate lewer, hoe om rapport met deelnemers op te bou en die transkribering van die data, het ’n positiewe bydrae tot die studie maak. (Die navorser het self ook ’n dogter van die ouderdom, wat gehelp het om hulle “taal” te begryp en te weet wat vir hulle belangrik is.) Met die beginsels wat toegepas is, vertrou die navorser dat die etiese kwessies van die studie aangespreek is. Die navorser het ook ervaring opgedoen met vorige kursusse waar spesifiek aandag geskenk is aan tegnieke vir goeie kwalitatiewe onderhoudvoering. Tydens die kursusse is aandag gegee aan tipes vrae wat kon lei tot die deel van ware belewenisse, asook vrae wat vermy moet word omdat dit aanvallend en onpersoonlik kan klink. Tegnieke om die belewenisse wat die deelnemer tydens gesprekvoering deel, saam te vat en terug te kaats na die deelnemer om weer daarop te reageer, is ook tydens die kursusse aangespreek.

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan dit wat in aanmerking geneem en uitgesluit is in ’n poging om die kwaliteit van die data wat ingesamel is, te verhoog, en die resultate wat verkry is, na die beste van die navorser se vermoë weer te gee. Bespreking en interpretasie van die resultate geskied in **HOOFSTUK 5**.

# HOOFSTUK 5

# BESPREKING EN INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

## 5.1 AGTERGROND

Met die gekose teoretiese perspektiewe en vrae wat die navorsing gerig het, en met die oog op die uiteindelike doel van die studie, word die bespreking en interpretasie van die resultate vanuit die beleweniswêreld van die vroeë-adolessente dogter gedoen met die volgende temas (Die identifisering van die temas is reeds in **HOOFSTUK 4** verduidelik:

- Massa as self
- Die self op die planke
- Die stryd met die self
- Verlore kinderjare

Die klem val nie op die bewys of weerlê van vorige navorsers se werk nie, maar met inagneming van die agtergrond van die gekose perspektiewe wat as vertrekpunt vir die studie dien, val die klem eerder op die verstaan/begryp van die rol van massa-toename in die belewenis en handhawing van die self tydens 'n belangrike oorgangsfase in die lewe van die vroeë-adolessente dogter. Bespreking en interpretasie van resultate word egter steeds teen die agtergrond van die gekose perspektiewe gedoen, terwyl addisionele teorieë gebruik word ten einde die dogter se belewenisse te verstaan. **In HOOFSTUK 6** word daar aangetoon hoe hierdie temas voldoen aan die doel wat vir die studie gestel is, terwyl die bydrae tot bestaande teorieë ook daar bespreek word.

Bepreking en interpretasie word ondersteun vanuit die rykste verbatim data, en waar nodig word daar ook verwys na spesifieke figure in die bylae. Waar daar word in hierdie hoofstuk na "die vroeë-adolessente dogter" verwys word, het dit slegs betrekking op die deelnemers in die steekproef, en daar kan nie veralgemeen word na 'n breër populasie nie. Tensy spesifiek anders vermeld, dui "die vroeë-adolessente dogter" op dié dogter, ongeag haar massa. Waar dit vanuit die resultate gedui het dat die dogter se spesifieke massa wel 'n rol gespeel het, word dit pertinent so aangedui.

## 5.2. MASSA AS SELF

Die simboliese interaksionisme sien die self as objek waarmee die individu in interaksie kan gaan en wat dus, soos alle ander sosiale objekte, binne 'n bepaalde situasie betekenis kan kry en as 'n simbool beleef kan word (Stone, 1962:88-89; Charon, 1998:67). Mead (1934:136) wys daarop dat die self nie aan die liggaam (fisieke self)

gelyk gestel moet word nie, en maak die verskil soos volg duidelik: "We can distinguish very definitely between the self and the body. The body can be there and can operate in a very intelligent fashion without there being a self involved in the experience. The self has the characteristic that it is an object to itself and that characteristic distinguishes it from other objects and from the body." Wanneer die liggaam egter uitstaan en vir die individu 'n objek raak wat vir haar betekenis kry en wat sy gedurig bewustelik ervaar, word die liggaam deel van die self. Net so, wanneer een deel van die liggaam om watter rede ook al uitstaan en bewustelik beleef word, staan die liggaam en ook die self uit en word as sodanig beleef. "There are, of course, experiences which are somewhat vague and difficult of location, but the bodily experiences are for us organized about a self. The foot and hand belong to the self" (Mead, 1934:136). James (1890:292) verwys dan ook na die liggaam as die fisieke self. Met betrekking tot die vroeë-adolessente dogter sou so 'n siening beteken dat, wanneer haar liggaam weens vele veranderinge nou uitstaan en bewustelik as objek beleef word, dit deel word van haar self (Mead, 1934:136). Massa of massa-toename gedurende vroeë-adolessensie kan dus nie van die liggaam as fisieke self geskei word nie, en daarom ook nie van haar belewenis van die self nie.

Vanuit die resultate van hierdie studie was dit duidelik dat vroeë-adolessensie 'n oorgangsfase in die dogter se lewe is wat definitiewe gevolge inhou vir hoe sy haar fisieke self en uiteindelik ook haar totale self beleef. Verandering en massa-toename speel 'n belangrike rol in hierdie belewenis. Vanuit die siening van die simboliese interaksionisme moet dit egter duidelik gestel word dat dit nie bloot gaan om die oorgangspunt en gepaardgaande veranderinge, soos vanuit 'n lewensverloop-perspektief onderstreep deur Glen en Elder (1994) en Moen *et al.,* (1995) nie, maar wel om die vroeë-adolessente dogter se belewenis daarvan. Charon (1998:47) wys daarop dat mense nie op tekens reageer nie, maar dat die mens in wese 'n sterk simboliese bewustheid het, en op woorde of objekte as simbole reageer soos wat dit in interaksie met ander in 'n situasie betekenis kry. Vanuit so 'n siening reageer die vroeë-adolessente dogter nie bloot op die veranderinge gedurende hierdie oorgangstydperk nie. Dit is ook nie die liggaamlike veranderinge *per se* wat haar belewenis van haar self beïnvloed of 'n effek daarop het nie, maar wel haar belewenis van die veranderinge – in hierdie geval dan spesifiek massa en die verandering in massa (Hareven & Adams, 1982:1; Devine *et al.,* 2000; Shanahan, 2000). Daar moet in gedagte gehou word dat die dogter in hierdie studie in die vroeë-adolessente fase van ontwikkeling is – 'n fase waar die belewenis van die fisieke self nog 'n belangrike rol speel in die belewenis van die self en uiteindelik die self-konsep van die dogter (Montmeyer & Eisen, 1977:316-318; Bee & Boyd, 2002:314).

Dit was duidelik dat daar vir die vroeë-adolessente dogter 'n wisselwerking is tussen massa, groter word en vet (sien **Bylaag O: Figure 1 en 2**). Verandering in die liggaam word dikwels, veral by die normale-massa dogter, as verandering in massa beleef, en enige toename in massa dan dat sy letterlik fisiek groter word – 'n verandering wat dikwels as "vet "ervaar word (Kaiser, 1990:124; Mwamwenda,1996:76). Dit was ook duidelik dat die vroeë-adolessente dogter hierdie veranderinge as oorweldigend beleef en dat sy beleef dat alles skielik, tegelyk begin verander en groter, langer, swaarder of breër word (sien **Bylaag O: Figuur 3**).

***Ek sou langer klein wou bly en eers later ontwikkel... (D3)***
***My borste word groter, ek word lank, kry oral grootmens-goeters soos hare en ek menstrueer... (D3)***
***My bo-lyf word nou groot, ek kry hare onder my arms en aknee op my gesig... (D7)***
***Ek word breër oor my borste, my klere word vinnig klein en ek word vinnig langer en my ouers het nie soveel geld om kort-kort ander klere te kan koop nie... (D14)***
***Ek weet nie hoekom ek dink ek is vet nie, maar ek dra groter klere as my maats... (D6)***

Dit was verder duidelik dat dit vir die vroeë-adolessente dogter nie net gaan om die verandering in primêre en sekondêre geslagskenmerke nie, maar om verandering en ’n gepaardgaande ontevredenheid wat sy skielik ten opsigte van al die dele van die fisieke self beleef. Die ontevredenheid beleef sy ongeag of die verandering ’n werklikheid is al dan nie, en of sy in werklikheid oormassa was, al dan nie. Sy beskryf dan ook haar liggaamsdele in terme soos **“drillerig”** en **‘flabberig”** wat gewoonlik aan vet gekoppel word.

***My bobene flabber en ek hou niks daarvan nie... (D1)***
***Ek hou nie van my vingers nie, dit is te dik, maar my maag is lekker plat... (D2)***
***Ek voel nie gemaklik met my bo-lyf en arms nie en sal graag my maag en bobene mooier wou maak, mooier is vir my maerder... (D10)***
***Ek hou die minste van my onderlyf en veral my bene, ek wil maerder arms hê... (D11)***
***Ek het sulke vierkantige voete, eintlik vierkantige tone, my voete is te breed en vet... (D12)***
***Ek hou nogal van my arms, soms is dit ook vir my ’n bietjie vet... (D12)***
***Ek sou ’n twee-keer groter nommer broek kies en ’n hemp wat my arms toemaak... (D4)***
***My bene lyk te groot as ek afkyk... (D14)***
***My maag is vet en rond maar my pa het ook so gelyk... (D16)***

Die vroeë-adolessente dogter is dus nou in staat om die liggaam as geheel, maar ook as afsonderlike dele raak te sien (sien **Bylaag O: Figure 4 tot 9**), en as objek uit te lig, daaroor te dink, dit te evalueer, met ander se liggame te vergelyk, ander se opinie daaromtrent in ag te neem en tevrede of ontevrede daaroor te voel. Ongelukkig is die vroeë-adolessente dogter nou in ’n ontwikkelingsfase waar haar gedagtes toenemend idealisties raak (Halonen & Santrock, 1996:338; Owens, 2002:550; Sandstrom *et al.,* 2006:29), wat dikwels meebring dat sy haarself en ander aan idealistiese standaarde meet – in die geval van haar liggaam, aan die skraal en dikwels onrealistiese vroulike liggaam wat die media as ideaal voorhou.

***Ek voel skaam en ongelukkig, ek wil nie my liggaamsdele vir ander wys nie... (D1)***
***Ek sou nie omgee om soos sy aan te trek nie want sy is perfek, maar ek is nie so perfek soos sy nie... (D2)***
***Dit is vir my belangrik dat elke dogter mooi bene moet hê, daarom trek ek graag langbroeke aan want ek wil altyd my bene wegsteek want ek is skaam vir my bene... (D11)***

***Ek hou die minste van my onderlyf, my bene veral... (D11)***
***My middel en maag is mooi plat daarom kan my klere maar styf sit, maar oor my bobene moet dit bietjie losser sit om dit nie so te beklemtoon nie... (D14),***
***My bene voel altyd so vet... (D12)***
***Ek dra 'n langbroek dan lyk my bobene nie so groot nie en vreemde mans kan nie so kyk en vat nie ... (D14)***

Uit bostaande is dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter nou haar liggaam en dele daarvan as 'n objek uitlig wat sy voortdurend evalueer en meestal as te groot of vet ervaar (sien **Bylaag O: Figure 4 tot 9**). Daarom is sy nie nou met haar liggaam tevrede nie. Secord en Jourard (1953) verwys daarna as liggaamskatekse/-besetting wat gedefinieer kan word as "die proses waardeur die libido of psigiese energie gefikseer word op, of belê word in, 'n objek soos 'n persoon, 'n sosiale groep, 'n voorwerp of die eie ego" (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1987:41). Met betrekking tot die vroeë-adolessent sou liggaamsbesetting dan dui op 'n totale ingesteldheid op die liggaam wat, volgens Kaiser (1990:108), verwant kan wees aan liggaamsbeeld, maar ook 'n definitiewe graad van tevredenheid of ontevredenheid impliseer. Kaiser (1990:108) en Sandstrom *et al.* (2006:29) wys dan ook op die geneigdheid by mense tot sogenaamde perseptuele groeperings van ligggaamsdele waaroor daar dan tevredenheid of ontevredenheid is. Davis (1985), Damhorst, Littrell en Littrell (1987) en Chattaraman en Rudd (2006) het gevind dat hoërskool-adolessente geneig is tot perseptuele groepering van ligggaamsdele en dat daar by dogters, soos in hierdie geval, groter ontevredenheid met die middel-, heup- en bobeenareas is.

Veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter ervaar nou nie net haar liggaam as objek vir wat dit is of kan doen nie, maar baie spesifiek as objek waarna gekyk kan word en wat visueel en waarskynlik nou ook as seksuele objek waardeer kan word – nie net deur haarself nie maar ook deur ander wat die sosiale omgewing met haar deel. Die vroulike liggaam word ook in die massamedia voorgehou as 'n begeerlike objek (Croesz, Levine & Murnen, 2002). Uit die resultate van hierdie studie lyk dit dan ook asof dit veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter is wat haar liggaam tot 'n groter mate as objek beleef wat deur ander beoordeel kan word op grond van hoe dit lyk – 'n ervaring wat haar voortdurend meer bewus maak van haar liggaam waaroor sy nou ook dikwels skaam voel (sien **Bylaag O: Figuur 10**).

***Ander moet nie sê ek is te maer of te vet nie, net reg... (D3)***
***My arms en my bo-arms voel vir my so vet, ek weet nie hoekom nie maar iemand het eenkeer vir my gesê dat ek sulke vet bo-arms het... (D12)***
***Om die waarheid te sê hou ek niks van my voete nie ek is baie selfbewus daaroor, veral Annelize sê altyd vir my ek het sulke lelike voete en alles. Dit is nie net omdat dit groot is nie maar ek hou nie van hoe hulle lyk nie. Ek het sulke vierkantige voete, eintlik vierkantige tone; my voete is te breed en vet... (D12)***
***As my ma vir my sê ek lyk vet dan hou ek glad nie daarvan nie... (D13)***
***Toe ek nuut by die skool gekom het, het die kinders my gespot en gesê ek is vet... (D14)***

Dit is duidelik dat gevolge in die vorm van ontevredenheid met en skaamte oor die liggaam nou self-objektifisering vir die vroeë-adolessente dogter tot gevolg kan hê (Noll & Fredrickson, 1998; Slater & Tiggemann, 2002; Fea & Brannon, 2006; Grabe, Hyde & Lindberg, 2007). Objektiveringsteorie (objectification theory) (Fredrickson & Roberts, 1997) gaan van die standpunt uit dat die mens oor die vermoë beskik om die self as 'n objek te sien. Binne die Westerse kultuur lei dit veral tot self-objektifisering onder dogters en vroue. Die waarde van die self as objek word dan op die voorkoms gebaseer en nie op dit waarvoor die liggaam staan of dit wat die liggaam kan doen nie (Fredrickson & Roberts, 1997; Noll & Fredrickson, 1998). Self-objektifisering kan dus gedefinieer word as die waardering van die eie liggaam vanuit 'n derde-persoonsperspektief waar daar dan veral gefokus word op sigbare liggaamskenmerke (hoe ek lyk in plaas van wat ek kan doen of hoe ek voel). In 'n Westerse kultuur waar die vroulike liggaam veral deur die massamedia (modelle) dikwels uitgebeeld word as 'n objek wat voortdurend geëvalueer en waardeer kan word (sien **Bylaag O: Figuur 11**), lei self-objektifisering by vroue en dogters dan na die gewoontevormende en voortdurende monitering van die liggaam. McKinley en Hyde (1996), Tiggemann en Lynch (2001) en Aubrey (2006) verwys daarna as "body surveillance". Dit is 'n staat van as't ware die bewaking van die liggaam en kan veral by vroue en dogters tot gevoelens van skaamte oor die liggaam en selfs depressie lei (Quinn, Kallen & Cathey, 2006; Grabe *et al*, 2007). McKinley en Hyde (1996), Fredrickson en Roberts (1997) en Lindberg, Hyde en McKinley (2006) wys verder daarop dat 'n intense en voortdurende monitering van die liggaam as gevolg van self-objektifisering tot 'n staat van self-bewustheid kan lei wat gekenmerk word deur 'n passiewe bekommernis en oorpeinsing, wat weer kan lei tot depressie. Dit is veral dogters wat moontlik nog die Westerse massamedia-beskouing van die vroulike liggaam as objek wat waardeer kan word, aanhang, in stede van 'n meer feministiese siening van die fisieke self, wat hierdeur geraak word (Myers & Crowther, 2007).

***Ek is skaam en ongemaklik met my liggaam wat groot word... (D1)***
***Ek koop nie kalerige toppies nie; dit laat my baie ongemaklik voel. Ek kan nie die dun-bandjie-toppies dra nie – dit is hoekom ek die baadjie oor my pajamas aangetrek het. Ek voel skaam en ongemaklik, ek wil nie my liggaamsdele vir ander wys nie. Ek is tot skaam met my swemklere; by partytjies sal ek my swemklere aantrek met klere bo-oor... (D1)***
***Vandat ek grootword moet ek die heeltyd omgee hoe ek lyk want ander kyk vir my... (D7)***
***Ek voel onrustig oor wat ander mense van my sal sê in 'n stywe broek... (D4)***
***'n Mens is bekommerd oor wat ander van jou sal sê as jy so lyk... (D12).***

Dit blyk dat die vroeë-adolessente dogter nie net fisieke verandering – en dan spesifiek die groter word van die liggaam as geheel asook die onderskeie dele daarvan – negatief ervaar nie, maar dat dit ook gevolge inhou vir hoe sy nou haar klere as tweede vel ervaar. Kaiser (1990:3) wys daarop dat kleding 'n tweede vel is en as deel van die fisieke self beleef word. Entwistle (2002:133) stel dit dat kleding deel vorm van die epidermis en op die skeidingsgrens tussen die individu en ander lê. Stone (1962:86-91) verkies die term *voorkoms*, wat die grootte en vorm van die liggaam insluit, maar ook die kleding soos wat die individu in interaksie met ander in die sosiale

omgewing verkeer. Belewenis van die liggaam raak dus ook die individu se belewenis van haar kleding. Chattaraman en Rudd (2006) het bevind dat vroue met 'n groter liggaamsgrootte, of wat hulleself as groter ervaar, voorkeur gee aan klere wat die liggaam meer bedek en minder beklemtoon. Dit is veral stywe klere wat die liggaam se verandering en groter word beklemtoon en kort klere wat die liggaam ontbloot, wat die vroeë-adolessente dogter nou ongemaklik, onrustig, vet en skaam laat voel (sien **Bylaag O: Figure 12 tot 15**).

Vanuit 'n kledingagtergrond wys Kaiser (1990:108) verder daarop dat dit dikwels gaan om sogenaamde perseptuele groepering van liggaamsdele wat aan mekaar verwant is en dan 'n belangrike rol speel in die individu se algehele satisfaksie met die liggaam en gevoelens teenoor die self. Damhorst, Litrell en Litrell (1987) het onder hoërskool dogters bevind dat daar veral ontevredenheid is met die middelste gedeelte van die liggaam, en spesifiek met die middel, heupe en bo-bene. Davis (1985) het dieselfde onder vroulike universiteitstudente bevind, terwyl Rook (1985) bevind het dat daar 'n verband bestaan tussen vroulike respondente se liggaamstevredenheid en hul kleding- en voorkomsgedrag.

Kaiser (1990:129-130) wys verder daarop dat vroeë-adolessente dikwels ontevrede is met hul fisieke voorkoms en kleding. Hul plaas ook dikwels groot klem daarop omrede hulle nog geneig is om op konkrete kwaliteite van die self en ander te konsentreer. Lerner, Orlos en Knapp (1976) het ook bevind dat negatiewe gevoelens met betrekking tot die fisieke voorkoms en kleding by adolessente ook verband hou met 'n negatiewe belewenis van die self. Daarmee saam het Zakin, Blyth en Simmons (1984) bevind dat dit veral die aantreklike dogter is wat tydens vroeë-adolessente ontwikkeling meer ongelukkig is oor fisieke veranderinge en die toename in massa en dat dit ook 'n rol speel met betrekking tot haar tevredenheid met haar klere.

***Ek voel tot skaam in my swemklere; by partytjies sal ek my swemklere aantrek met klere bo-oor... (D1)***
***Ek hou nie van oop en kort klere nie, ek voel onrustig, ongemaklik en bedompig, ek voel op my senuwees met kort hempies en rompies... (D5)***
***As die klere styf sit laat dit my voel soos klere wat iemand aan het wat te klein is, soos asof ek groot is, baie groot soos vet, dit laat my aan dit dink as ek "ski-pants" aantrek... (D8)***
***Ek hou nie daarvan om my liggaam uit te wys nie, ek sal my arms wys maar wil nie my middel wys nie. Ek voel ook nie reg oor my bene nie; daarom dra ek nie graag kortbroeke nie maar drie-kwart broeke... (D10)***
***Ek dra 'n langbroek want dan lyk my bobene nie so groot nie en vreemde mans kan nie so kyk en vat nie ...(D14)***
***Ek dra nie 'n bikini nie want die vorm van my lyf is nie reg nie; ek het te veel vetrolletjies in my middel. Ek dra 'n eenstuk-swembroek dan voel ek beter. Ek dra ook 'n kortbroek bo-oor om my bobene toe te maak ... (D15).***

Rudman en Hagiwara (1992), Sommers-Flanagan, Sommers-Flanagan en Davis (1993) en Kolbe en Albanese (1996) verwys na seksuele objektifisering, waar die liggaamsdele as't ware van die liggaam en seksuele

funksionering van die persoon geskei word en waar die fokus dan op die individuele liggaamsdele is, soos 'n oop maag of kaal bene, in stede van op die res van die persoon – 'n praktyk wat dikwels deur die media voorgehou word. Vir die vroeë-adolessente dogter gaan dit dus nou, ongeag haar eie massa, nie net om verandering van primêre en sekondêre geslagskenmerke en die langer of groter word van sekere liggaamsdele nie, maar om 'n voortdurende bewustheid en monitering van alle dele van die fisieke self wat sy as groter, dikker en vetter beleef en waaroor sy meestal ontevrede, ongemaklik en skaam voel. Sy ervaar dat haar liggaam skielik totaal anders raak en veral groter en vetter as waaraan sy gewoond was en ook anders as wat sy haar self as objek in interaksie met ander beleef en voorgestel het. Charmaz en Rosenfeld (2006:35) wys daarop dat, wanneer die individu haar liggaam ervaar as anders as dié van die ander, of in hierdie geval, anders as wat dit was, dit tot gevolg het dat die individu só bewus word van die liggaam, dat dit terug reflekteer as 'n totale intense bewustheid van die self, en spesifiek dan die "looking-glass self" (Cooley, 1902), dit wil sê, soos wat die self tussen ander ervaar word.

Vir die simboliese interaksionisme behoort die belangrikheid van die fisieke self (die liggaam), as deel van die self, dus nooit onderskat te word nie. March (2000) wys daarop dat, omrede die liggaam 'n materiële basis het, die mens daarteenoor as deel van die Self kan optree, soos wat mens teenoor enige ander sosiale objek sou optree. Dit kan dus as simbool betekenis kry, terwyl die individu dit ook kan beoordeel, 'n opinie daaroor kan vorm en 'n bepaalde gevoel daaroor kan hê. Sanders (2006:283) benadruk Mead se siening dat, soos die self, die liggaam ook gesien moet word as 'n proses (iets wat voortdurend na iets anders verander), eerder as 'n bloot statiese objek. As proses is dit dan ook die draer en in wese deel van die self en dus ook van die individu se identiteite. Turner (1984:338-39) sien die liggaam as die voertuig vir die dra van dié deel van die Self wat die individu nie kan sien of aanraak nie, soos die individu se gedagtes, gevoelens, persepsies en houdings – almal deel van die innerlike self. As deel van die Self, staan die fisieke self dus nie los van die innerlike self nie; as die een uitgelig word, het dit ook implikasies vir die ander een (Mead, 1934:140).

Uit die resultate was dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die veranderinge in haar fisieke self, en spesifiek dat die liggaam en dele daarvan in massa toeneem en groter word, ook gevolge inhou vir hoe sy nou haar innerlike self beleef. Die vroeë-adolessente dogter voel dat dit nie net haar liggaam is wat verander nie, maar ook haar innerlike self.

***Ek voel goed oor myself net somtyds voel ek nie goed nie; as ek baie "sweets" en goed geëet het, voel ek nie lekker nie. Ek voel ook sommige dae nie lekker nie; ek voel dan hartseer... (D1)***
***Wanneer ek soos 'n 9 voel (liggaamstevredenheidskaal) het ek 'n slegte dag, veral my bene is vet. As ek soos 'n 9 voel is dit gewoonlik 'n baie, baie koue dag waarop ek baie eet en lê, dit is nie vir my lekker nie as ek so baie lê nie; dan voel ek vuil en sleg. Soos op 'n Saterdag as ons sommer net by die huis bly, dan kam ek nie eers my hare nie en voel dan soos 'n 9... (D2)***

***As 'n familielid of iemand naby aan my vir my sê dat my bene nie mooi is nie, sal ek dit ook van toepassing maak op my binnekant of enige ander liggaamsdeel... (D2)***
***Dit is nie net my lyf wat verander nie, maar my persoonlikheid verander ook... (D4)***
***Kritiek oor my voorkoms maak my hartseer en dan voel ek nie goed genoeg nie... (D9)***
***As ek die dag nie lus voel vir stywe klere nie wil ek los klere dra want as ek af voel die dag en nie goed oor myself voel nie, moet my klere nie styf aan my lyf sit nie – dan wys dit te veel... (D12)***
***Toe ek klein was het ek nie so maklik skuldig gevoel nie... (D13)***

James (1961) benadruk dit dat emosionele belewenisse 'n sentrale eienskap is van "selfhood" (om aktief bewus te wees van die self en met die self te kommunikeer). Alhoewel die liggaam en die self nie dieselfde is nie, affekteer die een die ander, en veranderinge in die liggaam dus ook die self – waaronder die emosionele en kognitiewe belewenisse. Die verandering in massa en die verandering en veral groter-word van die liggaam, het ook 'n uitwerking op die vroeë-adolessente dogter se emosionele belewenis. Sy ervaar die liggaam en veranderinge as objek wat geëvalueer kan word en wat bepaalde emosies tot gevolg kan hê. Uit die resultate van hierdie studie was dit duidelik dat die toename in massa, die groter-wordende liggaam en die ervaring van vet-wees of vetter word, veral twee emosies by die vroeë-adolessente dogter teweeg bring, naamlik skaamte en hartseer (sien **Bylaag O: Figuur 10 en 20**).

Die feit dat haar liggaam nou verander en groter word, wek veral by die normale-massa dogter gevoelens van skaamte en ongemaklikheid. (Daar moet in gedagte gehou word dat fisieke veranderinge soos die toename in massa en rondinge, waarskynlik gouer en meer sigbaar is by die normale-massa dogter, as wat die geval is by die oormassa dogter, wat reeds groter en ronder as die kulturele ideaal is. Dit is dus moontlik dat die normale-massa dogter nou baie meer bewus is van die fisieke veranderinge en toename in massa, wat dan by haar gevoelens van ongemak en skaamte tot gevolg het.) Bermúdez, Marcel en Eilan (1995:3) wys daarop dat self-bewustheid in werklikheid die aanbied van die self as 'n objek is, terwyl Larson *et al.* (2002) en Leary en Buttermore (2003) daarop wys dat so 'n self-bewustheid ook die emosies en die kognitiewe denke betrek. Rankin, Lane, Gibbons en Gerrard (2004) bevestig in hul navorsing dat jonger dogters geneig is tot groter openbare self-bewustheid. Die vroeë-adolessente dogter is veral bewus van die indruk wat sy op ander maak (Govern & Marsch, 2001; Jordaan & Jordaan, 2000:619) (sien **Bylaag O: Figuur 16**). Self-bewustheid is egter slegs moontlik omdat daar 'n liggaamlike of fisieke self teenwoordig is – in die geval van die vroeë-adolessente dogter waarskynlik 'n liggaam wat voortdurend gemoniteer word, tot die mate dat sy voortdurend intens bewus daarvan is as objek in interaksie met ander, dit as simbool kan gebruik wat vir haar betekenis het en dat dit bepaalde emosies by haar kan opwek. Die belewenis van die liggaam, of in hierdie geval massa-toename as deel van die fisieke self, raak dus ook die kognitiewe en emosionele belewenisse van die vroeë-adolessente dogter, en dus ook die belewenis van die totale self ("Man is body, soul and mind" (Mead, 1934).

Vanuit 'n kledingagtergrond wys Kaiser (1990:170) daarop dat die fisieke voorkoms (liggaam en kleding) by vroue en dogters meer emosies opwek as by mans en seuns. Kaiser en Freeman (1989) het vanuit hul navorsing bevind dat vroue en dogters geneig is om gevoelens en verhoudings met ander te benadruk in hul interaksie met ander mense. Gevoelens van ongemak en skaamte het tot gevolg dat hulle nie ontspanne en gemaklik in die teenwoordigheid van ander voel nie.

***Ek is partykeer skaam en ongemaklik met my liggaam wat grootword, maar weet dat Liewe Jesus vir my 'n wonderlike liggaam gee wat ek moet oppas... (D1)***
***Hulle moenie sê ek het dik bene en vet boude nie, dan sou ek hartseer gewees het en gevoel het ek moet hard werk daaraan om dit te verander. Dit sou my bietjie gepla het en ek sou nogal daaroor wou dink... (D3)***
***Kritiek oor my voorkoms maak my hartseer en dan voel ek nie goed genoeg nie... (D9)***
***Ek voel nie gemaklik met my bo-lyf en arms nie en sal graag my maag en bobene mooier wou maak... (D10)***

Daar is verskeie sieninge met betrekking tot skaamte as emosie. Lewis (1971,1992) en Weiner (1986:151-153) wys daarop dat die emosie van skaamte intree wanneer die individu, in hierdie geval die vroeë-adolessente dogter, haarself evalueer relatief tot 'n geïnternaliseerde of kulturele ideaal of standaard waaraan sy nie kan voldoen nie. Skaamte ("shame") is dan die resultaat van 'n globale attribusie van mislukking, waar die mislukking dan toegeskryf word aan die persoon self. Crozier (1998:273) wys verder daarop dat skaamte 'n sosiale emosie is en gekenmerk word deur 'n self-bewustheid. Skaamte betrek die self waar die self die objek van skaamte is, maar ook die agent wat die self (objek) evalueer. Dit is dus 'n belewenis van die self deur die self – as't ware 'n "sickness within the self" (Crozier, 1998:273). Lazarus en Lazarus (1994:41-63) noem skaamte 'n eksistensiële emosie aangesien dit vir die individu gaan om betekenisse en idees omtrent wie sy is en wat haar plek in die samelewing is – 'n bedreiging van die self, of 'n interne stem wat aankondig: "Ek voldoen nie aan persoonlike en kulturele standaarde nie". In die geval van die groter-wordende, normale-massa vroeë-adolessente dogter, is dit die Westerse ideaal van skraal-wees en daarmee saam die vrees vir eksterne sanksies, soos om gespot te word (sien **Bylaag O: Figure 17 tot 19 en 21**). Wanneer self-objektifisering lei tot skaamte, beteken dit dan 'n skaamte, nie net oor die liggaam nie, maar met die liggaam as deel van die self, skaamte oor die self. Dit gaan dan dikwels nie net om skaamte oor hoe ek lyk nie, maar oor skaamte oor wie en wat ek is – 'n belewenis dat die self ontbloot word, nie aanvaarbaar is nie, of selfs gemerk is (Goffman, 1963:6, 7; Sabini & Silver, 1997). Tagney (1991:599) wys daarop dat so 'n globale belewenis van die self wat tot skaamte lei, 'n pynlike en selfs vernietigende belewenis is, waar nie net gedrag negatief geëvalueer word nie, maar die totale self. Skaamte is 'n emosie wat tot die vernietiging van 'n individu kan lei (Lazarus & Lazarus, 1994:162). Dit laat die individu met 'n gevoel van waardeloosheid en magteloosheid, en dikwels die behoefte om te ontvlug uit die interaksie-situasie.

Teen ‘n kleding- en voorkomsagtergrond wys Markham, Thompson en Bowling (2008) daarop dat adolessente en jong vroulike volwassenes wat die kulturele ideaal van ‘n skraal vroulike liggaam geïnternaliseer het en voel dat hulle nie aan die ideaal voldoen nie, asook die wat geneig is om hul voorkoms met die van ander te vergelyk groter geneigdheid toon om skaam te voel oor hul liggame. Negatiewe gevoelens met betrekking tot die liggaam en voorkoms verlaag weer die gevoel van selfwaarde wat die geneigdheid toon om skaam te voel oor die liggaam en voorkoms, en daarom ‘n behoefte by die individu wek om iets drasties daaromtrent te doen. Slater en Tiggemann (2002) wys daarop dat skaamte oor die liggaam dikwels by die by die vroeë-adolessente dogter angs met betrekking tot haar voorkoms, tydens interaksie tot gevolg het. Dit mag lei tot die ontstaan van eetstoornisse asook ‘n intense besorgdheid oor kleding en persoonlike voorkoms.

***Ek word maklik hartseer want ek is ’n emosionele kind; as iemand vir my lelike goed sê, word ek baie hartseer... (D1)***
***As dit ’n baie goeie maat of familielid is wat vir my sê dat iets aan my uiterlike nie mooi of reg is nie, sal ek dit binne toe vat en sleg voel. Dan voel ek selfbewus en voel ek wil net wegkruip... (D2)***
***Kritiek oor my voorkoms maak my hartseer en dan voel ek nie goed genoeg nie... (D9)***
***Ek dink hulle voel seergemaak en wil net huil en weghardloop; dit is soos ek voel as ek seergemaak word ... (D16)***

Uit die resultate van hierdie studie was dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter dit beleef dat, om self groot of vet te wees, of vir iemand anders om vet te wees, ’n hartseersaak is (sien **Bylaag O: Figuur 26**). Hoewel die normale-massa vroeë-adolessente dogter ongemaklik en skaam voel oor haar groter-wordende liggaam, dele waarvan sy dikwels as vet evalueer en ervaar, voel sy nie noodwendig hartseer daaroor nie. Omrede sy haar in die skoene van ander kan sit, voel sy wel dat dit hartseer moet wees om vet te wees en dat vet mense hartseer voel oor hoe hulle lyk (Lazarus & Lazarus, 1994:84).

***Sjoe, dit is erg om so te lyk, sy is baie baie vet; ek dink sy voel baie hartseer... (D2)***
***Hulle moenie sê ek het dik bene en vet boude nie. Ek sou hartseer gewees het en gevoel het ek moet hard werk om dit te verander... (D3)***
***Sy voel nie goed nie, want ek dink dit is hartseer om so (vet) te lyk... (D11)***
***Sy voel sleg want sy is baie vet... (D15)***
***Ek dink sy voel nie gelukkig nie maar hartseer omdat sy so vet is, niemand sal so wil lyk nie en ek wil ook nie so vet wees nie... (D16)***

In teenstelling met die normale-massa dogter, wat tog ook oor dele van die liggaam ontevrede is, dit as vet en groot ervaar en ongemaklik en skaam daaroor voel, maar nie hartseer nie, ervaar die oormassa dogter die emosie van hartseer oor vet, al erken sy nie eens dat sy oormassa of vet is nie. Wanneer die oormassa dogter egter oor haarself gesels, reageer sy soos volg:

***Sy (sy self op die skets) bak omtrent elke dag maar word dan nie so kwaad en hartseer nie want sy het nog nooit kritiek gekry oor wat sy maak nie... (D6)***

***'n Nege laat my dink aan iemand wat hartseer is... (D6)***

***Ek dink iemand wat soos 'n 9 lyk, kan voel hulle is te vet. Hulle kan hartseer voel want ander skinder agter hulle rug... (D10)***

***Tannie, as ek so lyk sal ek baie depressief voel; dit is vir my vreeslik as ek vet-vet is... (D12)***

***Vet mense voel hartseer en sleg... (D15)***

***Kinders sê jy lyk nie so mooi in daardie klere nie, of jy is vet. Tannie, dit is hartseer want kinders kyk nie na jou vriendelikheid nie; dit (vet) is al waaraan hulle dink... (D15)***

***Soms voel ek hartseer as mense agter my rug praat. Kritiek maak my seer as ek kyk hoe mense vir hulle goed sê wat nie so is nie... (D16)***

***Ek wil nie soos 'n 9 wees nie want dit is nie lekker om vet te wees nie... (D16)***

Lazarus (1991:247) en Lazarus en Lazarus (1994:75-77) sien hartseer as 'n negatiewe emosie wat verbind word aan 'n onherroeplike verlies, en 'n gevolglike pad van losmaking en aanvaarding van wat kon wees, eerder as die stryd om verandering of herwinning. Lazarus (1991:249) sien hartseer dus as 'n emosie waar die individu die verlies aanvaar en waarskynlik ook hulpeloos daaroor voel. Gramling en McCain (1997) wys daarop dat hartseer gekoppel kan word aan verwagtinge wat nie gerealiseer het nie, of 'n droom wat nie bewaarheid is nie, terwyl Vansteelandt en Van Mechelen (2006) vanuit vorige navorsers se werke tot die gevolgtrekking kom dat hartseer die resultaat van onvoorkombare verlies is (niemand se skuld nie) – in teenstelling met aggressie of woede as gevolg van die plasing van skuld op die skouers van ander (attribusie). In teenstelling met skaamte, wat 'n sosiale emosie is en wat die teenwoordigheid van ander impliseer, is hartseer 'n baie persoonlike emosie wat gaan om die verlies van iets wat reeds plaasgevind het (Lazarus & Lazarus, 1994:84), en die individu voel dat die situasie anders kon gewees het. Gramling en McCain (1997) meen dat by vroue en dogters, hierdie verlies wat ervaar word en die gepaardgaande hartseer dikwels gaan om 'n breuk in persoonlike verhoudings, soos die verlies van 'n vriendin, of (in die geval van die oormassa dogter) spot deur ander en uitstoot uit die groep.

Die oormassa vroeë-adolessente dogter ervaar moontlik lankal dat sy nie aan die ideaal voldoen nie, en daarmee saam die hartseer dat 'n (Westerse) droom nie verwesenlik is nie en dat dit iets is ('n verlies) wat sy net moet aanvaar en leer om mee saam te leef. Dit gaan daaroor dat sy werklik iets verloor het wat sy nie kan terugkry nie, daarom moet sy by die oormassa aanpas en besef dat sy moontlik nie aan die Westerse ideaal van 'n skraal liggaamsbou gaan voldoen nie (Lazarus & Lazarus, 1994:78). Vanuit 'n kledingagtergrond beskou het Millman (1980:194-198) gevind dat ten einde die oormassa of obesiteit te kan hanteer en in 'n poging om die self te kan handhaaf, oormassa of obese vroue dikwels aan die liggaam en aan hulself as van die nek af opwaarts dink. In sommige gevalle dui oormassa vroue ook aan dat hulle nie van kledingaankope hou nie aangesien dit hulle met

die realiteit van hul oormassa konfronteer. Dit het dus nie te doen met adolessente egosentrisme en die persoonlike fabel, tipies net aan adolessensie nie (soos geformuleer deur Elkind, 1967), maar om ’n werklikheid.

***Ek het myself probeer teken soos wat ek myself in die spieël sien, maar dan sê ek vir myself ek wil myself nie anders teken nie, want dit is hoe Liewe Jesus my gemaak het en ek moet tevrede wees daarmee. As kinders mens spot, voel ek nie lekker nie want Jesus het jou so gemaak…(D6)***

***Kritiek maak my seer as ek kyk hoe mense ly as mense vir hulle goed sê wat nie so is nie … ek wil graag verander maar dit is dalk die Here se manier om my so te hê... (D16)***

Vir die oormassa vroeë-adolessente dogter gaan dit dus om ’n werklikheidvan vet-wees , en nie soos vir die normale-massa vroeë-adolessente dogter om die ervaring dat sekere liggaamsdele “groot en vet” word nie (en daarmee saam die ongemaklikheid en skaamheid), of ‘n antisipasie van om totaal oormassa of vet te word, met die gepaardgaande hartseer, nie. Vir die oormassa vroeë-adolessente dogter gaan dit waarskynlik nou nie om die verandering wat ook die toename in massa impliseer nie, maar meer om ’n hartseer wat sy ervaar omdat sy weet dat slankheid vir haar ’n onvoorkombare verlies is.

***…dit is soos Liewe Jesus my gemaak het en ek moet tevrede wees daarmee. As kinders mens spot, voel ek nie lekker nie want Jesus het jou so gemaak... (D6)***
***Ek is tevrede met myself soos ek is; ek wil niks verander nie. Kritiek van my maats sal my nie eers raak nie want ek lyk nie na wat ander kinders sê nie want die Here het my gemaak en ek is perfek net soos ek is... (D9)***
***Ek dink sy (vet vrou) voel baie selfbewus want sy weet almal kan sien sy is oorgewig… maar as die Here mens so gemaak het moet jy tevrede wees... (D10)***
***Ons familie is nie eintlik klein en maer nie en ons het nie eintlik ’n vreeslike liefde vir sulke klein maer mensies nie... (D12)***

Blumer (1966:535) wys vanuit die simboliese interaksionisme daarop dat een van die belangrike funksies van die self die feit is dat dit as objek van simboliese self-interaksie kan dien. Die individu is dus in staat om die self, in hierdie geval die fisieke self, of dan verandering in massa of grootte as deel van die fisieke self, as simbool te gebruik en betekenis daaraan te gee ten einde ’n persepsie van die self binne ’n bepaalde interaksiesituasie te kan kry. Uit die resultate was dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter haar fisieke self, ingesluit die verandering in haar massa en voorkoms in geheel, as ’n simbool van bepaalde aspekte van haar innerlike self ervaar (sien **Bylaag O: Figuur 22**).

***As iemand vir my kritiek gee oor my bene sal ek dit van toepassing maak op my binnekant ook... (D2)***
***… want haar klere en voorkoms wys dat sy hard werk... (D3)***

***My klere moet wys hoe ek oor myself voel en wat ek van die lewe dink... (D10)***
***Ek kyk na mense se gesigte, want mooi mense het mooi persoonlikhede... (D11)***
***Mense kyk vir jou of jy mal is as jy so (vet) lyk... (D12)***

Self-objektifisering wat lei tot passiewe bekommernis en oorpeinsing, kan volgens Grabe *et al.* (2007) tot gevolg hê dat die individu so self-gefokus raak (ook 'n natuurlike kenmerk van die vroeë-adolessente fase) en voortdurend bewus is van liggaamlike tekortkominge, dat simboliese betekenisse, soos dat die verandering of toename in massa op bepaalde innerlike kenmerke dui, aan liggaamlike eienskappe geheg word.

Volgens Turner (1984:39) kan die liggaam, as deel van die natuur en deel van kultuur, dus beskou word as die verbinding tussen die innerlike persoon en die samelewing se belangrikste waardes. Dit beteken dat die individu in staat is om die fisieke sowel as die innerlike self te kan sien as objek met betekenis, 'n objek wat beoordeel kan word en wat 'n etiket kan hê, maar altyd teenoor die sieninge van ander met wie die individu in interaksie is (Mead, 1934:149). Die individu se persepsie van die liggaam en voorkoms, soos wat dit deur ander waargeneem word, het dus ook 'n impak op haar sosiale belewenisse.

Vir die vroeë-adolessente dogter gaan dit dus nie net om verandering nie, maar ook om wat die verandering teweeg bring of tot gevolg het in interaksie met ander. Fisieke verandering bring nou ook 'n verandering in rolle teweeg – 'n verandering wat nie noodwendig maklik is om te aanvaar nie (Charon, 1979:97). Onder **punt 5.3** en **5.5** word daar spesifiek aandag hieromtrent gegee.

***Ek moet nou soos 'n grootmens begin optree… (D1)***
***Ek sou langer klein wou bly en eers later ontwikkel... (D3)***
***Ek kan nou nie so lekker swem en sommer met my "panty" en kaal-bolyf in die swembad spring nie... (D3)***
***As ek hierdeur moet gaan om groot te word en 'n vrou te word, wil ek nie groot word nie (menstruasie) ... (D9)***

Waar die jong kind in 'n oorgang van een fase na 'n ander ondersteun word deur die gesin en betekenisvolle ander, is die adolessent tot 'n groter mate op haarself aangewese vir die oorbeweeg van die kind-fase na 'n nuwe fase met 'n veel groter gemeenskapskonteks en waar die gemeenskap bepaalde verwagtinge het met betrekking tot die rolle wat die individu nou moet vervul. ***Ek moet nou soos 'n grootmens begin optree…; As ek hierdeur moet gaan om 'n vrou te word…*** Dit gaan dus nou nie meer net om "my" nie, maar om "hulle" en wat "hulle" van my verwag – 'n verandering wat die vroeë-adolessente dogter te midde van al die ander op die planke sit.

### 5.3 DIE SELF OP DIE PLANKE

Die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief benadruk die beginsel van interafhanklike lewens of sogenaamde "linked lives" wat daarop dui dat die individu nie in isolasie lewe nie, maar altyd in interaksie met ander verkeer (Charon, 1998:133; Elder & Elder, 1994; Devine *et al.,* 2000; Sandstrom *et al.,* 2006:9). Vanuit 'n simbolies interaksionistiese perspektief moet dit egter benadruk word dat dit nie 'n geval is van ander wat 'n effek op die individu se belewenis van die self en gedrag het nie, maar om die betekenisse wat die individu aan ander en hul gedrag heg. Mead (1934:160-171) benadruk die belangrikheid van ander in die individu se belewenis en ontwikkeling van 'n self, en stel die konsep van rolaanneming as die vermoë van die mens om as't ware uit die self te beweeg en die wêreld, situasies en ook die self, vanuit 'n ander se skoene en oë te beleef. Rolaanneming stel dus die individu, in hierdie geval die vroeë-adolessente dogter, in staat om die perspektief van ander (hetsy betekenisvolle, veralgemeende of verwysingsgroep-ander) aan te neem in haar belewenis van haar self en as reaksie op die situasie waarin sy haar nou bevind. Om die rol van ander aan te neem is dus 'n belangrike kognitiewe aktiwiteit wat die basis van alle interaksie is.

Goffman (1963:13-28) stel dit in sy boek "The Presentation of Self in Everyday Life" dat dit vir die individu in rolaanneming tydens interaksie daarom gaan om aanvaar of geakkrediteer te word, al dan nie. Dit gaan vir Goffman om die "staging" van die self – om as't ware op die planke te wees waar die self "gespeel" en "aangebied" word vir die "toeskouer" wat vir die individu belangrik is, op 'n wyse wat vir die toeskouer aanvaarbaar sou wees. So kan die self geakkrediteer word as deel van "hulle wat my aanvaar". Dit gaan dus in werklikheid om 'n sogenaamde roluitvoering ("role-performance") vir die "hulle", die "gehoor" wat vir die individu, in hierdie geval die vroeë-adolessente dogter, belangrik is. Die vraag vir hierdie studie is dus: Wie is die vroeë-adolessente dogter se ander of "gehoor" wat 'n belangrike rol speel in haar belewenis van massa-toename as deel van haar self? En ook: hoe rig sy haar self en gedrag ten einde haar self in interaksie met hierdie ander te kan handhaaf?

Dit blyk uit die resultate van die navorsing dat die vroeë-adolessente dogter in hierdie studie nou nie net baie bewus is van haar veranderende liggaam en veral die feit dat sy in massa toeneem nie, maar dit ook ervaar asof ander gedurig na haar kyk, haar beoordeel en oor haar praat (Dacey & Travers, 1994:336-337; Owens, 2002:549) (sien **Bylaag O: Figure 16 en 23**).

***Noudat ek groot word kyk mense na my en dink lelike goed, maar ek moet maar net my liggaam oppas ... (D1)***

***Ek is baie keer bekommerd oor wat ander mense van my dink as ek so aantrek; ander mense moet van my klere hou... (D6)***

***Vandat ek groot word moet ek die heeltyd omgee hoe ek lyk want ander kyk na my... (D7)***

Die vroeë-adolessente dogter is dus nou "op die planke", waar ander, die gehoor, haar gedurig dophou, dermate dat sy voortdurend bewus is daarvan dat sy haarself nou so moet aanbied dat sy 'n bepaalde indruk by hulle kan skep. Om die saak te vererger, ervaar sy dit nie net dat sy fisies dopgehou word nie, maar dat ander van nature krities is, van haar praat en bepaalde dinge omtrent haar dink en aflei uit dit wat hulle kan sien (sien **Bylaag O: Figuur 16**). Gegee die feit dat die vroeë-adolessente dogter haar liggaam en ook haar toename in massa as simbool van bepaalde aspekte van haar self gebruik (***As iemand vir my kritiek op my bene gee, sal ek dit van toepassing op my binnekant ook maak (D2); Kritiek oor my voorkoms maak my hartseer en dan voel ek nie goed genoeg nie (D9)***), is dit duidelik dat sy ook glo ander dink soos wat sy dink en dat hulle ook moontlik haar fisieke self, waarby ingesluit haar kleding, as simbool van bepaalde ander aspekte van haarself gebruik. Wanneer dit kom by unieke ervarings, vind die vroeë-adolessente dogter dit moeilik om te onderskei tussen dit wat ander regtig van haar dink en dit wat sy self van haar dink (Elkind & Bowen, 1979). Charon (1998:104-108) wys daarop dat ander en die aanneem van die rol van ander belangrik is vir die ontwikkeling van die self, die belewenis van die self in alle situasies, die aanleer van perspektiewe/sienswyses, die funksionering in sosiale situasies, die beheer oor en manipulering van die self in interaksie met ander, asook vir die deel van simbole en simboliese kommunikasie. Die vroeë-adolessente dogter gebruik nie net haar fisieke self as simbool van ander bepaalde aspekte van haarself, soos wat sy dink ander dit ook doen, daaroor dink en daaroor praat nie, maar neem ook ander se sieninge en denkwyse oor haarself, of soos wat sy glo hulle haar sien en oor haar dink, aan in haar belewenis van haar self (Cooley,1970:184). Sy is bekommerd oor negatiewe sosiale evaluering van die self (Owens, 2002:549).

***As ander kinders rondom my is, dan praat hulle hard oor hoe vet hulle is, maar eintlik wil hulle net hê ek moet hoor omdat ek vet is en hulle is eintlik maer... (D6)***
***Ek weet nie hoekom ek dink my arms is vet nie, maar almal sê altyd so... (D12)***

Dit is nie altyd duidelik wie hierdie "ander" of "almal" is waaroor sy haar so bekommer nie, waarskynlik eerstens almal anders – die denkbeeldige gehoor! In aansluiting by 'n simbolies interaksionistiese siening, wys navorsers soos Lapsley en Murphy (1985), Lapsley (1993) en Vertanian (2000) daarop dat Elkind (1967) se denkbeeldige gehoor nie bloot 'n kognitiewe patroon of denkwyse tydens adolessensie (en veral vroeë-adolessensie) is nie, maar in werklikheid sosiaal-kognitief van aard is, en dus nie losgemaak kan word van die adolessent se sosiale lewe en interaksie met ander nie.

***Ander moet nie sê ek is te maer of vet nie, net reg... (D3)***
***Ek voel onrustig oor wat mense van my sal sê in 'n stywe broek... (D4)***
***As jy so lyk (vet), voel jy nie goed nie, jy is bang vir wat mense sal sê... (D10)***
***Almal kyk vir jou of jy mal is omdat jy so vet is (D10), Ander mense praat van jou as 'n mens op enige manier lyk... (D13)***

Bell en Bromnick (2003) is op grond van hul navorsing van mening dat die sogenaamde denkbeeldige gehoor in werklikheid ’n sosiale realiteit is, en nie maar net ’n tipiese, kognitiewe denkpatroon tydens die adolessente oorgangsfase vanaf die kinderjare na volwasse jare nie (Arnett, 1997). In teenstelling met Elkind (1967) wat wys op die denkbeeldige gehoor as die gevolg/uitvloeisel van adolessente ego-sentrisme, wys Bell en Bromnick (2003) daarop dat hierdie sogenaamde denkbeeldige gehoor in werklikheid vir die adolessent ’n sosiale werklikheid is. So ’n siening sluit aan by die simboliese interaksionisme, en spesifiek ook by die werk van Blumer (1962:181) wat dit stel dat die self sosiaal is en in interaksie met ander ontwikkel. Ander se opinie is dus ook belangrik in die ontwikkeling en handhawing van die self. Vir die vroeë-adolessente dogter in hierdie studie, wie se liggaam verander en waar massa-toename as vet beleef word, is ander se opinie en evaluering dus belangrik (sien **Bylaag O: Figure 16 en 23)** – waarskynlik omdat sy nou ook intens daarvan bewus is dat sy anders begin lyk as voorheen en graag sal wil lyk en optree soos wat dit van haar verwag word ten einde in ’n nuwe, meer volwasse vroulike rol positief deur ander geëvalueer te word en deel van ander te kan wees. Daarom dat dit ook vir die vroeë-adolessente dogter belangrik is dat haar voorkoms aan ander sal wys wie en wat sy is, en dat sy haar voorkoms so aanpas dat al die ander met wie sy in interaksie is, dit positief sal evalueer (Sandstrom *et al.,* 2006:105). Wanneer sy in die teenwoordigheid van ander is, sal daar altyd ’n rede wees om die self op ’n wyse oor te dra en voor te stel dat dit ’n indruk sal maak wat in haar belang is (Goffman, 1959:3). Kaiser (1990:192-201) wys op die belangrikheid van voorkomsbestuur in die aanneem van bepaalde rolle en veral wanneer die individu ‘n nuwe - of vreemde rol moet aanneem. In die geval van die vroeë-adolessente dogter besef sy nou dat sy weens die fisieke veranderinge nie meer in die rol van kind inpas nie, maar nou die rolgedrag (ook wat voorkoms aanbetref) van ‘n meer volwasse vroulike rol moet aanneem. Kaiser (1990:192-201) wys verder daarop dat kleding die individu kan ondersteun in die aanneem van ook ander nuwe rolgedragswyses. Die vroeë-adolessente dogter is nie net bewus van ‘n nuwe rol wat sy nou moet probeer aanneem nie, maar ook bewus daarvan dat ander nou ook wat haar kleredrag betref, nuwe gedrag en ‘n ander voorkoms van haar verwag. Sy trek dus nou nie net meer vir haarself aan nie, maar in werklikheid vir “hulle”- dit is die ander met wie sy haar sosiale werklikheid deel.

***Ek moet nou soos ’n grootmens begin optree… (D1)***
***Ek hou nie van klere waarop lelike woorde staan nie, daar moet nie ‘Bad girl’ of sulke lelike goed op staan nie, want ek is nie ’n slegte meisie nie... (D1)***
***Ek kan nou nie so lekker swem en sommer met my “panty” en kaal-bolyf in die swembad spring nie... (D3)***
***Ek hou nie van oop klere nie, dit maak my onrustig oor*** w***at ander sal sê en dink... (D4)***
***’n Langbroek is meer netjies. ’n Mens kan dit ook kerk toe aantrek want as ’n mens na die Huis van die Here gaan, moet ’n mens netjies lyk... (D5)***
***Ek voel ‘in’ by my maats oor die klere wat ek aanhet op die foto... (D9)***
***My klere moet wys hoe ek oor myself voel en wat ek van die lewe dink... (D10)***

Soos die “ander mense” wat haar dophou en evalueer, is dit wat “hulle” “dink” of “sê” nie maar net ’n illusie nie, maar ’n sosiale werklikheid wat deur almal met wie sy in interaksie is, gedeel word. Dit moet weereens benadruk word dat fisieke verandering deur die vroeë-adolessente dogter beleef word as dat alles aan haar liggaam nou verander, en dat die verandering as groter en vetter beleef word, in súlke terme beskryf word en by die vroeë-adolessente dogter ’n ontevredenheid met en dikwels skaamte oor meeste dele van die liggaam tot gevolg het (sien **Bylaag O: Figure 4 tot 9**). Om vet te wees word egter steeds in die Westerse wêreld algemeen as onaanvaarbaar beskou (Fiore & Kimle, 1997:345; Owens, 2002:498; Nishina *et al.,* 2006; Viviani, 2006), terwyl daar ook bepaalde stigmas aan oormassa kleef (Jones, Farina, Hastrof, Marku, Miller & Scott,1984:123; Puhl & Brownell, 2003b; LeBel, 2008), en menige stereotipes met betrekking tot vet en oormassa algemeen onder die Westerse samelewing gedeel word. As deel van die sosiale omgewing met wie sy in interaksie is, is die vroeë-adolessente dogter bewus van hierdie stigmas en stereotipes, wat sy ook in haar belewenis van haar self kan internaliseer (sien **Bylaag O: Figure 24 en 25**). Die “ander” of “hulle”, en dit wat “hulle” gaan “dink” oor haar groot/vet liggaam of dele daarvan is dus waarskynlik vir die dogter ’n sosiale werklikheid – met die enigste verskil dat sy in werklikheid nie vet of oormassa is nie, maar haar veranderende liggaam so ervaar en waarskynlik so stigmatiseer.

***As jy so vet is kan jy ook nie uit die bed opstaan nie... (D3)***
***As jy so vet is sê hulle jy moet iemand huur om jou voete te was… (D6)***
***Vet mense probeer dit ’n geheim hou deur los klere te dra... (D6)***
***Ander mense sou sê sy trek reg aan om nie die vet te wys nie... (D7)***
***Jy is so vet jy kan nie eers “skateboard” ry nie... (D11)***
***As jy so vet is sê hulle jy moet nie eers bestaan nie, jy is so groot jy vat die hele plek, jy is ’n dikgat, jy is so vet dat jy iemand moet huur om jou voete te was – jy kan hulle nie self sien nie... (D16)***

Uit die resultate van hierdie studie was dit duidelik dat, bo-en-behalwe hierdie breë/vae “ander” wat die vroeë-adolessente dogter voel haar dophou, evalueer en op ’n bepaalde wyse oor haar dink, sy nou in werklikheid dopgehou, geëvalueer, gekritiseer en gespot word deur “ander” wat waarskynlik vroeër nie ’n beduidende rol in haar lewe gespeel het nie, naamlik seuns, en wat waarskynlik ook nou al die breë samelewing se perspektief met betrekking tot vet en maer deel (Hargreaves & Tiggemann, 2003).

***As jy so lyk sê die seuns jy is vet en lelik... (D6)***
***Seuns spot die meisies ook wat groot word... (D9)***
***Seuns noem vet meisies dik olifante en vir my maatjie ook ‘King Kong’... (D16)***
***Seuns spot meisies baie oor hulle voorkoms, hulle sê sulke goed soos ‘jy’s ’n dikgat’... (D16)***

Om die liggaam as vet, of groot, of anders te ervaar (al is sy nie in werklikheid vet of groot nie), maak die vroeë-adolessente dogter ongemaklik, skaam en hartseer – ’n skaamte of hartseer wat waarskynlik vererger word deur

die gevoel en werklikheid dat jy heeltyd dopgehou, geëvalueer en gespot word, omdat jy anders lyk as wat aanvaarbaar is. Die vroeë-adolessente dogter se bekommernis oor wat ander van haar sal sê en dink, gaan dus nie net om adolessente egosentrisme wat manifesteer in 'n denkbeeldige gehoor nie, maar soos Bell en Bromnick (2003) bevind het, om 'n werklike bekommernis oor wat ander kan dink aangesien dit werklike gevolge het vir die dogter se persoonlike belewenisse (soos hoe sy oor haarself voel), asook vir haar sosiale lewe (ander aanvaar my, ek is gewild, pas in, ensovoorts). Vanuit 'n simboliese interaksionistiese perspektief, gaan dit dus om die belewenis, die ontwikkeling en die handhawing van die self binne die sosiale werklikheid. Die druk om aan die standaarde van die samelewing te voldoen, of om oor gepraat en gespot te word omdat jy nie aan die standaarde voldoen nie, is vir die vroeë-adolessente dogter 'n werklikheid en nie 'n denkbeeldige illusie nie – dit word in haar belewenis en beoordeling van haar self geïnternaliseer. Negatiewe evaluerings van ander plaas haar meer op die planke en maak haar meer bewus van, en skaam oor, haar self, want die enigste manier waarop sy die self kan beleef, evalueer en interpreteer, is in interaksie met ander en dan deur middel van sosiale terugvoering (Cooley, 1902; 1970) en sosiale vergelyking (Festinger, 1954). Dit is 'n wêreld waarin sy voortdurend bekommerd is oor die indruk wat sy maak (sien **Bylaag O: Figure 16 en 23**) en ander se verwagtings en beoordelings, asook of sy deur ander aanvaar gaan word, of dalk met 'n gespot verwerp gaan word as nie deel van die norm nie, en dus gestigmatiseer gaan word as anders – 'n toestand waaroor mens skaam en ongemaklik of hartseer kan voel (sien **Bylaag O: Figure 17 tot 21**).

***Ander mense moet van my klere hou; ek is baie keer bekommerd oor wat ander van my sal dink as ek so aantrek... (D6)***
***Vandat ek groot word moet ek die hele tyd omgee hoe ek lyk want ander kyk vir my... (D7)***
***Ek weet nie maar amper alle mense is al in hulle lewe gespot, ek weet net nie wanneer nie... (D11)***
***Ander mense praat van jou as jy op enige manier lyk... (D13)***
***Seuns noem vet meisies dik olifante en vir my maatjie "King Kong"... (D16)***
***Seuns spot meisies oor hulle voorkoms... (D16)***

Dit blyk dat die vroeë-adolessente dogter ook bewus is dat die seuns van haar portuurgroep meisies oor hul voorkoms spot (sien **Bylaag O: Figuur 19**). Omdat seuns ook blootgestel word aan die norme wat die kultuur stel vir 'n ideale liggaamsbou, sien en beoordeel hulle die vroeë-adolessente dogter se voorkoms teen die onrealistiese voorkomsverwagtinge (Rabak-Wagener, Eickhoff-Shemek & Kelly-Vance,1998; Hargreaves en Tiggemann, 2003). Hargreaves en Tiggemann (2003) voer ook aan dat dit veral broers en seuns van die portuurgroep is wat daarby betrokke raak om meisies oor hulle voorkoms te spot. Die gedrag word veral geopenbaar wanneer hulle blootgestel was aan voorbeelde van massamedia-ideale (Hargreaves en Tiggemann, 2003).

Lazarus en Lazarus (1994:41) en Crozier (1998) wys op die belangrike rol van (denkbeeldige of werklike) ander in die emosie van skaamte. Hier volgens lyk dit asof skaamte die aanneem van die perspektief van ander met

betrekking tot die self is. Dit gaan daaroor dat die individu bewus is van ander se interpretasie met betrekking tot aspekte van die self. Dit gaan dus nie net om die individu se eie evaluering van die self nie (soos wat Weiner, (1986:151-153) en Lewis (1992) dit vanuit ’n kognitiewe attribusie-model definieer), maar om, soos Goffman (1959:4-6), Mattis (2002), Castelfranchi en Poggi (1990), Lazarus en Lazarus (1994:63) en Crozier (1998) dit sien, om die “loss of standing, loss of face” (Crozier, 1998:274) in die oë van ander.

Vir die normale-massa vroeë-adolessente dogter se skaamte oor haar veranderende fisieke self (ingesluit die toename in massa) gaan dit dus eerstens om haar eie evaluasie van haar fisieke self wat haar skaam maak (soos hierbo bespreek). Sy evalueer haar veranderende liggaam as dat dit groter en vetter word en anders lyk as die norm wat gestel word. Om die saak vir die vroeë-adolessente dogter te vererger, beweeg haar veranderende fisieke self, soos wat sy dit as groot en vet beleef, nou nie net verder van die norm af nie, maar ook nader na die Westers-gestigmatiseerde vet-voorkoms. Dit het tot gevolg dat sy nou haar liggaam of dele daarvan as negatief beleef en ontevrede daaroor voel. Die vroeë-adolessente dogter evalueer haar liggaam of dele daarvan nie net self as dat dit nie aan die norm voldoen nie, maar beleef tweedens ook dat ander (hetsy denkbeeldig of werklik) haar groter-wordende fisieke self negatief evalueer (***Almal kyk vir jou of jy mal is omdat jy so vet is (D10); As jy so lyk sê die seuns jy is vet en lelik (D6)***). Dit laat by haar nie net ’n gevoel van skaamte nie, maar ’n bekommernis oor wat ander oor haar totale self sal dink. Die skaamte gaan derdens nou nie net meer om die liggaam of dele daarvan nie, maar om wat Crozier (1998:278) noem, ook die evaluasie van die “core-self” (***As iemand vir my kritiek gee oor my bene, sal ek dit van toepassing maak op my binnekant ook (D2)***).

Vanuit so ’n siening kan die normale-massa vroeë-adolessente dogter se ontevredenheid, ongemaklikheid en skaamte, en die oormassa dogter se hartseer nie maar net afgemaak word as nog ’n emosie, tipies van vroeë-adolessensie nie, maar eerder soos Jones *et al.* (1984:122-123) dit stel, as die gevolg van “self-marking”. Dit is waar die self as gevolg van die dogter se belewenis, gestigmatiseer word as anders as ander s’n – tot die mate dat sy kan beleef dat sy nie meer haar self in interaksie met ander kan handhaaf nie. Stone (1962:94&101) wys op die belangrike rol wat voorkoms (ingesluit liggaamsgrootte) speel ten einde die individu deel van ander of die groep te maak, of te onderskei. Indien ’n persoon dus oor ’n fisieke kenmerk (in hierdie geval liggaamsgrootte en massa) beskik (of ervaar sy beskik daaroor) wat haar negatief van ander en hulle sienswyses onderskei, word die persoon gedegradeer (LeBel, 2008). Rush (1998) beklemtoon dit dat so ’n merk ’n stigma raak wanneer iemand die merk waarneem en as belangrik ag in interaksiesituasies met die persoon. Vir die oormassa vroeë-adolessente dogter wat deur ander raakgesien, bespreek en gespot word, is so ’n gestigmatiseerde gevoel ’n werklikheid wat emosies van skaamte en hartseer tot gevolg het en wat die handhawing van haar self tussen ander baie moeilik maak.

***Die kinders het al vir my gesê ek is vet… ek wil net huil en weghardloop as ek so seergemaak word. Hulle sê sulke dinge soos “julle is wannabees”. Dit is vir my belangrik dat ek mooi en goed sal lyk veral vir die seuns want hulle spot ons baie oor ons voorkoms en sê “julle is hond-lelik” of “julle is koeie”. Mense sê***

***"jy is so vet jy moet nie eens bestaan nie, jy is so groot jy vat die hele plek" en "as jy gaan skoene koop moet jou man 'n foto neem van die skoene aan jou voete want jy is te vet om dit raak te sien"... (D16).***

**5.4 DIE STRYD MET DIE SELF**

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat vroeë-adolessensie (en die gapaardgaande belewenis van massa-toename) 'n oorgangsfase in die lewe van die dogter is wanneer sy haar self dikwels negatief beleef. Eerstens die verandering en toename in massa as deel van die fisieke self, en tweedens ook die negatiewe emosies van skaamte en hartseer as deel van die innerlike self. Dit maak dan ook die handhawing van die self tussen ander vir die dogter baie moeilik.

Vanuit die basiese aannames van die simboliese interaksionisme is die self as objek egter oop vir manipulasie en beskik die individu oor die vermoë om die self te beheer en in 'n bepaalde rigting te stuur (Charon, 1998:80), maar altyd binne die voorskrifte van die samelewing waarbinne die individu leef (Mead, 1934:227-252; Elder, Johnson & Crosnoe, 2003). Goffman (1963:135-139) en Jones *et al*. (1984:196-197) wys op die belangrikheid van selfbeheer oor gedrag en emosies in 'n poging om die self te kan handhaaf en vir ander die verlangde beeld daar te stel. Vanuit die perspektief van die simboliese interaksionisme wys Sandstrom *et al.* (2006:135-137) daarop dat interaksie en die definisie van 'n situasie nie net bepaalde gedrag by die individu uitlok nie, maar ook bepaalde emosies. Soos in die geval van gedrag, stel die samelewing ook vir die individu sogenaamde "feeling rules" (Sandstrom *et al.,* 2006:136), en koördineer, hanteer en bestuur die individu dus ook die emosies. Ten einde die self te kan handhaaf en weer 'n belewenis van self-waarde te kry, is dit dus belangrik vir die vroeë-adolessente dogter om bepaalde strategieë van handhawing te ontwikkel en in werking te stel. Dit moet haar in staat stel om deur hierdie oorgangsfase te beweeg na 'n nuwe fase van groter kalmte en balans (Shanahan, 2000; Miller & Kaiser, 2001; Dewilde, 2003; Wethington, 2005).

Dit was in hierdie studie duidelik dat die vroeë-adolessente dogter wel van bepaalde strategieë gebruik maak om die self te kan handhaaf. Ten einde haar keuse en gebruik van bepaalde handhawingstrategieë te verstaan is dit egter nodig om die wisselwerking tussen die evaluering en belewenis van 'n situasie of gebeurtenis, die gepaardgaande emosies en die keuse van strategieë om die situasie te hanteer, te verstaan.

Lazarus (1966) en Weiner (1986) aanvaar 'n kognitiewe benadering tot emosie en wys daarop dat daar 'n verband is tussen hoe die individu die situasie evalueer en die gevolglike emosies wat dit opwek. Vanuit sy attribusie-teorie wys Weiner (1986:119) verder daarop dat die individu se interpretasie van wat of wie die positiewe of negatiewe uitkoms veroorsaak het, deels die affektiewe reaksies op die uitkoms gaan beïnvloed. In aansluiting by Arnold (1960:452) en Lazarus (1966), erken Weiner (1986:121) dat die individu op die aanvanklike beoordeling van die uitkoms van 'n bepaalde situasie 'n bepaalde aanvanklike emosie ("primary emotion") ervaar. Indien die uitkoms as negatief of anders as wat verwag is, beoordeel word, gaan die individu vir redes en oorsake

vir die uitkoms soek (attribusie), wat weer 'n sogenaamde attribusie-afhanklike emosie by die individu tot gevolg gaan hê. Weiner (1986:121) wys daarop dat die individu se beoordeling van die dimensies van die oorsaak (eksterne of interne oorsaaklikheid, stabiliteit en beheerbaarheid) 'n invloed gaan hê op die gevolglike emosies wat sy gaan ervaar.

In hierdie studie was dit duidelik dat die veranderende, groter-wordende liggaam en gepaardgaande toename in massa by die normale-massa vroeë-adolessente dogter hoofsaaklik emosies van ongemaklikheid en veral skaamte opwek, asook 'n ontevredenheid oor die veranderende liggaam. Weiner (1986:151-152) wys daarop dat skaamte gaan om 'n negatiewe self-evaluasie wat vir die individu 'n werklikheid is, wat direk verband hou met die self en wat die teenwoordigheid van ander impliseer. Die oorsaak word dikwels as buite haar beheer beskou en die individu ervaar dikwels 'n vrees/angs vir eksterne sanksies. Die normale-massa vroeë-adolessente dogter evalueer haar liggaam as deel van die self, negatief maar as onomwendbaar deel van die grootword-proses. Sy ervaar nie net die emosie van skaamte nie, maar daarmee saam ook 'n angs en vrees vir eksterne sanksies, soos dat mense sal praat of spot.

***My swakste liggaamsdeel is my bo-arms wat so flap ... en my bobene wat so flabber. Ek is partykeer skaam en ongemaklik met my liggaam. Die swaarste van grootword is dat mense my aankyk en lelike goed van my dink, maar ek moet maar net my liggaam oppas... (D1)***
***Wanneer ek soos 'n 9 voel het ek 'n slegte dag, veral my bene is vet. Geel is vir my 'n wegsteek-kleur, so soort van dit is net vir jou eie oë… ek wil my middellyf toemaak want dit word nou voller. Ek voel ek wil toe wees en nie my liggaam so wys nie, ek is nie gemaklik nie. Ek sou graag 'n 2 wees want die 3 se middellyf is te groot. Ek wil glad nie soos 'n 9 lyk nie want dan spot mense jou... (D11)***
***Toe ek verlede jaar in die skool gekom het, het maats my gespot en gesê ek is vet. Die moeilikste is dat ek oor my borste groter word… ek dink nogal my bobene is bietjie vet…. 'n kort-broek help ook dat vreemde mans nie so kan kyk en vat nie… ek kry skaam voor vreemde mans en seuns… mense praat meer oor vet mense as oor ander... (D14)***

Lazarus en Lazarus (1994:41) wys daarop dat skaamte dikwels gepaard gaan met 'n gevoel van verleentheid en vernedering ("embarrassment and humiliation") omdat dit vir die individu gaan om die belewenis dat sy nie aan die kulturele ideaal, wat ook deur ander gedeel word, voldoen nie – vir die normale-massa vroeë-adolessente dogter die feit dat sy dele van haar liggaam nou as groot en/of vet ervaar, voel dat ander daarna kyk en dat daar negatiewe sanksies (spot) toegepas word op mense wat groot en vet is. Dit gaan dus by skaamte, soos Lazarus en Lazarus (1994:64) dit stel, om 'n bangheid vir 'n bedreiging, naamlik kritiek en verwerping deur ander wat vir die individu 'n werklikheid en belangrik is, en daarmee saam die vrees of antisipasie vir 'n daaropvolgende emosie van hartseer weens die skeiding van die self van ander (hulle spot/praat).

***Ek wil nie soos 'n 6 tot 'n 9 lyk nie. Om soos 'n 6 tot 'n 9 te lyk is net te groot. Mense sê vreeslike goed soos "jy is vet". Dan voel mens hartseer, baie hartseer. Ek sou nie gemaklik gevoel het as ek so vet was nie, ek wil nie so lyk nie. Mense sal nie mooi dinge sê nie... (D1)***
***Hulle moenie vir my sê ek ek het dik bene en vet boude nie. Ek sou baie hartseer gewees het as hulle vir my so sê en gevoel het ek moet hard werk daaraan om dit te verander. Sy is baie ongelukkig want sy is vet en hulle sal sê sy is te lui om te oefen en nie lus vir sport nie... (D3)***

Die vraag is, hoe hanteer die dogter nou hierdie negatiewe belewenis van haar fisieke self en die gepaardgaande emosies as deel van die innerlike self? Weiner (1986:152) wys daarop die skaamte gewoonlik tot gevolg het dat die individu voel dat sy iets daaromtrent moet doen, soos om die self te verander, weg te kruip of weg te steek, of om haar van die situasie te onttrek of dit te vermy. Lazarus en Lazarus (1994:66) wys daarop dat dit baie moeilik is om skaamte te hanteer deur middel van vermyding ("avoidance") (om nie daaraan te dink nie), aangesien skaamte die self betrek en die individu (ook vanuit die perspektief van die simboliese interaksionisme) voortdurend met die self in interaksie is en bewus is van die self. Ten einde die emosie van skaamte te kan hanteer wend die individu haar dan eerder tot 'n ander probleem-gesentreerde of emosie-gesentreerde handhawingstrategie, soos om die uitkoms wat die skaamte tot gevolg het vir ander weg te steek, die emosie te vervang met ander emosies of om die oorsaak of redes vir die emosie te eksternaliseer.

Uit hierdie studie lyk dit asof die normale-massa vroeë-adolessente dogter veral van probleem-gesentreerde handhawingstrategieë gebruik maak ten einde haar belewenis van die veranderende en groter-wordende fisieke self en die gepaardgaande emosie van skaamte te hanteer. Sy maak dan ook spesifiek van wegsteek (sien **Bylaag O: Figure 27 tot 31**) en self-manipulasie (sien **Bylaag O: Figure 32 tot 34**) as strategieë gebruik. Lazarus en Lazarus (1994:153) wys daarop dat die keuse van handhawingstrategieë soos self-manipulasie en wegsteek die gevolg is van hoe die evaluering of attribusieproses plaasgevind het. Waar dit gaan om die self (soos die fisieke liggaam) wat deur ander moontlik negatief beoordeel kan word, die sanksies wat van buite toegepas kan word en die gepaardgaande emosie van skaamte, is die beste uitweg dikwels om self tot handeling oor te gaan, en die situasie vir ander te verander of weg te steek – sogenaamde "anticipatory coping" (Lazarus en Lazarus, 1994:153).

***Ek hou van die kamoefleer-voorkoms. Ek wou hê op die prentjie moes so 'n tikkie magie uitsteek, maar ek dra dit nie so nie. By my moet niks uitsteek nie, ek kry skaam. By die see kan mens so kort en kaal aantrek maar ek hou nie daarvan om so te loop nie. Ek loop by die see in my kostuum met 'n kortbroek bo-oor. Mense kyk my aan en dink lelike goed… (D1)***
***Ek dra nie sulke kort rokkies nie want my bene is te lank. Hulle moet nie sê ek het dik bene en boude nie. Ek het al baie gewig verloor en my bene voel soos 'n vier. Ek sou eerder soos 'n drie wou lyk. Ek dink ek kan nog so 'n bietjie maerder wees. Ek wil nie soos 'n nege lyk nie, dit is te vet en mense sê gewoonlik lelike goed soos jy is "vet"... (D3)***

Die normale-massa vroeë-adolessente dogter maak dus hoofsaaklik van klere gebruik om die veranderende en groter-wordende fisieke self, wat sy dikwels as vet beleef en waaroor sy skaam voel, vir haarself en vir ander weg te steek.

Die normale-massa vroeë-adolessente dogter glo tweedens dat self-manipulasie 'n goeie uitweg is ten einde haar fisieke self meer positief te ervaar.

***Ek weet lekkers maak vet. As 'n mens oefen en minder eet, lyk jy beter. As ek 'n bietjie maerder is voel ek goed. Daarom probeer ek my bes om minder "sweeties" te eet. Hulle moet nie sê ek het dike bene en vet boude nie. Ek sou hartseer gewees het en gevoel het ek moet hard werk daaraan om dit te verander... (D3)***
***Ek dink dit is hartseer om so te lyk. Ek dink sy doen self niks daaraan nie en almal kan sien hoe sy lyk. Ek dink sy moet maerder word... (D11)***
***Ek dink as mens so vet lyk, voel jy sleg en sal self iets daaraan probeer doen soos om daardie onderklere te dra wat mens so indruk... (D14)***

Lazarus en Lazarus (1994:156-158) wys daarop dat emosie-gesentreerde handhawingstrategieë privaat en intern van aard is en dikwels gekies word as daar niks aan die saak gedoen kan word nie. Lazarus en Lazarus (1994:66) wys verder dat, in die geval van skaamte, die persoon die situasie dikwels hanteer deur te redeneer dat sy self niks gedoen het om oor skaam te voel nie, en dan kwaad te word. Dit gaan dus om die her-evaluering van die situasie en spesifiek die verandering van die lokus vanaf intern (dis my skuld) na ekstern (dis iets of iemand anders se skuld). In teenstelling met skaamte, wat 'n persoon hulpeloos laat voel, is woede 'n baie sterker emosie wat die persoon meer in beheer laat voel. Dit is dus 'n aktiewe verdedigingsmeganisme van die self en impliseer dat die self groter mag het.

***My bolyf en arms is die deel wat ek toe wil hê. My middel ondertoe tot by my knieë is ook net vir my eie oë. Ek het al baie gewig verloor… ek dink ek kan nog so 'n bietjie maerder wees. Ek dink as mens so vet lyk, voel jy baie skaam. Hulle moet nie sê ek is te maer of te vet nie… kritiek maak my kwaad… (D3)***
***Ek word groot, Tannie verstaan mos. Daarom wil ek my middellyf toemaak want dit word nou bietjie voller omdat ek groot word. Ek voel ek wil toe wees en nie my liggaam so wys nie, ek is nie gemaklik nie. Kritiek maak my kwaad en ek voel nie gelukkig as ander vir my onnodig kritiek gee nie... (D11)***

Uit die resultate blyk dit dat die oormassa vroeë-adolessente dogter se belewenis van haar fisieke self oorwegend 'n emosie van hartseer tot gevolg het. Levine (1996) en Jones (2006) wys daarop dat hartseer as emosie ervaar word wanneer 'n persoon die gebeure tydens die attribusieproses toeskryf as die gevolg van iets

of iemand buite haarself, terwyl Weiner (1986:126) daarop wys dat hartseer 'n uitkoms-afhanklike emosie is waar die uitkoms dikwels gesien word as die gevolg van niemand (niemand se skuld), stabiel en onbeheerbaar.

***Ek sou daarvan gehou het om soos die prenjie wat ek geplak het, te lyk. Ek sou gelukkig gevoel het en oor niks hartseer gewees het nie. Ek het myself probeer teken soos ek myself in die spieël sien, maar dan sê ek vir myself ek wil my nie anders teken nie want dit is hoe Liewe Jesus my gemaak het en ek moet tevrede wees daarmee. As kinders mens spot voel ek nie lekker nie want Jesus het jou so gemaak... (D6) Kritiek maak my hartseer. Dit voel vir my ek is nie goed genoeg nie, dit voel of die kinders nie van my hou nie. Die Here het my gemaak en ek is perfek... (D9)***

***Ek is hartseer as maats vir my kritiek gee oor my voorkoms, dit maak my baie seer. Sy voel goed oor haarself en solank sy goed voel "worry" sy nie oor wat ander van haar dink nie. Ek weet nie of mens 'n keuse het om so vet te wees nie, maar as die Here mens so gemaak het, moet mens tevrede wees... (D10) Ons familie is glad nie klein en kort nie. My Ouma was klein en kort, maar nie maer nie. Ons familie is nie eintlik klein en maer nie en ons het nie eintlik 'n liefde vir sulke klein maer mense nie... (D12)***

***Kinders sê vir my "jy is vet". As kinders vir ander so sê voel hulle seergemaak en wil net weghardloop. Dit is hoe ek voel as ek seergemaak voel. Dan dink ek, ek sal seker 'n plan moet maak, maar dit is hoe die Here my gemaak het en ek kan niks daaraan verander nie. Ek wil graag verander, maar dit is dalk die Here se manier om my so te hê... (D16)***

Die oormassa vroeë-adolessente dogter sien dus die lokus/rede vir haar toestand as buite haarself en, soos Weiner (1986:126) dit stel, lê dit eintlik voor niemand se deur nie. As God haar so gemaak het of as jy die vet oorgeërf het as 'n familie-trek, kan daar niks aan gedoen word nie (onbeheerbaar) en dis permanent (stabiel). Sy kan dit slegs aanvaar as, soos Lazarus en Lazarus (1994:75-77) dit stel, as 'n "irrevocable loss, in effect, the dramatic plot of sadness". Die gevolg is dan dat die persoon die idee om te verander of die saak te herstel, totaal opgee en slegs die hartseer oor die verlies moet leer hanteer. Om die saak te vererger, is hartseer 'n emosie wat baie moeilik is om openlik te erken en kan die hartseer of selfs rou/treur oor die verlies nie openlik gedoen word nie (Lazarus en Lazarus, 1994:84). Die vraag is, hoe hanteer die oormassa vroeë-adolessente dogter nou hierdie belewenisse van haar self? Daar moet op gelet word dat bogenoemde attribusieproses in werklikheid reeds 'n handhawingstrategie is wat ingespan is om die self kwyt te skeld van enige skuld. Indien die oormassa nie haar skuld is nie, maar die wil van 'n Hoër Hand, en daarby permanent en buite haar beheer, kan sy immers niks daaraan doen nie, moet sy dit net aanvaar en met die hartseer saamleef, maar hoef sy gelukkig nie skuldig of skaam daaroor te wees nie! Lazarus en Lazarus (1994:150) wys dan ook daarop dat daar by die emosie van hartseer gewoonlik by die persoon min of geen tekens is van aksie of 'n poging om die situasie te verander nie. Vanuit die resultate van hierdie studie was dit dan ook duidelik dat die oormassa vroeë-adolessente dogter nie erken dat sy skaam voel oor die oormassa nie en in werklikheid self bitter min doen om die probleem aan te pak en die situasie vir haarself te verander. Sy is wel bewus daarvan dat klere gebruik kan word om die voorkoms te

verbeter, maar oormassa en obesiteit kan ongelukkig nie met klere weggesteek word nie. Sy noem dan ook meestal dat haar klere gemaklik moet wees en aan ander moet wys hoe sy oor haarself voel – alhoewel dit moontlik ’n strategie mag wees ten einde nie haar oormassa en obesiteit te erken nie. Om te dieet of te oefen om maerder te word is vir ander ’n oplossing, maar nie vir haarself nie, want God het haar so gemaak en dit is finaal! Wanneer sy gevra word om te reageer op foto’s van oormassa en normale-massa persone, reageer sy meestal net met betrekking tot die gesig en klere en selde, indien ooit met betrekking tot die lyf – wat moontlik weer dui op ’n strategie van vermyding.

***Ek dink sy voel ’n bietjie vet, maar die romp is gemaklik. Ek dink ander sal sê sy is bietjie kwaai, maar sy probeer nie wys dat sy vet is nie. Sy dra los klere maar sy steek seker nie die vet weg nie. Partykeer lyk mense so omdat hulle so gebore is. Partykeer kry mens ’n siekte, dan kan jy ook so lyk. Partykeer is dit omdat mense te veel TV kyk en eet. … dit is hoe Liewe Jesus my gemaak het en ek moet tevrede wees ... (D6)***

***Ek dink sy voel mooi, oulik en vriendelik want haar gesig lyk so. Ek dink ek sou so kon wees, maar haar heupe en eintlik haar hele lyf sou ek skraler wou hê. Ek dink die een is bietjie groot, maar sy voel nog mooi. Sy wys vir ander dat, al lyk haar lyf groot het sy nog iets bereik om mooi en netjies te wees... (D9)***

***Ek hou meer van denim kortbroeke, dit is vir my net gemakliker. My klere moet wys hoe ek oor myself voel en wat ek van die lewe dink. As ek nuwe mense ontmoet, kyk ek na hulle gesigte om hulle persoonlikhede te sien… Hierdie een voel selfbewus want sy weet almal kan sien sy is oorgewig, Sy wil dit wegsteek, maar kan nie rêrig nie. As die Here mens so gemaak het, moet jy tevrede wees... (D10)***

***Ek hou van gemaklike klere, ek hou nie van broeke wat so laag sit nie, dit is vir my ongemaklik. Ek dink sy voel of sy op ’n dieet wil gaan, of sy wil meer gaan oefen, of altwee, maar sy het seker nie tyd daarvoor nie... (D13)***

***Mense wat so vet lyk soos ons dominee voel nie lekker nie en hulle kry ook swaar, maar hulle is in die gewoonte om baie te eet. Mense het ’n keuse om so te lyk. As hulle van baie-eet so lyk moet hulle minder eet. As ander vir my sê ek lyk vet, dink ek dat ek seker ’n plan moet maak, maar dat dit is soos die Here my gemaak het en ek kan niks daaraan verander nie... (D16)***

Die vraag is dus: Indien die oormassa vroeë-adolessente dogter nie haar situasie hanteer deur middel van plobleem-gerigte handhawingstrategieë gebruik te maak nie, hoe hanteer sy dit dan? Uit die resultate van hierdie studie blyk dit dat die oormassa vroeë-adolessente dogter, bo-en-behalwe die attribusie-proses (sien **Bylaag O: Figure 35 tot 37**) wat haar as’t ware dwing om maar net die situasie te aanvaar, haar oormassa-situasie en die gepaardgaande emosie van hartseer hanteer deur middel van vermyding, deur die her-beoordeling van die situasie (“reappraisel”) en deur ontkenning (sien **Bylaag O: Figure 38 en 39**).

Lazarus en Lazarus (1994:159) wys daarop dat vermyding ("avoidance") 'n emosie-gesentreerde handhawingstrategie is waar die individu probeer om nie aan die probleem te dink nie deur byvoorbeeld sy/haar aandag of gedagtes toe te spits op iets anders. Uit die resultate was dit duidelik dat die oormassa vroeë-adolessente dogter veral die emosie van hartseer hanteer deur haar aandag toe te spits op ander dinge wat aan haar meer plesier verskaf.

***As ek mooi dinge sien word ek baie gelukkig. As ek mooi dinge sien en ek is naby die huis gaan ek na my kamer en neem my Bybel en lees 'n stukkie en probeer dit wat ek gesien het, afteken. Sy (ek) bak omtrent elke dag maar sy word nie so kwaad en hartseer nie want sy het nog nooit kritiek gekry oor wat sy maak nie... (D6)***

***Ek is mal oor musiek… dit sit my in 'n goeie bui. Dan dink ek nie veel nie, dit is waarom dit my so gelukkig maak… dan konsentreer ek so op die musiek se mooi klanke en dan dink ek nie aan die dinge wat my ongelukkig maak nie... (D12)***

Lazarus en Lazarus (1994:159) wys daarop dat vermyding in werklikheid 'n swak en tydelike handhawingstrategie is. Alhoewel dit kan bydra tot die tydelike verbetering van iemand se gemoedstoestand, vat dit ongelukkig nie die probleem weg nie. Her-beoordeling van die situasie is volgens Lazarus en Lazarus (1994:159-160) 'n veel sterker en meer effektiewe emosie-gesentreerde handhawingstrategie as vermyding. Dit behels die verandering van die persoonlike betekenis van wat gebeur het, ten einde dit minder bedreigend vir die individu te maak. Op die lange duur mag dit vir die individu selfs die mees effektiewe strategie wees. Uit die resultate van hierdie studie blyk dit dat die oormassa vroeë-adolessente dogter veral van hierdie handhawingstrategie gebruik maak. Sy glo ander oormassa mense voel waarskynlik hartseer en skaam oor die oormassa en gepaardgaande kritiek, maar wanneer dit by haar eie oormassa en gepaardgaande kritiek kom, draai sy die betekenis van die situasie om deur daarop te wys dat dit eintlik nie die liggaam is wat saak maak nie, maar die innerlike, en dat sy haar daarom nie aan kritiek steur nie.

***Sy voel sleg want dis nie lekker om so vet te wees nie. Ek wil graag 'n drie wees en nie 'n nege nie want dis nie lekker om so vet te wees nie. Ek hou van vriendelike mense. Dit is vir my belangrik om vriendelik te wees. Ek dink ek is fluks en vet. Ek probeer altyd meer doen as wat ek hoef te doen... (D6)***

***Ek dink die een is bietjie groot, maar ek dink sy voel nog mooi, want al het sy so 'n groot lyf het sy vir die mense gewys sy het iets bereik. Kritiek van my maats sal my nie eens raak nie want die Here het my so gemaak en ek is perfek so. Wat ander van haar sal sê, hang af van hulle gesindheid. As dit goed is, sal hulle na haar persoonlikheid kyk en nie na haar lyf nie... (D9)***

***Ek dink sy voel baie skaam. As mens so vet is, word jy gespot en kry jy skaam. Sulke opmerkings maak my nie meer seer nie. Ek gee regtig nie meer om nie. Dit is hoe jy binne lyk wat saak maak. Hoe jy buite lyk bepaal nie baie dinge nie... (D12)***

***Ek dink die vrou voel sleg want sy is baie vet. Ander sal sê hulle dink sy moet gewig verloor. Ek dink maats voel seergemaak as ander sulke dinge vir hulle sê. Ek weet nie hoe ek sou voel nie. Ek sal maar net aangaan en maak of niks gebeur nie… Dit is hartseer want kinders kyk nie na jou vriendelikheid nie. Ek dink ek is vriendelik en kom goed oor die weg met ander mense en dit maak my 'n goeie mens... (D15)***

In die geval van ontkenning as handhawingstrategie weier die individu om die probleem of emosie as bedreiging te erken. Lazarus en Lazarus (1994:166-167) wys daarop dat die ontkenning van die realiteit gevaarlik kan wees, aangesien dit kan lei tot lewensbesluite wat vir die individu negatief kan wees. Uit die resultate van hierdie studie was dit duidelik dat die oormassa vroeë-adolessente dogter in baie gevalle weier om die realiteit van haar oormassa en die gepaardgaande emosies te aanvaar, en dit dan net ontken.

Wanneer sy gevra word om sketse van haarself of van haarself en haar maats te maak, teken sy dikwels net die koppe, of stel sy haarself met simbole voor (sien **Bylae F en L**). Wanneer sy daaroor uitgevra word, maak sy verskoning dat sy nie die lywe kon teken nie of nie geweet het hoe om dit te teken nie, terwyl sy in werklikheid op ander sketse die lywe inteken. Wanneer die lywe wel geteken word, is dit nie oormassa lywe soos wat sy in werklikheid lyk nie, maar dikwels eintlik in verhouding baie klein en maer lywe met besondere groot koppe, of selfs fantasie-lywe (sien **Bylae F, K en L**). Selfs wanneer sy gevra word om haarself op die liggaamstevredenheidskaal aan te dui, ontken sy dat sy in werklikheid oormassa is (sien **Bylaag I** vir die liggaamstevredenheidskaal). Sy ontken ook dat haar klere ongemaklik is omdat sy oormassa is, en is ook meestal op haar eie gesig of dié van ander gefokus, in stede van op die liggaam.

***Ek het nie die lywe geteken nie omrede ek 'n bietjie lui was... (D6)***
***Ek weet nie hoekom ek voel ek is vet nie, maar ek dra groter klere as my maats... (D6)***
***Ek het my kop geel geteken omdat ek gemaklik voel met my kop. Hy pla my nie. My kop is die gemaklikste stuk van my lyf... (D10)***
***Ek het net my kop geteken want ek weet nie hoe om die lyf te teken nie, want my lyf is nie vir my mooi nie, maar ek is nie regtig ongelukkig daaroor nie; My heel beste liggaamsdeel is eintlik my hele liggaam. Ek dink ek is dalk 'n bietjie oorgewig, maar nie baie nie... (D12)***
***Ek weet nie waarom my skoolbroeke my skawe tussen my bene nie, maar my ma het 'n plan gemaak en vir my en my sussie van ander materiaal broeke gemaak... (D15)***

Daar moet op gelet word dat ontkenning in werklikheid vir die individu 'n negatiewe handhawingstrategie is wat niks doen om die probleem op te los en die emosie te verander nie. Die feit dat die oormassa vroeë-adolessente dogter nie met haar oormassa-toestand gekonfronteer wil word nie en dit, die gepaardgaande emosies en die belangrikheid van ander se opinie ontken, help haar nie om massa te verloor en van die hartseer as gevolg van ander se kritiek (wat sy ontken belangrik is), ontslae te raak nie. Dit help haar slegs om die situasie tydelik en vir die oomblik te hanteer. Vanuit 'n lewensverloop-perspektief wys Shanahan (2000) daarop dat die keuses wat die

individu maak ten einde die self tydens ’n bepaalde oorgangsfase te kan handhaaf, ook weer implikasies het vir ’n volgende of latere fases. Vanuit ’n ontwikkelingsperspektief wys Havighurst (in Rice,1995:333) daarop dat die aanvaarding van die fisieke veranderinge (waaronder die toename in massa) en die effektiewe benutting van die liggaam, een van die belangrikste ontwikkelingstake tydens adolessensie is. Indien die dogter dus nie die veranderinge (waaronder die toename in massa) positief kan aanvaar nie, behoort sy strategieë te ontwikkel of te gebruik wat haar kan ondersteun in die aanvaarding van ’n veranderende, en uiteindelik nuwe voorkoms, wat ook vir ander wat vir haar belangrik is, aanvaarbaar is. Vanuit die simboliese interaksionisme wys Charon (1998:80-81) daarop dat ander, soos vir die ontwikkeling van die self, ook vir die handhawing, beheer en bestuur van die self belangrik is. Die individu bestuur/beheer die self met inagneming van die opinies van ander wat vir haar belangrik is. Die veralgemeende ander, “hulle/ander mense” waarna sy vroeër verwys het, wat oor mens skinder of agter jou rug praat, behoort dus vanuit so ’n siening die standaard te wees waarvolgens sy haar strategieë kies en haar self bestuur ten einde dit te laat ontwikkel en na ’n volgende ontwikkelingsfase te kan oorgaan. Die oormassa vroeë-adolessente dogter ontken nie net die samelewing as veralgemeende ander se perspektief met betrekking tot die belangrikheid van ’n skraal liggaam (fisieke self) as deel van die self nie, maar ontken ook dat hulle opinie en terugvoer vir haar belangrik is. Sy kies dus geen strategie om die fisieke self vir hulle te verander en aanvaarbaar te maak nie. Waar die normale-massa vroeë-adolessente dogter strategieë (soos manipulasie en wegsteek) kies wat die fisieke self vir ander verander, vir haarself meer aanvaarbaar maak en die emosie van skaamte verminder, bly die oormassa dogter se fisieke self dus vir haar self en vir ander dieselfde. Al erken sy dit nie dat ander se opinie daaroor belangrik is nie, bly die emosie van hartseer weens die onveranderde fisieke self en ander se terugvoer daaroor, dieselfde en dra sy dit waarskynlik saam met haar na ’n volgende lewensfase.

Daar moet in gedagte gehou word dat die stigmatisering van oormassa in die Westerse wêreld baie sterk is en dat die persepsie bestaan dat die oormassa persoon vir sy/haar eie toestand verantwoordelik is en dus die oormassa kan beheer (Quinn & Crocker, 1999; Puhl & Brownell, 2003a; 2003b; Schwartz & Brownell, 2004). Voor iemand egter gestigmatiseer kan word, moet daar een of ander sigbare teken of merk wees wat deur ander met wie die persoon in interaksie is, raakgesien word – in die geval van die vroeë-adolessente dogter, die oormassa of obesiteit wat ander raaksien en waaroor hulle haar spot (Rush,1998). Jones *et al.* (1984:124**)** wys daarop dat ’n persoon egter net gestigmatiseerd kan voel indien die stigma aangeneem word. As die merk oor ’n periode van tyd beklemtoon word, word dit deel van ’n geïntegreerde netwerk van gedagtes, emosies en verwagtings met betrekking tot die merk en word dit dus deel van die self. Die teendeel is egter ook waar. Indien die individu, deur middel van watter strategie ook al, dit kan regkry om die merk te ignoreer, word die stigma nie aanvaar nie en dus nie deel van die self nie. Uit hierdie studie is dit duidelik dat die oormassa vroeë-adolessente dogter wel bewus is van oormassa-stigmas en stereotipes en selfs daaroor gespot word. Sy verkies egter om die merk te ontken en te probeer vermy in haar poging om nie die merk of stigma van oormassa aan te neem as deel van die self nie. Die hartseer weens ander wat haar stigmatiseer se reaksie bly egter, en die wyse waarop sy dit probeer hanteer is om haarself wys te maak dat ander se opinie nie vir haar belangrik is nie. Vanuit die siening van die simboliese interaksionisme is die ontwikkeling en instandhouding van die self egter afhanklik van ander. Die feit dat die self

’n sosiale objek is, beteken dat self-definisie afhanklik is van sosiale konsensus. Die opinie van ander is nie net van kritieke belang vir die self nie, maar ook vir ander sosiale gedrag. Die instandhouding van ’n stabiele self word dus vir die persoon wat gestigmatiseer word, in hierdie geval die oormassa vroeë-adolessente dogter, besonder moeilik (Jones *et al.,*1984:111).

Om uitspraak te gee met betrekking tot die geskiktheid van die normale-massa en oormassa vroeë-adolessente dogter se keuse van handhawingstrategieë val nie binne die perke van hierdie studie nie. Boonop is dit moelik om ’n spesifieke handhawingstrategie bloot as positief of negatief te kategoriseer. Dit gaan immers daarom of die strategie die persoon kon ondersteun in die aanpas by die situasie en/of emosie. Garnefski, Boon en Kraaij (2003) konseptualiseer positiewe handhawing of sogenaamde “adaptive coping” as ’n respons op stres waarvan die gevolg positiewe her-waardering is, met ander woorde, aanvaarding, herstrukturering en positiewe persoonlike groei.

**5.5 VERLORE KINDERJARE**

Uit die voorafgaande bespreking en teen die agtergrond van ’n lewensverloop-perspektief (Elder & Elder, 1994), lyk dit asof massa en toename in massa as belangrike komponent of kenmerk van die vroeë-adolessente oorgangsfase wel gevolge het vir hoe die normale- en oormassa vroeë-adolessent in hierdie studie die self beleef, en dat dit as’t ware, soos gestel deur Marshall en Mueller (2004:20), ’n keerpunt of sogenaamde “turning point” met betrekking tot vele lewensbane is. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit in werklikheid vir haar ’n tydperk van menige veranderinge en emosies is, wat nie noodwendig deur die normale-massa en die oormassa dogter eenders beleef word nie, maar wat albei moet hanteer (hoewel nie noodwendig dieselfde nie), ten einde (vanuit ’n ontwikkelingsperspektief) belangrike ontwikkelingstake te kan bemeester wat haar in staat sal stel om te kan oorbeweeg na ’n volgende fase met groter stabiliteit.

Alhoewel die normale-massa en die oormassa vroeë-adolessent in hierdie studie hul massa as deel van die self verskillend beleef, totaal verskillende emosies daaromtrent ervaar, verskillend daaroor dink en die situasie en gepaardgaande emosies verskillend hanteer, lyk dit asof hulle aan die einde van die stryd klaarblyklik tog weer by dieselfde ervaring of belewenis van die totale vroeë-adolessente tydperk uitkom, en ook dieselfde daaroor voel. Soos in die geval van haar belewenis van die fisieke self, word haar belewenis van die totale lewensfase waarin sy nou is, en die gepaardgaande emosies wat sy daaromtrent ervaar, gerig deur die teenwoordigheid van ander, wat vroeër moontlik nie vir haar ’n werklikheid was nie. Die moeilikste van hierdie tydperk is dan ook dat sy moet lyk en optree soos wat ander van haar verwag. Dit laat by haar ’n besef van die verlies van die lekker, maar verlore kinderjare en ’n emosie van veral hartseer oor die permanente verlies. Die lewe gaan egter aan en sy moet voortbeweeg na ’n nuwe fase. Sy kan dus slegs haar situasie hanteer deur dit te aanvaar of moontlik tydelik die hartseer hanteer deur middel van wensdenkery (“wishful thinking”), wat volgens Lazarus en Lazarus

(1994:171-2) 'n negatiewe of swak strategie is aangesien dit die individu net tydelik beter kan laat voel, maar niks aan die hantering van die situasie doen nie.

***Die swaarste van grootword is ander mense kyk na my en dink lelike goed, maar ek moet maar net my liggaam oppas. Ek kan nie meer so lekker voor my maatjies swem soos altyd nie. Ek is partykeer skaam en ongemaklik oor die veranderinge... (D1)***

***Die moeilikste van grootword is dat mens nou soos 'n grootmens moet begin optree. Dit is goed, maar ek wil nie so vinnig groot word nie... (D2)***

***Ek sou graag langer klein wou bly… ek kan nou nie so lekker swem en sommer met my "panty" en kaal bo-lyf in die swembad spring nie... (D3)***

***Wat die moeilikste is van grootword is dat mens die hele tyd moet omgee hoe jy lyk. Dit voel vir my ek moet heeltyd mooi en goed lyk. Partykeer is ek hartseer oor die veranderinge, maar dan herinner ek myself dat almal moet groot word... (D7)***

***Die slegste vir my van grootword is dat kinders mens spot oor jou groot voete en die seuns sê "jy word vet". Ek mis die lekker speel van my kinderjare die meeste... (D9)***

***Die moeilikste van grootword is dit maak ekstra moeite want nou moet jy skeer. Ek mis die meeste van my kinderjare dat ek nie so maklik skuldig gevoel het nie... (D13)***

***Die swaarste van grootword is dat ek nie meer kan speel soos toe ek klein was nie. Ek voel maar "okay" daaroor (D15).***

Dit is opmerklik dat, toe die vroeë-adolessente dogter direk gevra is wat vir haar die moeilikste is van hierdie tydperk, sy nie die fisieke veranderinge en spesifiek massa of die toename in massa en die gepaardgaande emosies van skaamte en hartseer, genoem het nie, maar die gevolge wat dit vir haar het, naamlik dat dit haar nou in 'n nuwe lewensfase sit waar sy ander rolle moet begin aanneem en wat ook ander gedrag en optrede van haar verg, weens die teenwoordigheid van ander en wat hulle van haar verwag. Dit kan wees dat die vroeë-adolessente dogter tog daarin slaag om met haar gekose strategieë die massa-situasie as deel van die self te hanteer. Fisieke veranderinge en die groter word van die liggaam/toename in massa kan immers by die normale-massa dogter vir ander weggesteek word deur klere, terwyl dit dan ook die emosie van skaamte kan verminder. Terselfdertyd kan die oormassa dogter moontlik haar oormassa en ander se reaksie hanteer deur die oormassa en die belangrikheid van ander se opinie te ontken in haar belewenis van die fisieke self, en dit dan te vervang met groter klem op die belangrikheid van die innerlike self. Die feit bly egter dat beide die fisieke en innerlike self deel van die self is. Mead (1934:140) wys dan ook daarop dat belewenis van die een, ook gevolge vir die belewenis van die ander het, en dat, as die een belig word (soos dat dit verander), die ander ook belig word, maar altyd in interaksie met ander vir wie die self aangebied/voorgehou moet word. Of sy dus dele van die fisieke

self vir ander wegsteek, en of sy dit ontken, neem uiteindelik nie ander in die belewenis van die self weg nie, en bly die aanbied van die self vir ander (hetsy die bestuur van 'n aanvaarbare voorkoms of die aanneem van nuwe rolle en gepaardgaande gedrag) dus vir die vroeë-adolessente dogter van die moeilikste take van grootword.

Kaiser (1990:186-190) wys op die belangrikheid van kleding en voorkoms wanneer 'n persoon 'n nuwe rol moet aanneem en ook haar identiteit vir haarself en vir ander binne 'n bepaalde sosiale situasie moet aandui. Kaiser (1990:186) stel dit dat die individu deur middel van selfidentifikasie haar sogenaamde identiteit uitdruk. Voorkomsbestuur ondersteun die individu in haar antisipasie van watter identiteite sy in 'n bepaalde situasie aan ander wil aanbied. Dit gaan dus oor die individu self, die ander, asook die bepaalde situasie - in hierdie geval die vroeë-adolessente dogter wat nou 'n nuwe rol-identiteit moet aanbied wat nie net vir haar nuut en vreemd is nie, maar wat sy ook so moet aanneem dat ander daarmee tevrede is en sy aanvaar word binne die bepaalde samelewing se standaarde. Kaiser (1990:186) wys verder daarop dat die individu nie kan vasklou aan 'n bepaalde identiteit nie – in dié geval die van ouderdom en kind. Betekenisse en voorkomste wat met 'n bepaalde identiteit geassosieër word, word sosiaal gekonstrueer en daar word van die individu verwag om by die gedrag (ook kledinggedrag) van 'n bepaalde identiteit te hou. Kaiser (1990:193) wys op die belangrikheid van ouderdom- en geslagsrolle en gepaardgaande voorskrifte in die individu se identiteit en belewenis van die self (wie en wat ek is...). Wanneer 'n bepaalde rol vir die individu belangrik is in haar identiteit, soos 'n nuwe en meer volwasse geslagsrol, is dit gewoonlik vir die individu belangrik om deur middel van haar voorkoms en kleding aan ander aan te dui dat sy die bepaalde rol suksesvol aangeneem het. Met betrekking tot die vroeë-adolessente dogter dui dit op 'n veranderende voorkoms en versorgingsgedrag te spyte van die feit dat dit moeite is en tyd neem wat vroeër aan speel gewy is.

Massa-toename gedurende die vroeë-adolessente jare gaan dus nie bloot om fisieke veranderinge by die kind nie, dit raak ook haar innerlike en haar funksionering in 'n sosiale omgewing tussen ander. Met betrekking tot kleding is die konsekwensies ook nie bloot klere wat te klein of te kort word nie, maar 'n totaal nuwe en ander voorkoms en kledinggedrag as 'n deel van 'n nuwe rol met ook ander gepaardgaande rolgedrag wat die samelewing van haar verwag. 'n Bevestiging van Mead (1934) se siening: "Man is body, soul and mind" wat met die een deel van self gebeur het, het dus ook konsekwensies vir wat met die ander gebeur.

Teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstuk word daar in **HOOFSTUK 6** gevolgtrekkings gemaak met betrekking tot die breë navorsingsvrae wat die studie gerig het. Die bydrae wat die studie tot die kledingteorie kan maak word uiteengesit terwyl aanbevelings gemaak word met betrekking tot die waarde wat kleding vir die vroeë-adolessente dogter mag hê.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS, EVALUERINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 AGTERGROND

Soos in **HOOFSTUK 1** beskryf, was die doel van hierdie studie om insig te verkry oor die rol wat massa-toename mag speel in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. Gevolglik is 'n kwalitatiewe navorsingstyl gebruik en die navorser het van ongestruktureerde onderhoudmetodes, persoonlike dokumentasie (dagboeke, foto's, sketse en collages) en fokusgroepe gebruik gemaak om data in te samel. Bepaalde stimulustegnieke is gebruik ten einde die deelnemers in 'n situasie te plaas waar hulle in staat is om spontaan uitdrukking te gee aan hul belewenisse, sonder voorskrifte van die navorser. Verbatim transkripsies van onderhoude, deelnemers se eie pogings en netwerke vanuit die Atlas.ti-program is gebruik as verifiëring vir die bespreking en interpretasie van die resultate. Bespreking en interpretasie van die resultate is gedoen teen die agtergrond van die gekose perspektiewe en die drie oorkoepelende navorsingsvrae wat die navorsing gerig het, naamlik:

- Watter rol speel massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en wat is die implikasies daarvan vir haar kledinggedrag?
- Wat is die rol van ander in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en wat is die implikasies daarvan vir haar kledinggedrag?
- Hoe handhaaf die vroeë-adolessente dogter die self gedurende hierdie oorgangsfase en wat is die implikasies daarvan vir haar kledinggedrag?

Vervolgens word daar 'n bespreking gegee van die algemene gevolgtrekkings waartoe daar gekom kan word, die studie word geëvalueer terwyl daar ook aanbevelings gemaak word met betrekking tot die keuse van die kwalitatiewe strategie in navorsing met vroeë-adolessente, en die waarde wat kleding vir die vroeë-adolessente dogter mag hê.

## 6.2 GEVOLGTREKKING

### 6.2.1 Agtergrond met betrekkking tot die aanbieding van die gevolgtrekkings

Hoewel daar studies gedoen is met betrekking tot die oormassa vroeë-adolessente dogter, is die probleem dat daar ongelukkig weinig, indien enige, indiepte-studies gedoen met die doel om te verstaan hoe die vroeë-adolessente dogter nie net oormassa nie, maar spesifiek die toename in massa as deel van die self beleef, asook

watter strategieë sy in werking stel ten einde by 'n veranderende fase in haar lewe te kan aanpas. Die doel was om insig en begrip te kry en nie om sekere veralgemenings te maak, hipoteses te bewys, of om die werke van vorige navorsers te bevestig nie, maar juis om die vroeë-adolessente dogter in totaliteit te bestudeer en begrip te probeer kry van hoe sy massa-toename tydens hierdie oorgangsfase van haar lewe beleef. Vir hierdie doel is die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief as vertrekpunte gebruik.

Met die drie oorkoepelende navorsingsvrae wat die studie gerig het en teen die agtergrond van die gekose perspektiewe, was dit vir die navorser moontlik om die resultate onder vier hooftemas te interpreteer, naamlik:

- massa as self
- die self op die planke
- die stryd met die self
- verlore kinderjare

Hierdie vier temas is egter in mekaar verweef om die volledige bevindinge te kan weergee. Om dus nou tot 'n gevolgtrekking te kom wat volgens die breë navorsingsvrae in kompartemente ingedeel is, sou 'n verdraaide weergawe gee van wat gevind is – ook omrede die navorser vanuit die interpretasie van mening is dat persoonlike massa 'n rol mag speel in hoe die vroeë-adolessente dogter massa-toename beleef asook hoe sy daarop reageer. Met die doel van die navorsing asook die breë/oorkoepelende navorsingsvrae in gedagte, word daar dus eerstens 'n oorkoepelende gevogtrekking gemaak ten opsigte van die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self, waarná verskille in die normale-massa en oormassa dogter se belewenisse en hul hantering daarvan onder afsonderlike gevolgtrekkings hanteer word. Alhoewel daar in die gevolgtrekkings na die vroeë-adolessent verwys word, is hierdie nie veralgemenings nie; dit het slegs betrekking op die steekproef.

### 6.2.2 Oorkoepelende gevolgtrekking aangaande die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self

Uit hierdie studie kan daar eerstens tot die gevolgtrekking gekom word dat massa, en dan spesifiek ook massa-toename, tydens vroeë-adolessensie nie los van die dogter se fisieke self gesien kan word nie. Dit speel nie net 'n rol speel in hoe sy haar fisieke self, veral in interaksie met ander, beleef nie, maar ook in hoe sy haar innerlike self beleef. Dit sluit spesifiek ook die emosies in wat die belewenis by haar tot gevolg het. Vir die vroeë-adolessente dogter is daar 'n wisselwerking tussen massa, groter word en vet – en verandering in die lyf en ledemate word dikwels as vet ervaar. Vir die vroeë-adolessente dogter is hierdie veranderinge oorweldigend en sy beleef dit dat haar liggaam skielik groter, langer, swaarder of breër word. Dit was verder duidelik dat dit vir die vroeë-adolessente dogter nie net gaan om verandering van primêre en sekondêre geslagskenmerke nie, maar om verandering en gepaardgaande ontevredenheid wat sy nou skielik met betrekking tot al die dele van die

fisieke self beleef, ongeag of die verandering 'n werklikheid is en of sy werklik oormassa is al dan nie. Sy is dus nou in staat om die liggaam as geheel, maar ook die dele daarvan raak te sien, uit te lig, te evalueer en tevrede of ontevrede daaroor te voel. Sy is ook geneig tot perseptuele groepering van die liggaamsdele met groter ontevredenheid met die middel-, heup- en bobeen-areas.

Alhoewel die veranderinge en die groter en breër word van die liggaam en dele daarvan 'n rol speel in al die deelnemers se belewenis van hul self, kan daar uit hierdie studie verder tot die gevolgtrekking gekom word dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter massa-toename anders beleef as die dogter wat vroeë-adolessensie as oormassa betree het, dat dit by die normale-massa en oormassa dogter verskillende reaksies en emosies uitlok, en dat hulle dit ook anders hanteer ten einde hulle self in interaksie met ander te kan handhaaf. Hierdie verskille in die belewenis van massa-toename en die hantering daarvan word breedvoerig onder **6.2.3** en **6.2.4** bespreek.

Fisieke veranderinge word egter nie net aan haar liggaam beleef nie, maar ook wat die passing van haar kledingprodukte betref. Stywe, ontblotende en kort klere wat haar liggaam benadruk laat die vroeë-adolessente dogter ongemaklik, onrustig, vet en skaam voel. Haar belewenis van haar fisieke self raak dus ook nou haar belewenis van, en voorkeur vir, haar kleding as tweede vel wat op die skeidingsgrens tussen die self en ander lê. Dit gaan dus nie vir die vroeë-adolessente dogter bloot om die kleiner of korter word van haar klere of om 'n behoefte aan groter of beter passende klere nie, maar om 'n totale verandering van haar klerestyl en voorkoms. Aan die eenkant moet klere haar help om veranderinge wat sy as "vet word" ervaar vir ander weg te steek, en die dele waaroor sy ongemaklik en skaam voel soos veral haar heupe en bo-bene toe te maak en net vir haar eie oë te hou. Dit help haar waarskynlik om tussen ander nie so bewus te wees van die liggaamsdele waaroor sy ongemaklik voel nie, en help daarom waarskynlik ook om die emosie van skaam wees wat met die veranderinge gepaardgaan, te verlig.

Aan die ander kant moet die klere haar nou ondersteun in die aanneem van 'n nuwe rol en identiteit – 'n meer volwasse vroulike rol waar dit van haar verwag word om nie meer soos 'n kind te lyk nie. 'n Totaal ander klere– en voorkomsstyl ondersteun haar moontlik in die verkenning van 'n gedragswyse wat gepaardgaan met die nuwe identiteit wat sy probeer aanneem, en ook aan ander wil kommunikeer.

Daar kan uit hierdie studie tot die verdere gevolgtrekking gekom word dat die vroeë-adolessente dogter se belewenis dat die liggaam en dele daarvan in massa toeneem, ook gevolge het vir hoe sy nou oor haar innerlike self voel, en dat enige negatiewe opmerkings oor haar liggaam haar skaam, hartseer of kwaad laat voel, op haar innerlike van toepassing gemaak word en selfs as simbool van bepaalde aspekte van haar innerlike self geneem word. Sy ervaar haar liggaam en dié se veranderinge dus as objek wat geëvalueer kan word en wat by haar tot bepaalde emosies lei – by die normale-massa vroeë-adolessente dogter waarskynlik hoofsaaklik die emosie van skaamte en by die oormassa vroeë-adolessente dogter waarskynlik dié van hartseer. Vir die vroeë-adolessente

dogter staan die liggaam as fisieke self dus nie los van die innerlike self nie; as die een uitgelig word, het dit ook implikasies vir die ander. Kleding lê as tweede vel tussen die dogter en ander. Tydens interaksie met ander gaan dit vir haar oor hoe ander haar waarneem, met ander woorde dié dele van die liggaam of fisieke self wat ontbloot is, en dié dele wat bedek of weggesteek word, of waarvan die vorm deur klere verander word. Fisieke self, voorkoms en kleding kan met ander woorde nie van mekaar geskei word nie, al drie vorm deel van die self tydens interaksie met ander. Tydens interaksie met ander gaan dit vir die vroeë-adolessente dogter oor haar voorkoms (liggaam & kleding) waaroor sy nou ongemaklik voel, en die emosie van skaamte wat sy beleef. Vir die vroeë-adolessente dogter kan die fisieke self egter nie van die innerlike self geskei word nie. In die sosiale omgewing en interaksie met ander, kry die fisieke self (voorkoms) wat die kleding en liggaam insluit vir haar 'n ander betekenis as bloot net 'n voorkoms. In haar denke kry dit betekenis en gebruik sy dit as simbool van ander aspekte van die self, soos wie en wat sy is, en wil sy dit ook so deur middel van haar voorkoms aan ander kommunikeer.

Vir die vroeë-adolessente dogter gaan dit nie bloot net om die veranderinge nie, maar spesifiek om wat die veranderinge tot gevolg het in haar interaksie met ander en die implikasies wat dit vir haar inhou met betrekking tot die aanneem van nuwe rolle. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ander 'n belangrike rol speel in die belewenis van die self en spesifiek met betrekking tot die rol wat veranderinge en massa-toename nou speel. Die vroeë-adolessente dogter is nou in staat om, buiten die betekenisvolle ander, ook die verwysingsgroep-ander en die veralgemeende ander se perspektiewe met betrekking tot massa in ag te neem in haar evaluering van haar fisieke self, en hierdie ander se opinies is vir haar belangrik in die belewenis van die self en spesifiek ook die belewenis van massa-toename as deel van verandering. Sy is dus nou, veral wat haar voorkoms betref, op die planke en beleef dat ander haar fisieke voorkoms nou baie meer intens waarneem, agter haar rug daaroor praat en selfs massa en die veranderinge as simbool van bepaalde aspekte van haar innerlike self sien. In die teenwoordigheid van ander wat moontlik nie vroeër vir haar belangrik was nie, word dit nou belangrik om die self op so 'n wyse oor te dra en voor te stel dat dit 'n indruk sal maak wat in haar belang is.

Dit lyk asof betekenisvolle ander in die vorm van die gesin en familie, in dié studie nie werklik 'n negatiewe rol speel in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van massa-toename as deel van die self nie, maar dat betekenisvolle ander moontlik eerder 'n ondersteunende rol speel en strategieë verskaf vir hoe sy die massa-toename moet hanteer. Uitsprake soos ***Jesus het my so gemaak*** en ***almal moet maar grootword*** dien waarskynlik eerder ter ondersteuning vanaf betekenisvolle ander, ten einde die dogter te help in die aanvaarding van die massa-toename en die gepaardgaande veranderinge.

Vir die vroeë-adolessente dogter is veralgemeende ander in die vorm van ***"ander"***, "***mense", "ander mense" en "ander kinders"*** egter altyd teenwoordig in die beoordeling en belewenis van die self en spesifiek ook wat betref haar massa, massa-toename en liggaamsveranderinge, en wat ***"hulle dink" en "hulle sê"***. Uit die studie het dit na vore gekom dat die vroeë-adolessente dogter bewus is van die kulturele ideaal van slankheid wat deur

die meerderheid ondersteun en aangehang word. Sy is ook bewus van die stigma wat aan oormassa gekoppel word en die stereotipes rondom oormassa. Om oormassa of vet te wees en die gepaardgaande emosie van hartseer daaroor te beleef is dus iets wat die normale-massa vroeë-adolessente dogter waarskynlik vrees en wat die oormassa vroeë-adolessente dogter waarskynlik reeds as 'n werklikheid beleef, en wat versterk word deur haar belewenis dat haar liggaam heeltyd deur ander waargeneem en beoordeel word.

Met betrekking tot die belewenis van massa en massa-toename gaan dit dus nie net vir die vroeë-adolessente dogter om adolessente egosentrisme wat manifesteer in 'n denkbeeldige gehoor nie, maar om die werklikheid. In 'n Westerse samelewing word daar sterk klem gelê op 'n slanke voorkoms, terwyl daar 'n stigma kleef aan oormassa en bepaalde stereotipes oor die oormassa persoon algemeen gehandhaaf word. Alhoewel dit nie uit hierdie studie na vore gekom het dat ***ander mense*** in werklikheid vir die vroeë-adolessente dogter terugvoer gegee het op haar veranderende liggaam of die feit dat sy in massa toeneem of in werklikheid oormassa is nie, besef die dogter egter dat die skraal skoonheidsideaal werklik deur ander aangehang word en dat stigmas en stereotipes waarvan sy ook bewus is, werklik ook deur ander gedeel word. In 'n fase van ontwikkeling waar veralgemeende ander toenemend belangrik vir die dogter word, is sy bewus van hierdie stigmas en stereotipes en sal sy waarskynlik van strategieë gebruik wil maak om dit te ontkom of tot voordeel van haar belewenis van haar totale self te hanteer. Die druk om aan samelewingstandaarde te voldoen is dus vir die vroeë-addolessente dogter 'n werklikheid en nie net 'n denkbeeldige illusie nie. 'n Ander nuwe klerestyl wat nie die liggaam of dele waarmee sy ontevrede is ontbloot of benadruk nie, moet die dogter nou ondersteun om 'n voorkoms te bereik en te handhaaf wat vir "ander" – soos ook deur die massamedia gepropageer, aanvaarbaar is.

Vanuit 'n ontwikkelingsperspektief kan daar geredeneer word dat die portuurgroep as deel van die verwysingsgroep-ander toenemend belangrik word in die vroeë-adolessente dogter se beoordeling en belewenis van die self, en dan spesifiek ook haar belewenis van massa-toename as deel van die veranderende fisieke self. In hierdie studie het dit na vore gekom dat meisie-maats as deel van die portuurgroep waarskynlik nie so 'n belangrike, en definitief nie 'n negatiewe rol speel, in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van massa-toename as deel van die self nie. Alhoewel dit lyk asof die vroeë-adolessente dogter tog veranderinge vergelyk met dit wat by nabye maats plaasvind, lyk dit asof sy dit eerder beleef asof ***"almal maar moet grootword"***, en nie noodwendig negatiewe terugvoer van nabye meisie-maats kry met betrekking tot die groter en veranderende liggaam nie. Dit het wel na vore gekom dat seuns nou 'n toenemende, en in baie gevalle 'n negatiewe rol speel met betrekking tot hoe die vroeë-adolessente dogter haar veranderende liggaam, waaronder die toename in massa, ervaar. Die feit dat seuns nou fisieke veranderinge by die dogter waarneem, waarskynlik bewus is van die kulturele slanke standaard en fisieke veranderinge by die dogter uitdruk as *groot* en *vet*, tesame met die geterg en gespot daaroor, het tot gevolg dat selfs die normale-massa vroeë-adolessente dogter nou 'n akute bewustheid van die veranderinge in haar liggaam het, asook die feit dat die liggaam en dele daarvan groter word en moontlik deur die seuns, wat as ander nou toenemend belangrik word, raakgesien en gespot sal word. Tesame met die "**ander**" wat oor haar praat het dit tot gevolg dat die druk om aan die standaarde van die samelewing te voldoen,

of om oor gepraat te word omdat jy nie aan die standaarde voldoen nie, vir die vroeë-adolesente dogter 'n werklikheid word en nie 'n denkbeeldige illusie nie. Negatiewe evaluerings vanaf ander, hetsy werklik, denkbeeldig, of die vrees daarvoor, plaas haar meer op die planke en bekommerd oor die indruk wat sy maak en oor ander se verwagtings en beoordelings. Vanuit hierdie studie lyk dit asof dit vir die vroeë-adolessente dogter nie so seer daaroor gaan om haar voorkoms te verander bloot om modieus te wees of by die portuurgroep in te skakel nie. Sy poog om haar voorkoms te verander ter wille van die wegsteek van 'n veranderende fisieke self wat ook 'n aanduiding is van haar veranderende seksualiteit en meer volwasse rol wat sy , as deel van haar identiteit, nog verken en nie tenvolle aangeneem het nie.

Die vraag sou dan wees: Hoe hanteer die vroeë-adolessente dogter hierdie veranderinge en spesifiek haar ervaring van die toename in massa ten einde die self in interaksie met ander te kan handhaaf en nie die positiewe belewenis van die self prys te gee nie? Uit hierdie studie kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die vroeë-adolessente dogter wel bepaalde strategieë ontwikkel en gebruik, ten einde massa en massa-toename tydens hierdie oorgangsfase van haar lewe te hanteer. Daar kan ook tot die gevolgtrekking gekom word dat die strategieë wat die vroeë-adolessente dogter inspan ten einde die self te handhaaf en die toename in massa te hanteer, waarskynlik nie vir almal dieselfde is nie, en dat die persoonlike massa waarmee die vroeë-adolessente dogter vroeë-adolessensie betree, waarskynlik nie net 'n rol speel in die emosies wat sy nou ervaar oor verandering en toename in massa nie, maar ook in die strategieë wat sy in werking stel ten einde die self in die situasie te kan handhaaf en nie 'n positiewe belewenis van die self prys te gee nie. Dit het uit hierdie studie geblyk dat die normale-massa en oormassa vroeë-adolessente dogter nie dieselfde emosies ervaar met betrekking tot massa en massa-toename nie. Waar die normale-massa vroeë-adolessente dogter hoofsaaklik nou 'n emosie van skaamte beleef, beleef die oormassa vroeë-adolessente dogter hoofsaaklik 'n emosie van hartseer. Hierdie emosies en die gepaardgaande probleem van massa en massa-toename word dan ook deur die oormassa en normale-massa vroeë-adolessente dogter verskillend hanteer. Waar die normale-massa dogter veral van probleemgerigte handhawingstrategieë gebruik maak, maak die oormassa vroeë-adolessente dogter veral van emosie-gerigte strategieë gebruik, soos om die probleem en die gepaardgaande emosies te vermy of die probleem te ontken. Hierdie verskille in die belewenis van massa-toename en die hantering daarvan word breedvoerig onder **6.2.3** en **6.2.4** bespreek.

Hierdie studie het getoon dat, ongeag hoe die dogter as normale-massa- of oormassa dogter die vroeë-adolessente stadium betree het, veranderinge aan die fisieke self, waaronder die ervaring van groter word en die toename in massa, nie net gevolge het vir hoe sy nou haar fisieke self beleef nie, maar ook gevolge het vir hoe sy haar innerlike self beleef, en dan spesifiek die rolgedrag wat nou van haar, in interaksie met ander, verwag word. Veranderinge in haar fisieke self, waaronder die groter word en toename in massa van die liggaam en dele daarvan plaas die dogter nou in 'n nuwe stadium van haar lewe waar sy, ook vanuit die bewuswording van ander se terugvoer, besef dat daar nuwe standaarde aan haar gestel word – nie net wat die fisieke voorkoms betref nie, maar ook wat betref haar interaksie met ander in 'n nuwe rol. Sy is nou nie net meer deel van die betekenisvolle

ander nie, maar skielik "op die planke" waar sy gemeet word aan die standaarde wat verwysingsgroep-ander en veralgemeende ander aan haar stel. Fisieke verandering en die groter word van en veranderinge aan die liggaam en dele daarvan, het nou definitiewe gevolge vir hoe sy haar teenoor ander beleef en kan en moet handhaaf.

Uit hierdie studie kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat massa-toename as deel van fisieke veranderinge nie net vir die vroeë-adolessente dogter implikasies het vir hoe sy haar fisieke self as deel van die totale self beleef nie, maar spesifiek ook implikasies het vir hoe sy as totale wese funksioneer in interaksie met ander. Dit het implikasies vir haar gedrag (waaronder haar kledinggedrag) en stel haar in 'n posisie waar dit nie meer net om die self en die betekenisvolle ander gaan nie, maar in werklikheid om almal wat nou in haar lewe betekenis mag kry asook die samelewing se standaard wat in meeste gevalle deur nuwe betekenisvolle en verwysingsgroep-ander gedeel word. Die moeilikste aspek van hierdie fase van haar lewe is dan ook hoe sy moet lyk en optree soos wat ander van haar verwag. Dit is dus nou vir haar 'n werklike belewenis dat haar liggaam as fisieke self nie los van die self staan nie en in werklikheid sosiaal van aard is, en dus geklee, aangebied en bestuur moet word sodat dit aan ander se verwagtinge kan voldoen. Die groter-word van die liggaam en die verandering in massa en vorm van die liggaam staan dus nou sentraal in die nuwe rolle wat sy moet aanneem en waarvan ander (ook nuwe ander) altyd deel is.

Vir die vroeë-adolessente dogter gaan dit dus om die gevolge wat groter-word en die gepaardgaande gevoel van massa-toename tot gevolg het, naamlik dat sy nou onherroeplik uit die kinderjare is – 'n feit waaroor sy hartseer is en waaroor sy 'n emosie van permanente verlies ervaar – ongeag of sy haar nou wat massa of massa-toename betref, as normaal of oormassa beskou. Die groter-word van die liggaam en dele daarvan, wat dikwels as vet ervaar word, gaan dus nie net om die belewenis van die fisieke self nie. In interaksie met ander gaan dit vir die vroeë-adolessente dogter om die belewenis van die totale self, en waarskynlik 'n hartseer oor verlore kinderjare. Uiteindelik bly daar vir haar weinig ander keuses oor hoe om die totale situasie van verlore kinderjare en die gepaardgaande emosie van hartseer te hanteer, as om die self tydelik oor te gee aan wensdenkery (wat niks aan die situasie self doen nie), of om die situasie net te aanvaar, die stryd voort te sit ten einde die fase te oorleef en voort te beweeg na 'n nuwe en hopelik meer stabiele lewensfase. Kleding en voorkoms kan die dogter ondersteun in die aanneem van nuwe rolle (ouderdom - en 'n meer volwasse vroulike geslagsrol). In enige samelewing is daar gedragstandaarde (ook kledinggedragstandaarde) wat met ouderdoms- en geslagrolle gepaard gaan. In die verkenning van 'n nuwe rol en dus ook identiteit, behoort die dogter ook nou 'n nuwe voorkoms te verken ten einde die meer volwasse vroulike geslagsrol te kan aanneem en ook met 'n veranderende fisieke voorkoms gemaklik in die nuwe rol te kan funksioneer.

### 6.2.3 Gevolgtrekking met betrekking tot die rol van massa-toename in die normale-massa vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self

Dit het uit hierdie studie duidelik geword dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter veranderinge aan haar liggaam intens beleef as veranderinge aan haar massa en nie as normale veranderinge wat deel vorm van dié ontwikkelingsfase nie. Sy beleef intens dat alles aan haar liggaam skielik "groot" en "vet" word. Wanneer in gedagte gehou word dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter die ontwikkelingsfase binnekom met die belewenis van 'n kinderlyf, 'n lyf waaraan min veranderinge beleef is behalwe dalk vir moontlike lengte-groei, kan dit begryp word waarom die veranderinge en toename in massa vir haar so oorweldigend is. Fisieke veranderinge soos die toename in massa en rondinge wys waarskynlik ook gouer en is moontlik meer sigbaar by die normale-massa vroeë-adolessente dogter, as wat die geval by die oormassa dogter is wat reeds groter en ronder as die kulturele ideaal is. Wanneer sy die veranderinge beskryf, doen sy dit dan ook aan die hand van woorde soos "groot", "vet", "langer" en "breër". Sy lig haar onderlyf en veral haar bobene uit as liggaamsdele wat "groot" of "vet" word en waarmee sy minder tevrede is. Die feit dat die Westerse kultuur 'n skraal liggaamsbou as ideaal voorhou, maak haar waarskynlik ook meer sensitief vir veranderinge en toename in haar massa wat tot gevolg het dat sy die skraal kinderlyf nou verloor en nader beweeg na 'n meer geronde en swaarder figuur waarvan sy die uiteindelike grootte en vorm nou ook moeilik kan antisipeer, en wat by haar die vrees vir "vet" en die emosie van hartseer laat.

Dit is verder uit hierdie studie duidelik dat veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter dit intens ervaar dat haar liggaam nou, weens die veranderinge in massa en vorm, nie net meer as 'n objek gesien word vir wat dit kan doen nie, maar spesifiek ook as 'n sosiale objek waarna gekyk kan word en wat ook as seksuele objek geëvalueer en waardeer kan word – 'n ervaring wat haar voortdurend intens bewus maak van haar liggaam. Vir die normale-massa vroeë-adolessente dogter lei self-objektifisering (waar die liggaam nou vanuit 'n derde-persoonsperspektief deur die dogter gemoniteer word vir hoe dit lyk en nie vir wat dit kan doen of vir hoe sy voel nie) tot 'n intense bewustheid van die liggaam en enige veranderinge en toename in massa wat dan as "vet" ervaar word. Vir die normale-massa vroeë-adolessente dogter is die gevolg dan 'n selfbewustheid, 'n ontevredenheid met die liggaam en dele daarvan, en veral 'n emosie van skaamte.

Daar kan uit hierdie studie tot die verdere gevolgtrekking gekom word dat verandering en toename in massa van die liggaam en dele daarvan by die normale-massa vroeë-adolessente dogter hoofsaaklik die emosie van skaamte tot gevolg het. Skaamte kan gesien word as 'n sosiale emosie wat dikwels, soos ook in hierdie geval, hand aan hand loop met selfbewustheid; die individu evalueer die self relatief tot 'n geïnternaliseerde of kulturele standaard waaraan sy nie kan voldoen nie. Uit hierdie studie was dit duidelik dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter bewus is van die Westerse ideaal van 'n skraal vrouefiguur – 'n ideaal wat ook deur ander in die algemeen, asook deur seuns wat as deel van die portuurgroep vir haar nou belangriker word, gedeel word. Sy is voortdurend intens bewus van haar veranderende en groter-wordende liggaam wat in werklikheid nou

wegbeweeg van die skraal figuur waaraan sy gewoond was en deur ander en die self nou waargeneem en geëvalueer word op grond van hoe dit lyk en hoe dit met die kulturele standaard vergelyk. Ander se reaksie op persone wat nie aan die standaard voldoen nie, soos dat mense oor oormassa individue praat en bepaalde stereotipes daaroor handhaaf, of die gespot en geterg van seuns weens veranderinge, massa-toename en oormassa in die algemeen, is vir haar 'n pynlike werklikheid. Die normale-massa vroeë-adolessente dogter se skaamte gaan dus nie net om haar eie evaluering van haar veranderende en groter-wordende liggaam en gepaardgaande ontevredenheid daaroor nie, maar spesifiek ook oor ander se evaluering en moontlike interpretasie. Dit laat by die dogter 'n bekommernis oor wat ander nie net oor haar groter-wordende en veranderende liggaam (wat syself as vet evalueer) sal sê en dink nie, maar oor haar totale self. Vandaar dan ook uitsprake soos ***"As iemand vir my kritiek gee oor my bene sal ek dit van toepassing maak op my binnekant ook"***.

Veranderinge en toename in massa is egter vir die vroeë-adolessente dogter onomwendbaar deel van die grootword-proses en dus buite haar beheer. Die pynlike emosie van skaamte en die bekommernis en vrees vir moontlike eksterne sanksies het tot gevolg dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter se positiewe belewenis van die self bedreig word en dat sy gevolglik iets moet doen ten einde nie hierdie positiewe belewenis prys te gee nie en die self steeds tussen ander te kan handhaaf.

Uit hierdie studie kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die normale-massa vroeë-adolessente dogter eerstens van probleemgerigte handhawingstrategieë gebruik maak ten einde die belewenis van die veranderende en groter-wordende fisieke self en die gepaardgaande emosie van skaamte te hanteer. Die normale-massa vroeë-adolessente dogter vir wie dit gaan om die evaluasie van die fisieke self as deel van die self wat moontlik deur ander as negatief beoordeel kan word, en daaroor 'n gevoel van kommer en skaamte ervaar, maak eerstens van wegsteek as handhawingstrategie gebruik ten einde die situasie te verander of vir ander weg te steek. Sy maak hoofsaaklik van klere gebruik wat die liggaam of dele daarvan bedek of loshang en die vorm wegsteek, ten einde die veranderinge en toename in massa vir die self en ander te probeer wegsteek. Sy glo tweedens ook aan self-manipulasie soos om minder te eet of te oefen ten einde oormassa te verhoed – albei strategieë waar sy self verantwoordelikheid neem vir haar fisieke situasie en haar gepaardgaande emosies.

Die normale-massa vroeë-adolessente dogter maak tweedens ook van emosie-gesentreerde strategieë gebruik ten einde die situasie vir die self te kan hanteer, naamlik deur anders daaroor te redeneer. Sy redeneer dat sy self niks verkeerd gedoen het om oor skaam te voel nie. Sy her-evalueer dus die situasie en verander die lokus van intern (dis my skuld) na ekstern (dis iets of iemand anders se skuld). Kritiek of moontlike kritiek van ander laat haar dan kwaad in stede van skaam – 'n nuwe en sterker emosie wat aan die dogter 'n aktiewe verdedigingsmeganisme verskaf en impliseer dat sy groter mag of beheer oor haar situasie het.

Die normale-massa vroeë-adolessent neem dus uiteindelik self verantwoordelikheid ten einde die self, ten spyte van die toename in massa, in interaksie met ander te handhaaf. Sy besluit self om haar kledingstyl en voorkoms só te verander dat sy in interaksie met ander nie so bewus is van die dele van haar liggaam wat nou verander of groter (of soos sy dit nou mag ervaar, "vetter" word) en waarmee sy ontevrede of skaam oor voel nie. Sy bestuur haar voorkoms doelbewus self, ten einde in interaksie met ander 'n positiewe belewenis van die self te kan handhaaf. Voorkomsbestuur as handhawingstrategie ondersteun dus die dogter daarin om nie net haar fisieke self of persoonlike voorkoms meer positief te beleef nie, maar help ook met die aanneem van 'n veranderende rol, naamlik 'n meer volwasse vroulike geslagsrol.

#### 6.2.4 Gevolgtrekking met betrekking tot die rol van massa-toename in die oormassa vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self

Soos in die geval van die normale-massa vroeë-adolessente dogter, is die oormassa vroeë-adolessente dogter ook bewus van veranderinge wat sy ondergaan en dat haar liggaam en dele daarvan in massa toeneem. Sy noem dan ook dat sy ontevrede voel oor veral haar ledemate wat nou groter word en in massa toeneem. Dit is egter nie duidelik of sy massa-toename aan haar lyf so intens en as vet ervaar soos in die geval van die normale-massa vroeë-adolessent nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die oormassa vroeë-adolessente dogter die ontwikkelingsfase binnegekom het met 'n liggaam wat reeds anders lyk as dié van ander in haar portuurgroep. Haar liggaam is ook reeds swaarder en ronder as dié van haar maats en veranderinge en veral die ronder-word van die liggaam is waarskynlik nie so opvallend soos in die geval van die normale-massa vroeë-adolessente dogter nie. Die feit dat sy waarskynlik nou al gewoond daaraan is dat ander na haar liggaam kyk en daaroor praat, het waarskynlik tot gevolg dat verandering en massa-toename van die lyf en ledemate nie nou skielik so 'n intense selfbewustheid as gevolg van massa-toename of "vet" by haar tot gevolg het nie. In teenstelling met die normale-massa vroeë-adolessente dogter, wat nou veral haar liggaam vanuit 'n derde-persoonsperspektief beoordeel vir hoe dit lyk en dit ook as seksuele objek begin sien wat deur ander beoordeel en waardeer kan word, lyk dit in hierdie studie nie asof die oormassa vroeë-adolessente dogter so intens bewus is van haar liggaam as seksuele objek nie. Dit moet egter duidelik gestel word dat dit baie moeilik is om tot 'n sterk gevolgtrekking te kan kom oor hoe intens die oormassa vroeë-adolessent spesifiek massa-toename as deel van die self beleef – spesifiek omdat die dogter van handhawingstrategieë soos ontkenning en vermyding gebruik maak ten einde haar oormassa in interaksie te kan hanteer. Sy konsentreer dan ook op haar eie en ander se gesig en ledemate en nie op die grootte of toename in massa van die lyf nie. Sy erken ook nie dat sy ontevrede met haar lyf is nie en konsentreer eerder op die innerlike (bepaalde persoonlikheidstrekke) as die belangrikste aspek van die self. Die feit dat sy nie so sterk op die liggaam konsentreer nie, maar meer op die ledemate en gesig, (wat immers as fisieke self nou direk waarneembaar is en nie verberg of skynbaar deur klere verander kan word nie), lei dan ook waarskynlik daartoe dat sy nie tot dieselfde mate as die normale-massa vroeë-adolessente dogter ingestel is op klere wat die liggaamsvorm moet verander of bedek nie (of moontlik ook nie bereid is om dit

te erken nie). Klere moet vir haar gemaklik wees en sy lê klem op innerlike kwaliteite soos vriendelikheid, wat deur ‘n gesigsuitdrukking weerspieël word en nie deur klere nie.

Alhoewel dit uit hierdie studie dus lyk asof die oormassa vroeë-adolessente dogter nie veranderinge, wat ook ’n toename in massa impliseer, so intens beleef soos die normale-massa dogter nie, en dit ook nie erken dat sy ontevrede met haar liggaam en die veranderinge is nie, kan daar wel tot die gevolgtrekking gekom word dat massa en in hierdie geval spesifiek oormassa ’n rol speel in hoe die dogter die self tydens hierdie fase van haar lewe in interaksie met ander beleef. Die oormassa vroeë-adolessente dogter is bewus van die stigma wat aan oormassa gekoppel word asook die gepaardgaande stereotipes. Sy is bewus van ander se reaksie op oormassa en dat dit vir die oormassa persoon ’n emosie van hartseer tot gevolg het. In teenstelling met die normale-massa vroeë-adolessente dogter, het sy hierdie sanksies soos ’n gepraat, geterg en gespot, al aan haar lyf gevoel en is hartseer dus nie vir haar maar net ’n ge-antisipeerde gevolg van oormassa nie, maar ’n emosie wat sy ervaar het, al is sy nie altyd geredelik bereid om dit te erken nie.

In teenstelling met die normale-massa vroeë-adolessente dogter wat nou primêr die emosie van skaamte beleef weens massa-toename wat sy as vet ervaar, beleef die oormassa dogter, in interaksie met ander, nou primêr die emosie van hartseer. Hartseer kan as ’n negatiewe emosie gesien word wat aan ’n onherroeplike verlies verbind word en die enigste pad verder is dikwels dié van losmaking en aanvaarding, eerder as ’n stryd om verandering en oorwinning. Vir die oormassa vroeë-adolessente dogter gaan dit dus nie om ’n sosiale skaamte oor iets wat nou gebeur nie, maar om ’n persoonlike hartseer oor iets wat reeds plaasgevind het, waarskynlik ’n onvoorkombare verlies en niemand se skuld nie.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die oormassa vroeë-adolessente dogter die lokus of rede vir haar toestand buite die self plaas, en in werklikheid nie voor iemand spesifiek se deur lê nie. Sy redeneer dat haar oormassa ’n gegewe is omdat God haar so gemaak het, of omdat sy dit net as deel van ’n familietrek oorgeërf het. Hierdie redenasie het tot gevolg dat sy waarskynlik voel dat sy self bitter min aan haar toestand van oormassa kan doen. Sy moet daarmee saamleef soos met die gepaardgaande emosie van hartseer, maar hoef gelukkig nie skuldig of skaam daaroor te voel nie en kan dus self bitter min doen om haar oormassa-situasie te verander. Hierdie attribusieproses dien waarskynlik reeds vir die oormassa vroeë-adolessente dogter as handhawingstrategie ten einde haar situasie in interaksie met ander te hanteer. Hartseer is vir haar ’n emosie wat sy moeilik openlik erken. Sy erken dan ook nie openlik dat sy ontevrede of skaam oor haar oormassa voel nie, en doen in werklikheid bitter min, indien enige iets, om die probleem aan te pak en die situasie vir haar te verander.

Alhoewel die oormassa vroeë-adolessente dogter daarvan bewus is dat probleemgerigte strategieë, soos om klere te gebruik ten einde die fisieke self te manipuleer of vir ander weg te steek, en dat dieet en oefening ’n oplossing vir ander mag wees om van oormassa ontslae te raak, lyk dit uit hierdie studie asof sy self nie hierdie strategieë gebruik om haar oormassa-situasie te verander nie – waarskynlik omdat sy die lokus vir haar situasie

nie op die self plaas nie en dit as onbeheerbaar en stabiel sien, of as God se wil, of omdat sy dit net eenvoudig oorgeërf het. Uit hierdie studie kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die oormassa vroeë-adolessente dogter, benewens die attribusie-proses wat haar as't ware dwing om maar net die situasie te aanvaar, haar toestand van oormassa en gepaardgaande emosie van hartseer hanteer deur middel van vermyding, her-beoordeling van die situasie en ontkenning.

Vermyding is vir die oormassa vroeë-adolessente dogter 'n handhawingstrategie waar sy haar gedagtes wegneem van haar toestand van oormassa en haar aandag toespits op ander dinge wat vir haar plesier verskaf, waaronder om alleen te wees en in die natuur in te gaan, haar Bybel te lees of na musiek te luister. Sy her-beoordeel ook haar situasie, wat waarskynlik vir haar 'n meer effektiewe strategie is. Alhoewel sy erken dat ander oormassa persone waarskynlik hartseer en skaam voel oor die oormassa en gepaardgaande kritiek, draai sy die betekenis van die situasie vir haar self om, deur daarop te wys dat dit eintlik nie die liggaam is wat belangrik is nie, maar die innerlike, met die gevolg dat sy haar dus nie aan die kritiek van ander hoef te steur nie. Sy maak ook van die strategie van ontkenning gebruik. Sy ontken dat ander se opinie van haar liggaam vir haar belangrik is en konsentreer eerder op haar innerlike. Die probleem lê vir haar dan nie by haar nie, maar by ander wat die kulturele ideaal van 'n skraal liggaam ondersteun en dus nie haar innerlike waarde as mens waarneem nie. Wanneer sy gevra word om die self op 'n liggaamstevredenheidskaal aan te dui, dui sy die self nie as oormassa aan nie. Sy teken nie graag haar lyf nie en wanneer sy dit wel doen, teken sy dit selfs kleiner as dié van haar maats. Sy ontken ook dat haar klere ongemaklik is as gevolg van haar oormassa en konsentreer op haar gesig en nie op die lyf nie.

Die oormassa vroeë-adolessente dogter doen dus weinig om haar werklike situasie van oormassa vir ander en vir die self te verander, en dus ook weinig om vir die oomblik en waarskynlik ook in die toekoms van die gepaardgaande emosie van hartseer ontslae te raak. Haar strategieë help haar net om haar situasie tydelik en vir die oomblik te kan hanteer.

Vanuit 'n ontwikkelingsperspektief en die simboliese interaksionisme behoort die standaard van ander egter nou toenemend belangrik te wees vir die vroeë-adolesente dogter se ontwikkeling en handhawing van die self, en behoort sy haar strategieë so te kies dat sy in interaksie met ander, die self kan handhaaf en na 'n volgende fase van haar lewe kan oorbeweeg. In hierdie studie ontken die oormassa vroeë-adolessente dogter nie net die samelewing as die veralgemeende ander en die verwysingsgroep-ander se perspektief oor die belangrikheid van 'n skraal liggaam nie, maar ontken ook dat hulle opinie en terugvoer vir haar belangrik is. Sy distansieer die self en spesifiek die fisieke self dus van die oordeel van die veralgemeende ander en verwysigsgroep-ander, en verkies om enige stigma te vermy. Die hartseer as gevolg van ander se stigmatisering bly egter, en die wyse waarop sy dit hanteer is om te redeneer dat ander se opinie oor haar liggaam nie belangrik is nie. Vanuit 'n ontwikkelingsperspektief en die gekose teoretiese perspektiewe wat die studie gerig het, kan ander egter nie in die ontwikkeling en belewenis van die self bloot geïgnoreer word nie. Die sukses of mislukking wat die oormassa

vroeë-adolessente dogter dus met haar handhawingstrategieë behaal, en die mate waartoe dit haar ondersteun om 'n veranderende en groter-wordende fisieke self te hanteer, te aanvaar en voort te beweeg na 'n nuwe en hopelik rustiger lewensfase in haar lewe, is dus debatteerbaar maar val nie binne die grense van hierdie studie nie.

## 6.3 EVALUERING

Dit is belangrik vir die navorser om aan die einde van 'n ondersoek die navorsing eerlik en objektief te evalueer. Die evaluering van hierdie navorsing is onder die volgende punte gedoen:

- geloofwaardigheid van die studie
- evaluering van die data-insamelingsmetodes
- die bereiking van die doelwitte wat vir die navorsing gestel is
- bydrae tot die teorie

### 6.3.1 Geloofwaardigheid van die studie

Kwalitatiewe navorsing moet aan bepaalde kriteria voldoen om die geloofwaardigheid van die studie te verseker (De Vos, 2002:351). In **HOOFSTUK 4** het die navorser reeds 'n oorsig gegee van die geloofwaardigheid van die studie. Data moet ook betroubaar wees en daarom het die navorser daarop gelet dat die data aan bepaalde kriteria voldoen. Die navorsingsontwerp was buigsaam en uniek. Die plooibare benadering wat in die studie gevolg is, het die betroubaarheid van die studie help verhoog.

Daar is ook van verskillende data-insamelingsmetodes gebruik gemaak wat gedien het as kruisvalidasie aangesien die deelnemers herhaaldelik onder dieselfde omstandighede, maar met verskillende stimulustegnieke, die kans gegun is om hul menings te gee oor 'n bepaalde aspek (Leedy, 1997:169; Babbie & Mouton, 2001:275-278). Veldnotas is ook tydens elk van die byeenkomste bygehou. Daarin het die navorser die deelnemer en omgewing waarbinne die onderhoud plaasgevind het, so akkuraat moontlik beskryf. Ander belangrike inligting wat die deelnemer weergegee het en die navorser verseker wou vasvang, is ook op veldnotas aangebring. Sodoende kon die veldnotas en digitale opnames as aanvulling tot mekaar dien om te verseker dat alle relevante data wat op die studie betrekking het, vasgevang kon word.

Wat die insameling, analise en interpretasie van data betref, kan die navorser eerlik en opreg bevestig dat al die ingesamelde data en die interpretasie daarvan as juis en betroubaar beskou kan word. Die navorser het geen veranderinge aan die inligting aangebring of die deelnemer probeer beïnvloed om bepaalde inligting te gee nie. Al die inligting wat dus aangebied is vir interpretasie is presies dit wat elke deelnemer volgens goeddunke en eie opinie gegee het. Die aanhalings van elke deelnemer se data is onder dieselfde kodes geïnterpreteer, waarna dit gesamentlik in families en netwerke gegroepeer is (sien **Bylaag P**). Die interpretasies is ook met die studieleier

wat die navorser bygestaan het in die studie, geverifieer. Die studieleier het onafhanklik van die navorser haar eie interpretasies van die data gemaak en dieselfde temas daaruit geïdentifiseer as wat die navorser gedoen het. Navorser en studieleier het ook dikwels saam oor die interpretasies gepraat en so gepoog om alle moontlike verskynsels vanuit die data te identifiseer en aan te spreek.

Met groot omsigtigheid en ná 'n deeglike studie van die toepaslike teorie en ander navorsers se meetinstrumente en navorsingstrategieë, het die navorser in oorleg met die studieleier 'n keuse uitgeoefen vir die studie. Om te verseker dat die analise en interpretasie van die resultate geloofwaardig is, het die navorser gesoek na verskynsels wat hulself herhaal het, en inligting wat slegs in enkele gevalle of terloops genoem is, is nie as data relevant tot die studie beskou en hanteer nie. Dit het wel behoue gebly in die volledige transkripsies van die onderhoude. Die navorser het na afloop van elke onderhoud weer na die verbatim opnames van die betrokke onderhoud geluister en met groot omsigtigheid die data neergeskryf. Die veldnotas wat by elke byeenkoms geskryf is, is ook by die resultate bespreek.

Die navorser was wel deeglik daarvan bewus dat die betrokke studie emosionele en kognitiewe ervaringe van die deelnemers sou insluit. Daarom is gepoog om alle persoonlike waarde-oordele buite rekening te laat. Dit sou sodoende die deelnemer die geleentheid gee om haar eie ervarings en belewenisse weer te gee sonder dat dit vertroebel word deur navorsersinsette. Daar was 'n openlike vertrouensverhouding tussen deelnemer en navorser wat gelei het tot eerlike en opregte mededelings. Die openheid kon bewerkstellig word aangesien die navorser die deelnemers vooraf ontmoet het en hulle deurgaans verseker het dat alle inligting as vertroulik hanteer sal word en dat daar geen verkeerde antwoorde kon wees nie. Dit het gegaan oor elke individuele deelnemer se eerlike ervaring en belewenis, en nie oor 'n vermoede wat die navorser wou bevestig nie.

### 6.3.2 Evaluering van die data-insamelingsmetodes

Met die oog op toekomstige navorsing is dit belangrik dat die navorser die data-insamelingsmetodes en die sukses wat daarmee in die studie behaal is, in oënskou neem en 'n eerlike evaluering gee. 'n Kombinasie van die kontekstuele, ideografiese en induktiewe benaderings is as navorsingstrategie vir die studie gebruik. Die kombinasie is as geskik beskou vir die studie om die volgende redes:

- Die deelnemer is binne die omgewing bestudeer waar sy die gemaklikste gevoel het, haar gedrag is begryp en die uitkoms in diepte beskryf;
- Die uitkoms van die studie word as uniek geag en behoort nie veralgemeen te word nie; en

- Daar is geen voorafopgestelde hipoteses geformuleer nie. Die navorser het eerder vanuit 'n verdieping in die natuurlike omgewing begin, die gebeure so akkuraat moontlik beskryf en gewerk tot by 'n konstruk waaruit hipoteses en uiteindelik 'n werkbare teorie saamgestel kan word, in ooreenstemming met die waarnemings.

Die navorser het in die studie van drie tipes kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak, naamlik ongestruktureerde onderhoude waarin daar van 'n hele paar soorte stimulusmateriaal gebruik gemaak is, asook fokusgroepe en persoonlike dokumentasie. Die persoonlike dokumentasie, wat sketse, die hou van 'n dagboek en foto's ingesluit het, is slegs as stimulusmateriaal aangewend. Die stimulusmateriaal het as ysbrekers gedien tydens die onderhoude en is nie in diepte as data ontleed nie. Die skriftelike mededelings wat vanuit die dagboeke verkry is, is wel tesame met die verbatim transkripsies en veldnotas as data hanteer. Opsigtelike afleidings wat uit die sketse gemaak kon word, is tydens die interpretasie van die data bespreek. Veldnotas is ook as verifiëring van die ingesamelde data gebruik. Deur van hierdie metodes gebruik te maak, is daar insig en begrip verkry oor die rol van massa in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self en of kledingprodukte vir haar 'n rol speel in die handhawing van die self. Die insig wat hieruit verkry is, kon in diepte beskryf word.

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemer geleentheid gekry om spontaan te gesels oor die belewenis van die self en die strategieë wat sy gebruik om die self in situasies te kan handhaaf. In die meeste gevalle het die navorser die onderhoud met 'n stimulus begin, en verder het die meeste deelnemers min aansporing nodig gehad om gemaklik te gesels. Omdat daar tot die besef gekom is dat jonger deelnemers moontlik nie maklik indiepte-mededelings sou maak tydens spontane gesprekvoering nie en op aanbeveling van vorige navorsers, is meer en verskillende stimulustegnieke by die onderhoude ingesluit (James *et al.,* 1998:146; Porcellato *et al.,* 2002; Banister & Booth, 2005). Volgens hierdie navorsers is dit belangrik dat data-insameling met 'n jong deelnemer kreatiewe-kwalitatiewe tegnieke insluit. Daarom is daar 'n meer kind-gesentreerde benadering gevolg om die jonger deelnemer aktief te betrek by die generering van die data. Verskillende metodes of media is ontwikkel deur middel waarvan die jonger deelnemer haar ervarings kon uitdruk. Daar is gepoog om data-insamelingsessies so in te rig dat daar voldoende geleentheid vir die deelnemer was om op 'n kreatiewe wyse uiting te gee aan haar belewenisse. Navorsers soos James *et al.* (1998) is van mening dat nie alle stimulustegnieke vir alle deelnemers ewe geskik is nie. Daar is dus verskillende tegnieke by die navorsing betrek. Deelnemers het die geleentheid gekry om te knip, plak, teken, inkleur en so meer. Deelnemers is aangemoedig om hul eie interpretasie in die uitvoer van die stimulusopdragte in te bring. Dit het eerder gegaan om die interpretasie van die deelnemer se belewenisse wat sy uitgebeeld het, as wat dit om die resultate van die oefening gegaan het. Daarom is die deelnemer se uitbeeldings bloot as basis gebruik om haar sover te kry om oor eie belewenisse te gesels. Hoewel daar van bestaande stimulus- en data-insamelingstegnieke gebruik gemaak is, het die navorser ook haar eie tegnieke ontwikkel wat tot die generering van ryk data gelei het. As data-insamelingstegniek het die ongestruktureerde onderhoude wat aan die hand van stimulustegnieke gevoer is, goeie resultate opgelewer.

Fokusgroepe kan gebruik word wanneer 'n vinnige algemene mening oor 'n aspek verkry wil word, maar vir hierdie studie het die fokusgroep-tegniek hom nie werklik daartoe geleen om indiepte-gesprekke oor ware gevoelens en belewenisse in te win nie. Hines (2000) deel die mening en voer ook aan dat dit moeilik mag wees om sensitiewe onderwerpe in groepsverband na te vors.

Tydens al die data-insamelingsessies was die navorser deurgaans daarop bedag om nie 'n volwasse interpretasie aan 'n jong deelnemer se data te heg nie (Banister & Booth, 2005). Die deelnemer is gerus gestel dat daar geen korrekte of foutiewe antwoorde was nie. Om die deelnemer werklik op haar gemak te stel, moes goeie rapport met elke deelnemer opgebou word en metodes van kommunikasie ingesluit word wat ooreenstem met die taal wat die jong deelnemer praat (Banister & Booth, 2005). Dit het daartoe gelei dat die navorser beter begryp word en die deelnemer gemakliker met die navorser omgaan. Dit was belangrik dat die deelnemer nie alleen die data-insamelingsessies geniet het nie, maar ook mede-eienaarskap vir die navorsingsproses aanvaar het.

### 6.3.3 Die bereiking van die doel wat vir die studie gestel is

Die vraag wat aan die einde van die studie beantwoord moet word, is of die navorser die doel van die studie bereik het en in hierdie geval die oorkoepelende navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, kon antwoord. Die doel met die navorsing was om insig en begrip te kry oor die rol wat massa-toename speel in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. Uit die resultate is dit duidelik dat groot hoeveelhede inligting ingewin is wat die navorser in staat gestel het om die rol van massa-toename in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self, te verstaan en in detail te beskryf. Die navorser kon vier temas identifiseer wat in wese ook die drie breë/oorkoepelende navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, beantwoord het.

Teen die agtergrond van 'n lewensverloop-perspektief en die simboliese interaksionisme wat as vertrekpunt vir die studie gedien het, blyk dit uit hierdie studie dat massa en toename in massa 'n belangrike rol speel in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self. Dit het ook uit hierdie studie duidelik geword dat daar nie maar net aanvaar kan word dat alle dogters vroeë-adolessensie en die gepaardgaande veranderinge, in hierdie geval spesifiek die toename in massa, dieselfde beleef nie. Teen die agtergrond van 'n lewensverloop-perspektief, was dit duidelik dat verandering of oorgangspunte in elke fase van die lewensverloop nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar ook teen die agtergrond van hoe sy die fase binnegekom het. Die vroeë-adolessente dogter wat die fase as oormassa betree het, het massa-toename as deel van die self anders beleef en hanteer as die dogter wat die fase met 'n normale massa betree het. Persoonlike massa (hetsy normaal of oormassa) speel dus waarskynlik 'n rol in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van massa-toename, en spesifiek dan ook in die emosies wat sy daaromtrent ervaar en in haar hantering van die situasie in interaksie met

ander. Die rol van massa sowel as toename in massa in die vroeë-adolessente dogter se belewenis van die self moet egter nie onderskat word nie. Massa en massa-toename is deel van die self, en speel 'n belangrike rol in die vroeë-adolessente dogter se interaksie en handhawing van die self in interaksie met ander. Dit gaan nie net vir die dogter om 'n verandering van die fisieke self weens toename in massa nie, maar ook om emosies wat sy weens die verandering beleef en moet hanteer, asook nuwe rolle wat sy nou moet aanneem.

Teen die agtergrond van die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief kan die belangrikheid van ander en ander se verwagtings in iemand se belewenis en ontwikkeling van die self, nie genoeg beklemtoon word nie. Ander mense kry nou vir die dogter 'n nuwe betekenis en sy word toenemend bewus van veralgemeende ander se perspektiewe met betrekking tot massa, maar ook met betrekking tot hoe sy moet optree en aantrek. Net so word seuns as deel van die portuurgroep nou ook toenemend belangrik in haar belewenis van massa en massa-toename. Ander se verwagtinge is dus nou vir die dogter 'n voortdurende werklikheid. Sy is nie net ontevrede met meeste dele van die liggaam wat sy as groot of vet ervaar nie, maar raak ook intens bewus van haar fisieke self en ervaar dikwels emosies soos skaamte of hartseer. Dit het tot gevolg dat sy bepaalde strategieë moet ontwikkel en gebruik ten einde haar situasie en die gepaardgaande emosies in interaksie met ander te kan hanteer. Die voortdurende stryd maak dat die dogter haar kinderjare werklik mis en selfs hartseer daaroor ervaar – hartseer wat sy maar net moet hanteer in haar stryd op weg na volwassewording. Die implikasies wat die voorafgaande vir die vroeë-adolessente dogter se kledinggedrag het, word onder **6.4.2** bespreek.

### 6.3.4 Bydraes tot die teorie

'n Voordeel van 'n kwalitatiewe benadering soos wat daar in hierdie studie gevolg is, is dat dit die navorser in staat stel om 'n begrip te vorm van sekere verskynsels sodat dit beskryf kan word. Indien die navorsing egter 'n bydrae kan lewer tot die teorie, word die waarde van die navorsing verder verhoog. Die navorser is van mening dat die studie 'n bydrae kan lewer tot die teorie, naamlik insake:

- die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief
- kleding in voorkomsbestuur

#### 6.3.4.1 Geskiktheid van die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief

Uit die bevindinge van hierdie navorsing asook die gevolgtrekkings waartoe gekom kon word, is dit duidelik dat die simboliese interaksionisme en 'n lewensverloop-perspektief met bepaalde gepaardgaande onderliggende aannames, sinvol gebruik kan word vir die bestudering van 'n individu se belewenis van haar massa as deel van die self.

’n Lewensverloop-perspektief dui op die oorgangspunte (”transitions”) binne die lewensbane (“trajectories”) van ’n individu se lewe (George, 1993; Elder & Elder, 1994) terwyl die simboliese interaksionisme (Charon, 1998:22-23) besonder klem lê op die ontwikkeling en belewenis van die self. Soos beide die lewensverloop-perspektief en simboliese interaksionisme dit stel, was dit in hierdie studie ook duidelik dat ’n individu se lewensverloop ’n sosiale verskynsel is en dat die self dus binne ’n sosiale konteks en in interaksie met ander ontwikkel (Elder & Elder, 1994; Devine *et al.,* 2000). Volgens Mead (1934:135) ontwikkel die self binne ’n bepaalde individu as gevolg van die individu se verhouding tot die proses in die geheel, maar ook as gevolg van interaksie met ander individue binne die proses. Dit blyk dan ook uit die studie dat die veranderinge wat die dogter tydens vroeë-adolessensie beleef en die wyse waarop sy die self met die veranderinge handhaaf, plaasvind terwyl sy in interaksie met ander is (Charon, 1979:66). Die ander sluit betekenisvolle ander, verwysingsgroep-ander en veralgemeende ander in (Charon, 1998:73-75). Die menslike lewe word dus regdeur die verloop van die lewe ingebou in sosiale verhoudings met vriende, familie en medewerkers (Devine *et al.,* 2000). Omdat die vroeë-adolessente dogter terugvoer van ander kry en die self met ander vergelyk, speel ander ook ’n rol in hoe sy die self beleef. In hierdie studie was dit duidelik dat die terugvoer van ander, spesifiek wat betref haar voorkoms, ’n beduidende rol gespeel het in hoe veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter haar fisieke self beleef.

Waar die normale-massa vroeë-adolessente dogter veral ingestel is op die terugvoer van haar maats en die seuns van haar portuurgroep, maak die oormassa vroeë-adolessente dogter die terugvoer van ander af as van minder belang. Beide die simboliese interaksionisme en ’n lewensverloop-perspektief gaan van die veronderstelling uit dat ’n individu die self nie van ander se persepsies en opinies kan losmaak nie. Die self ontwikkel immers as sosiale objek in interaksie met ander. ’n Lewensverloop-perspektief benadruk dit dat dit teenproduktief is om van so ’n strategie soos onttrekking gebruik te maak (Shanahan, 2000). Festinger (1954:120) beklemtoon egter dat die geneigdheid om die self met ’n bepaalde ander te vergelyk, afneem namate die verskille tussen die persoon self en die ander groter word. Die oormassa vroeë-adolessente dogter kan moontlik beleef dat die verskille tussen haar en ander se liggame al hoe groter word en daarom vergelyk sy die self nie meer met ander nie maar vorm sy haar eie persepsie. Dit sou dan beteken dat die opmerkings van ander oor hoe vet sy is en hoe sleg sy lyk, nie veel uitwerking het op die oormassa vroeë-adolessente dogter se persepsie van die self nie.

’n Lewensverloop-perspektief beklemtoon persoonlike netwerke soos die gesin en portuurgroep, as belangrik in die gedrag van ’n individu en die besluite wat sy neem (Elder & Elder, 1994). In hierdie studie het dit duidelik geword dat die normale-massa en oormassa vroeë-adolessente dogter eers werklik tot die besef kom van die rol van ander in haar lewe, wanneer sy oor haar emosie rondom haar verlore kinderjare praat. Die rolle wat sy moet speel in die nuwe ontwikkelingsfase, hoe sy beleef dat ander haar dophou en hoe sy daarom altyd goed goed moet lyk en met meer verantwoordelikheid moet optree, dui daarop dat die vroeë-adolessente dogter wel besef dat sy deel van ’n gesin, ’n groep en ’n samelewing is waarbinne bepaalde verwagtinge en rolle vir die nuwe ontwikkelingsfase gestel word.

Vanuit die simboliese interaksionisme word die self as ’n sosiale objek beskou waarteenoor die individu kan reageer (Charon, 1998:66). Die self reageer dus nie, maar wel die persoon wat die self as sosiale objek kan uitlig, beoordeel, ’n persepsie daarvan kan vorm en tevrede of ontevrede daarmee kan wees. Die siening van die simboliese interaksionisme het duidelik in die studie na vore gekom waar die vroeë-adolessente dogter haar liggaam en dele daarvan as objek uitgelig en beoordeel het en meestal as groot of vet ervaar het. Dit het geblyk dat veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter nie haar liggaam as ’n objek beskou vir dit wat die liggaam is of kan doen nie, maar baie spesifiek as objek waarna gekyk kan word en wat visueel en waarskynlik nou ook as seksuele objek waardeer kan word – nie net deur die self nie, maar ook deur ander wat die sosiale omgewing met haar deel.

Mead (1934:140) en Sanders (2006:283) huldig die siening dat, soos die self, die liggaam ook gesien moet word as ’n proses (iets wat voortdurend na iets anders verander), eerder as slegs ’n statiese objek. As proses is dit dan ook die draer van, en in wese deel van, die self en dus ook van die individu se identiteite. Die fisieke self staan dus nie los van die innerlike self nie; as die een uitgelig word, het dit ook implikasies vir die ander een (Mead, 1934:140). Uit die bevindinge was dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter beleef dat, wanneer daar veranderinge aan haar fisieke self (haar liggaam en dele daarvan) kom, soos dat dit in massa toeneem en groter word, dit ook gevolge inhou vir hoe sy nou haar innerlike self beleef. Dit blyk ook dat sy haar fisieke self gebruik as simbool van haar innerlike self. Vir die vroeë-adolessente dogter is dit nie net haar liggaam wat verander nie, maar ook haar innerlike self.

’n Lewensverloop-perspektief beklemtoon dat die situasie wat tot spanning aanleiding gee, hanteer moet word (Shanahan, 2000) om stabiliteit in die lewensbaan te vind ná die verandering (Wethington, 2005), terwyl die simboliese interaksionisme dit beklemtoon dat die individu nie in afsondering kan ontwikkel nie en daarom die probleem moet hanteer. In hierdie studie was dit duidelik dat die vroeë-adolessente dogter wel strategieë ontwikkel en gebruik ten einde die self in interaksie met ander te kan handhaaf.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die simboliese interaksionisme en ’n lewensverloop-perspektief met hul onderskeie aannames sinvol gebruik kan word in die bestudering van individue se belewenis van massa. Die waarde van so ’n benadering lê daarin dat menslike gedrag nie as van selfsprekend beskou word nie, dat daar nie enkele verklarings en oorsake vir bepaalde gedrag uitgesonder word nie, maar dat die mens en haar kledinggedrag as totaliteit en in interaksie met die self en ander bestudeer word.

#### 6.3.4.2 Kleding en voorkomsbestuur

Die self wat ’n objek is wat in interaksie met ander ontwikkel (Mead, 1934:138-140), sluit ook die fisieke self en die veranderinge wat dit ondergaan, in. Die self, en dus ook die fisieke self, is egter volgens die simboliese

interaksionisme oop vir manipulasie: "Objects out there are manipulated by us, and so it is with our own self…" (Charon, 1979:72). Daarom kan 'n individu die fisieke self manipuleer om aan bepaalde verwagtinge te voldoen. Dié handelinge staan bekend as selfbeheer of selfbestuur. 'n Individu is egter nie volkome vry om die self te bestuur en te rig na eie wil nie. Mead (1934:227-252) verwys na die belangrikheid van 'n samelewings-perspektief waar die veralgemeende ander en die verwysingsgroep-ander die standaard word waarvolgens 'n individu sy/haar eie aksies rig en bestuur. Selfbestuur en selfbeheer is verstandsaksies wat simbole gebruik om te kommunikeer. Die verwantskap tussen die self, die verstand en die simbool is ingebou in die simboliese interaksionisme se siening van die mens as 'n aktiewe, dinamiese wese wat in interaksie met die gemeenskap is (Charon, 1979:30). Omdat die individu dus oor 'n self beskik wat verander en die veranderinge plaasvind tydens interaksie met ander, is ander se perspektiewe oor die self belangrik en moet 'n individu die self bestuur met inagneming van ander se perspektiewe. Dit kan gedoen word deur die manipulasie van voorkoms-simbole soos kledingprodukte. Daarom sê Stone (1962:86-87): "Appearance is a dimension of all reality, and it is, of course, real itself. The appearance covers many things, including body size and shape, reputation and image, clothing, stance and facial expression ". 'n Individu se fisieke voorkoms dien as belangrike simbool van wie die persoon is (Sandstrom *et al.,* 2006:43). Volgens die simboliese interaksionisme gebruik 'n persoon voorkoms-simbole soos onder andere kledingprodukte om 'n goeie indruk op ander te maak (Sproles & Burns, 1994:238). Dié voorkoms-simbole hou 'n spesifieke betekenis vir die draer in, en wanneer die toeskouer dieselfde betekenis daaraan heg, vind nie-verbale kommunikasie plaas. Betekenis wat aan voorkoms-simbole geheg word, ontstaan dus uit sosiale interaksie met ander (Kaiser, 1990:42). Voorkoms is van kardinale belang in elke stadium van vroeë ontwikkeling van die self (Stone, 1962:88). 'n Individu se klere dra die waarde van die draer oor, beide in die oë van die draer en van ander (Stone**,** 1962:92). Goffman (1959:21) voer daarom aan dat aspekte van 'n persoon se voorkoms soos klere, haarstyle en gesigsuitdrukkings, inligting oor die self aan ander kommunikeer.

Omdat 'n individu volgens die simboliese interaksionisme ook daartoe in staat is om haar eie idees en aksies te ontwikkel, kan eie realiteite ook deur voorkomsbestuur geskep word (Kaiser, 1990:41). Die voorkoms word so bestuur dat wanneer daar met ander in interaksie getree word, sekere voorkomseienskappe uitgelig word terwyl ander verberg word (Sandstrom *et al.,* 2006:105). 'n Individu beskik dus oor die vermoë om haar eie voorkoms te bestuur en 'n verlangde indruk te skep (Goffman, 1959:221). Voorkomsbestuur behels onder andere dat kledingkeuses spesifiek aangepas en verander kan word om 'n gegewe situasie te pas of 'n spesifieke voorkoms te skep (Kaiser, 1990:41). Soos wat die self geklee word, word dit tegelyk gerig op ander wie se reaksie noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die self (Stone,1962:101-102). Daarom voer Goffman (1959:219) aan dat die kuns van indrukvorming wesenlik is tot die proses van selfaanbieding en dat daar teenoor 'n persoon opgetree word op grond van die betekenis wat sy/haar voorkoms vir ander inhou (Kaiser, 1990:42).

Die studie bevestig ook dat die vroeë-adolessente dogter, en veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter, kledingprodukte gebruik om haar voorkoms so te bestuur dat sy 'n goeie indruk op ander maak. Sy bestuur haar voorkoms tot dieselfde mate as wat sy die self bestuur en kies kledingprodukte wat haar persoonlikheid en beeld

van die self weerspieël (Grant & Stephen, 2005). Volgens Rudd en Lennon (2000) leer die vroulike geslag vinnig om hul voorkoms te monitor en te bestuur in ’n poging om die kultureel gestelde liggaamsideaal te bereik. Kulturele verwagtings affekteer die gevoel wat ’n persoon aangaande die liggaam huldig asook die mate waartoe voorkomsbestuur-gedrag soos oefeninge, verslankingsdiëte en kledingkeuse toegepas word (Rudd & Lennon, 2000). Belewenis van die liggaam raak dus ook die individu se belewenis van haar kleding. Uit die studie blyk dit dat veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter kledingprodukte verkies wat haar liggaam bedek. Die feit dat sy haar liggaam met al die veranderinge en toename in massa beleef as nie-vir-ander-se-oë-bedoel-nie, en dat sy daarvoor skaamkry, maak dat sy haar kledingprodukte doelbewus so kies dat dit die liggaam bedek en nie beklemtoon nie. Chattaraman en Rudd (2006) het ook bevind dat vroue met ’n groter liggaamsgrootte, of dié wat hulself as groter ervaar, voorkeur gee aan klere wat die liggaam meer bedek en minder beklemtoon. Dit is veral stywe klere wat die liggaam se verandering en groter-word beklemtoon, en kort klere wat die liggaam ontbloot, wat die vroeë-adolessente dogter nou ongemaklik, onrustig, vet en skaam laat voel.

Hoewel die oormassa vroeë-adolessente dogter daarvan bewus is dat sy kledingprodukte kan gebruik om haar voorkoms te verbeter, besef sy ook dat oormassa nie met klere weggesteek kan word nie. Sy noem wel dat haar klere gemaklik moet wees en aan ander moet wys hoe sy oor haarself voel. Volgens Damhorst *et al.,* (1999) speel kleding in alle kulture ’n unieke en kritieke rol as gevolg van die onmiddellike verhouding met die liggaam. Daarom dat die vroeë-adolessente dogter as kledingverbruiker wat binne ’n bepaalde sosiale wêreld inpas, nie op ’n passiewe wyse dit wat vervaardigers en handelaars aan haar voorhou, koop nie. Sy voer eerder ’n aktiewe of selektiewe keuse uit met dit wat beskikbaar is om haar realiteit mee te skep, visueel aan die self uitdrukking te gee en met ander in interaksie te tree (Kaiser, 1990:41). Sy koop kledingprodukte wat vir haar gemaklik pas, en haar liggaam bedek tot die mate wat sy verkies, sodat sy goed kan voel oor die self.

Uit die studie blyk dit dat veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter pogings aanwend om haar voorkoms so bestuur dat dit vir die self en vir ander aanvaarbaar is. Wanneer ander ’n persoon se kledingstyl assesseer, word haar waarde beoordeel, haar gemoed waardeer, haar houding oorweeg en daarvolgens ’n bepaalde identiteit aan haar toegeken (Sandstrom *et al.,* 2006:45). Dit blyk ook dat veral die normale-massa vroeë-adolessente dogter haar geklede voorkoms tot so ’n mate bestuur dat sy in ’n interaksie-situasie die self kan handhaaf. Daarom sê Damhorst *et al.* (1999:12): “The body has many possibilities for adornment, it can be considered a canvas for self-expression” en kan die normale-massa vroeë-adolessente dogter haar kledingprodukte doelbewus so kies dat haar voorkoms aan haar en ander se verwagtinge voldoen.

**Hierdie studie bevestig weer die belangrike rol wat kleding speel in die aankondiging van die individu se identifikasie binne die sosiale omgewing. Kaiser (1990:186) praat van “the visual self in context” en wys daarop dat die individu, deur die proses van self-identifikasie die eie identiteit vir ander daar plaas en uitdruk. Voorkomsbestuur stel die individu instaat om die identiteite wat sy aan ander wil kommunikeer te antisipeer sodat dit in ‘n interaksie situasie dienooreenkomstig oorgedra kan word. Vir die vroeë-**

**adolessente dogter is veranderinge aan die liggaam, waaronder die toename in massa, nie maar net ‘n fisieke verandering wat in ‘n sosiale omgewing deur ander waargeneem kan word nie, maar ook ‘n sosiale verandering. Fisieke veranderinge binne ‘n sosiale konteks dui vir die dogter en vir ander op ‘n verandering in haar rol, vanaf die van ‘n kind tot die van ‘n meer volwasse vrou met ook groter seksualiteit. Rol verandering gaan hand aan hand met verandering in die verwagtings wat ander het met betrekking tot rolgedrag (waaronder kledinggedrag), en wat hulle van ‘n persoon wat die rol suksesvol aanneem, verwag. Verandering van haar kledingstyl, ondersteun dus nie net die dogter met betrekking tot groter positiwiteit teenoor haar eie liggaam en voorkoms nie, maar ondersteun haar ook in die aannneem van die nuwe rol en gepaardgaande gedrag binne ‘n sosiale konteks, en aan die einde ook in die vestiging van ‘n nuwe identiteit.**

## 6.4 AANBEVELINGS

Hoewel die gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak is, slegs beperk is tot die steekproef van deelnemers wat in die studie ingesluit is, en daar nie veralgemeen word na die breë populasie toe nie, kan daar tog ’n aantal aanbevelings na afloop van die studie gemaak word.

### 6.4.1 Aanbevelings met betrekking tot kwalitatiewe navorsing met die vroeë-adolessente dogter

Op grond van hierdie studie kan daar aanbeveel word dat toekomstige navorsers meer van ’n kwalitatiewe navorsingstyl gebruik kan maak in studies waar dit gaan om die diepste belewenisse van die jong deelnemer. Die navorser het die volgende aanpassings gemaak, en beveel aan dat dit op jonger deelnemers in navorsing toegepas kan word:

- Jonger deelnemers moet tyd gegun word om werklike diep belewenisse te deel. Die navorser behoort met jonger deelnemers ruimte toe te laat vir genoeg tyd, in die vorm van data-insamelingsessies wat voldoende in aantal is en ook lank genoeg duur.
- Verskillende stimulustegnieke het werklik tot die sukses van die studie bygedra. Verskillende stimulustegnieke kan met sukses in een data-insamelingsessie gebruik word. Hoe meer kleurvol, interessant, uitdagend en op die jonger deelnemer ingestem, hoe groter welslae word behaal wanneer dit as ysbreker tydens onderhoude gebruik word. Jonger deelnemers wil hul kreatiwiteit wys tydens data-insamelingsessies. Dit haal die fokus van hulle af en plaas hulle in ’n meer ontspanne luim.
- Ongestruktureerde onderhoude en persoonlike dokumentasie as data-insamelingsmetodes het ryk data gegenereer en kan vir studies met jonger deelnemers aanbeveel word.
- Die kombinasie van die ongestruktureerde onderhoud saam met verskillende stimulustegnieke was baie suksesvol. Elke onderhoud is met ’n stimulustegniek begin en dit het dadelik die aandag van die

deelnemer afgetrek en vir haar iets gegee om op te fokus. Haar reaksie op die stimulusmateriaal het 'n gunstige atmosfeer geskep om maksimum inligting met minimum inspanning te verkry.

- Die navorsingsmetodologie het goeie resultate opgelewer aangesien die studie ook emosies betrek het wat veral baat gevind het by die indiepte-beskrywings van die kwalitatiewe styl. Emosies kon in konteks van interpersoonlike verhoudings en met inagneming van individuele verskille en betekenisse begryp en beskryf word.

### 6.4.2 Aanbevelings met betrekking tot die waarde van kleding vir die vroeë-adolessente dogter

Dit blyk uit die studie dat die dogter in die vroeë-adolessente stadium sensitief is vir hoe kledingprodukte aan haar liggaam pas, maar ook tot watter mate dit haar liggaam bedek of ontbloot. Die vroeë-adolessente dogter kry maklik skaam wanneer kledingprodukte te kaal, kort, oop, of styf aan haar liggaam pas. Dit lyk asof sy op hierdie stadium van ontwikkeling daarin gelei moet word om kledingprodukte te kies waarin sy gemaklik voel en wat haar liggaam tot so 'n mate bedek dat sy nie skaam kry nie. Persone wat met vroeë-adolessente dogters werk op 'n vlak waar hulle bemagtig word aangaande hulle fisieke en innerlike self, kan baat vind by die resultate, wat daarop dui dat dogters in dié stadium van hul lewensverloop nie van kledingprodukte hou wat hul liggame ontbloot of die liggaamskontoere af-ets nie. Mooi, gemaklike, lospassende en nie-te-kort klere laat hul veilig en geborge voel. Die dogter in hierdie ontwikkelingstadium is ook ingestel op haar innerlike self en van mening dat dit selfs belangriker is as haar fisieke self.

As kledingverbruiker beskou die vroeë-adolessente dogter kledingprodukte onder meer as handhawingstrategie om haar veilig oor die self te laat voel, veral wanneer sy in interaksie met ander is. Haar kledingprodukte moet haar dus byna beskerm teen die ander in die wêreld daar buite. Dit is veral sekere kleure, style en veral die pas van kledingprodukte wat vir die vroeë-adolessente dogter as kledingverbruiker belangrik is en wat in ag geneem word met die keuse van kledingprodukte. Hulle noem dat, wanneer hulle klere koop, hulle kyk na die gemaklike pas daarvan en dat dit nie te kort, -kaal, oop of styf moet sit nie, en dan eers oorweeg hulle die res van die kledingstuk. Die pas van die kledingstuk blyk vir die vroeë-adolessente kledingverbruiker op dié stadium belangriker te wees as kleur, tekstuur of ander sensoriese kwaliteitsaspekte. Wanneer die vroeë-adolessente dogter as kledingverbruiker dus 'n kledingproduk aanpas wat gemaklik sit en die dele van die liggaam bedek wat sy bedek wil hê, lei dit tot 'n meer tevrede kledingverbruiker. Wanneer kledingkundiges hierdie aanbevelings in ag neem, kan dit op vele terreine, soos onder andere by skole en ander sosiale geleenthede soos moeder-en-dogter-byeenkomste, by die kledingverbruiker tuisgebring word.

Teen die agtergrond van die studie behoort kledingkundiges begrip te kry vir die vroeë-adolessente dogter se begaandheid oor klere asook haar moontlike vreemde kledingstyl. In die keuse van kleding gaan dit vir die vroeë-adolessente dogter nie net om die feit dat haar klere te klein of te kort word nie. Dit gaan ook nie daaroor dat die klere modieus moet wees of soos haar maats s'n moet lyk nie. Alhoewel al hierdie aspekte moontlik ook vir haar

belangrik is, moet haar klere haar boonop ook ondersteun in die aanneem en uitleef van ‘n nuwe rol en uiteindelike vestiging van ‘n volwasse vroulike geslagsrol-identiteit. In haar verkenning van die nuwe rol is dit dan verstaanbaar dat sy ook met klere en haar voorkoms sal eksperimenteer in ‘n poging om ‘n eie voorkomsstyl te vind wat nie net by haar veranderende fisieke self pas nie, maar ook by haar nuwe rol soos wat sy dit aan ander wil kommunikeer.

Kledingbemarkers en -handelaars sou vanuit ’n kledingbemarkingsoogpunt die aanbevelings vanuit die studie sinvol kon gebruik in die bemarking en aanbieding van kledingprodukte aan die vroeë-adolessente dogter as kledingverbruiker. Vanuit ’n kledingbemarkingsoogpunt wys Chen-Yu, Williams & Kincade (1999:167) daarop dat kennis omtrent die faktore wat ’n kledingverbruiker gebruik in hul besluit om ’n produk aan te koop al dan nie, sinvol deur handelaars gebruik kan word in die keuse van die produkte wat hul aanbied asook in die bemarking van dié produkte en die onderneming. Handelaars behoort dus daarop bedag te wees dat die vroeë-adolessente dogter, as kledingverbruiker, nie net kledingprodukte aankoop met formele eienskappe soos gemak en mode in gedagte nie, maar dat kledingprodukte ook vir haar simboliese, sosiale en emosionele waarde het.

## 6.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Dit was ’n kwalitatiewe studie met ’n beperkte aantal deelnemers en met die doel om insig te verkry en die dogter se belewenis van massa-toename as deel van die self te beskryf. Bevindinge kan dus nie na die breë populasie veralgemeen word nie. Deelnemers was almal Blanke Afrikaanssprekende dogters met hoofsaaklik ’n Protestantse geloofsagtergrond. Kultuur en geloof speel ’n belangrike rol in die individu se waarde-oordele. Dogters uit ander kulture en met ’n ander geloofsagtergrond mag dus ’n toename in massa anders beleef en hul self ook anders probeer handhaaf in interaksie met ander. Hierdie studie het ook slegs gekonsentreer op die vroeë-adolessente dogter se belewenis van massa-toeneme tydens dié spesifieke lewensfase. Dit wat tydens een fase van die individu se lewensverloop gebeur, kan egter nie los van die totale lewensverloop gemaak word nie. Ten einde die rol van massa in die ontwikkelende dogter se belewenis van die self in totaliteit te verstaan, sou dit vir toekomstige navorsing van waarde wees om in ’n longitudinale studie dogters se belewenis van massa en toename in massa as deel van die belewenis van die self, gedurende die middel-kinderjare (±7 tot 10), vroeë-adolessensie (±11 tot 13) en laat-adolessensie (±14 tot 18) te bestudeer.

# BIBLIOGRAFIE

ALCORTA, CS & SOSIS, R. 2005. Ritual, emotion, and sacred symbols: The evolution of religion as an adaptive complex. *Human Nature,* 16(4):323-359.

ARNETT, JJ. 1997. Young people's conceptions of the transition into adulthood. *Youth and Society,* 2(29):3-23.

ARNOLD, MB. 1960. *Emotion and personality*; Vol. 2: Neurological and physiological aspects. New York: Columbia University Press.

ARONNE, LJ. 2002. Classification of obesity and assessment of obesity-related health risks. *Obesity Research,* 10(2):105-115.

AUBREY, JS. 2006. Effects of sexually objectifying media on self-objectification and body surveillance in undergraduates: Results of a 2-year panel study. *Journal of Communication,* 56:366-386.

BABBIE, E & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.

BALK, DE. 1995. *Adolescent development*. *Early through late adolescence*. Boston: Brooks/Cole Publishing Company.

BANFIELD, SS & McCABE, MP. 2002. An evaluation of the construct of body image. *Adolescence,* 37(146):373-394.

BANISTER, EN & BOOTH, GJ. 2005. Exploring innovative methodologies for child-centric consumer research. *Qualitative Market Research,* 8(2): 157-175.

BANISTER, EN & HOGG, MK. 2001. Mapping the negative self from "So Not Me" … to "Just Not Me". *Advances in Consumer Research,* XXVIII:242-248.

BARTHOLOMEW, A & O'DONOHOE, S. 2003. Everything under control: a child's eye view of advertising. *Journal of Marketing Management,* 19:433-457.

BEE, H & BOYD, D. 2002. *Lifespan development.* 3rd ed. London: Allyn & Bacon.

BELL, JH & BROMNICK, RD. 2003. The social reality of the imaginary audience: A Grounded theory approach. *Adolescence,* 38(160):205-219.

BENER, A, KAMAL, A, TEWFIK, I & SABUNCUOGLU, O. 2006. Prevalence of dieting, overweight, body image satisfaction and associated psychological problems in adolescent boys. *Nutrition & Food Science,* 36(5):295-304.

BERMúDEZ, JL, MARCEL, AJ & EILAN, N. 1995. *The body and the self*. Cambridge: Cambridge University Press.

BERZONSKY, MD & ADAMS, GR. 1999. Reevaluating the identity status paradigm: Still useful after 35 years. *Developmental review,* 19: 557-590.

BLOWERS, LC, LOXTON, NJ, GRANDY-FLESSER, M, OCCHIPINTI, S & DAWE, S. 2003. The relationship between sociocultural pressure to be thin and body dissatisfaction in preadolescent girls. *Eating Behaviors,* 4(3):229-244.

BLUMER, H. 1962. "*Society as symbolic interaction*." (pp 172-92) in Arnold Rose (Ed.), Human behavior and social processes. Boston: Houghton Mifflin.

BLUMER, H. 1966. Sociological implications of the thoughts of George Herbert Mead. *American Journal of Sociology,* 7:534-544.

BLUMER, H. 1969. *Symbolic interactionism: Perspective and method*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

BODDY, C. 2005. A rose by any other name may smell as sweet but "group discussion" is not another name for a "focus group" nor should it be. *Qualitative Market Research,* 8(3):248-255.

BOTHA, P. 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: Sterk en swak punte. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences,* 29:13-19.

BOTTA, RA. 2003. For your health? The relationship between magazine reading and adolescents' body image and eating disturbances. *Sex Roles: A Journal of Research,* 389-400, May.

BRIDGES, LJ & MOORE, KA. 2002. Religion and spirituality in childhood and adolescence. *ChildTrends, 1-63.*

BUDD, JM. 2005. Phenomenology and information studies. *Journal of Documentation,* 61(1):44-59.

CASTELFRANCHI, C & POGGI, I. 1990. Blushing as a discourse: Was Darwin wrong? In *Shyness and embarrassment: Perspectives from social psychology* (Ed. WR Crozier) pp. 230-251. New York: Cambridge University Press.

CHARMAZ, K. 1995. The body, identity, and self: Adapting to impairment. *Sociological quarterly,* 36(4):657-680.

CHARMAZ, K & ROSENFELD, D. 2006. *Reflections of the body, images of self: Visibility and invisibility in chronic illness and disability.* In Waskul, D & Vannini, P (Eds.), *Body Embodiment,* p. 35. Hampshire, England: Ashgate.

CHARON, JM. 1979. *Symbolic interactionism – an introduction, an interpretation, an integration.* 2nd ed. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

CHARON, JM. 1998. *Symbolic interactionism* – 6th ed. New Jersey: Prentice-Hall.

CHATTARAMAN, V & RUDD, NA. 2006. Preferences for aesthetic attributes in clothing as a function of body image, body cathexis and body size. *Clothing and Textiles Research Journal,* 24(1):46-61.

CHEN-YU, HJ, WILLIAMS, G & KINCADE, DH. 1999. Determinants of consumer satisfaction/dissatisfaction with the performance of apparel products. *Family and Consumer Sciences Research Journal,* 28(2):167-192.

COMPAS, BE, CONNOR-SMITH, JK, SALTZMAN, H, THOMSEN, AH, WADSWORTH, ME. 2001. Coping with stress during childhood and adolescence: Problems, progress, and potential. *Theory and Research,* 127(1):87-127.

COOLEY, CH. 1902. *Human nature and the social order*. New York: Charles Scribner's Sons.

COOLEY, CH. 1970. *Human nature and the social order*. New York: Schocken Books.

COOPER, PJ. 1993. *Bulimia nervosa. A guide to recovery.* London: Robinson Publishing.

COSBEY, SL. 1990. The influence of clothing on sociability, emotional stability, and dominance. Unpublished master's thesis, Northern Illinois University, DeKalb.

COSBEY, S. 2001. Clothing interest, clothing satisfaction, and self-perceptions of sociability, emotional stability, and dominance. *Social Behavior and Personality,* 29(2):145-152.

CROESZ, LM, LEVINE, MP & MURNEN, SK. 2002. The effect of experimental presentation of thin media images on body satisfaction: A meta-analytic review. *The International Journal of Eating Disorders,* 31(1):1-16.

CROZIER, WR. 1998. Self-consciousness in shame: The role of the "Other". *Journal for the Theory of Social Behavior,* 28(3):273-286.

DACEY, J & TRAVERS, J. 1994. *Human development: across the lifespan.* Madison, Wisconsin: Brown & Benchmark.

DAHL, RE & HARIRI, AR. 2005. Lessons from G. Stanley Hall: Connecting new research in biological sciences to the study of adolescent development. *Journal of Research on Adolescence,* 15:367-382.

DAMHORST, ML, LITTRELL, JM & LITTRELL, MA. 1987. Adolescent body satisfaction. *Journal of Psychology*, 121:553-562.

DAMHORST, ML, MILLER, KA & MICHELMAN, SO. 1999. *The meaning of dress.* New York: Fairchild Publications.

DAVIS, F. 1985. *Clothing and fashion and communication*. In M. R. Solomon, ed. *The psychology of fashion*, pp. 15-27. Lexington: Health/Lexington Books.

DAVIS, LL. 1985. Perceived somatotype, body-cathexis and attitudes towards clothing among college females. *Perceptual and Motor Skills*, 61:1199-1205.

DAVISON, TE & McCABE, MP. 2006. Adolescent body image and psychosocial functioning. *The Journal of Social Psychology,* 146(1):15-30.

DE KLERK, HM & TSELEPIS, T. 2007. The early-adolescent female clothing consumer. Expectations, evaluation and satisfaction with fit as part of the appreciation of clothing quality. *Journal of Fashion Marketing and Management,* 11(3):413-428.

DENZIN, NK & LINCOLN, YS. 1994. *Handbook of qualitative research.* Thousand Oaks: Sage.

DEVINE, CM. 2005. A life course perspective: Understanding food choices in time, social location, and history. *Journal Nutrition Education Behavior,* 37:121-128.

DEVINE, CM, BOVE, CF & OLSON, CM. 2000. Continuity and change in women's weight orientations and lifestyle practices through pregnancy and the postpartum period: the influence of life course trajectories and transitional events. *Social Science & Medicine,* 50:567-582.

DE VOS, AS. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, AS (Ed.). 2002. *Research at grass roots,* pp. 336-352. Pretoria: Van Schaik.

DEWILDE, C. 2003. A life-course perspective on social exclusion and poverty. *British Journal of Sociology*, 54(1):109-128.

DEY, I. 1993. *Qualitative data analysis: a user-friendly guide for social scientists.* London: Routledge.

DIXEY, R, SAHOTA, P, ATWAL, S & TURNER, A. 2001. Ha ha, you're fat, we're strong; a qualitative study of boys' and girls' perceptions of fatness, thinness, social pressures and health using focus groups. *Health Education,* 101(5):206-216.

DONELSON, E. 1999. Psychology of religion and adolescents in the United States: past to present. *Journal of Adolescence.* 22:187-204.

ELDER, H & ELDER, GH (Jr.) 1994. Time, human agency, and social change: Perspectives on the life course. *Social Psychology Quarterly,* 57(1):4-15.

ELDER, GH (Jr.), JOHNSON, MK & CROSNOE, R. 2003. The emergence and development of life course theory. In JT Mortimer & Shanahan, MJ (Eds.), *Handbook of the life course*, pp 1-5. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.

ELIAS, MJ, WEISSBERG, RP & PATRIKAKOU, EN. 2003. The ABCs of coping with adolescence. *Partnerships,* 111:1-2.

ELKIND, D. 1967. Egocentrism in adolescence. *Child Development,* 38:1025-1034.

ELKIND, D. 1999. Religious development in adolescence. *Journal of Adolescence,* 22:291-295.

ELKIND, D & BOWEN, R. 1979. Imaginary audience behavior in children and adolescents. *Developmental Psychology,* 15:38-44.

ENTWISTLE, J. 2002. *The dressed body*. In M Evans & E Lee (Eds.), *Real Bodies: A Sociological Introduction*. Basingstoke, UK: Palgrave.

ERIKSON, EH. 1968. *Identity: Youth & Crises.* New York: Norton.

FARRELL, C, SHAFRAN, R & FAIRBURN, CG. 2002. *Body size estimation: Testing a new mirror-based assessment method.* Oxford, UK: Department of Psychiatry, Oxford University.

FEA, CJ & BRANNON, LA. 2006. Self-objectification and compliment type: Effects on negative moods. *Body Image,* 3:183-188.

FESTINGER, L. 1954. A theory of social comparison processes. *Human Relations,* 7(2):117-140.

FIORE, AM & KIMLE, PA. 1997. *Understanding aesthetics for the merchandising and designing professional.* New York: Fairchild.

FLEGAL, KM, TABAK, CJ & OGDEN, CL. 2006. Overweight in children: definitions and interpretation. *Health Education Research,* 21(6):755-760.

FLUM, H. 1994. Styles of identity formation in early and middle adolescence. *Genetic, Social & General Psychology Monographs,* 120(4):435-468.

FOUCHÉ, CB. 2002. Research strategies. In: De Vos, A.S. 2002. (Ed.). *Research at grass roots.* 2nd ed., pp 268-273. Pretoria: Van Schaik.

FREDRICKSON, BL & ROBERTS, T. 1997. Objectification theory. Toward understanding women's lived experiences and mental health risks. *Psychology of Women Quarterly,* 21:173-206.

FRIEDMAN, KE, REICHMANN, SK, COSTANZO, PR & MUSANTE, GJ. 2002. Body image partially mediates the relationship between obesity and psychological distress. *Obesity Research,* 10(1):33-41.

FRYDENBERG, E, LEWIS, R, BUGALSKI,K, COTTA, A, McCARTHY, N, LUSCOMBE-SMITH, N & POOLE, C. 2004. Prevention is better than cure: Coping skills training for adolescents at school. *Educational Psychology in Practice,* 20(2):117-134.

GARNEFSKI, N, BOON, S & KRAAIJ, V. 2003. Relationships between cognitive strategies of adolescents and depressive symptomatology across different types of life event. *Journal of Youth and Adolescence,* 32(6): 401-408.

GELLER, J, SRIKAMESWARAN, S, ZAITSOFF, SL, COCKELL, SJ & POOLE, GD. 2003. Mothers' and fathers' perceptions of their adolescent daughters' shape, weight, and body esteem: Are they accurate? *Journal of Youth and Adolescence*, 32(2):81-87.

GEORGE, LK. 1993. Sociological perspectives on life transitions. *Annual Reviews Inc,* 19:353-373.

GLASS, TA & McATEE, MJ. 2006. Behavioral science at the cross roads in public health: Extending horizons, envisioning the future. *Social Science and Medicine,* 62(7):1650-1671.

GLEN, H & ELDER, JR.1994. Time, human agency, and social change: Perspectives on the life course. *Social Psychology Quarterly,* 57(1):4-15.

GOFFMAN, E. 1959. *The presentation of self in everyday life*. Englewood Cliffs/London: Allen Lane.

GOFFMAN, E. 1963. *Stigma*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

GOVERN, JM & MARSCH, LA. 2001. Development and validation of the situational self-awareness scale. *Consciousness and Cognition,* 10:366-378.

GOWERS, SG & SHORE, A. 2001. Development of weight and shape concerns in the aetiology of eating disorders. *British Journal of Psychiatry,* 179:336-343.

GRABE, S, HYDE, JS & LINDBERG, SM. 2007. Body objectification and depression in adolescents: The role of gender, shame and rumination. *Psychology of Women Quarterly,* 31:164-175.

GRAMLING, LF & McCAIN, NL. 1997. Grey glasses: sadness in young women. *Journal of Advanced Nursing,* 26:312-319.

GRANT, IJ & STEPHEN, GR. 2005. Buying behavior of "tweenage" girls and key societal communicating factors influencing their purchasing of fashion clothing. *Journal of Fashion Marketing and Management,* 9(4):450-467.

GREEN, F. 2004. *The development of a model for nutritional intervention in rural communities in South Africa.* PhD (Consumer Science). University of Pretoria.

GROENEWALD, T. 2004. 'n Fenomenologiese navorsingsontwerp geïllustreer. *International Journal of Qualitative Methods,* 3(1):1-16.

GROSS, RD. 1993. *Psychology. The science of mind and behavior.* 2nd ed. London: Hodder & Stoughton.

HALONEN, JS & SANTROCK, JW. 1996. *Psychology. Contexts of behavior.* USA: Times Mirror Higher Education Group, Inc.

HAREVEN, TK & ADAMS, KJ. 1982. *Ageing and life course transitions: An interdisciplinary perspective.* London: Tavistock Publications.

HARGREAVES, DA & TIGGEMANN, M. 2003. Female "thin ideal" media images and boys' attitudes toward girls. *A Journal of Research*, 49(9-10):539.

HARPER, SJA, DEWAR, P & DIACK, BA.1998. The purchase of children's clothing – who has the upper hand? *Journal of Fashion Marketing and Management,* 7(2):196-205.

HARRISON, K. 2003. The television viewers' ideal body proportions: The case of the curvaceously thin woman. *Sex Roles: A Journal of Research.* 255-269, March.

HENNING, E, VAN RENSBURG, W & SMIT, B. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik.

HINES, T. 2000. An evaluation of two qualitative methods (focus group interviews and cognitive maps) for conducting research into entrepreneurial decision making. *Qualitative Market Research: An International Journal,* 3(1):7-16.

HOGG, MK & SAVOLAINEN, MH. 1998. "Symbolic consumption and the situational self". *European Advances in Consumer Research,* 3:11-16.

HORN, MJ & GUREL, LM. 1981. *The second skin*. 3rd ed. Boston: Houghton Mifflin.

HOYT, WD & KOGAN, LR, 2001. Satisfaction with body image and peer relationships for males and females in a college environment. *Sex Roles: A Journal of Research.* 199-216, Aug.

HUTCHINSON, SL, BALDWIN, CK & OH, S. 2006. Adolescent coping: Exploring adolescents' leisure-based responses to stress. *Leisure Sciences*, 28:115-131.

JAMES, A, JENKS, C & PROUT, A. 1998. *Theorizing childhood.* Cambridge: Polity Press.

JAMES, W.1890. *The principles of psychology*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

JAMES, W. 1915. *Psychology.* New York: Henry Holt & Co.

JAMES, W. 1961. (1892) *Psychology: The briefer course*. New York: Harper.

JONES, DC. 2001. Social comparison and body image: attractiveness comparisons to models and peers among adolescent girls and boys. *Sex roles: A Journal of Research,* 645-665, Nov.

JONES, EE, FARINA, A, HASTROF, AH, MARKU, H, MILLER, DT & SCOTT, RA. 1984. *Social stigma. The psychology of marked relationships.* New York: Freeman & Co.

JONES, SM. 2006. "Why is this happening to me?:" The attributional make-up of negative emotions experienced in emotional support encounters. *Communication Research Reports,* 23(4):291-298.

JORDAAN, W & JORDAAN, J. 2000. *People in context*. 3rd ed. Johannesburg: Heinemann.

KAISER, S. 1990. *The social psychology of clothing. Symbolic appearances in context.* 2nd ed. New York: Macmillan.

KAISER, S & FREEMAN, CM. 1989. Meaningful clothing and the framing of emotion: Toward a gender-relational understanding. Paper presented at the meeting of the Society for the Study of Symbolic Interaction, Aug, San Francisco.

KOLBE, RH & ALBANESE, PJ. 1996. Man to man: A content analysis of sole-male images in male-audience magazines. *Journal of Advertising,* 35(4):1-20.

KVALE, S. 1996. *An introduction to qualitative research interviewing.* London: Sage.

KWON, YH. 1994. Feeling towards one's clothing and self-perception of emotion, sociability, and work competency. *Journal of Social Behavior and Personality,* 9(1):129-139.

LA GRECA, AM, SIEGEL, LJ, WALLANDER, JL & WALKER, CE. 1992. *Stress and coping in child health.* New York: The Guilford Press.

LAPSLEY, DK. 1993. Toward an integrated theory of adolescent ego development: The "new look" at adolescent egocentrism. *American Journal of Orthopsychiatry*, 63:562-571.

LAPSLEY, DK & MURPHY, MN. 1985. Another look at the theoretical assumptions of adolescent egocentrism. *Developmental Review,* 5:201-217.

LARSON, RW, MONETA, G, RICHARDS, MH & WILSON, S. 2002. Continuity, stability, and change in daily emotional experience across adolescence. *Child Development,* 73(4):1151-1165.

LAZARUS, S. 1966. *Psychological stress and coping process.* New York: McGraw-Hill.

LAZARUS, S. 1991. *Emotion and adaptation.* New York: Oxford University Press.

LAZARUS, RS & FOLKMAN, S.1984. *Stress, appraisal, and coping*. New York: Springer.

LAZARUS, RS & LAZARUS, BN. 1994. *Passion and reason. Making sense of our emotions.* New York: Oxford University Press.

LEARY, MR & BUTTERMORE, NR. 2003. The evolution of the human self: Tracing the natural history of self-awareness. *Journal for the Theory of Social Behavior,* 33(4):365-404.

LEBEL, TP. 2008. Perceptions of and responses to stigma. *Sociology Compass,* 2(2):409-432.

LEEDY, PD. 1997. *Research: Planning and design.* 6th ed. New York: Prentice-Hall.

LERNER, RM, ORLOS, JB & KNAPP, JR. 1976. Physical attractiveness, physical effectiveness, and self-concept in late adolescents. *Adolescence,* 11:313-326.

LEVINE, LJ. 1996. The anatomy of disappointment: A naturalistic test of appraisal models of sadness, anger, and hope. *Cognition and Emotion,* 10:337-359.

LEWIS, HB. 1971. *Shame and guilt in neuroses*. New York: International University Press.

LEWIS, M. 1992. *Shame: The exposed self*. New York: Free Press.

LIEBENBERG, JJ. 2004. *'n Kwalitatiewe evaluering van leierskapmodelle vir pre-adolessente*. PhD (Geesteswetenskappe). Universiteit van Pretoria.

LIEBERMAN, M, GAUVIN, L, BUKOWSKI, WM & WHITE, DR. 2001. Interpersonal influence and disordered eating behaviors in adolescent girls. The role of peer modeling, social reinforcement, and body-related teasing. *Eating Behaviors,* 2(3):215-236*.*

LINCOLN, YS & GUBA, EG. 1985. *Naturalistic inquiry.* Newbury Park, CA: Sage.

LINDBERG, SM, HYDE, JS & MCKINLEY, NM. 2006. A measure of objectified consciousness for preadolescent and adolescent youth. *Psychology of Women Quarterly*, 30:65-76.

LOUW, DA . 1992. *Menslike ontwikkeling.* Bloemfontein: HAUM.

LOUW, DA & EDWARDS, DJA. 1997. *Psychology. An introduction for students in Southern Africa.* 2nd ed. Sandton: Heinemann.

LOUW, DA, VAN EDE, DM & LOUW, AE. 1999. *Human Development.* 2nd ed. Cape Town*:* Kagiso.

MARCH, K. 2000. Who do I look like? Gaining a sense of self-authenticity through the physical reflections of others. *Symbolic Interaction,* 23(4):359-374.

MARCIA, JE. 1976. *Studies in ego identity*. Burnaby: British Columbia:Simon Fraser University.

MARKEY, CN, TINSLEY, BJ, ERICKSEN, AJ, OZER, DJ & MARKEY, PM. 2002. Preadolescents' perceptions of females' body size and shape: Evolutionary and social learning perspectives. *Journal of Youth and Adolescence,* 31(2):137-146.

MARKHAM, A, THOMPSON, T & BOWLING, A. 2005. Determinants of body-image shame. *Personality and Individual Differences,* 38:1529-1541.

MARSHALL, VW & MUELLER, MM. 2004. Theoretical roots of the life course perspective. In *social dynamics of the life course.* 2004. Heins, WR & Marshall, VW (Eds.), pp 20. New York: Aldine de Gruyter.

MARTIN, MC & OKLESHEN PETERS, C. 2005. Exploring adolescent girls' identification of beauty types through consumer collages. *Journal of Fashion Marketing and Management*, 9(4):391-406.

MATTIS, JS. 2002. Religion and spirituality in the meaning-making and coping experiences of African American Women: A qualitative analysis. *Psychology of Women Quarterly,* 26:309-321.

McKINLEY, NM & HYDE, JS. 1996. The objectified body consciousness scale. *Psychology of Women Quarterly*, 20:181-215.

MEAD, GH. 1934. *Mind, self, and society*. Chicago: University of Chicago Press.

MEADUS, RJ. 2007. Adolescents coping with mood disorder: a grounded theory study. *Journal of Psychiatric and Mental Health Nursing,* 14:209-217.

MILES, MB & HUBERMAN, AM. 1994. *Qualitative data analysis: an expanded sourcebook.* 2nd ed. London: Sage.

MILLER, CT & KAISER, R. 2001. A theoretical perspective on coping with stigma. *Journal of Social Issues,* 57(1):73-92.

MILLMAN, M. 1980. *Such a pretty face: Being fat in America.* New york: W. W. Norton & Co.

MOEN, P, GLEN, H, ELDER, GH & LÜSCHER, K. 1995. *Examining lives in context*. United States of America: American Psychological Association.

MONTMEYER, R & EISEN, M. 1977. The development of self-conceptions from childhood to adolescence. *Developmental Psychology*, 13:314-319.

MORRISON, TG, KALIN, R, MORRISON, MA. 2004. Body-image evaluation and body-image investment among adolescents: A test of sociocultural and social comparison theories. *Adolescence*, 39(155):571-592.

MURBERG, TA & BRU, E. 2005. The role of coping styles as predictors of depressive symptoms among adolescents: A Prospective study. *Scandinavian Journal of Psychology*, 46:385-393.

MWAMWENDA, TS. 1996. *Educational psychology*. *An African perspective*. 2nd ed. Durban: Butterworths.

MYERS, A & ROSEN, JC. 1999. Obesity stigmatization and coping: Relation to mental health symptoms, body image, and self-esteem. *International Journal of Obesity*, 23:221-230.

MYERS, TA & CROWTHER, JH. 2007. Sociocultural pressures, thin-ideal internalization, self-objectification, and body dissatisfaction: Could feminist beliefs be a moderating factor? *Body Image,* 4:296-308.

NISHINA, A, AMMON, NY, BELMORE, AD & GRAHAM, S. 2006. Body dissatisfaction and physical development among ethnic minority adolescents. *Journal of Youth and Adolescence,* 35(2):179-191*,* April.

NOLL, SM & FREDRICKSON, BL. 1998. A mediational model linking self-objectification, body shame and disordered eating. *Psychology of Women Quarterly*, 22:623-636.

NOUNOPOULOS, A, ASHBY, JS, GILMAN, R. 2006. Coping resources, perfectionism, and academic performance among adolescents. *Psychology in the Schools,* 43(5):613-622.

OLIVARES, OJ, PETERSON, G & HESS, KP. 2007. An existential-phenomenological framework for understanding leadership development experiences. *Leadership & Organization Development Journal,* 28(1):76-91.

OWENS, KB. 2002. *Child & adolescent development.* U.S.A: Thomson Learning.

PIAGET, J. 1962. *The moral judgement of the child.* London: Routledge & Kegan Paul.

PIAGET, J. 1969. *Six psychological studies*. New York: Random House.

PIAGET, J. 1970. *Piaget's theory.* In PH Mussen (Ed.), *Manual of child psychology*. London: Wiley.

PLUG, C, MEYER, WF, LOUW, DA & GOUWS, LA. 1987. *Psigologie-woordeboek*. 2de uitg. Johannesburg: McGraw-Hill.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. In De Vos, AS (Ed.), Strydom, H, Fouché, CB, Poggenpoel, M, Schurink, E & Schurink, W. *Research at grass roots. A primer for the caring proffesions,* pp 335-337. Pretoria: Van Schaik.

PORCELLATO, L, DUGHILL, L & SPRINGETT, J. 2002. Using focus groups to explore children's perceptions of smoking: reflections on practice. *Health Education,* 102(6):310-320.

PRINSLOO, E & DU PLESSIS, S. 1998. *Sosio-Opvoedkunde II (B Ed) Enigste studiegids vir OSO431-W.* Pretoria: Universteit van Suid-Afrika.

PUHL, R & BROWNELL, KD. 2003a. Ways of coping with obesity stigma: review and conceptual analysis. *Eating Behaviors,* 4(1):53-78.

PUHL, R & BROWNELL, KD. 2003b. Psychosocial origins of obesity stigma; toward changing a powerful and pervasive bias. *Obesity Reviews,* 4:213-227.

QUINN, DM & CROCKER, J. 1999. When ideology hurts effects of belief in the protestant ethic and feeling overweight on the psychological well-being of women. *Journal of Personality and Social Psychology,* 77(2):402-414.

QUINN, DM, KALLEN, RW & CATHEY, C. 2006. Body on the mind: The lingering effect of state self-objectification. *Sex Roles*, 55:869-874.

RABAK-WAGENER, J, EICKHOFF-SHEMEK, J & KELLY-VANCE, L. 1998. The effect of media analysis on attitudes and behavior regarding body image among college students. *Journal of American College Students,* 47(1):1-29.

RAND, CSW & RESNICK, JL. 1999. The "Good Enough" body size as judged by people of varying age and weight. *Obesity Research,* 8(4):309-316.

RANKIN, JL, LANE, DJ, GIBBONS, FX & GERRARD, M. 2004. Adolescent self-consciousness: Longitudinal age changes and gender differences in two cohorts. *Journal of Research on Adolescence,* 14(1):1-21.

REBELO, MA. 2004. *The influence of acculturation on the self-concept of black adolescents*. Magister Socialis Diligentiae. University of Pretoria.

RICE, FP.1995. *Human development: A life-span approach.* 2nd ed. New Jersey: Prentice-Hall.

RODHAM, K, BREWER, H, MISTRAL, W & STALLARD, P. 2006. Adolescents' perception of risk and challenge: A qualitative study. *Journal of Adolescence,* 29:261-272.

ROOK, DW. 1985. *Body cathexis and market segmentation.* In M. R. Solomon, ed. *The psychology of fashion*, pp. 2333-241. Lexington: Health/Lexington Books.

RUDD, NA & LENNON, SJ. 2000. Body Image and appearance-management behaviors in college women. *Clothing and Textiles Research Journal,* 18(3):152-162.

RUDD, NA & LENNON, SJ. 2001. Body image: Linking aesthetics and social psychology of appearance. *Clothing and Textiles Research Journal,* 19(3):120-133.

RUDMAN, WJ & HAGIWARA, AF. 1992. Sexual exploitation in advertising health and wellness products. *Women and Health,* 18(4):77-89.

RUSH, LL. 1998. Affective reactions to multiple social stigmas. *The Journal of Social Psychology*, 138(4):421-430.

SABINI, J & SILVER, M. 1997. In defense of shame: Shame in the context of guilt and embarrassment. *Journal for the Theory of Social Behavior,* 27(1):1-15.

SANDERS, CR. 2006*. Viewing the body: An overview, exploration and extension*. In Waskul, D & Vannnini, P (Eds.). *Body embodiment.* Hampshire, England: Ashgate.

SANDSTROM, KL, MARTIN, DD & FINE, GA. 2006. *Symbols, selves and social reality. A symbolic Interactionist approach to social psychology and sociology*. 2nd ed. Los Angeles: Roxbury.

SCHWARTZ, H. 1986. *Never satisfied: A cultural history of diets, fantasies, and fat*. New York: Free Press.

SCHWARTZ, MB & BROWNELL, KD. 2004. Obesity and body image. *Body Image,* 1(1):43-56.

SCHAFER, WE & KING, M. 1990. Religiousness and stress among college students: a survey report. *Journal of College Students Development,* 31:336-341.

SCRIVEN, A & STEVENSON, V. 1998. Psychological development of young adolescents: implications for health education practice. *Health Education,* 3:89-94, May.

SECORD, PF & JOURARD, SM. 1953. The appraisal of body cathexis: Body-cathexis and the self. *Journal of Consulting Psychology* , 17:343-347.

SEGELKEN, R. 2005. Researchers view obesity from a life course perspective. *Human Ecology,* 33(3):14-17.

SHANAHAN, MJ. 2000. Pathways to adulthood in changing societies: Variability and mechanisms in life course perspective. *Annual Reviews Sociology,* 26:667-692.

SHIBUTANI, T. 1955. Reference groups as perspectives. *American Journal of Sociology*, 60(6):562-569.

SHIBUTANI, T. 1961. *Society & personality: An interactionist approach to social psychology.* Englewood Cliffs, N.J: Prentice-Hall.

SILK, JS, STEINBERG, L & SHEFFIELD MORRIS, A. 2003. Adolescents' emotion regulation in daily life: Links to depressive symptoms and problem behavior. *Child Development,* 74(6):1869-1180.

SLATER, A & TIGGEMANN, M. 2002. A test of objectification theory in adolescent girls. *Sex Roles*, 46(9/10):343-349.

SMALING, A. 1992. *Objectivity, reliability and validity.* In Bruinsama, GJN & Zwanenburg, HM. *Methodology to management specialists.* Muiderberg: Dick Coutinho.

SMIT, B. 2001*. Primary school teachers' experiences of education policy change in South Africa*. Unpublished doctoral dissertation. University of Pretoria.

SMOLAK, L. 2004. Body image in children and adolescents: where do we go from here? *Body Image,* 1(1):15-28.

SOMMERS-FLANAGAN, R, SOMMERS-FLANAGAN, J & DAVIS, B. 1993. What's happening on music television? A gender role content analysis. *Sex Roles,* 28:745-753.

SPROLES, GB & BURNS, LD. 1994. *Changing appearance. Understanding dress in contemporary society.* New York: Fairchild.

STOKES, D & BERGIN, R. 2006. Methodology or "methodolatry"? An evaluation of focus groups and depth interviews. *Qualitative Market Research,* 9(1):26-37.

STONE, GP. 1962. *Appearance and the self.* In A M Rose (Ed.), *Human behavior and social processes – an interactionist approach,* pp. 86-117. London: Routledge & Kegan Paul.

STRAUSS, AL & CORBIN, J. 1998. *Basics of qualitative research: procedures and techniques for developing grounded theory.* 2nd ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

STURDEVANT, MS & SPEAR, B. 2002. Adolescent psychosocial development. *Journal of the American Dietetic Association,* 102(3):30-31.

TAGNEY, JP. 1991. Moral affect: The good, the bad, and the ugly. *Journal of Personality and Social Psychology,* 61:598-607.

TAYLOR, ST & CONSENZA, RM. 2002. Profiling later aged female teens: mall shopping behavior and clothing choice. *Journal of Consumer Marketing,* 19(5):393-408.

TESCH, R. 1990. *Qualitative research: analysis types and software tools.* London: Falmer.

TIGGEMANN, M. 2001. The impact of adolescent girls' life concerns and leisure activities on body dissatisfaction, disordered eating, and self-esteem. *Journal of Genetic Psychology.* 162(2):133- 144.

TIGGEMANN, M & LYNCH, JE. 2001. Body image across the life span in adult women. The role of self-objectification. *Developmental Psychology,* 37:243-253.

TURNER, SB. 1984. *The body and society.* New York: Basil Blackwell.

TWINING, K. 1998. *Success in psychology.* London: John Murray.

VANDER WAL, JS & THELEN, MH. 2000. Predictors of body image dissatisfaction in elementary-age school girls. *Eating Behaviors,* 1(2):105-122.

VAN HOOF, A.1999. The identity status field re-reviewed: An update of unresolved and neglected issues with a view on some alternative approaches. *Developmental Review,* 19:497-556.

VAN NIEKERK, L & VAN DER SPUY, D. 1998. *Tieners gereed vir die lewe!* 2de uitg. Pretoria: JP van der Walt.

VANSTEELANDT, K & VAN MECHELEN, I. 2006. Individual differences in anger and sadness: In pursuit of active situational features and psychological processes. *Journal of Personality,* 74(3):871-909.

VERTANIAN, LR. 2000. Revisiting the imaginary audience and personal fable constructs of adolescent egocentrism: A conceptual review. *Adolescence,* 35(140): 639-661.

VIVIANI, F. 2006. Some aspects of the body image and self-perception in adolescents. *Papers on Anthropology,* XV:302-309.

WATERMAN, AS. Identity, the identity statuses, and identity status development: A contemporary statement. *Developmental Review,* 19:591-621.

WEINER, B. 1986. An attributional theory of motivation and emotion. New York: Springer Verlag.

WEITEN, W. 1995. *Psychology. Themes & variations.* 3rd ed. Illinois Chicago: Brooks/Cole.

WETHINGTON, E. 2005. An overview of the life course perspective: Implications for health and nutrition. *Journal Nutrition Education Behavior*, 37:115-120.

WORTMAN, CB & LOFTUS, EF. 1992. *Psychology.* New York: McGraw-Hill.

ZAKIN, DF. BLYTH, DA, & SIMMONS, RG. 1984. Physical attractiveness as a mediator of the impact of early pubertal changes for girls. *Journal of Youth and Adolescence,* 13:439-450.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG A**

**BRIEF AAN OUERS**

---

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2006-01-16

Geagte ouers.

Ek het die vrymoedigheid om u as ouers te nader om my behulpsaam te wees met die insameling van data vir my doktorsgraad in Verbruikerswetenskap. Ek is tans 'n deeltydse student aan die Universiteit van Pretoria en studeer aan die Departement Verbruikerswetenskap onder leiding van Prof H M de Klerk. Alvorens ek verder gaan wil ek noem dat ek reeds die skoolhoof se toestemming het om die skrywe aan u te rig. Om my in staat te stel om verder met my studies te gaan, het ek bepaalde data nodig. Ek het u as ouers se hulp nodig, die deelnemers wat ek benodig is minderjarig en daarom wil ek u toestemming vra. Indien u dogter 11-13 jaar oud is en belang sou stel om aan die studie deel te neem sou ek haar graag as deelnemer wou gebruik. Ek wil graag meer inligting inwin oor hoe dogters van die ouderdom hulself beleef. Ek onderneem om my uiterste beste te doen om geen kind te traumatiseer nie, daarom gaan ek met behulp van sielkundiges my data-insameling beplan. Ek is so bewus daarvan dat die ontwikkelingstyd waarin die dogters is 'n sensitiewe saak mag wees en daarom sal ek alle inligting as vertroulik hanteer. Daar gaan geen regte of verkeerde antwoorde wees nie. Ek weet dat elke ouer se kind vir hulle so kosbaar is en onderneem werklik om hul menswees te respekteer. Ek wil egter deur my studie 'n waardevolle bydrae tot die literatuur lewer; daarvoor het ek egter u toestemming en u kind se insette nodig. Dit beloof om hoogstens 4 tot 5 ure van hul kosbare tyd te neem, ek sal dit persoonlik met u reël. Dit sal in eenuur-sessies verdeel word en die plek waar ons bymekaar kom sal ek ook met u bespreek. Ek beplan ook om individueel met elke dogter te werk en hulle hoef dus nie skaam te wees om hulle belewenisse voor ander te deel nie. Indien u toestemming sou gee en u dogter bereid sou wees, wil u nie asb. die skeurstrokie voltooi en terugstuur na haar voogonderwyser nie. Indien u twyfel of nog vrae het is u so welkom om my eers te skakel by **744 1345 of 0824498998.** Ek sou so graag die skeurstrokies teen **Woensdag 18 Januarie** wil terughê en onderneem om u self te skakel met verdere reëlings indien ek u dogter sou gebruik.

By voorbaat baie baie dankie vir u samewerking.

Vriendelike groete

Stephna Lubbe

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**SKEURSTROKIE**

Hiermee gee ons ______________________________________ouers/voogde

van ______________________ tans in graad ________toestemming dat u

ons dogter as respondent mag gebruik vir u voorgenome studies. Kontak ons

by Tel nr____________ Handtekening__________________________

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG B**

**VORM MET ALGEMENE INLIGTING**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEELNEMER NR:______

NAAM EN VAN:________________________________________________

OUDERDOM:__________________________________________________

SKOOL:_____________________________________________________

STOKPERDJIES:_______________________________________________

GUNSTELING PEUSELHAPPIE:___________________________________

MIDDAG VAN DIE WEEK WAT MY DIE BESTE PAS OM AAN DIE STUDIE DEEL TE NEEM:______________________________________________

PA SE NAAM:_________________________________________________

MA SE NAAM:_________________________________________________

MY EIE SEL NR:_______________________________________________

HUIS TELEFOON:______________________________________________

PA SE SEL NR:________________________________________________

MA SE SEL NR:________________________________________________

WOONADRES:_________________________________________________

POSADRES:___________________________________________________

IETS ANDERS WAT JY GRAAG MET MY WIL DEEL:__________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

MY VOLGENDE AFSPRAAK:______________________________________

MY VOLGENDE AFSPRAAK:______________________________________

MY VOLGENDE AFSPRAAK:______________________________________


MY VOLGENDE AFSPRAAK:______________________________________

TANNIE STEPHNA LUBBE
0824498998/013 7441345
MILLERSTRAAT 48

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG C**

**HAND MET VRAE**


My gunsteling…..
Soms voel ek…..
Ek dink ek is….
Mooi dinge laat my….
Kritiek maak my…..

# BYLAAG D

## MOONTLIKE STIMULUSVRAE VIR ELKE ONDERHOUD

**ONDERHOUD 1:**

Hand: Oopeind-vrae

- My gunsteling………..
- Soms voel ek…………
- Ek dink ek is………….
- Mooi dinge laat my…..
- Kritiek maak my………

Blaai deur tydskrifte:

- Kan jy vir my verduidelik waarom jy van die uitrusting hou?
- Wat maak dat die uitrusting vir jou aanvaarbaar is?
- Hoe sal jy voel in so 'n langbroek?
- Wat maak dat jy sê jy hou nie van sulke stywe klere nie?

Vrae oor skets "Ek en my maats":

- Kan jy asseblief vir my verduidelik waarmee julle besig is?
- Waaroor gesels julle as julle so saam is?
- Wat bedoel jy as jy sê: ons is eerlik met mekaar?

**ONDERHOUD 2:**

Moontlike vrae oor mode-collage:

- Kan jy vir my verduidelik waarna jy gekyk het toe jy die collage saamgestel het?
- Wat het jou laat dink om die rok/broek/baadjie/bloes te kies?

Moontlike vrae oor liggaamstevredenheidskaal:

- Soos watter een van die figure beskou jy jouself, watter een dink jy is die naaste aan jou eie figuur?
- Soos watter figuur wil jy glad nie lyk nie, met ander woorde, van watter een hou jy die minste?
- Soos watter figuur sou jy graag wou lyk indien dit verskil van die eerste, met ander woorde, van watter een hou jy die meeste?

**ONDERHOUD 3:**

Moontlike vrae oor foto:

- Wat het jou laat besluit om die uitrusting te dra?
- Kan jy vir my verduidelik hoe jy voel wanneer jy die uitrusting dra?
- Hoe voel jou ouers oor die uitrusting?

Moontlike vrae oor figuur met buitelyne:

- Wat het jou laat besluit om jou bene rooi in te kleur?
- Kan jy vir my verduidelik waarom jou bobene en bors-area geel ingekleur is?
- Wat sê die geel gesig vir jou?

Moontlike vrae oor skets “Ek en my stokperdjie”:

- Wat maak dat jy sê dit is jou beste stokperdjie?
- Kan jy vir my verduidelik waarom jy sê dit maak jou gelukkig?
- Wat maak dat jy sê jy kry nie kritiek kry wanneer jy met jou stokperdjie besig is nie?

**ONDERHOUD 4:**

Moontlike vrae oor skets “Dit is ek”:

- Kan jy vir my verduidelik waarom jy net jou gesig-area geteken het?
- Kan jy vir my verduidelik waarom jy simbole geteken het in plaas van jou lyf?
- Ek sien jy dra ’n langbroek op die skets; dra jy graag langbroeke?

Moontlike vrae oor vroulike figure sonder koppe:

- Kan jy vir my verduidelik hoe jy dink die persoon haarself ervaar, met ander woorde, wat sy van haarself dink?
- Wat dink jy sal ander van haar sê?
- Wat maak dat jy sê sy is kwaad vir haarself?
- Kan jy vir my verduidelik waarom jy sê sy voel goed oor haarself?

**FOKUSGROEPE**

Vrae oor vroulike figure met koppe:

- Kan jy vir my verduidelik hoe jy dink die persoon haarself ervaar, met ander woorde, wat sy van haarself dink?
- Wat dink jy sal ander van haar sê?
- Wat maak dat jy sê sy is kwaad vir haarself?
- Kan jy vir my verduidelik waarom jy sê sy voel goed oor haarself?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG E**


**RIGLYNE GEVOLG BY DIE STEL VAN VRAE**

**RIGLYNE WAT GEVOLG IS IN DIE STEL VAN VRAE:**

- **WAT**-vrae vra feite en is **KOGNITIEF** gerig.
- **HOE**-vrae is mensgeoriënteerde oop vrae en is **EMOSIONEEL** gerig.
- **KAN**-vrae is buigsaam.
- **HOEKOM**-vrae ontlok verdediging en moet liefs vermy word.


**BYLAAG F**

**SKETS "EK EN MY MAATS"**




Bylaag F:Skets 4


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Bylaag F: Skets 6



Bylaag F: Skets 7




Bylaag F: Skets 10




Bylaag F: Skets 12



Bylaag F: Skets 13



Bylaag F:Skets 15




Bylaag F: Skets 16

**BYLAAG G**

**FOTO'S**

**Sien CD-ROM**

# BYLAAG H


## COULAGE

Sien CD ROM

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG I**


**LIGGAAMSTEVREDENHEIDSKAAL**




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG J

FIGUUR MET BUITELYNE




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG K**

**SKETS: EK EN MY STOKPERDJIE**



Bylaag K:Skets 4




Bylaag K: Skets 6

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Bylaag K:Skets 10




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bylaag K: Skets 13




Bylaag K: Skets 16

**BYLAAG L**


**SKETS: DIT IS EK**



Bylaag L: Skets 4




Bylaag L: Skets 6




Bylaag L: Skets 7



Bylaag L: Skets 12



Bylaag L: Skets 13



Bylaag L: Skets 15




Bylaag L: Skets 16

# BYLAAG M

## PRENTE VAN FIGURE SONDER GESIGTE



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG N**

**PRENTE VAN FIGURE MET GESIGTE**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
























UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG O**


**NETWERKE**





Bylaag O: Figuur 1





Bylaag O: Figuur 2





Bylaag O: Figuur 3





Bylaag O: Figuur 4





Bylaag O: Figuur 5





Bylaag O: Figuur 6





Bylaag O:Figuur 7





Bylaag O:Figuur 8





Bylaag O: Figuur 9





Bylaag O:Figuur 10





Bylaag O: Figuur 11





Bylaag O:Figuur 12





Bylaag O:Figuur 13




Bylaag O:Figuur 14





Bylaag O: Figuur 15





Bylaag O:Figuur 16





Bylaag O:Figuur 17





Bylaag O: Figuur 18





Bylaag O: Figuur 19





Bylaag O: Figuur 20





Bylaag O: Figuur 21





Bylaag O: Figuur 22





Bylaag O: Figuur 23





Bylaag O: Figuur 24





Bylaag O: Figuur 25





Bylaag O: Figuur 26





Bylaag O: Figuur 27





Bylaag O: Figuur 28





Bylaag O: Figuur 29





Bylaag O: Figuur 30





Bylaag O: Figuur 31





Bylaag O: Figuur 32





Bylaag O: Figuur 33





Bylaag O: Figuur 34





Bylaag O: Figuur 35





Bylaag O: Figuur 36




Bylaag O: Figuur 37




Bylaag O: Figuur 38



Bylaag O: Figuur 39

# BYLAAG P

## DATA, KODES, FAMILIES EN NETWERKE

**VERBATIM TRANSKRIPSIE VAN EEN DEELNEMER**

Soos genoem in **HOOFSTUK 4** is die verbatim transkripsies van die deelnemers in twee dokumente saamgevat. Dié dokumente is in Atlas.ti ingetrek en het daarin bekend gestaan as hermeneutiese eenhede. Vervolgens word 'n uittreksel uit die verbatim transkripsie van een deelnemer weergegee.

**DEELNEMER 6**

Sy is 11 jaar oud het ligte bruin hare en bruin oë; sy hou van sing en dans en sjokolade.

**Stimulus: Hand**

**Stimulus:Hand**

Ek dink ek is fluks en vet

Ek probeer altyd ander help, ek doen my beste met my skoolwerk en help ook graag my ma in die kombuis.

Ek probeer ook altyd meer doen as wat ek hoef te doen

Ek sien dat ander meisies sê dat hulle vet is wat eintlik baie maer is, dan voel ek sleg omdat ek rondom hulle is en hulle eintlik maer is en ek vet.

Ek voel dan hulle is nie dankbaar vir wat hulle het nie

Ek weet nie hoekom ek dink ek is vet nie dit is moeilik maar ek dra groter nommer klere as ander maats

Ek sal soos my maats wou lyk maar as hulle sulke kaal toppies dra dan wil ek nie soos hulle lyk nie, dan lyk ek eerder soos nou. Kaal klere voel so anders, vreemd ek het skaam gekry, dit voel so of die wind die hele tyd deur jou waai, dit was nie vir my lekker gewees nie

As ek mooi dinge sien word ek baie gelukkig as ek mooi dinge sien en ek is naby die huis gaan ek na my kamer en neem my Bybel en dan lees ek 'n stukkie en probeer dit wat ek gesien het afteken.

Alle kritiek soos "sy is mislik" maak my kwaad. As my maats sê dat hulle my haat is dit nie vir my lekker nie, maar ek sal graag wil hê hulle moet sê ek is vriendelik en probeer ander help

**Stimulus:Spontane reaksie op blaai deur tydskrifte**

Ek hou van vriendelike mense dit is vir my belangrik om vriendelik te wees

Maats beïnvloed mekaar net 'n bietjie oor hul voorkoms

Ek luister na goeie raad van my ouers af as dit regtig nodig is

Ek hou nie van baie detail aan my voorkoms nie, dit laat my aan 'n Kersfeesboom dink want 'n kersboom is baie versier en almal maak opmerkings daaroor

Ek hou nie daarvan dat modelle sonder klere in die tydskrifte verskyn nie my ouma sê jou liggaam is 'n tempel en dit moet nie so ontbloot word nie.

Ek hou nie van advertensies en artikels waar die mense se liggame ontbloot word terwyl hulle mekaar vashou nie, dit stel nie 'n goeie voorbeeld nie vrouens wat hulle liggame so ontbloot behoort skaam te kry

Mense wat gelukkig is glimlag

Ek hou baie van kosmaak en boer in die kombuis, ek het baie resepteboeke

**Stimulus :Skets "Ek en my maats"**

Ek was 'n bietjie te lui om die lywe te teken.

Ek en my maats gaan graag saam winkels toe en al is hulle nie naby my nie, nie bly hulle my beste maatjies, hulle maak my baie gelukkig.

My maats maak my gelukkig want hulle sê mooi dinge

Nadia het 'n baie mooi geboude liggaam, sy was elke jaar ons sport meisie van die jaar, so ek dink haar beste liggaamsdeel is haar sterk bene, sy het baie mooi bene.

Melissa hou die meeste van haar ore want haar ore lyk soos haar oupa wat dood is s'n en sy hou baie daarvan.

Gisela hou die meeste van haar gesig en ek dink haar oë ook.

Dini se gesig is ook vir haar die beste liggaamsdeel en myne is my arms.

Maats moenie slegte goed van my sê nie maar hulle kan sê ek is vriendelik, dit is vir my belangrik om vriendelik te wees

**Stimulus : Liggaamstevredenheidskaal**

Ek dink my hare, arms en bo-lyf is nommer 7 maar my bene is 'n 6.

Ek wil graag 'n 3 wees wat maerder is maar nie te maer.

Ek wens ek was 3 want 1 en 2 is te maer 'n mens sien dan jou ribbes en 3 is net normaal

Ander mense praat oor mense wat soos 1 en 2 lyk,  my ma-hulle het so 'n meisie geken maar sy was te siek om te eet en toe gaan sy dood daarvan Mense kry mense wat so lyk jammer

Ek wil nie 'n 9 wees nie want dit is nie lekker om vet te wees nie, dit laat my dink aan iemand wat hartseer is.

**KODES**

Uit die data van die deelnemers is, soos in **HOOFSTUK 4 par 4.6.1.2** verduidelik, kodes geskep. Aan 'n bepaalde data-segment is 'n kode toegeken. 'n Voorbeeld van kodes wat uit die data geskep is, word hier weergegee. Groeperings van drie kodes word gegee, naamlik **Ander dink, Fisieke ontwikkeling** en **Hartseer**.

**Ander dink**

ander dink: bekommerd as jy so lyk
ander dink: almal kyk omdat hulle so lyk
ander dink: bekommerd ander van hulle dink
ander dink: bekommerd as jy so lyk
ander dink: bekommerd dat ander van klere hou
ander dink: bekommerd wat mense gaan sêander dink: gee nie om hoe lyk, eet te veel
ander dink: gee nie om vir self, eet nie
ander dink: gee nie om, wil altyd beste wees
ander dink: jy is vet
ander dink: lelike goed, ek moet liggaam oppas
ander dink: ma sê ek's vet, hou nie daarvan
ander dink: mense kyk vir jou as jy so lyk
ander dink: mooi mense wil toe hou want almal staar
ander dink: onrustig in stywe broek
ander dink: praat meer oor vet mense as ander
ander dink: sal haar nie kan spot nie
ander dink: so lyk voel nie goed bang ander dink
ander dink: van jou hou, is jy groot; nie van jou hou, is jy vet
ander dink: vat weg die vet
ander dink: vet of lelik nie
ander dink: voel goed, gee nie om wat ander dink
ander dink: jy verdrink in jou broek
ander dink: praat in elk geval al lyk jy hoe

**Fisieke ontwikkeling**

fisieke ontwikkelig: kan nie meer so swem met "panty" en kaal bo-lyf soos kind
fisieke ontwikkelig: klere pas nie lekker nie
fisieke ontwikkelig: word langer
fisieke ontwikkelig: word lank

fisieke ontwikkelig: wil klein bly

fisieke ontwikkeling: aknee op gesig

fisieke ontwikkeling: baie van Here geleer toe grootword

fisieke ontwikkeling: bene langer, gesigvorm verander

fisieke ontwikkeling: bo-lyf word groter

fisieke ontwikkeling: borste word breed

fisieke ontwikkeling: borste word groter

fisieke ontwikkeling: breër oor borste

fisieke ontwikkeling: daardie tyd van die maand ongemaklik

fisieke ontwikkeling: goed wil nie groot word nie

fisieke ontwikkeling: grootword moet heeltyd omgee hoe jy lyk

fisieke ontwikkeling: groter en langer

fisieke ontwikkeling: hare onder arms

fisieke ontwikkeling: hartseer, herinner self dan dat almal groot word

fisieke ontwikkeling: kan nie meer so speel soos toe klein was

fisieke ontwikkeling: kan nie meer so speel soos toe klein

fisieke ontwikkeling: kan nie meer so speel soos toe klein was

fisieke ontwikkeling: klein bly, nie grootword

fisieke ontwikkeling: klere pas nie meer nie

fisieke ontwikkeling: klere word vinnig klein

fisieke ontwikkeling: klere word vinnig te klein

fisieke ontwikkeling: knoppe goed op gesig, puisies

fisieke ontwikkeling: kry grootmens-goeters soos hare oral

fisieke ontwikkeling: kry hare onder arms

fisieke ontwikkeling: kry puisies

fisieke ontwikkeling: langer, lyk nie meer soos kind nie

fisieke ontwikkeling: menstruasie

fisieke ontwikkeling: menstrueer

fisieke ontwikkeling: moet soos grootmens optree, nie meer soos kind speel

fisieke ontwikkeling: my klere word nou vinnig te klein

fisieke ontwikkeling: puisies

fisieke ontwikkeling: puisies en lompe (borste)

fisieke ontwikkeling: skaam en ongemaklik met liggaam

fisieke ontwikkeling: sou langer klein wou bly

fisieke ontwikkeling: swem nie meer so lekker voor maats soos altyd nie

fisieke ontwikkeling: voel makliker skuldig

fisieke ontwikkeling: voete word baie groot

fisieke ontwikkeling: voete word groot

fisieke ontwikkeling: wil langer klein bly

fisieke ontwikkeling: word baie lank

fisieke ontwikkeling: word groot, wil lyf toe maak

fisieke ontwikkeling: word groter bo

fisieke ontwikkeling: word groter oor borste

fisieke ontwikkeling: word langer

fisieke ontwikkeling: word langer en breër

**Hartseer**

hartseer: alleen is

hartseer: ander lelike goed sê

hartseer: ander skinder agter hul rug as jy so vet is

hartseer: as mens so lyk (vet)

hartseer: as vriende my seermaak

hartseer: baie, baie vet

hartseer: bak elke dag, word nie hartseer, kry nie kritiek

hartseer: diep binne haar sy "pose"

hartseer: emosionele kind, as ander lelike goed sê

hartseer: iemand sê ek's vet, hard werk om dit te verander

hartseer: kies soetgoed of sjokolade om te eet

hartseer: kinders kyk nie na vriendelikheid, net na lyf

hartseer: kritiek

hartseer: kritiek, voel nie goed genoeg

hartseer: mense wat so vet is, is hartseer

hartseer: persoon wat maklik hartseer raak as gevoelens seerkry

hartseer: so lyk (vet)

hartseer: so vet te wees

hartseer: vet mense seergemaak, kan nie help hulle lyk so

hartseer: voel sleg as so vet is

hartseer: vriende lelik is

hartseer: as ander nie van my hou

hartseer: as my maats  weggaan

hartseer: diep binne haar

hartseer: kritiek oor voorkoms

hartseer: mense agter my rug praat

**KODES EN AANHALINGS**

Atlas.ti beskik ook oor 'n funksie waar 'n betrokke kode geselekteer kan word en dan word die presiese posisie daarvan in die data aangedui. Hierdie funksie het die taak vergemaklik om die direkte aanhaling van die deelnemer in die hermeneutiese eenheid op te spoor. Die kode kon dus direk herlei word na die oorspronklike verbatim transkripsie. Voorbeelde van die eerste groep kodes wat bo genoem is "**Ander dink**" word saam met die aanhalings van die deelnemer gegee.

- *HU* staan vir **hermeneutiese eenheid** wat die volledige data van die studie behels.
- Die **leêr**verwysing wys na die stoorposisie van die studie.
- Die woord *Super* verwys na die persoon wat die analise gedoen het (navorser).
- Die **tyd** en **datum** word vir verwysingsdoeleindes verstrek.
- **Kode-aanhaling-lys** dui daarop dat die spesifieke inligting dui op 'n spesifieke kode, met 'n toepaslike aanhaling deur die deelnemer verstrek.
- **Kode-filter: PT** dui daarop dat die spesifieke lys gefilter is deur al die primêre teks, en verwysende primêre dokumente; met ander woorde, al die onderhoude.
- **P1** of **2** verwys na die eerste of tweede hermeneutiese eenheid, **2:229** verwys na die tweede HU en watter kode, aanhaling in lyn **229** en gekodeer deur die Super (navorser).
- Die **{1-3}** verwys na die nommer van 'n spesifieke kode, en hoeveel keer die kode aan 'n ander verbind is.

HU: Deelnemer-data Des 2006

File: [f:\documents and settings\stephna\stephna tesis 2004\Deelnemer data Des 2006]

Edited by: Super

Date/Time: 07/01/23 09:33:41 nm

----------------------------------------

Codes-quotations list

Code-Filter: All

----------------------------------------

Code: Ander dink {0-6}

----------------------------------------

Code: ander dink: bekommerd as jy so lyk {1-3}

P 2: Data van Deelnemers nr 2 Sept 06.txt - 2:299 (792:792) (Super)

Codes: [ander dink: bekommerd as jy so lyk]

Hulle sal sê die vrou lyk bekommerd maar sy gee ook soms om hoe sy lyk

----------------------------------------

Code: ander dink: almal kyk omdat hulle so lyk {1-3}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3794 (3551:3551) (Super)
Codes: [ander dink: almal kyk omdat hulle so lyk]

Hulle kan voel almal kyk vir hulle omdat hulle so lyk

----------------------------------------

Code: ander dink: bekommerd ander van hulle dink {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:2159 (3504:3504) (Super)
Codes: [ander dink: bekommerd ander van hulle dink]

Dit lyk of hulle almal bekommerd is oor wat ander van hulle dink

----------------------------------------

Code: ander dink: bekommerd dat ander van klere hou {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:2493 (1842:1842) (Super)
Codes: [ander dink: bekommerd dat ander van klere hou]

Ander mense moet van my klere hou, ek is baie keer bekommerd oor wat ander mense van my dink sal as ek so aantrek.

----------------------------------------

Code: ander dink: bekommerd wat mense gaan sê {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:2160 (3516:3516) (Super)
Codes: [ander dink: bekommerd wat mense gaan sê]

Hulle lyk almal bekommerd oor wat mense van hulle gaan sê.

---------------------------------------

Code: ander dink: gee nie om hoe lyk, eet te veel {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3388 (3542:3542) (Super)
Codes: [ander dink: gee nie om hoe lyk, eet te veel] [ander dink: mense kyk
vir jou as jy so lyk] [ander kyk: as jy so vet is] [lyk
so: gee nie om vir self, eet te veel]

Ander sou sê jy gee nie om oor hoe jy lyk nie en jy eet te
veel. Mense kyk vir jou of jy mal is as jy so lyk.

---------------------------------------

Code: ander dink: jy is vet {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3899 (5543:5543) (Super)
Codes: [ander dink: jy is vet]

Ander sal sê sy is vet.

---------------------------------------

Code: ander dink: lelike goed ek moet liggaam oppas {1-0}

P 2: Data van Deelnemers nr 2 Sept 06.txt - 2:396 (117:117) (Super)
Codes: [ander dink: lelike goed ek moet liggaam oppas]

Mense kyk my aan en dink lelike goed maar ek moet maar net
my liggaam oppas.

---------------------------------------

Code: ander dink: ma sê ek's vet hou nie daarvan {1-0}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:287 (5226:5226) (Super)
Codes: [ander dink: ma sê ek's vet hou nie daarvan]

As my ma vir my sê ek lyk vet, dan hou ek glad nie daarvan

Nie.

----------------------------------------

Code: ander dink: mense kyk vir jou as jy so lyk {1-2}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3388 (3542:3542) (Super)
Codes: [ander dink: gee nie om hoe lyk, eet te veel] [ander dink: mense kyk vir jou as jy so lyk] [ander kyk: as jy so vet is] [lyk so: gee nie om vir self, eet te veel]

Ander sou sê jy gee nie om oor hoe jy lyk nie en jy eet te veel. Mense kyk vir jou of jy mal is as jy so lyk.

----------------------------------------

Code: ander dink: onrustig in stywe broek {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:2470 (1017:1017) (Super)
Codes: [ander dink: onrustig in stywe broek] [stywe klere: voel onrustig]

Ek voel onrustig oor wat ander mense van my sal sê in 'n stywe broek.

----------------------------------------

Code: ander dink: praat meer oor vet mense as ander {1-2}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:299 (5857:5857) (Super)
Codes: [ander dink: praat meer oor vet mense as ander]

Mense praat meer oor vet mense as oor ander mense.

----------------------------------------

Code: ander dink: so lyk voel nie goed bang ander dink {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3786 (3453:3453) (Super)
Codes: [ander dink: so lyk voel nie goed bang ander dink]

As 'n mens so lyk, voel jy dalk nie goed nie omdat jy bang

is wat mense sal sê.

----------------------------------------

Code: ander dink: vet of lelik nie {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:268 (3447:3447) (Super)
Codes: [ander dink: vet of lelik nie]

Sy hoop dat ander nie sal dink sy is vet of sy lyk lelik
nie.

----------------------------------------

Code: ander dink: voel goed, gee nie om wat ander dink {1-1}

P 1: Data van Deelnemers Jun06.txt - 1:3790 (3467:3467) (Super)
Codes: [ander dink: voel goed gee nie om wat ander dink]

Sy voel net goed en sy gee nie om wat ander dink nie, solank
sy net voel sy is goed.

----------------------------------------

**FAMILIES**

Na afloop van kodering waar kodes uit die data geskep is, kon die navorser met behulp van die funksie van Atlas.ti waar families uit kodes geskep word, kodes wat met mekaar betrekking het, saam groepeer. Sodoende is families geskep van data (kodes) wat herhaal en mekaar aanvul. 'n Voorbeeld van 'n familie wat geskep is uit die data van die deelnemers word hieronder gegee. 'n Familie van **Selfhandhawing** word hier genoem.

----------------------------------------

Code Family: Selfhandhawing
Created: 07/01/29 09:09:33 nm (Super)

Comment:

Die vroeë-adolessente dogter is baie bewus daarvan dat 'n mens met kleding kan bedek, toemaak en wegsteek. Hulle is van menig dat 'n mes se liggaam – en veral sekere dele soos die bo-lyf, maag,

heupe en bobene – privaat is en toegemaak moet word sodat ander nie so kan kyk nie. Hulle noem ook dat dinge soos te maer bene, vetrolletjies, groot boude, dik arms en vet oor die algemeen weggesteek moet word. Kleding moet dit dus nie alleen net bedek of toemaak nie maar ook wegsteek. Hulle noem dan sekere eienskappe wat sulke klere moet hê: dit moet groot wees, los sit, langer wees, wyer wees, een kleur wees en kledingstukke soos bloese moet bo-oor gedra word. Hulle noem ook dat rompe wat hang, beter is vir vet mense as langbroeke want langbroeke wys die lyf te veel. Dit is veral merke soos letsels en vetrolletjies wat hulle wil wegsteek. Sommige noem ook dat vet nie regtig weggesteek kan word nie maar beter kan lyk met die regte klere. Naas kleding as handhawingstrategie maak die vroeë-adolessent ook dikwels van ontkenning as handhawingstrategie gebruik. Hulle noem byvoorbeeld dat hulle vet arms, bene ens. hulle nie meer pla nie; hulle het geleer om daarmee saam te lewe. Ander sê as ek afkyk lyk my bobene so groot; nou kyk ek nooit af na my voete toe nie; of hulle maak die skoolrokke se belde 2 nommers kleiner as die rok. By die tekeninge het aspekte uitgekom soos, ek is te lui om die lywe van my en my maats te teken of ek weet nie hoe om die lywe te teken nie (wil nie met eie lyf gekonfronteer word nie). Ander noem dat hulle hul bene wil toemaak om bloukolle of merke van hokkieballe weg te steek. Een noem ook dat sy en haar familie nie klein mensies is nie en nie lief is vir sulke klein mensies nie. Dit lyk asof die gebruik van kleding om te bedek, weg te steek of toe te maak en ontkenning veral twee handhawingstrategieë is wat die vroeë-adolessent gebruik om hul self met hul voorkoms te handhaaf.

Codes (122)

[ander dink: mooi mense wil toehou want almal staar]
[arms: agter rug, lyk of sy dit wil terugvat] [arms: wil dit
toemaak] [arms: wil hê hemp moet dit toemaak] [bedek: klere moet
lyf] [bedek: klere moet wat ek nie wil wys bedek] [bedek: my
klere moet] [bedek: trek reg aan vir hoe sy lyk]
[beklemtoon: middel en maag mooi plat, bene nie styf sit]
[beter lyk: langer klere sal dun bene] [bo-kant die
knie: kortbroek daar sit om bobene toe te maak] [fisieke
ontwikkeling: word groot, wil lyf toe maak] [gelukkig en tevrede
is met hulle lyf nie, probeer hulle dit toehou met klere]
[groot sny oor maag wat moet toe] [kaal klere: trek iets bo-oor
aan] [langbroek: voel netjies, beter selfbeeld] [langbroek: laat
groter mense beter lyk] [langbroek: maak toe] [lyf nie so maer
om so stywe baadjie te dra] [meer toe klere: sodat boud nie
uitsteek] [merke toemaak: lang jeans, nie kort rompies] [merke
toemaak: langbroek, bene te vol merke] [merke toemaak: lyk soos
vetrolle] [merke toemaak: van kleintyd] [merke toemaak: van

seerkry of operasie] [model: sien net haar oorgewig as jy na haar kyk as model] [ontken: "belly"-danser kan nie te maer wees] [ontken: aktrise maak dat ander nie gewig sien] [ontken: ander se bo-arms is vet pla my nie meer nie] [ontken: ander spot, gaan ek aan maak of niks gebeur het] [ontken: as ek nie afkyk na my bene voel ek goed] [ontken: bobene groot maar net as ek afkyk] [ontken: broeke skuur my ek weet nie hoekom nie] [ontken: dalk oorgewig maar pla nie] [ontken: dink nie ek is meer soveel oorgewig, weeg vir lekker] [ontken: familie nie klein mensies, het nie voorliefde vir sulke klein mesies] [ontken: gelukkig om bruin oë te hê,sterk oë] [ontken: het nie seergekry, kan nie onthou watter broek gedra het] [ontken: hou nie van bene, te vol bloukolle] [ontken: hou nie van stywe toppies, dra liewer baadjie] [ontken: hou van mansbroek weet nie hoekom] [ontken: kan nie lyf teken, nie vir my mooi] [ontken: laat nie toe dat opmerkings seermaak] [ontken: lui om maats se lywe te teken] [ontken: mamma vir my broek gemaak wat my nie skuur] [ontken: nie voorliefde vir klein mensies] [ontken: spaar geld as ek nie skoene kry met groot voete] [ontken: sport nie belangrik] [ontken: spot oor puisies doen nie eintlik iets aan my] [ontken: sy loop vinniger as ek dan gaan sy snoepie toe] [ontken: trek broek onder aan as rok opwaai kry koud] [ontken: weet nie hoekom vet maar dra groter klere as maats] [ontken: weet nie of baie oorgewig weeg nie baie, net vir pret] [privater dele van liggaam: klere moet toemaak wil nie deel] [radio: gehoor mense met rolletjies nie kaal klere dra] [selfbewus: lang groot t-hemde voel nie so] [selfmanipulasie: dra onderklere wat so indruk, lyk beter] [toemaak: bene tot bo-kant enkels] [toemaak: bobene is groot kortbroek moet toemaak] [toemaak: borste en bo-kant middel wil ek nie wys] [toemaak: broek moet tot bo-kant enkels] [toemaak: by die see, swemtoppie en kortbroek] [toemaak: dra kortbroek oor swembroek] [toemaak: hemp met moue moet nie te veel wys nie] [toemaak: hou van toppies met dun bandjies maar tussen mans nie] [toemaak: hou van klere wat toemaak] [toemaak: kiebroek bo-oor swembroek aantrek kry nie skaam dan] [toemaak: kortbroek bobene, afkyk sien te veel]

[toemaak: kortbroek maak bobene toe] [toemaak: kouse maak bene bietjie toe] [toemaak: kry skaam voor vreemde mans trek iets bo-oor aan] [toemaak: meer privater dele wil ek toemaak] [toemaak: middel tot by knieë] [toemaak: middellyf dit word groter] [toemaak: oper bloesie dra as in kar sit of by huis] [toemaak: skoene maak voete toe voel gemaklik en nie so skaam] [toemaak: steek bloes in dat lyf nie uitsteek] [toemaak: te kaal moet kniebroek bo-oor kortbroek aantrek] [toemaak: kortbroek oor swembroek maak my bobene toe] [vet: kinders en stywe klere laat my so voel] [vet: klere merke maak, lyk ek vet] [vet: losser klere voel beter, lyk nie so vet] [vet: losser klere voel ek beter, lyk nie so vet] [vet: lyk sleg as maag so uithang] [vet: mense probeer dit geheim hou] [vet: moet liewers rompe dra] [vet: probeer wegsteek] [vet: te klein broek laat my so voel] [vet: trek aan om nie te wys] [voel gemaklik: lang groot t-hemde] [voete: skoene maak toe minder selfbewus] [wegsteek: bekommerd probeer iets wegsteek] [wegsteek: bloes moenie styf om maag sit nie] [wegsteek: dalk 'n merk wat sy gekry het] [wegsteek: dat sy groot is] [wegsteek: een kleur lyk maerder] [wegsteek: geel is wegsteek-kleur net vir eie oë] [wegsteek: groot sny oor maag moet klere bedek] [wegsteek: hou iets toe met groot baadjies] [wegsteek: hou van broeke met rekke bo-in] [wegsteek: hou van lang groot t-hemde] [wegsteek: kan lyf wegsteek deur bloes in te steek] [wegsteek: kan nie regtig vet wegsteek, groter klere beter] [wegsteek: klere oor bobene moet los sit, nie beklemtoon] [wegsteek: klere wat nie styf sit wys nie lyf nie] [wegsteek: langbroek steek maer bene weg] [wegsteek: los klere wys nie lyf] [wegsteek: los klere wys nie vet] [wegsteek: los toppies wys nie molligheid] [wegsteek: losser klere voel beter wys nie dat ek so vet is nie] [wegsteek: losserige en gemaklike klere, nie styf aan lyf sit] [wegsteek: losserige klere steek vet weg] [wegsteek: minder tevrede met maag en bobene, wil glad nie wys] [wegsteek: omdat sy oulik toneelspeel sien 'n mens nie haar vet] [wegsteek: oorgewig dra losser klere, nie oorgewig wys] [wegsteek: oorgewig, klere en haarstyl help] [wegsteek: sy wil vet wegsteek maar kan nie] [wegsteek: vet mense eerder romp


wat regaf hang as broek wat styf sit] [wegsteek: wil arms en bo-lyf toemaak] [wegsteek: wil nie oorgewig beklemtoon, dra losserige gemaklike klere] [wegsteek: wyer, lospassende klere laat maerder lyk] [wegsteek: 2 keer groter broek sou boude beter toemaak]

---------------------------------------

**NETWERKE**

Netwerke is gemaak deur die nodes (knooppunte), met ander woorde die kodes, in 'n familie wat die familie die beste verteenwoordig/sterkste kodes saam te groepeer in 'n visuele netwerk wat die kodes skematies voorstel. Netwerke bevat met ander woorde die kern van die data wat in die studie gevind is en die temas wat uit die data na vore gekom het, kan ook aan die hand van die netwerke geverifieer word. Uit die familie van **Selfhandhawing** is verskeie kodes wat herhaal of oorvleuel, saam gevoeg om netwerke te vorm. Een van die netwerke wat uit **Selfhandhawing** gevorm is, is **Wegsteek**; ander wat ook uit die familie van **Selfhandhawing** gevorm is, is byvoorbeeld **Ontken** en **Toemaak.** Dié netwerk van **Wegsteek** is uit 22 knooppunte (nodes) gevorm wat almal verband hou met **Wegsteek**.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**FIGUUR 2: VOORBEELD VAN GEFOKUSDE NETWERK VAN WEGSTEEK**

Die inligting tussen hakies verwys na die aantal van ’n spesifieke kode en hoe dikwels die kode aan ander gebind is. Die verbindingslyn met die G op elke lyn verteenwoordig ’n ooreenkoms of herhaling van die Knooppunt (node) waarmee die ander verbind is. Daar is met ander woorde 21 ander kodes/knooppunte (nodes) gevind wat ooreenstem met die een waaraan dit verbind word en saam vorm dit ’n netwerk.

In **BYLAAG P** word dus ’n oorskou gegee van hoe die data hanteer is vandat die uitinge van die deelnemer getranskribeer is. Eerstens is kodes aan datasegmente gekoppel, daarna is families uit die kodes gevorm, waarna netwerke uit die families geskep is.

*"En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe"*
***Rom 2:28***